S A R O N

'N GEMEENSKAPSTUDIE VAN 'N SENDINGSTASIE

DEPT. MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH.

deur

JOHANNA E. V. D. MERWE.

Verhandeling ingegee ter verkryging van die graad M.A. in die Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: dr. Erika Theron.

Desember 1952.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

E R K E N N I N G

Hiermee wens die ondergetekende haar dank en waardering uit te spreek teenoor die volgende persone wat op die sendingstasie, Saron, woonagtig was en deur wie se hulpvaardigheid en vriendelikheid die studie sekerlik nie aangepak sou kon word nie:

Eerwaardes J.J. Kruger en K. Hendrich

Mnr. en mevr. F. Schoch, bestuurder van die winkel en slaghuis

Mej. F. Malan, die posmeesteres

Mnr. Basson, die Gesondheidsinspekteur van die distrik Tulbagh.

Dank is ook verskuldig aan mej. R. Müller wat die manuskrip getik het.

Die ondersoek is onder die bekwame leiding van dr Erika Theron uitgevoer, wat as promotor opgetree het en op wie se voorstel die studie oorspronklik onderneem is. Besonder veel dank is verskuldig aan haar vir haar goeie leiding en vriendelike raadgewinge.

DEPT. [illegible] WERK
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH.

STELLENBOSCH.
Desember 1952.

Johanna E.v.d. Merwe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

S A R O N

'N G E M E E N S K A P S T U D I E

V A N 'N S E N D I N G S T A S I E

HOOFSTUK 1 bls.

INLEIDING 1

Die Doel van die Ondersoek 1

Tydperk en Omvang van Ondersoek 2

Metodes waarvolgens die Inligting ingewen is 2

Moeilikhede tydens Ondersoek ondervind 4

HOOFSTUK 11

DIE GEOGRAFIESE BESKRYWING EN GESKIED-KUNDIGE OORSIG VAN SARON 6

Die Geografiese Besonderhede 6

'n Geskiedkuhdige oorsig van die ontstaan van Saron 9

Die verskillende Sendelinge 12

HOOFSTUK 111

DIE BEVOLKING 16

HOOFSTUK 1V

DIE BESTUUR VAN DIE SENDINGSTASIE 19

Huurpagstelsel 20
Huurcontract 21
Saronsche Gemeentewetten 22
Huur Contract 25
Plaatselijke Wetten van Saron 27
Aanvullende bepalinge met betrekking tot die Huurkontrak 29
Registrasie van die Huur Contract en Plaatselijke Wetten 33

Oorgaan tot die verkoop van Erwe 33

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Die Buiteraad 36

Die Finansiële Posisie in verband met die Bestuur van Saron 41

Doeltreffendheid van die Buiteraad en Rynse Administrasie 42

Voornemens in verband met Toekomstige Bestuursbeleid 46

Oorgang van Saron op Administratiewe Gebied na die N. G. Sendingkerk 50

HOOFSTUK V

DIE ROL VAN DIE KERK 52

Kerklike Administrasie 52

Stigting van die eerste Gemeente 54

Die Kerkgebou 54

Plan van die Kerkgebou 55

Die Amptenare 56

Die Dienste wat die Kerk aan sy Lede en die Gemeenskap bied 62

A. Van Suiwer Godsdienstige Aard 62

Eredienste 63
Basuinkoor 66
Kerkkoor 66
Kinderkoor 67
Liedere 68
Katkisasie Aanneming en Voorstelling 68
Nagmaal 70
Kerkfeeste 74
Bidure 75
Huisbesoek 75
Sondagskool 75
Kersfeesboom of Piekniek 77
Kinderdienste 78

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Huwelik 78
Doop 79
Begrafnis 80

B. Ander Dienste wat die Kerk lewer . 82

Kerklike Verenigingslewe 83

Christelike Sustersbond, Saron 83
Die Jongedogtersbond 88

Die Beheer oor Geldsake 88

Die Verskillende Bronne van Inkomste 89

Verpligtinge van die Lede teenoor die Kerk 92

Tugmaatreëls van die N. G. Sendingkerk, Saron 93

Die Invloed van die Kerk op die Lewe van die Gemeenskap 93

HOOFSTUK VI

OPVOEDING EN ONDERWYS 95

Geskiedenis en Ontstaan van die Skool 95

Beheer van die Skool 96

Finansies van die Skool 96

Die Skoolgeboue 98

Die Plan van die groot Skoolgebou 98
Die nuwe Skoolgebou 102

Die Personeel 102

Die Leerlinge 105

Skoolverlating 111

Die Leerplan 113

Verdere Professionele en Beroepsopleiding. 121

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Ander Fasiliteite van die Skool 122

Sportaangeleenthede 122
Skoolfunksies 123

Die Kunstentoonstelling 127
Skoolkonserte 128
Skoolbasaars 130

Die Biblioteek 130
Die Spaarklub 131
Die Voedingskema 131

Die Opvoedingspeil van die Volwasse Inwoners 133

Die Invloed van die Skool op die Samelewing 135

HOOFSTUK V11

DIE EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE 137

Grondbesit met toegekende Voorregte 137

Klimaatstoestande en Vrugbaarheid van die Grond 142

Die Inkomste en Verdienmoontlikhede op die Sendingstasie 144

Landbouers 145

Die Tuinboere 146
Die Graanboere 152

Loonarbeiders 161

Voltydse Loonarbeid 162
Deeltydse Loonarbeid 167

Ambagswerk 170
Klerklike en Professionele Werkers 171
Sakemanne 171

Ander Bronne van Inkomste 175

Pensioentrekkers 180

Spaarmoontlikhede 181

Die Môrester 181
Die Sonstraal 182
Die Broedervereniging 183

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Opsomming 185

HOOFSTUK V111

DIE VOEDING VAN DIE GESINNE 187

Die gebruiklike weeklikse Maaltye van die Gesinne 188

Voorbereiding van die Voedsel 189

Eetgewoontes 191

HOOFSTUK 1X

BEHUISINGSTOESTANDE 192

Die uitlê van die Dorp 192

Die Persele waarop die Huise staan 192

Bouregulasies 194

Die Woonhuise 196

Boumateriaal 196
Dakmateriaal 198
Plafonne 199
Vloere 200
Vensters 201

Die binnenshuise Toestande 202

Die grootte van die wonings 202
Sitkamers 204
Badskamers 204
Pakkamers 205
Beligting 205
Belugting 206
Ameublement 206
Ander binnenshuise Versierings 208

Algemene Netheid en Sindelikheid 209

Sanitasie 210

Oorbevolking 211

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Reparasie van Wonings 215

HOOFSTUK X

DIE GESINSLEWE 216

Gesinsamestelling 217

Familiegebruike 218

Huisgodsdiens, Verjaarsdae, Kersfees en Nuwejaar 219

Opvoeding van die Kinders 220

HOOFSTUK X1

DIE GESONDHEIDSTOESTANDE EN DIE GENEESKUNDIGE DIENSTE 221

Openbare Gesondheidsdienste 222

Watervoorsiening 222
Melk verskaffing 228
Verkoop van vleis 229
Ander voedsel 230
Nagvuil- en vuilgoedverwydering 230

Geneeskundige Dienste 232

Tandheelkundige Dienste 234
Verplegingsdienste 234
Kliniek 235
Hospitaalfasiliteite 238
Gesondheidsdienste aan spesiale groepe ... 239

Moeders en suigelinge 239
Skoolkinders 240

Die aantal Geboortes en Sterftes op Saron ... 241

Aansteeklike en oordraagbare Siektes 246

HOOFSTUK X11

SPESIALE MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE 249

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

Wetsoortredings 250

Drankmisbruik 253

Daggarokers 256

Buite-egtelikheid 257

Rassevermenging 259

Leër 261

HOOFSTUK XIII

VERMAAKLIKHEID EN ONTSPANNING..... 262

Ongeorganiseerde Vermaaklikheid en Ontspanning 262

Plesierritte 262
Uitstappies 263
Musiek en Sang 263
Partytjies 264
Dagblaaie en Tydskrifte 264
Kuier en gesels 265
Naaldwerk 266
Persoonlike stokperdjies 266
Dobbel 267
Speletjies by die kinders 267

Fasiliteite verskaf deur private of ander organisasies 268

Sportklubs 268

Die Voetbalklub 268
Die Tennisklub 269

Orkes 270

Verenigingslewe 272

Jeugorganisasies 280

Kommersiële Ontspanning 281

B Y L A E

BYLAAG A

KOOPKONDISIES 282

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

BYLAAG B .

KOOPBRIEF 287

BYLAAG C

DIE REELS EN REGULASIES VAN DIE BEGRAFNIS-VERENIGINGS 288

BIBLIOGRAFIE 295

L Y S V A N T A B E L L E

TABEL NO. 1

Bevolkingstatistiek van Saron vir 1921, 1936 en 1946 16

TABEL NO. 11

Die aantal leerlinge in die verskillende klasse, einde 1948 106

TABEL NO. 111

Skoolbywoning van die leerlinge gedurende 1948. 107

TABEL NO. 1V

Die vermeerdering van die aantal leerlinge en personeellede te Saron 1936 - 1948 110

TABEL NO. V

Die skoolverlating van leerlinge vir elke klas vanaf 1939 - 1948 111

TABEL NO. V1

Die skoolstanderds van die volwasse inwoners . 133

TABEL NO. V11

Die kopers, pagters en bywoners met die aantal erwe uit 102 erfhouers 138

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bls.

TABEL NO. V111

Beroepe van inwoners van Saron 145

TABEL NO. 1X

Voltydse en deeltydse loonarbeiders op Saron en elders soos aangetref in Julie 1948 162

TABEL NO. X

Die tipe dakmateriaal van 102 wonings 198

TABEL NO. X1

Die hoeveelheid vertrekke per woning 203

TABEL NO. X11

Die aantal slaapkamers en inwoners per woning van 100 wonings 212

TABEL NO. X111

Gesinstipes 217

TABEL NO. X1V

Geboortes te Saron vir die jare 1944 - 1948 ... 241

TABEL NO. XV

Sterfgevalle te Saron vir die jare 1944-1948 .. 242

TABEL NO. XV1

Aantal Sterfgevalle in die verskillende ouderdomsgroepe 1944 - 1948 244

TABEL NO. XV11

Wetsoortredings van Saronners 1944 - 1948..... 251

S K E T S K A A R T

SKETSKAART VAN SARON 6

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING

DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

In die Kaap Provinsie van die Unie van Suid-Afrika, is daar sendingstasies vir Kleurlinge deur verskillende Genootskappe byvoorbeeld Rynse en Morawiese Sendinggenootskappe tot stand gebring.

Die stasies verskil egter in baie opsigte. Onder andere ressorteer sommige onder die bepalings van die Wet op Sendingstasies en Meentreserwes, No 29 van 1909 soos gewysig deur Wet No. 12, van 1949 en andere weer nie. Trouens daar is ook verskille met betrekking tot die stelsels van bestuur en grondbesit en ook ten opsigte van die vrugbaarheid van die grond.

Nieteenstaande hierdie grondliggende verskille is die doel van hierdie standplase vir die Kleurlinge eerstens gemik op evangelisasie en opvoeding en om terselfdertyd ook huisvesting en grond aan die inwoners te verskaf, waar hul tot ekonomiese onafhanklikheid en selfstandigheid kan ontwikkel.

Die vraag is egter in hoeverre hierdie stasies aan hul doel beantwoord, of die bestaan daarvan geregverdig word, wat die moontlikheid van ekonomiese selfstandigheid en selfversorging is, in hoeverre die Kleurlinggemeenskap

se/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belange behartig en bevorder word, en wat die toekomstige beleid van staatsweë ten opsigte van sodanige sendingstasies moet wees. Met die oog hierop is 'n studie van een van die sendingstasies onderneem en is die gemeenskapslewe bestudeer.

TYDPERK EN OMVANG VAN ONDERSOEK.

Die ondersoek is gedoen gedurende die periode Julie 1948 tot Februarie 1949. Die insameling van gegewens het in Julie en die eerste helfte van Oktober 1948, asook die eerste helfte van Februarie 1949 plaasgevind.

Saron het 408 erwe waarop woonhuise is en elke vierde huis is deur ondersoekster besoek sodat 102 huise met 118 gesinne in die ondersoek ingesluit is. Die 118 gesinne bevat 'n totaal van 717 persone dit wil sê 48.58% van die totale bevolking in 1946.[1] Dit kan as 'n verteenwoordigende monster beskou word.

METODES WAARVOLGENS DIE INLIGTING INGEWIN IS.

1. Persoonlike Onderhoude: Onderhoude is gevoer met eerwaarde J.J. Kruger, N.G. Sendingkerk leraar en bewoner van die "Reserved Area", asook met eerwaarde K. Hendrich die eertydse sendeling van die Rynse Genootskap wat in administratiewe hoedanigheid maandeliks vanaf Worcester na Saron gekom het.

Met die Gesondheidsinspekteur, die drie geneeshere wat Saron weekliks besoek, die polisie, skoolpersoneel en ook met die posmeesteres en blanke winkelbestuurder/.....

1) Spesiale Artikel, Bevolkingsensus, 7 Mei 1946.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

winkelbestuurder, wat op die sendingstasie woon, is onderhoude gereël. Origens is onderhoude met komiteelede van Kleurling organisasies asook met al die bewoners van die huise uit die monster, gevoer.

2. Dokumentêre Bronne: Deur bemiddeling van die magistraat van Tulbagh is insae verkry in die geboorte- en sterfteregisters. Deur genoemde magistraat en dié van Porterville is insae verkry in die aanklagboeke van die onderskeie howe, en met behulp van eerwaarde Kruger kon die kerk-bepalings en finansiële state nagegaan word. Deur bemiddeling van die skoolpersoneel is insae verkry in skoolrapporte en eerwaarde Hendrich het die Huurkontrakte en Gemeentelike Wette voorsien. Die Afdelingsraad van Tulbagh en die Gesondheidsinspekteur het ook belangrike inligting verskaf.

3. Persoonlike Waarneming: Deur middel van persoonlike waarneming is die verskillende aangeleenthede nagegaan. Voordat met die insameling van gegewens 'n begin gemaak is, is 'n vraelys opgestel aan die hand waarvan die waarneming en voer van onderhoude kon geskied. Dit moes dien as hulpmiddel om die waarneming te standardiseer en te verskerp. Hierdeur is verseker dat alle moontlike besonderhede nagegaan kon word en dat die gegewens op 'eenvormige wyse ingesamel is.

Inligting ingewin is gedurende en ook na die afloop van 'n onderhoud noukeurig aangeteken en later met die vraelys vergelyk om sodoende vas te stel welke gegewens/...

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gegewens nog ingewin moes word.

MOEILIKHEDE TYDENS ONDERSOEK ONDERVIND

1. Die ondersoek is hoofsaaklik in Julie 1948 gedoen op 'n tydstip toe die sendinggemeente agt maande vakant was en dit ongeveer twee jaar nadat die N.G. Sendingkerk die kerk en skool op Saron van die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem het. Die meeste van hierdie tyd was die gemeente sonder leraar. In wese was die kerk nog Ryns georiënteerd en die gemeente was nou op die punt om hul tweede N.G. Sendingkerk leraar te ontvang.

Met die koms van eerwaarde Kruger is die Rynse seremonies afgeskaf en het drastiese veranderinge op kerklike gebied ingetree. Teen die einde van die ondersoek dien eerwaarde Hendrich sy bedanking in as administrateur en op administratiewe gebied staan die gemeenskap op die punt om veranderinge te ondergaan. Al hierdie vinnige omwentelinge het die ondersoek bemoeilik aangesien alle veranderinge nog in wording was; niks was eintlik konstruktiefs nie en tussen hierdie omwentelinge moes inligting ingewin word. Die inwoners was self ietwat onseker en die ondersoek het dus nie so gevlot soos wanneer die gemeenskap op sy ou gevestigde wyse sou voortgeleef het nie. Aan die anderkant het hierdie toedrag van sake 'n gunstige geleentheid vir vergelyking gebied - die ou Rynse instellings teenoor dié wat die N.G. Sendingkerk in vooruitsig gestel het.

2/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. Sosiaal en kultureel verkeer die Kleurlinge op 'n laer peil as die blankes. Dit was dus vir die onder-soeksster moeilik om haar altyd in die posisie van die Kleurlinge in te leef en hul sienswyse reg te interpreteer.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11

DIE GEOGRAFIESE BESKRYWING EN GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN SARON

DIE GEOGRAFIESE BESONDERHEDE:

Saron, die sendingstasie, is in die magistraatsdistrik van Tulbagh geleë. Tulbagh, een van die vooraanstaande distrikte van die suidwestelike Kaap Provinsie, beslaan 'n oppervlakte van 373 vierkant myl.[1)]

Die distrik Tulbagh, en dus ook Saron, het 'n Middellandsesee klimaat, dit wil sê die reënval is hoofsaaklik in die winter met betreklike droë somers. Daarby is die klimaat gematigd waar die somers nóg uiters warm en die winters nóg uiters koud is. Die gemiddelde jaarlikse reënval vir die distrik is 18.28 duim.

Die distrik Tulbagh is oor die algemeen vrugbaar en die gehalte van die grond goed. Dit is 'n distrik waar hoofsaaklik vrugte verbou word, alhoewel saaiery ook op groot skaal beoefen word.

Wat betref die grondgeaardheid van Saron assulks, is gevind dat dit van gemiddelde gehalte is. In 'n latere hoofstuk Die Ekonomiese Omstandighede word die gehalte en geaardheid van die grond breedvoerig uiteengesit.

Gereken/.....

---

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 22/1941, p. lx

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gereken in terme van moderne motor en vragmotor vervoer is Saron nie ver van die omliggende dorpe geleë nie, te wete 11 myl van Gouda stasie, 20 myl van Riebeeck Wes, 20 Myl van Porterville en 18 myl van Tulbagh. Aan die ander kant het slegs 'n paar van die inwoners van Saron 'n eie motorvoertuig en vir hul donkiekarretjies is bogenoemde afstande betreklik ver, ofskoon die gebruik van gehuurde vragmotors vir vervoer aanmerklik toeneem.

Die sendingstasie as geheel is ongeveer 4,000 morge groot en bestaan uit die „Reserved Area", dorpsgebied en Saron meent. Met behulp van die aangehegde sketskaart kan die ligging van hierdie dele baie noukeurig gevolg word.

Op die „Reserved Area" is die pastorie, die kerk, skool, kerkhof, die winkel (gemerk W 1 op die sketskaart) van 'n blanke Mnr. P. Andrag en die woning (gemerk H 2) van twee Duitse dames. Die grootte van die „Reserved Area" is volgens skatting 20 morge waarvan 12.557 vkt. voet deur die winkel in beslag geneem word.

Die dorpsgebied is in 411 erwe opgedeel. Die eerste erwe is langs Kerkstraat deur die leraars uitgedeel en is die oudste aanleg in die dorp. In 1930 is die erwe almal deur die landmeter opgemeet en die Rynse Sendinggenootskap het die onkoste daaraan verbonde gedra. Die opmetings het weining verskil van dié wat vroeër deur

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die leraar somaar met die blote oog gedoen is.

Op erf No. 54 (gemerk H 1) woon die blanke bestuurder van die winkel (gemerk W 1) met sy gesin. Op erf No. 71 (gemerk P) staan die poskantoor, wat 'n graad 11 kantoor is. Die blanke posmeesteres tree ook op as telefoniste en is vir die sortering van die pos verantwoordelik. Die Kleurlinge kom die pos by die kantoor afhaal. In die onmiddellike nabyheid van die poskantoor is 'n publieke telefoon. Die gebou waarin die poskantoor gehuisves is, is die private eiendom van 'n Kleurling inwoner van die stasie en word deur die Departement van Poswese gehuur. Erwe gemerk W 2 en W 3 het winkels wat aan Kleurlinge behoort. Op erwe gemerk K 1 en K 2 is die twee grootste Kleurling kafees geleë.

Saron meent bestaan uit saailande en weivelde. Die oostelike deel, aan die voet van Saron Berg, is hoofsaaklik weiveld terwyl die suid en westelike deel meestal om die beurt vir saai en weiveld gebruik word. Die tuingronde, of doltuingronde soos dit op Saron genoem word, is hoofsaaklik aan die noordweste geleë. Op Saron meent is onder andere twee erwe No. 412 en No. 413 gereserveer vir die bou van 'n skool en polisiestasie.

Kerkstraat, wat die breedste straat is, is ongeveer 30 voet breed. Sommige ander strate is egter besonder nou soos byvoorbeeld Külpmannstraat wat ongeveer tien

voet/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voet breed is. Die strate word baie vernou deur die watervore wat meestal aan beide kante van die strate geleë is. Water toevoer deur middel van pype sal die posisie baie verbeter. Nie alleen sal daar meer ruimte beskikbaar wees nie, maar die strate sal baie droër wees aangesien die vore soms toegroei en opdammings veroorsaak, wat wintertye die grond baie nat en ook die huise klam maak.

Die inwoners is self verantwoordelik vir die versorging van die strate, en eenmaal per jaar word op groot skaal hieraan aandag geskenk wanneer werkers behoorlik georganiseer en onder toesig van aangestelde voormanne moet werk.

By Good Hope, op die hoofweg tussen Gouda en Porterville, is die uitdraaipad na Saron. Vanhier tot by die poskantoor moet die Afdelingsraad van Tulbagh vir die instandhouding van die pad sorg. Vanaf die poskantoor langs Kerkstraat na De Hoek, 'n plaas geleë aan die noordooste van Saron, is die inwoners van Saron sowel as die eienaar van die plaas verantwoordelik vir instandhouding. Hierdie twee paaie is die enigste weë, wat toegang tot Saron verleen.

'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN VAN SARON.

Januarie 1847 is die datum waarop Saron deur die Rynse Sendinggenootskap van Barmen in Duitsland gestig is.

In 1843 het eerwaarde Külpmann, 'n Rynse sendeling, die dorpie Steindal in die distrik Tulbagh aangelê. Stein-

dal/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Steindal was 'n tak van die gemeente Tulbagh. Die sukses van Steindal het aanleiding daartoe gegee dat eerwaarde Külpmann enkele jare later die plaas Leeuklip (Löwenfels), eiendom van 'n sekere Mnr. P.J. Truter, vir £1,230 gekoop het met die doel om hier 'n standplaas te vind vir vrygemaakte slawe waar hulle 'n bestaan kon maak en deur die sending bearbei kon word. Die Rynse Sendinggenootskap in Barmen het die kapitaal vir die aankoop van die plaas, later genoem Saron,[2] verskaf.

Destyds/.....

---

2) Eerwaarde Külpmann het die sendingstasie na aanleiding van die Bybelteks, Hooglied 2 vers 1 naamlik: "Ek is 'n herfsroos van Saron 'n lelie van die dale" vernoem. Volgens besprekings in verband met Bybel uitlegging deur skrywers soos F.C. Thompson en H.D.M. Spence in "The New Chain - Reference Bible" en "The Pulpit Commentary" onderskeidelik, het Salomo, die skrywer van bogenoemde hoofstuk, die vallei van Saron in gedagte gehad. Hierdie vallei is in Palestina geleë en was in die outyd beroemd vir sy vrugbaarheid en skoonheid. Die vallei was soms oortrek met blomme, veral narcissus, wat waarskynlik die herfsroos is waarvan in die Bybel melding gemaak word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Destyds by die stigting van Saron is geen inmenging van owerheidswe̋ ondervind nie, dit was absolute onafhanklike en selfstandige eiendom soos 'n plaas van enige gewone boer. Die ontstaan van Saron spruit dus uit die sendingsliefde vir suiwere sendingswerk en alle ander doelstellings was ondergeskik hieraan. Aan die vrygemaakte slawe is 'n woonplek besorg vanwaar hulle by die boere in die omgewing kon gaan werk, terwyl hulle met hul gesinne van Gods Woord bedien kon word. Hul het die voorreg geniet om 'n stuk grond te hê waarop hul 'n huis kon bou en kon tuin maak. Die kinders was egter verplig om die skool by te woon.

Die eerste inwoners van Saron was die slawe in die omtrek van die sendingstasie sowel as ook vanaf Kaapstad. By die stigting van Saron is in die eerste plek slegs aan Kleurlinge gedink, hoewel die werk nie uitsluitlik tot Kleurlinge beperk was nie, aangesien daar alle soorte rassetipes onder die vrygemaakte slawe aan die Kaap gevind kon word.

Die eerste inwoners van Saron, aanvanklik ongeveer 80 gesinne, was dus nie net Kaapse Kleurlinge nie maar ook afstammelinge van die Bantoe en Boesmans. Van alle kante het daar gedurigdeur mense Saron binne gestroom. Eers in die latere jare is besluit dat Saron uitsluitlik net aan die Kaapse Kleurlinge oopgestel sal word omdat die verhouding tussen die Naturelle en Kleurlinge dit genood/..

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

genoodsaak het.

Die verskillende Sendelinge:

Sedert die stigting het verskeie sendelinge na die beste van hul vermoë alles gedoen vir die ontwikkeling, uitbreiding en welvaart van Saron.

Eerwaarde Külpmann het aanvanklik die administratiewerk van die aanleg en toesig van die plaas behartig. Gedurende 1846-1848 was eerwaarde Hardeland van Borneo aan die Kaap om die Dajakse Bybel te laat druk op onkoste van die Nederlandse Bybelgenootskap. Die Sendinggenootskap van Barmen het aan hom opdrag gegee om terselfdertyd in Saron te werk aangesien hy reeds in Borneo uitstekende ondervinding met betrekking tot slawe opgedoen het. Op Kersfees 1847 is die eerste vyf persone - 'n moeder met haar vier kinders - deur eerwaarde Hardeland gedoop en "Juffrou"[3] Hardeland het as getuie en getuiemoeder opgetree.

Na eerwaarde Hardeland het eerwaarde Johann Friedrich Budler vanaf 1848 tot 1873 die gemeente bearbei. Hy kan as die vader van Saron beskou word. Gepaard met Sendingwerk gaan skoolwerk en hy was 'n deeglike prediker sowel as 'n ywerige onderwyser. Gedurende sy verblyf op Saron en wel in die jaar 1852 is die eerste vlerk van die kerk gebou.

Eerwaarde/.....

---

3) Aanspreekvorm van die Kleurlinge vir die eggenote van 'n eerwaarde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eerwaarde Budler is deur eerwaarde C.W. Alheit (1873 -1882) opgevolg en laasgenoemde deur eerwaarde Frederich Weber (1882-1898). Tydens die bewind van eerwaarde Alheit en Weber het die gemeente van Saron baie vinnig begin uitbrei.

Eerwaarde Weber is deur eerwaarde H. Kling (1898-1904) opgevolg. Hy was ook bekend as 'n baie bekwame kruiedokter.[4)]

Eerwaarde Ernest Hartwig het sedert 1904 tot 1912 opgetree en die werk wat Barmen aan hom opgedra het, was onder meer om Kleurling evangeliste asook Kleurling onderwysers op te lei. Met hierdie doel voor oë het hy een vlerk van die pastorie laat aanbou. Mej. de Villiers van Stellenbosch, opgevolg deur Mej. Jonker van Genadendal, was verantwoordelik vir die opleiding van die onderwysers. Met die vertrek van eerwaarde Hartwig is beide die opleiding van onderwysers en evangeliste gestaak, gevolglik kon geeneen van die leerlinge hul studies voltooi nie. Die Rynse Opleidingskollege Söhnge, is later op Worcester opgerig waar onderwysers opgelei kon word. Die poskantoor is ook ten tye van eerwaarde Hartwig geopen.

Vanaf 1913 tot 1922 was eerwaarde Söhnge op Saron en hy het hom onvermoeid beywer vir die oprig van die

nuwe/.....

4) Hieroor meer in die hoofstuk Die Gesondheidstoestande en die Geneeskundige Dienste.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nuwe skoolgebou.

Eerwaarde Söhnge is egter na Worcester verplaas en sy opvolger was eerwaarde Ewald Biesenbach wat vanaf Carnarvon na Saron gekom het. Eerwaarde Biesenbach het sedert 1922 tot 1931 die gemeente van Saron bearbei en het onder ander geesdriftig teen drankmisbruik opgetree. Hy het 'n florende Geheelonthouers - Vereniging in die lewe geroep.

Eerwaarde K. Hendrich (1931 tot 1945) was die laaste van die Rynse sendelinge wat na Saron gekom het. Net soos eerwaarde Hardeland het eerwaarde Hendrich ook van Borneo na die sendingstasie gekom. Hy is verantwoordelik gehou vir die geestelike bearbeiding van 2,000 siele en vanaf 1934 moes hy ook die administratiewe werk van die sendingstasie behartig. Voor die tyd het eerwaarde Biesenbach vir hierdie deel van die werk tot einde 1933 gereeld na Saron oorgekom.

Teen die einde van November 1945 het die Rynse Sendinggenootskap die kerk van Saron tesame met die Gemeentewerk asook die skool en alle opvoedingsaangeleenthede aan die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk oorhandig. Die Rynse Sendinggenootskap het egter die administratiewe werksaamhede van Saron behou en hiermee moes eerwaarde Hendrich voortgaan.

Op/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op 14 Desember 1945 het eerwaarde Hendrich van Saron vertrek en het die Algemene Sendingkommissie van die N.G. Sendingkerk vir eerwaarde Fourie op Saron geplaas. In November 1947 is laasgenoemde oorlede en het 'n vakature van ongeveer agt maande ontstaan terwyl die Konsulent, eerwaarde Jacobs van Riebeeck Wes, moes waarneem met behulp van die kerkraad van Saron Sendinggemeente.

Einde Julie 1948 het eerwaarde J.J.Kruger die beroep van die kerkraad van Saron aangeneem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 111

DIE BEVOLKING

Die totale bevolking van Saron vir die onderskeie sensusperiodes naamlik 1921, 1936 en 1946 was soos volg:

TABEL NO. 1

Bevolkingstatistiek van Saron vir 1921,1936 en 1946.[1)]

	Blankes			Naturelle			Kleurlinge			Alle Rasse		
Jaargetal	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
1921	4	3	7	7	5	12	518	663	1181	529	671	1200
1936	6	8	14	-	-	-	584	648	1232	590	656	1246
1946	13	9	22	-	-	-	774	806	1580	787	815	1602

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat die bevolking van Saron sedert 1921 met 402 toegeneem het. Die 22 blanke persone wat 1946 op die sendingstasie woonagtig was, was behalwe die gesinslede van die sendeling en die winkelbestuurder, die posmeester en 'n paar sending dames wat deur die welwillendheid van die Sendinggenootskap/.....

1) Die syfers vir 1921,1936 is verkry uit: Bevolking,U.G.No.21, 1938, en vir 1946 uit: Spesiale Artikel,Bevolkingsensus, 7 Mei 1946.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

genootskap toegelaat is om daar te bly. Volgens die ondersoek was daar 450 Kleurling gesinne en 2 blanke gesinne, naamlik die van die sendeling en winkelbestuurder, op die stasie woonagtig.

Dit is gevind dat 62.76% van die 717 kleurlinge in die ondersoek, op die sendingstasie gebore is. Uit die 118 gesinne, wat besoek is, is daar 24.85% waar beide die vader en die moeder van die gesin op Saron gebore is, terwyl by 20.34% die bevinding was dat die vader sowel as die moeder nie op Saron gebore is nie.

Van die 267 (37.24%) wat nie op Saron gebore is, is 43 in Kaapstad en omgewing gebore. Wat betref die orige 224 is gevind dat die meerderheid op omliggende plekke gebore is byvoorbeeld Porterville, Vier-en-twintig Riviere, Lilyvale, Halfmanshof, Piketberg, Vredenburg, Paternoster, Malmesbury, Darling, Moorreesburg, Riebeeck Kasteel, Riebeeck Wes, Gouda, Tulbagh en Wolseley. Van verder weg gelegë plekke, almal egter in die Kaap Provinsie, is die volgende afkomstig: Ceres (16), Paarl (13), Clanwilliam (7), Calvinia (6), Nieuwoudtsville (6), Klawer (5), Fraserburg (4), Worcester (3) St'Helenabaai (2), Die Strand (2), Stellenbosch (2), Lambertsbaai (2), Laingsburg (2), Langebaan (1), Kimberley (1), Upington (1), Keimoes (1), Hutchinson (1), Dassenberg (1), Concordia (1), Beaufort Wes (1), Nelspoort (1), Williston (1), Franschhoek (1), Swellendam (1)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Elandsbaai (1) en Port Nolloth (1).

Slegs 15 is buite die Kaap Provinsie gebore naamlik 13 te Bethlehem (O.V.S.), een te Madeira en een te Johannesburg. Ook is gevind dat 13 op ander sendingstasies en Kleurling reservate gebore is te wete Wüpperthal (8), Pniël (1), Goedverwacht (1) en Leliefontein (1)

Volgens bostaande gegewens is dit duidelik dat die gemeenskap van Saron, wat die grootste deel van sy inwoners betref, bestaan uit persone wat op die sendingstasie gebore en grootgeword het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

DIE BESTUUR VAN DIE SENDINGSTASIE

Saron ressorteer nie onder die bepalings van die Wet op Sendingstasies en Meentreserwes, No. 29 van 1909, soos gewysig deur Wet No. 12 van 1949 nie. Saron het ook geen Plaaslike Bestuur nie. Aan die anderkant word gevind dat sedert die stigting van Saron vanaf 1847-1945, vir byna 'n honderd jaar, hierdie stasie kerklik en administratief aan die Rynse Sendinggenootskap, met ander woorde aan die Rynse Sending Gemeente in Barmen behoort het. Hierdie Rynse Sendinggenootskap het haar leraars (sendelinge) na haar verskillende sendingstasies uitgestuur en hierdie persone was verantwoordelik vir die geestelike bearbeiding van die inwoners van derglike stasies sowel as vir die plaaslike administrasie. Hulle het derhalwe in eersgenoemde hoedanigheid as leraars en ten tweede as sogenaamde administrateurs van die sendingstasies opgetree.

Die Rynse sendeling op Saron, bewoner van die "Reserved Area", was dus aan die hoof van sake en die spil waarom alles gedraai het. Op kerklik gebied het die leraar en Kerkraad tug gehandhaaf terwyl die leraar op administratiewe gebied deur 'n Buiteraad bygestaan is. Die kerk en administrasie was dus nou verbonde aan mekaar. Volgens eerwaarde Hendrich was die Kerkraad ondergeskik

aan/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan die Buiteraad met betrekking tot laasgenoemde se aangeleenthede en omgekeerd. Eerwaarde Hendrich het egter altyd probeer om Buiteraadslede te kies wat nie ook in die Kerkraad gedien het nie, alhoewel die Raadslede noodwendig getroue kerkgangers moes wees. Sodoende is die twee liggame min of meer geskei sonder dat daar 'n gevoel van opposisie ontstaan het.

Sedert 1945 het 'n groot verandering ingetree, die N.G.Sendingkerk het die kerk van Saron en die skool oorgeneem, terwyl die administrasie van die sendingstasie nog in die hande van die afgetrede Rynse sendeling, eerwaarde K. Hendrich, gelaat is. Eerwaarde Hendrich word beskou as die verteenwoordiger van die Rynse Sendinggenootskap. Hy kom gereeld een keer per maand na Saron om hierdie deel van die werksaamhede waar te neem.

Streng gesproke is die reëling dat eerwaarde Hendrich nog as administrateur van die sendingstasie aanbly teenstrydig met die regulasies wat bepaal dat die bewoner of Leraar van die "Reserved Area" ook die administrateur (bestuurder) van Saron is. Eerwaarde Hendrich het reeds sy leraarskap neergelê en eerwaarde Kruger is die huidige leraar van die sendingstasie.

HUURPAGSTELSEL.

Aanvanklik het die intrekkendes in Saron hul erwe van die Rynse Genootskap gehuur (of gepag) en is daar ook 'n baie eenvoudige huurkontrak tussen die inwoners en die

Genootskap/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Genootskap opgestel. Vanaf die begin is reeds besef dat vir dissipline, koördinasie en vooruitgang van 'n groep, reëls en regulasies nodig is en ook dat hierdie wette en bepalinge gehoorsaam en stiptelik uitgevoer moet word.

Ongelukkig kon geeneen van die eertydse kontrakte opgespoor word nie. Volgens eerwaarde Hendrich was die kontrakvorms egter deurgaans byna dieselfde en die „Huur Contract" wat om en by 1902 in swang was tesame met die „Saronsche Gemeentewetten" het as volg gelui:

HUURCONTRACT.

De Ondergeteekenden maken hiermede, in tegenwoordigheid der ondergeteekende Getuigen, het volgende Contract:
Leeraar en Administrateur te Saron, dat het eigendom van het Rhijnsch Zending Genootschap is verhuurt op den
aan:
verplicht zich zijnerzijds:

1. Tot stipte maandelijksche, of ook jaarlijksche, betaling van Huurgeld voor gemeld Erf aan den Leeraar en Administrateur van Saron in den tijd, en tot betaling van Hutbelasting aan de Regeering.

11. Geen Gebouw op den gemelden Huurgrond op te richten zonder voorkennis en toestemming van den Leeraar en Administrateur van Saron.

111. In zijnen deele het algemeene plaatsc[illegible] werk mede te verrichten, wanneer hij daartoe door den Administrateur opgeroepen wordt.

1V. Niet meer dan eén span Ossen (12) te houden en daar te laten grazen, waar hem zal worden aangewezen.

V. De Kerkelijke Godsdiensten te Saron geregeld te bezoeken.

V1/ .....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VI. Geene personen te herbergen of in dienst te nemen zonder voorkennis van den Leeraar en Administrateur.

VII. Zich met zijn gezin goed zedelijk te gedragen.

VIII. is verplicht zich met zijn gezin aan in dit Contract geneemde bepalingen en aan de bestaande en in het vervolg gemaakt wordende Gemeentewetten van Saron te onderwerpen.

IX. Indien langer dan een jaar van de plaats afwezig is, zonder toestemming van den Leeraar, zoo heeft deze (de Leeraar) het recht zijn Erf aan een ander te verhuren, en indien hij eene of meer dan eene van de bestaande regulaties, die hem bekend gemaakt zijn, overtreedt, dan zal hij het recht verbeurd hebben gemeld stuk Tuingrond langer in huur te behouden, en hij zal Saron moeten verlaten, en wel binnen een maand nadat hem door den Administrateur van Saron de huur is opgezegd geworden.

X. kan op en vóór zijn vertrek van Saron het van hem geplante Tuingrond òf zelf afoogsten òf desverkiezende aan anderen verkoopen. Insgelijks moet dan ook zijn Woonhuis, indien het zijn eigendom is, van vier onbesprokene Saronsche personen getaxeerd wordem, waarvan twee door hem en twee door den Administrateur (Leeraar) van Saron gekozen worden. De van deze vier personen in overeenstemming bepaalde som zal dan aan , na aftrek zijner schuld, indien er eenige is, aan de plaatselijke kas uit dese kas betaald worden.

Aldus in tegenwoordigheid der ondergeteekende Getuigen is dat Contract in al deszelfs deelen na herhaalde bespreking en wederzijdsche goedkeuring gemaakt.

SARONSCHE GEMEENTEWETTEN.

1. Het Instituut Saron is Eigendom van het Rhijnsch Zending-Genootschap.

2. Het Genootschap verhuurt erven tegen eene/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eene maandelijksche pachtsom van

3. De pachter van een geheel erf heeft recht op weide voor een beperkt aantal vee en, met berlof van den Leeraar, op een stuk grond voor buitentuin zonder water, en Zaailand waarvoor een kleine huur betaald wordt.

4. Halve erven worden slechts in bijzondere gevallen uitgegeven; pachters van dezulke hebben slechts recht op veeweide en niet op buitentuinen of landen.

5. De pacht van een erf of half erf kan door huurder of verhuurder gestaakt worden, na eene maand te voren er kennis van gegeven te hebben.

6. Gebouwen die een pachter op een erf opgericht heeft kunnen, wanneer de pacht hem opgezegd wordt, door hem afgebroken worden, of hij kan zo naar de schatting van de opzieners aan het Rhijnsch Genootschap verkoopen. Ze aan anderen te verkoopen is hem niet geoorloofd. Voor pondokken kan geene vergoeding gevraagd worden.

7. Personen die niet erfhouders zijn, kunnen maar met verlof van den aangestelden plaatselijken Leeraar, en slechts zoo lang hij dit verlof niet weder intrekt, hier blijven wonen.

8. Om iederen tuin moet door den tijdelijken bezitter eene heining of wal gemaakt worden.

9. Een pachter kan voor het eerste jaar een pondok of zijn erf oprichten; in het tweede jaar moet hij echter een behoorlijk huis bouwen.

10. Ieder inwoner van het Instituut is verplicht de watersloten te helpen in orde houden.

11. Ieder inwoner van het Instituut moet de Godsdiensten des Zondags zoowel als in de week geregeld bezoeken, en zijne kinderen geregeld ter school senden.

12. Ieder inwoner is verplicht zich hier zoowel als elders zedelijk en ordelijk te gedragen/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gedragen, zich te onthouden van onzedelijkheid, onmatigheid, vloeken en schelden, Sabbatschending, en andere aanstootelijke dingen. Ook is dansmuziek en dansen hier volstrekt niet geoorloofd.

13. Niemand mag wijn of sterke dranken op de plaats brengen, of in huis hebben, zonder uitdrukkelijk toestemming van den Leeraar.

14. Niemand mag zonder toestemming van den Leeraar vreemde menschen herbergen of vreemd vee aanhouden. Onder vreemd vee wordt ook begrepen, vee van zulke personen die wel verlof hebben hier te wonen maar geen erf bezitten. Dezen mogen hun vee wel hier laten weiden; moeten echter voor elk stuk groot vee 4d. en voor elk stuk klein vee 2d. grasgeld maandelijksch betalen, en wel moet het voor uit betaald worden.

15. Niemand mag zonder verlof van den Leeraar eene winkelbezigheid, bakkerij of slachterij oprichten.

16. Bezitters van groot- of kleinvee mogen hun vee niet laten weiden waar zij willen, maar moeten zich richten naar de voorschriften die telkens bekend gemaakt zullen worden.

17. Varkens mogen niet vrij rondloopen tenzij dat voorkeeringen getroffen zijn om ze te verhinderen het veld of de straten en watersloten om te woelen en andere schade te veroorzaken.

18. Niemand mag vee tot die plaats behoorende in het schut zenden zonder toestemming van den Leeraar.

19. Iedere pachter moet bij het einde van het jaar zijne pacht betaald hebben.

20. Crimineel veroordeelden verliezen het recht om op het Instituut te blijven wonen.

21. Ieder die aan de wetten van het Instituut niet gehoorzamen wil, moet de plaats verlaten.

22. De Leeraar in den tijd heeft het recht om andere wetten, naar omstandighede, als bijwetten tot de voorstaande te voegen, namelijk aangaande plaatselijkse werken, orde van waterleiding, enz.

Hierdie Kontrak het in 1902 verval maar het geldig gebly alleen vir diegene wat dit nog in besit gehad het, maar sodaniges is reeds uitgesterwe.

In 1904 toe eerwaarde Kling op Saron was, is 'n nuwe kon-

Ukuw Kontrak en Plaatselijke Wetten/

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wetten van Saron" deur 'n verteenwoordiger van die Rynse Sendinggenootskap in Barmen in medewerking met twaalf ander Rynse sendelinge opgestel, en hierna is dit vir goedkeuring aan die Rynse Sendinggenootskap voorgelê. Hierdie "Huur Contract en Plaaselijke Wetten van Saron" is vandag nog geldig.

HUUR CONTRACT.

De ondergeteekenden maken hiermede in tegenwoordigheid van de ondergeteekende getuigen het volgende Contract.

De Administrateur van ..... de .....
als verhuurder verhuurt aan.....
als huurder het Erf No. ..... onder
de volgende condities:

1. De huurder verbindt zich tot eene stipte betaling van eene jaarlijksche huur van £1.16. de eerste helfte betaalbaar op den 1sten April, en de tweede helft op den 1sten October van ieder jaar.

11. De huurder heeft het recht op zijn erf voor eigene kosten en verantwoording een behoorlijk woonhuis voor eigengebruik op te richten, waartoe toestemming altoos door den verhuurder moet gegeven worden.

111. De huurder heeft verder het recht op de gemeenschappelijke veeweide van Saron tot 8 stuk grootvee en 30 stuk kleinvee te laten grazen. Hij zal echter voor ieder stuk grootvee boven genoemd getal 3l. en voor elk stuk kleinvee 1d. grasgeld maandelijks betalen, betaalbaar op boven genoemde termijnen. Vreemd vee niet tot de plaats behoorende mag niet zonder uitdrukkelijke toestemming van den verhuurder en slechts onder bijzondere voorwaarden toegelaten worden.

1V. Aan huurders van een geheel erf waarvoor de volle huur betaald wordt, zal, indien modelijk, de verhuurder op aanzoek grond voor zaailand of buitentuin, en voor het zaailand zulk gedeelte van de opbrengst gelijkstaande met die helft van het uitgezaaide zaad/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

zaad.

V. Het zal den huurder toestaan brandhout en bouwmaterialen zonder verdere vergoeding van Saroner grond te gebruiken, maar niet aan anderen te verkoopen.

Vl. Ieder huurder zal zoo veel water voor huis en tuin, volgens zekere orde, maar zonder verdere betaling verkrijgen als het de tijdelike voorraad toelaat.

Vll. Indien een huurder zijn erf gaat verlaten, zoo is hij verplicht aan den verhuurder drie maanden vooraf kennis te geven. De gebouwen op het erf aan hem behoorende kan hij, of aan den Administrateur, of aan eenen anderen door den verhuurder goedgekeurden persoon verkoopen. In geval gedurende verdere drie maanden het huis niet verkocht zoude wezen, heeft de Administrateur het recht, hetzelve te verkoopen, de koopsom na aftrek van onkoste en achterstallige huurpenningen zal hij aan den huurder uitbetalen.

Vlll. Waar een huurder met zijne penningen achterstallig blijft, zich aan overtreding van de plaatselijke wetten of aan hoogverraad, moord, verkrachting, diefstal, meineed of aan andere crimineele misdaden schuldig maakt, of anderzins verplicht wordt de plaats te verlaten, dan zal hem door den verhuurder een maand te voren kennis gegeven worden. Met de gebouwen zal zoo als in paragraaf 7 vermeld gehandeld worden.

Xl. Geen huurder heeft recht bij het verlaten van zijn erf hetzelve eenigs zins te beschadigen, terwijl hij alle oogsten nog op den grond staande afoogsten of aan eenen anderen erfhouder verkoopen kan, mag hij echter geene boomen of omheiningen uithalen.

X. Indien een huurder langer dan een jaar van de plaats afwezig is zonder toestemming van den leeraar zoo verliest hij alle rechten op erf.

Xl. Waar een huurder wegens ouderdom of andere omstandigheden aanspraak op gansche of gedeeltelijke kwijtschelding van zijn huurgeld meent te hebben, kan hij door den leraar een aanzoek bij het Conferentie bestuur doen, hetwelk in ieder geval naar omstandigheden en met billijkheid handelen zal.

Xll /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

XII. De huur van een erf kan door huurder of verhuurder gestaakt worden na drie maanden te voren er kennis van gegeven te hebben.

PLAATSELIJKE WETTEN VAN SARON.

1. Geen huurder zal zonder toestemming van den Administrateur het recht hebben:

(a) Zijn huis of erf aan anderen te verhuren.
(b) Vreemdelingen over nacht te herbergen.
(c) Eene winkelbezigheid, bakkerij, slachterij of eenig anderen handel op Saron te bedrijven.
(d) Pondokken langer dan voor een jaar, en bouwvallige gebouwen naar voorafgaande kennisgeving te laten staan.

2. Voor alle huurders en bewoners van Saron is verboden:

(a) Het bevuilen van alle watersloten.
(b) Het in brand zetten van veld, aansteken van vuur en vuurwerk op niet hiertoe aangewezene plaatsen.
(c) Zonder verlof de watersluizen te openen of water uit de sloten te gebruiken behalve in den voor hem bepaalden tijd.
(d) De publieke wegen en voetpaden door wagens, karren, enz tot ongerief van anderen op te blokken.
(e) Te vloeken, te schelden, of vuile en beleedigende taal te gebruiken.
(f) Op hun erf of in hunne huizen dronkenschap, danspartijen, hoererij, of vechtpartijen toetelaten of aan zulke ongeregeldheden hier of elders deel te nemen.
(g) Bedwelmenden drank zonder verlof van den Administrateur naar Saron te brengen.
(h) Varkens te laten rondloopen, dan alleen op het erf van den huurder. Alle andere dieren als pluimvee,

groot/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groot en klein vee moeten onder behoorlijke opzicht van een wachter wezen.

(i) Het huis, erf en land van een anderen huurder zonder diens toestemming te betreden.

3. Ieder huurder is verplicht:

(a) De watervoor, sloten, wegen enz. te helpen maken, repareeren en schoon maken.

(b) Indien het bij zulk werk vereischt wordt ook met zijn rijtuigen en trekvee tot hulp te wezen.

(c) De straten en watervoren langs zijn huis en erf gedurig schoon en in goede orde te houden.

(d) Zich overal onaanstootelijk te gedragen, de Godsdiensten vlijtig te bezoeken en zijne kinderen geregeld naar school te sturen.

(e) Bijdragen tot instandhouding van kerk en school getrouw te betalen.

(f) Zijne gebouwen altijd in goede reparatie te houden en zijn erf met eene goede omheining te voorzien.

(g) Aanstekelijke en besmettelijke ziekten dadelijk bij den Administrateur aan te melden en zich naar zijne voorschriften aangaande deze zaak te gedragen.

4. Personen die niet erfhouders zijn mogen slechts met verlof van den Administrateur hier wonen, zij zijn echter gehouden, alle wetten der plaats te gehoorzamen en jaarlijks 10/- bijwonerhuur te betalen. Dit voorrecht kan echter te eeniger tijd ingetrokken worden door den Administrateur.

5. Indien door eenig dier op een erf of in zaailand, weiveld, spaarveld of buitentuin schade veroorzaakt wordt, zoo is de eigenaar van het dier verplicht schadevergoeding te betalen, en wel volgens schatting van personen door den Administrateur daartoe aangesteld. De in het schut gebrachte dieren moet de eigenaar binnen 24 uren tijds lossen tegen betaling van schutgeld en schadevergoeding bij den schutmeester. Indien zulke dieren/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dieren niet binnen den bepaalden tijd gelost worden zullen zij naar het Gouvernement schut gezonden worden.

6. Tot bovenstaande bepalingen en regulaties kunnen, indien noodig, te eeniger tijd bijvoegingen en veranderingen gemaakt worden door eene Commissie bestaande uit den Administrateur, den Kerkeraad der Saroner Gemeente en het Conferentie bestuur. In geval niet eene meerderheid van 2/3 aller commissie-leden voor een voorgestelde verandering besluit, of het Conferentie bestuur niet toestemmen kan, zal die beslissing aan het Hoofdbestuur in Barmen overgelaten worden.

Aanvullende Bepalinge met betrekking tot die Huurkontrak.

Die volgende regulasies is nie volledig in die nuwe "Huur Contract" beskrywe nie maar word tog volgens eerwaarde Hendrich, alhoewel onbeskrewe, aanvaar in onderhandelings tussen verhuurder (Rynse Genootskap) en huurder of pagter.

1. (i) Wanneer die leraar en Buiteraad 'n erf van 'n pagter aan iemand anders toeken as gevolg van die hoë agterstallige huurskuld van sodanige pagter word die volgende prosedure gevolg:

(a) Die Genootskap verplig dat wanneer 'n persoon die erf verlaat en wanneer dit weer verhuur word daardie persoon, wat dit wil pag, eers gekeur moet word. Die nuwe pagter en ou pagter moet met betrekking tot die huiseiendom van laasgenoemde - onderhandel of (b) na drie maande word deur die Genootskap die transaksie uitgevoer deur vier Buiteraadmanne as waardeerders aan te stel wat die waarde van die huis aan die eienaar, na aftrek van die agterstallige huurgeld, moet terugbetaal. Is die waarde van die huis egter minder as wat die persoon skuld, ly die Rynse Genootskap die skade.

Die eienaar moet hom by die waardasie van die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Buiteraad neerlê of andersins sy besware indien - gewoonlik het die Buiteraad kennis van die pryse en die leraar behou ook nog altyd die beslissende stem.

(ii) Wanneer 'n pagter egter sy erf vrywillig verlaat, en geen pagskulde het nie, betaal Genootskap die waarde van sy huis uit.

Selde egter het persone hulle erwe weens agterstallige skulde moes verlaat, gewoonlik het hul skouer aan die wiel gesit of het die kinders hul gehelp om die skulde mettertyd te vereffen. Het die skuldenaar dat moes padgee egter ook nog sulke foute soos opstandigheid en ongehoorsaamheid openbaar, het hy geen toestemming verkry om byvoorbeeld as 'n bywoner by ander te gaan bly nie - hy moes dadelik die sendingstasie verlaat.

2. Wanneer 'n pagter 'n erf voorsien van 'n huis wat aan die Genootskap behoort, wil pag word verkies dat die pagter dan liefs die huis koop en net die grond pag. Indien hy egter nie die huis koop nie en hy wil die erf pag dan moet hy ipso facto die huis ook pag - 'n goeie huis teen die bedrag van tien sjielings per maand en 'n kleinere teen vyf sjielings.

Deur die jare heen is getoon dat meestal in gevalle waar mense hul permanent wou vestig en nie meer verder wou rondtrek nie, hul eie huise gekoop het. Wanneer huise wel verhuur is, en gedurende eerwaarde Hendrich se verblyf aan Saron het slegs twee gesinne in huurhuise gewoon, is die vooruitsig gestel dat die huurder met verloop van tyd die eienaar daarvan kon word, dit wil sê die waarde van die huis is gedek met die huurgelde/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huurgelde wat deur al die jare betaal is.

3. Verhuur van Vertrekke aan Bywoners en Pagters:

(a) Volgens die kontrak mag huise onderverhuur word mits dit by die leraar aangemeld en deur hom goedgekeur word aangesien drankslugtiges of sluipmoordenaars onder sulke persone mag sorteer. Hierdie huurders is die sogenaamde bywoners. Hul betaal aan die persoon van wie hul 'n deel van die huis of die hele huis huur 'n sekere bedrag volgens hul private ooreenkoms, gewoonlik tien tot vyftien sjielings per maand.

(b) Wanneer 'n pagter agterstallige huurgelde het mag hy geensins sy huis aan bywoners verhuur nie, maar is slegs hiertoe geregtig as die bywoner die geld, wat eintlik vir hom as pagter toekom, aan die leraar oorhandig. Hierdie bedrae word dan van die pagter se skuld afgetrek.

4. Bepalings met betrekking tot Bywoners: Bywoners het geen saai- of weiregte tensy dit uitdruklik toegeken word nie. Origens moet die persone goeie Christene wees en moet lidmate van die gemeente word. As hulle egter lidmate is hoef hulle nie in die kerkhof 'n graf te koop nie, hul kry dit dan vry ofskoon hulle bywoners is. Die tien sjielings wat hul elke jaar volgens kontrak aan die Rynse Sendinggenootskap moet betaal, geld vir water en brandhout. Hul betaal die gewone bydraggeld aan die kerk en die kinders is verplig om die skool by te woon. Alle bywoners moet ook help wanneer die watersloot een maal in die jaar skoongemaak word.

5. Nuwe Intrekkendes:
'n Persoon, ongetroud of 'n gesinshoof, wat na Saron wil trek moet eers voor die leraar en die Buiteraad verskyn. Wanneer toestemming verleen is, word sodaniges op een jaar proef gestel. By intrede word tien sjielings onmiddellik vir Kerkreg ingevorder. Wanneer die proeftydperk verstreke is en afdoende bewys van onbesproke karakter en goeie gedrag gelewer is, kan met die pag voortgegaan word. Volgens eerwaarde Hendrich dien die proeftyd om die sendingstasie van alle ongewensdes/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ongewensdes te vrywaar en terselfdertyd vir beskerming van die kerk.

6. Vreemdelinge of Gaste:

Alle vreemdelinge of gaste wat na die sendingstasie kom, moet onmiddellik deur hul gasheer na die leraar geneem word, aan hom bekend gestel word en moet ook die tydperk van vertlyf meedeel.

7. Betaal van Huurpaggelde:

(a) Volgens kontrak is die paggelde van 'n hele erf £1.16.0 per jaar maar indien 'n persoon twee of meer erwe wil pag het dit hom vrygestaan om dit te doen mits hy dienooreenkomstig twee of meer keer bogenoemde bedrag jaarliks betaal. Huurpag van 'n halwe erf bedra 18/- per jaar. Betaling moet die helfte gedurende die eerste ses maande van die jaar en die ander gedurende die res van die jaar geskied het, maar geen verpligting word uitgeoefen en betaling geskied na willekeur. Die huurpag gelde moet aan geld gestort word en kan nie in natura vereffen word nie.

Eerwaarde Hendrich maak gebruik van 'n sogenaamde erfboekie waarop sorgvuldig aangeteken word presies hoeveel elke pagter betaal. Terselfdertyd dien dit ook as kwitansieboekie waarop die stempel van die Rynse Sendinggenootskap afgedruk word. Betaling geskied egter baie wisselvallig en dit is selde of ooit dat die paggelde gereeld betaal word.

(b) Wanneer paggelde oor 'n tydperk van dertig jaar getrou betaal word, word dit van £1.16.0 na £1.0.0 per jaar verminder. As 'n persoon die ouderdom van tagtig jaar bereik word slegs tien sjielings paggeld ingevorder, en wanneer selfs hierdie bedrag nie voorsien kan word weens siekte, ens. nie word 'n lewensreg toegestaan. Die huis kan gratis bewoon word, maar sodra die dood ingetree het, word dit aan die Genootskap terugbesorg.

8/ .....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8. Saai - en Weiregte van Pagters:

Diegene wat slegs halwe erwe huur het volgens kontrak nie reg op saailande en weiregte nie, maar nogtans word al genoemde regte aan hul toegestaan, tensy hul nie met die paggelde agterstallig raak nie, en hul kan die volle getal groot- en kleinvee aanhou. Daar word ook nêrens in die kontrak voorsiening gemaak dat diegene, wat geen saailande het en slegs vee aanhou, daarop geregtig is om op grond hiervan meer as die bepaalde getal vee aan te hou nie.

Registrasie van die „Huur Contract en Plaatselijke Wetten"

Bogenoemde kontrak en wette is nie geregistreer nie maar dien slegs as ooreenkoms tussen Verhuurder (Rynse Sendinggenootskap) en huurder (pagter). Wanneer die administrateur (eerwaarde Hendrich) iemand as gevolg van oortreding van die kontrak uit die sendingstasie wil sit, moet hy die persoon eers skriftelik in kennis stel dat hy hom binne bestek van 'n bepaalde tyd van die sendingstasie moet verwyder.

OORGAAN TOT DIE VERKOOP VAN ERWE.

Tydens eerwaarde Kling (1898 - 1904) se dienstyd het daar ontevredenheid onder die inwoners geheers aangesien hul nie langer die erfpag wou betaal nie, en in opstand teen die „Huur Contract en Plaatselijke Wetten" van Saron gekom het. Dit het aanleiding tot 'n groot hofsaak gegee wat 'n nasleep tot in die tyd van eerwaarde Kling se opvolger, eerwaarde Hartwig, gehad het. Die Rynse Genootskap het die saak gewen en mettertyd het die

oproermakers/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oproermakers tot bedaring gekom en is met die huurpagstelsel voortgegaan.

In 1931 het eerwaarde Biesenbach egter begin om die erwe aan die inwoners te verkoop om die volgende redes:

1. Daar is van die standpunt uitgegaan dat dit daartoe sal lei om die Kleurling bevolking selfstandig te maak, aangesien elkeen sy eie baas sou kan word alhoewel nog onderhorig gestel aan sekere regulasies soos wat enige gemeenskap vereis.

2. Daar was inwoners in Saron wat kon betaal en dit was in hul eie belang sowel as vir die Rynse Genootskap dat hul selfstandige grondbesitters sou word.

3. Die feit dat die Rynse Sendinggenootskap pagters gehad het wat vir jare nie betaal het nie, en met graagte van sulke persone wou ontslae raak, het baie daartoe bygedra om die besluit tot verkoop te bespoedig.

Tydens die ondersoek was dit baie duidelik uit verskeie onderhoude met die inwoners dat van hul ontevrede was oor die verkoop van die erwe. Die volgende redes is aangegee:

(a) Die kwessie van koop en besit was absoluut iets vreemds vir die meeste van die inwoners, en veral kon hierdie idee by die meer konserwatiewe inwoners nie juis inslag vind nie.

(b) Baie was van mening dat hul nie so veel kon

waag/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waag nie en hulle was bevreesd dat hul nie die ekonomiese verpligtinge sou kon nakom nie. In hierdie opsig het die Rynse Genootskap hul te hulp gekom deur te bepaal dat die paaiemente vir afbetaling slegs vyf sjielings per maand mag bedra.

(c) Menige erfpagter wat gewoond daaraan was om deur die jare heen sy erfgeld ongereeld te betaal, het verkies om met hierdie onreelmatigheid voort te gaan eerder as om hom in 'n kooptransaksie te begewe.

(d) Die kwessie van die buitegronde (Saron meent) het ook bygedra om die inwoners skepties teenoor die verkoop van die erwe te stem. Die buitegronde word nie verkoop nie maar word outomaties daarby ingesluit omdat aan die koper saai- en weiregte op die buitegrond verleen word. Die inwoners het verkies om die buitegronde ook te koop, hul kon die posisie van inskakeling nie snap of aanvaar nie, en was wantrouig daaromtrent; ook omdat hul van mening was dat die Rynse Sendinggenootskap later met die buitegronde kon doen het wat hy verkies.

So sterk was die teenstand teen die verkoop van die erwe dat ongeveer twintig gesinne die sendingstasie verlaat het, nadat die Rynse Genootskap die waarde van hul huise uitbetaal het teen 'n totale bedrag van ongeveer £1,200. Die meeste van hierdie gesinne het na Lilyvale[1] getrek/.....

1) Is deel van die plaas, de Hoek, wat noordoos van Saron gelee is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

getrek en het daar grond gekoop. Hier was hul absoluut vry en kon doen en laat wat hul wou. Na verloop van ses jaar het hierdie gesinne weer begin terugtrek. Aangesien daar reeds 'n verband op die grond was kon die kopers geen kaart en transport ontvang het nie, wat wel op Saron ontvang kon word. Gevolglik het hul die huise en grond sonder enige uitbetaling net so gelaat en na Saron teruggekeer. Hulle is weer op die sendingstasie teruggeneem maar op voorwaarde dat hul moes inwillig om hul erwe te koop. Teenkanting teen die feit dat erwe voortaan gekoop in plaas van gepag moet word, het dus verdwyn. In 1931 is die ou pagters voor die keuse gestel - hul kon voort gaan om te pag of oorgaan tot koop - maart voortaan moes alle nuwe aansoekers om erwe bereid wees om die erwe te koop.

Die voorwaardes waaronder die inwoners van die sendingstasie erwe mag koop, waarvoor hulle kaart en transport ontvang, word in Bylae A en B uiteengesit. Die bestuurder van Saron beroep hom op hierdie voorwaardes wanneer geskilpunte of oortredings mag voorkom.

DIE BUITERAAD.

Sedert al die jare vanaf die stigting word die sendeling of bestuurder (administrateur) op administratiewe gebied deur voormanne bygestaan en hierdie groepie maak gesamentlik die Buiteraad, onder voorsitterskap van

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die leraar, uit. Saam met laasgenoemde tree hulle as die bestuur op.

Die Buiteraad word as volg saamgestel:-

(i) Die voorsitter naamlik die Rynse leraar, mou die afgetredene, eerwaarde Hendrich.

(ii) Een hoofinspekteur.

(iii) Vier voormanne.

Die hoofinspekteur het eerwaarde Hendrich aangestel omdat 'n ledetal van vier persone nie voldoende is nie, veral wanneer sommige gedurende seisoentye op plase gaan uitwerk. Eerwaarde Hendrich, wat op Worcester woonagtig is, kom gereeld een maal per maand na Saron vir ongeveer drie dae om die administrasie, vanuit 'n kantoor op 'n erf in Meulstraat spesiaal vir derglike doel gereserveer, te behartig.

Aanstelling en Kwalifikasies: Die lede word deur die Rynse leraar, namens die Genootskap vir onbepaalde tyd, dit wil sê vir solank as wat hulle hul plig doen en self 'n goeie voorbeeld stel, aangestel. Die wat tans optree het elk al vyftien diensjare agter die rug. Plaasvervangers vir diegene wat weens ouderdom en krankheid uit die diens tree, word deur die leraar met behulp van die aanblywende raadsmanne benoem.

Die volgende vereiste word aan die raadslede

gestel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gestel: -

Hul moet manne wees met verstand en 'n gesonde oordeel. Hulle moet selfstandig en regverdig in hul optrede wees, hul woord kan doen en vir ander pligsgetrou dog taktvol kan teregwys. Hul moet persone wees na wie ander met trots kan opsien.

Die Buiteraadslede ontvang elk £2 per jaar, maar verder word geen voorregte aan hulle verleen nie aangesien hul nou kopers en nie meer pagters is nie. Terwyl hul huurpagters was, het hulle vryskelding van die huurpag gekry.

Die pligte van die lede van die raad is soos volg:

(i) Dit is die plig van die Buiteraad om te sorg dat uitvoering aan die bepalings van die "Huur Contract en Plaatselijke Wetten van Saron" en dié van die koopkondisies verleen word. Die raadslede moet derhalwe ook die onderlinge geskille in Saron besleg. Hulle roep die botsende lede byeen en sorg dat hul wel opdaag. Die geskille gaan meestal oor water. Byvoorbeeld diegene wat nie die slote wat deur hul tuine loop skoonmaak nie, of wat sluise in die watervoor maak en die water onwettig weglei of sluise se slotte vernietig, ens. Die betrokke oortreders word aangespreek en indien hulle nie gehoor gee nie, verbeur hul na drie maande hul reg op hul erf.

Steur/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Steur hul hul egter nie aan hierdie waarskuwing nie, wat uiters selde gebeur, word hul aan die gereg oorgelewer.

(ii) Diegene wat aan die Genootskap geld skuld en nie sover kom om dit te vereffen nie, word deur die Buiteraad byeengeroep en vermaan.

(iii) Die Buiteraadslede gee saailande en doltuine aan die inwoners. Diegene wat van voornemens is om te saai of tuin te maak gaan 'n verlofbriefie by die administrateur haal, en toon dit aan die betrokke Buiteraadsman waarop laasgenoemde dan saam met begunstigde gaan om die saailand of doltuin uit te kies.

(iv) Die lede hou toesig oor die watervoor wat Saron van water voorsien sowel as oor al die waterwerke, dit wil sê slote, sluise, ens deur geheel Saron. Jaarliks word Saron se watervoor skoon gemaak en die Buiteraad tesame met die leraar deel die inwoners in spanne wat deur bepaalde inspekteurs en voormanne aangevoer word.

Die Buiteraadslede reël ook dat die erfhouers hul regmatige leibeurte gedurende die somer kry. Die dorp is verdeel in wyke en 'n Buiteraadsman is verantwoordelik vir die besproeiing van sy betrokke wyk. Die tarief wat die Buiteraadslede vir hul self invorder is twee pennies per erf vir een uur leibeurt. Op hierdie gebied word die Buiteraad ook deur 'n sogenaamde watermandoor bygestaan.

(v) /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(v) Die Buiteraadslede takseer die skade wat aan lande en tuine deur beeste en vee aangerig word. Dit gebeur uitsluitlik waar die eienaar van die vee en dié persoon aan wie die skade berokken is, nie ooreen kan kom nie. Gevolglik ja die persoon aan wie die skade berokken is, die vee in die skut wat op die sendingstasie geleë is en die eienaar van die vee wend hom na die Buiteraad. Vir die behartiging hiervan word die Buiteraadsmanne, gewoonlik twee van hulle, met 'n sjieling elk deur die eienaar van die vee vergoed.

(vi) Die lede waardeer die huise van die erwe wat aan die Saronners verkoop word. Dit word gewoonlik deur al vier Buiteraadslede gedoen en hulle ontvang hiervoor elk 2/6.

(vii) Die lede sorg vir die veekampe en sien toe dat die lyndrade van Saron in orde is.

Vandat eerwaarde Hendrich slegs die administrasie waarneem kom die Buiteraad net maandeliks byeen hoewel hul vroeër net wanneer dit nodig geag is, vergader het. Eerwaarde Hendrich stel hul skriftelik in kennis wanneer hy na Saron kom. By derglike geleenthede doen hul dan verslag en bring rapport uit met betrekking tot sake wat aandag en optrede vereis. Volgens eerwaarde Hendrich is die Buiteraad altyd teenwoordig wanneer hy sitting het, selfs by besprekings waar enkele persone met hom as bestuurder onderhandel.

Eerwaarde/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eerwaarde Hendrich tree as voorsitter op en in sy afwesigheid ageer die hoofinspekteur. Die Buiteraadslede kry dan elkeen geleentheid om een of ander saak voor te lê wat onmiddellik bespreek word. Die leraar is vir die korrespondensie en notule verantwoordelik.

DIE FINANSIËLE POSISIE IN VERBAND MET DIE BESTUUR VAN SARON.

Bevredigende inligting kon nie verkry word van die finansiële posisie in verband met die bestuur van Saron nie aangesien eerwaarde Hendrich, weens die gebrek aan 'n noukeurige boekhoustelsel, nie by magte was om die verlangde inligting te verskaf nie.

As administrateur moet eerwaarde Hendrich 'n jaarlikse verslag van sy worksaamhede en algemene finansiële bedrywighede aan die Superintendent van die Rynse Sendinggenootskap in Barmen lewer. Tydens die Tweede Wêreld Oorlog was kontak met Barmen onmoontlik en het eerwaarde Hendrich baie onafhandklik te werk gegaan. Geen bankrekening is vir die administrasie van die stasie geopen nie. Eerwaarde Hendrich het alle gelde persoonlik ontvang en geen volledige gegewens omtrent die totale inkomstes en uitgawes kon verkry word nie. Volgens eerwaarde Hendrich word die huur van die erwe (paggelde), afbetalings op die koopsomme en opbrengs van die erfregte, na ontvangs, in die Sendingkas van die Rynse Sendinggenootskap/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sendinggenootskap gestort. Hierdie inkomste is by benadering ongeveer £1,050 per jaar. Die fondse van die Rynse Sendingkas word gebruik vir die pensioene van die rustende leraars. Die pensioene van die weduwees van die Rynse leraars word ook deur hierdie fonds gedek.

Wat betref die lopende uitgawes van die administrasie is gevind dat dit die maandelikse salaris van eerwaarde Hendrich insluit en die gebruiklike jaarlikse belastings wat aan die Afdelingsraad van Tulbagh betaal moet word. Laasgenoemde bedra £93..9.11 per jaar. Die res van die uitgawes van die administrasie varieer van jaar tot jaar.

DOELTREFFENDHEID VAN DIE BUITERAAD EN RYNSE ADMINISTRASIE.

Vandag laat die doeltreffendheid van die bestuur van Saron deur middel van die Buiteraad en administrateur veel te wense oor. Hierdie bestuursvorm dra nie meer die krag van vroeër nie. Talle van inwoners met wie onderhoude gevoer is, is die mening toegedaan dat die Rynse Sendinggenootskap te lankmoedig en toegewend was. Eerwaarde Hendrich het self verklaar dat die Rynse sendelinge eerder té barmhartig as tè streng wou optree omdat hul van mening was dat hul sodoende meer sou bereik aangesien hul van oorsee gekom het.

Daar is nooit enige druk op die Kleurlinge uitgeoefen nie en vanself het hul nooit probeer om vooruit-

gang/

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vooruitgang, te maak nie. Sedert die oorname op kerklike gebied deur die N.G. Sendingkerk word drasties opgetree byvoorbeeld in verband met die finansiële ondersteuning van die kerk. Dit word deur die meerderheid van inwoners verwelkom. Hul besef wel deeglik dat hulle hul regmatige deel moet bydra anders het hul nie die nodige fondse beskikbaar nie en kan geen vordering bereik word nie. Nou begin die gedagte posvat dat hul nooit voorheen vir hulself gesorg het nie, die skulde het opgeloop tot £30 of meer. Op hul ou dag is hul swak en kan nie meer werk nie, gevolglik is hul nie in staat om die werklike eienaars van hul grond te word nie; alles omdat die besef om voorsiening vir die toekoms te maak nie by hulle tuisgebring is nie. Sugtend het een grysaard verklaar: " Ai, die Duitser se genade was darem te groot!"

Die afgelope 20 tot 25 jaar is daar nooit teen die inwoners opgetree nie en hierdie in gebreke bly van die administrasie het mettertyd sy merk gelaat. Eerwaarde Hendrich het verklaar dat hy die inwoners van Saron baie goed ken, hy dra konnis van die gesindheid van die hart en weet dat hulle vir die grootste gedeelte baie goed geaard is afgesien van die foute wat elke mens het; maar tans word baie oortredings gedoen. Nieteenstaande die goeie bedoelings van die raadslede is in die laaste jare geen wakende oog gehou nie en volgens onderhoude gevoer blyk dit

dat/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat daar algemeen aanvaar word dat 'n gees van losbandigheid besig is om veld te wen.

Sedert oorname deur die N.G. Sendingkerk word strenger op kerklike gebied deur die N.G. Sendingkerk leraar opgetree, en word sake baie goed onder beheer geneem. Aanmerklike verbetering is duidelik en almal is daarmee tevrede.

Die vernaamste redes waarom die Rynse bestuur nie so suksesvol was nie is as volg:

(i) Vanselfsprekend verg die administrasie van so 'n groot sendingstasie op kerklik sowel as administratiewe gebied ontsaglik veel tyd, die grootste noukeurigheid en verantwoordelikheid. Ontsettend veel tyd is in beslag geneem en gewaldig baie is geverg van die Duitse leraar om die gemeentelike werk te behartig byvoorbeeld katkisasie, begrafnisse, huisbesoek, dienste waarneem, ens en hy moes ook die eerste uur van godsdienslesse in die skool behartig. Die leraar moes onder meer met die skoolpersoneel in die nouste voeling bly en weens afwesigheid van 'n skoolkomitee moes hy alle korrespondensie, ens met die Departement van Onderwys voer. Hierbenewens moes hy ook al die veelvuldige administratiewe pligte van die samelewing as geheel behartig.

Met so 'n groot omvang van werksaamhede en daarby so uiteenlopend van aard, en met 'n gemeenskap wat

steeds/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

steeds uitbrei en toeneem moes sommige van die pligte noodwendig verwaarloos word.

(ii) Die Rynse bestuur het verswak omdat dit hoofsaaklik op Sendingwerk toegespits was en alle ander verpligtinge behalwe Sendingwerk as bykomstig en feitlik as 'n las beskou is. Geen doelbewuste optredo of langtermyn planne van aksie is in werking gestel nie.

(iii) Die Duitse metodes wat op die sendingstasie toegepas is, het nooit verander nie en dit het nie met die tyd tred gehou nie. Ook is geen hervormings teweeggebring nie - die sendeling het opgetree as administrateur, die hoof, naamlik die Genootskap, is in Duitsland en het ook die geld voorsien.

(iv) Deur al die jare het die Rynse bestuur van Saron nie probeer om die inwoners van Saron op geestelik sowel as materiële gebied selfstandig te maak nie. Die Kleurlinge is dus nie geleer om eie inisiatief aan die dag te lê of na progressiwiteit te streef nie. Gevolglik het die inwoners van Saron nie ontwikkel nie en het hulle in hul denke primitief gebly.

(v) Die Rynse bestuur het ook nie die Kleurling as mens verstaan nie, omdat hul as Duitsers met die hoogste kultuur hier in aanraking met 'n primitiewe kultuur gekom het.

(vi) Die Duitse administrasie ondervind baie

moeilikhede/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moeilikhede as gevolg van hul eie goedhartigheid wat verdere verlies van prestige beteken. Wanneer daar vandag vir 'n Kleurling toegegee word sodra hy om uitstel pleit, word dit volgende keer as wet en reg beskou en geensins as 'n vergunning nie. Die administrasie moet deurgaans ferm en beslis optree, want die toegewendheid word dikwels maar as innerlike swakheid beskou en die inwoners neem daar geen genoë mee nie.

VOORNEMENS IN VERBAND MET TOEKOMSTIGE BESTUURSBELEID.

Alhoewel die Rynse Genootskap na die beste van haar vermoë probeer het om sake so doeltreffend moontlik te behartig is daar tog gevoel dat die Rynse administrasie, bygestaan deur die Buiteraad, nie na behore kan optree nie. Met die feit onder oë dat daar met verloop van tyd steeds hoër eise gestel sal word en dat maatskaplike vraagstukke al meer akuut word, ontstaan daar by beide, naamlik die Rynse Sendinggenootskap en die N.G. Sendingkerk, die begeerte dat plek gemaak moet word vir doeltreffender optrede. Gevolglik word gevind dat onderhandelings getref word vir die oorgaan van die administrasie na die N.G. Sendingkerk sodat Saron kerklik sowel as administratief onder dieselfde beheer sal sorteer.

Hierdie onderhandelings word deur 'n Kommissie, namens die Algemene Sendingkommissie van die N.G. Sendingkerk, behartig. Die onderhandelings word vertraag en

kan/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kan nie finaliteit bereik nie, aangesien die Rynse Sendinggenootskap 'n globale som van £7,000 van die N.G. Sendingkerk verlang. Hierdie bedrag wat eersgenoemde wil invorder het betrekking op die 110 huurpag erwe waaroor die Rynse Sendinggenootskap volle seggenskap het. Die N.G. Sendingkerk sal ook die buitegronde (Saron meent), waarop die inwoners wat reeds grondeienaars is of wat besig is om op hulle erwe af te betaal 'n reg het, kry. By hierdie £7,000 word 'n £1,000 ingesluit vir die skuld van die huurpagters en diegene wat nog besig is om af te betaal. Die N.G. Sendingkerk is egter ongeneë om die verantwoordelikheid te aanvaar met betrekking tot die invordering van die skuld wat die pagters en sommige van die kopers aan die Genootskap verskuldig is, omdat die Kleurlinge dan die N.G. Sendingkerk as hul "verdrukker" sal beskou. Die N.G. Sendingkerk verkies dus dat die Rynse Genootskap as die skuldeiser sal optree.

Onderwyl die onderhandelinge tussen die N.G. Sendingkerk en die Ryhse Sendinggenootskap voortduur, word daar vir die inwoners van die Sendingstasie verskillende moontlike bestuursvorme in vooruitsig gestel. Die N.G. Sendingkerk leraar en kerkraad het onder andere die moontlikheid bespreek van 'n Subkommissie wat uit die kerkraad aangestel sal word en wat ook aan laasgenoemde verantwoording sal moet doen. Hierdie Subkommissie

sal/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sal uit drie lede bestaan wat kragtens kerkwet deur die leraar aangestel mag word. Hulle sal van die bekwaamste kerkraadslede wees. Aangesien die kerkraad altyd wissel word hierdie Subkommissielede vir een jaar benoem, maar as hulle hul deeglik van hul taak gekwyt het mag hul weer aangestel word. Hierdie lede sal egter geen besondere voorregte geniet of enige besoldiging ontvang nie.

Van hierdie Subkomitee het egter niks tereg gekom nie aangesien die instelling van 'n Plaaslike Gebied deur die inwoners bepleit word om die volgende redes:

(1) Die inwoners van Saron voel baie sterk dat toestande nie so kan voortduur nie, maar dat een of ander vorm van beheer ingestel moet word. Dus word voorkeur verleen aan 'n Plaaslike Gebied bo die toepassing van sendingreëls omdat laasgenoemde deur die vroeëre oorlogmaatreëls baie kort gesny is. Die behoefte vir sodanige optrede word gevoel omdat eerwaarde Hendrich as enkeling nie veel tot stand kan bring nie, dat hy as bestuurder van Saron op Worcester gevestig is, en dat voorsiening van 'n doeltreffende liggaan deur wie gewerk kan word dus dringend noodsaaklik is.

(2) Die instelling van 'n Plaaslike Gebied bring mee verhoogde belastings en daarmee gepaard gaande 'n behoefte aan meer kontantgeld as wat gewoonlik die geval was.

Dus/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dus sal hierdie liggaam die inwoners noodsaak om meer te werk en sal dus vlytigheid in die hand werk. Die belastings wat Saron se grondeienaars tot dusver aan die Afdelingsraad van Tulbagh betaal, word in die algemene kas gestort en hierdie geld word gebruik buite die gebied van Saron, terwyl by 'n Plaaslike Gebied hierdie plaaslike belastings, nog direk aan die Afdelingsraad betaalbaar, op 'n aparte rekening geplaas word slegs vir gebruik in Saron.

Anders as wat verwag word, is die ouere inwoners van Saron baie ten gunste van 'n Plaaslike Gebied, terwyl die jongeres daarteen gekant was. Laasgenoemde het beswaar gemaak teen die verhoogde belastings en ekstra onkoste en hul het beweer dat Saron nog te arm vir derglike bestuur is.

Die groep inwoners, ten gunste van 'n Plaaslike Bestuur, het egter deur middel van 'n prokureur in Kaapstad 'n skrywe aan die Afdelingsraad van Tulbagh laat rig, waarin hulle versoek dat sodanige bestuur op Saron ingestel word. Dat 'n Plaaslike Gebied geproklameer word ooreenkomstig die bepalings van Ordonnansie No. 13 van 1917 is aanbeveel; maar aangesien die Afdelingsraad van Tulbagh verantwoordelik is vir die administrasie van so 'n gebied is dit besluit dat eers 'n vergadering vir die inwoners belê word om die stigting en die verpligtinge/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verpligtinge daaroan verbonde, aan hulle te verduidelik.

Op 'n vergadering wat in die skool gehou is, het die N.G. Sendingkerk leraar die werking van 'n Plaaslike Gebied aan die inwoners verduidelik. Die inligting wat voorgelê is, het daartoe gelei dat selfs diegene wat eers ontevrede was, nou ook ten gunste van hierdie bestuursvorm is. In hul strewe vir 'n Plaaslike Bestuur geniet die inwoners ook die ondersteuning van die magistraat en Afdelingsraad van Tulbagh.

OORGANG VAN SARON OP ADMINISTRATIEWE GEBIED NA DIE N.G. SENDINGKERK.

Gedurende Januarie 1949 het eerwaarde Hendrich sy bedanking as bestuurder van Saron by die Administrateur van Kaapland ingedien omdat die administrasie vanuit Worcester te veeleisend geword het. Die bedanking van eerwaarde Hendrich is aanvaar en hierdeur het die Rynse Sendinggenootskap ook op administratiewe gebied van Saron afstand gedoen. In plaas van 'n Dorpsbestuur, soos deur eerwaarde Hendrich aanbeveel, is die toekomstige trustees van Saron die Binnelandse Sendingsubkommissie van die N.G. Sendingkerk en die magistraat van Tulbagh.

Hiermee het die Buiteraad ook tot 'n einde gekom. Die Binnelandse Sendingsubkommissie van die N.G. Sendingkerk moet verantwoording doen by die Algemene Sendingkommissie, wat weer aan die Sending Sinode ondergeskik is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bogemelde trustees van Saron kan besluit dat hul die sendingstasie voortaan self administreer, deur middel van 'n Gemeenskapsraad, of hul mag versoek dat 'n Plaaslike Gebied[2] proklameer word, of hul kan ook bepaal dat die Wet op Sendingstasies en Meentreserwes, No. 29, van 1909, soos gewysig deur Wet No. 12, van 1949 toegepas word. Een van hierdie drie voorgenome bestuursvorms sal vroeër of later op Saron toegepas word, want dit is duidelik dat die inwoners van Saron, alhoewel hul daartoe neig, nog nie opgewasse is om die beheer van die sendingstasie oor te neem nie.

---

2) Deur Proklamasie No. 133 van 29/8/1950 is Saron tot 'n Plaaslike Gebied verklaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V

DIE ROL VAN DIE KERK

Die aantal lidmate van die N.G. Sendingkerk op Saron is 950 en bestaan uit die inwoners van die sendingstasie. Met die aansluiting van die lidmate van die gemeente van Gouda sal die getal met 110 vermeerder. Hierbenewens word die aansluiting van die lidmate van Lilyvale, de Hoek en Vier-en-twintig Riviere ook in vooruitsig gestel wat 'n nog groter vermeerdering sal bewerkstellig.

Slegs die N.G. Sendingkerk word op die sendingstasie erken en geen ander Kerkgenootskappe word toegelaat nie.

KERKLIKE ADMINISTRASIE.

Die leraar van die N.G. Sendingkerk is die persoon wat die administrasie op kerklik gebied moet behartig. Die leraar word bygestaan deur 'n Kerkraad en hy moet verslag van Saron op geestelike, opvoedkundige en finansiële gebied aan die N.G. Sending Ring van Wellington doen.

Gedurende die tydperk toe die Rynse kerk die seggenskap oor die gemeente gehad het, was die Rynse leraar, bygestaan deur sy kerkraad, vir die administrasie van die kerk verantwoordelik. Jaarliks moes die Rynse

leraar/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leraar 'n gesamentlike verslag aan die Superintendent lewer wat dit weer aan Barmen gestuur het.

Soos reeds uiteengesit in die hoofstuk oor die bestuur van Saron is die sendingstasie sedert 1945 op kerklike gebied onder toesig en beheer van die N.G. Sendingkerk. Die volgende redes word aangevoer waarom tot so 'n stap oorgegaan is.

(1) Ongeveer 1890 het die Rynse Sendinggenootskap in Barmen besluit dat 'n deel van die Rynse Genootskap hier in Suid-Afrika, naamlik Kaapland, in staat is om die salaris en later van tyd ook die pensioen van die leraars te voorsien en dat hul dus selfstandige gemeentes kan word. Met die uitsondering van Saron het die Rynse Sendinggenootskap dus selfstandige gemeentes gehad te Carnarvon, Worcester, Tulbagh, Kuilsrivier (Serepta) en in Elsiesrivier. Volgens eerwaarde Hendrich het Saron, eers gemeentelik selfstandig begin word nadat die bydrag per lidmaat van 2/6 tot 3/- per jaar verhoog is en die Rynse Genootskap toestemming verleen het dat, indien daar 'n tekort aan fondse ontstaan, van die erfpaggelde gebruik kan word. Op grond hiervan het die Rynse Sendinggenootskap besluit om Saron aan die N. G. Sendingkerk oor te gee.

(2) Die Rynse Genootskap te Barmen het 'n tekort aan arbeidskragte gehad en het verkies om haar beskikbare leerkragte na Indonesië asook na Suidwes-Afrika te stuur.

Hier/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hier moes sendingwerk nog begin word terwyl die veld in Kaapland nie so braak gelê het nie.

(3) Die N.G. Sendingkerk is 'n groot en selfstandige Afrikaanse kerk en is by magte om die sendingwerk van Barmen oor te neem.

Alhoewel eerwaarde Hendrich reeds in 1945 die kerk aan die N.G. Sendingkerk oorhandig het, het Saron eers die einde van Julie 1948 met die koms van eerwaarde Kruger N. G. Sendingkerk geword, aangesien die kerklike seremonies en aangeleenthede nog steeds op Rynse lees geskoei was, alhoewel die kerk Nederduits Gereformeerd was.

Stigting van die Eerste Gemeente.

Die eerste gemeente het direk met die stigting van die sendingstasie ontstaan deurdat die vrygemaakte slawe uitgenooi is om die kerk by te woon. Die eerste gemeentelede was 'n moeder met haar vier kinders. Hul het die eredienste bygewoon, en het mettertyd die ander inwoners ook beïnvloed om die eredienste by te woon. Heel gou, veral ten tye van eerwaarde Weber, het die gemeente van Saron in getalle toegeneem.

Die Kerkgebou.

Die koeistal van die plaas Leeuklip is reggemaak en gebruik as kerkgebou. Eerwaarde Budler het egter begin/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

begin met die bou van 'n kerk en so het die ou vlerk in 1852 tot stand gekom. Die nuwe vlerk is ten tye van eerwaarde Weber in die jaar 1877 gebou en terselfdertyd is 'n konsistorie aan die ou vlerk aangebou. Die gebou het die vorm van 'n kruis. 'n Groter konsistorie is in 1949 deur die gemeente reg agter die preekstoel aangebou en die ou konsistorie word voortaan as stoorkamer gebruik. Die kerk is geleë op die "Reserved Area" en word op die sketskaart aangedui. Die plan van die kerkgebou is soos volg:

Plan van die Kerkgebou:



Die kerk behoort aan die gemeente, dit is deur vrywillige gawes opgerig wat onder andere ingesamel is deur

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die hou van konserte, en is na jare afbetaal. Die kerk is 'n baie sierlike gebou wat goed versorg word. Van binne is daar twee gallerye, 'n orrel en 'n mooi hout preekstoel. Sewe olielampe voorsien die kerk van lig, maar die gemeente is van voornemens om elektriese lig te laat installeer. 'n Fonds van £99 is reeds vir hierdie doel byeengebring. Die kerkraad is geregtig om uit die gemeente kas geld vir reparasies aan die kerk en pastorie te stem.

Die Amptenare.

Die N. G. Sendingkerk leraar is 'n blanke en het sy opleiding aan die Sendinginstituut op Wellington ontvang. Hy was ook sendeling in die Soedan en het as hulp prediker in die blanke gemeente van Southfield, Kaapstad, waargeneem. Vanaf Friemersheim het eerwaarde Kruger en sy gade op 31 Julie 1948 na Saron gekom.

Die salaris van die leraar is £600 per jaar. Hiervan dra die gemeente £450 by, die £100 verhoging vanaf die begin van 1949 ingeslote, en die Sendingkommissie voorsien £100 plus die lewenskoste van £50 per jaar. Verder word 'n reistoelaag van ses pennies per myl toegestaan asook 'n vry woning. Die gemeente het besluit om gemelde verhoging te gee omdat hulle so tevrede met hul leraar is.

Die leraar is hoofsaaklik verantwoordelik vir die geestelike bearbeiding van sy gemeente, terwyl die behartiging van die ander belange van die gemeente ook as

'n/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n belangrike vereiste gestel word. Met hierdie take voor oë streef die leraar daarna om hom, so goed as waartoe hy in staat is, van sy veeleisende en verantwoordelike taak te kwyt. Met sy ferme maar taktvolle sowel as simpatieke optrede behoort hy in sy voorgenome planne te slaag en sukses op sy werk te behaal.

Na byna ses maande, begin 1949, kan reeds vrugte op sy arbeid gesien word soos byvoorbeeld die afname in die samedromming van die jongmense by die muur aan die onderent van die pastorie tuin regoor die poskantoor. Hulle is meestal die daggarokers en mense wat ander molesteer het. By die slaghuis en winkels is die saampakkende kopers baie stiller. Die kopers begin stadigaan om hul rekenings te betaal en vra die winkeliers om kwitansies. Groter eerlikheid by die inlewering van die kollekte en bydrag gelde is merkbaar. Uit onderhoude gevoer met die inwoners blyk dit dat hierdie verbeteringe bewys lewer dat die beslistheid van die kant van die leraar verwelkom word en verkies word bo toegeeflikheid.

Die houding wat die leraar inneem bepaal die mate van dissipline wat verwag kan word. Die oggend met die ontvangs van eerwaarde Kruger het hy reeds verklaar dat hy geensins sal skroom om reguit met sake voor 'n dag te kom nie.

'n/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Ander belangrike faktor wat bydra tot groot vertroue in die huidige leraar en dus sy rol in die gemeente steeds belangriker maak is die feit dat "Ons Meneer het ook onder die witmense gewerk en hy behandel ons soos die witmense in hul kerk behandel word." Omdat eerwaarde Kruger dus voorheen 'n blanke gemeente bearbei het, voel die gemeente van Saron dat die dienste wat aan hul gewy word nie as minderwaardig deur die blankes en mede-kleurlinge van ander sending gemeentes beskou word nie. Hulle koester dus volle vertroue in hul leraar as een wat op hoogte van sake is en die beste vir hul sal lewer.

Gedurende die tydperk van die Rynse Genootskap het die kerkraad bestaan uit vier ouderlinge en agt diakens wat gekies is deur die dienende en ongeveer twee jaar lank rustende kerkraadslede. Daar is nie met geslote briefies gestem nie.

Met die oorname deur die N.G. Sendingkerk is die getalle vermeerder tot ses ouderlinge en twaalf diakens. Wanneer die onderhandelings met betrekking tot die aansluiting van die gemeente van Gouda by dié van Saron, die einde van 1949, afgehandel is, sal die getalle van die kerkraadslede tot agt ouderlinge en veertien diakens vermeerder word. Die dienende kerkraad stel die getal ouderlinge en diakens vas en hulle word gekies deur

'n/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n gekombineerde kerkraadsvergadering deur middel van geslote briefies.

Alhoewel die kerkraad baie groot is, is dit geensins lomp georganiseer nie. Sommige diakens het tog nog oor die honderd lidmate in sy wyk. Die diakens werk meestal bedags by naburige plase en moet saans hulle gemeentewerk doen, wat heelwat opoffering van die kerkraadslede verg.

Gedurende die tydperk van die Rynse leraars het die kerkraad, bekend as die Grootraad, elke drie maande vergader. Buitengewone kerkraadsvergaderings kon intussen byeen geroep word, maar dit het egter selde gebeur. Die kerkraadsvergaderings van die N.G. Sendingkerk word elke laaste Saterdagnamiddag van die maand om 3 nm. gehou. Die eerste klok lui om 2.30 nm. en dié van 3nm. kondig die aanvang van die vergadering aan. Hierdie vergaderings word slegs in die kerk gehou en die kerkraadslede moet hul manelle aantrek. Die rede waarom die vergaderings in die namiddag belê word is omdat die kerkraadslede by hierdie tyd van hulle verskillende werksplekke tuis is.

Die leraar tree as voorsitter van die vergadering op en het die beslissende stem. Die vergadering word met gebed, sang en Skriflesing geopen. Stemming vind plaas met hande opsteek aangesien baie maar stadig lees

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en skrywe en te veel tyd verlore gaan as dit per stembrief gedoen sou word.

Die kerkraadslede, hoewel almal inwoners van Saron, is nie almal Saronners van geboorte nie. Sommige is afkomstig van Wüpperthal, Tulbagh, Ceres en selfs van Bethlehem in die Vrystaat. Vroeër jare was dit die gebruik om nooit mans wat buite Saron gebore is, afgesien van hulle bekwaamheid, as kerkraadslede te kies nie. Dit het daartoe gelei dat hul belangstelling in die kerk aangeleenthede mettertyd verminder het. Met die oorname deur eerwaarde Kruger is daar van hierdie gebruik afgesien. Eerwaarde Kruger het die kerkraad daarop gewys dat persone van buite met moontlike nuwe idees en sienswyse ook in hul geledere opgeneem behoort te word. Hierdeur het die buiteman, alhoewel in Saron woonagtig, gevoel hy dra meer krag en is sy belangstelling onmiddellik aangewakker.

Die kerkraadslede werk baie goed saam en streef daarna om hul leraar met so min moeilikheid as moontlik te belas. Die leraar verklaar dat hy met al sy jare van ondervinding nog nooit so 'n pulk kerkraad gehad het nie. Hulle is wakker, vernuftig en baie vlytig.

Die kerkraad het nou 'n groter invloed in die gemeente en derhalwe ook 'n groter houvas op die gemeente as wat vroeër die geval was. Hul word meer respekteer en met agting behandel omdat hul van hul kant ook meer

versigtig/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

versigtig is en hul pligte getrouer nakom.

Die kerkraad assulks is verantwoordelik vir die gemeente wat gerieflikheidshalwe en vir doeltreffender organisasie in wyke ingedeel is.[1] Die diakens is belas met die insameling van liefdegawes, ondersteuning van die behoeftige lede van die gemeente en met wat tot die vinding en uitbreiding van die fondse en middele van die gemeente kan strek. Aan die ouderlinge is opgedra die behartiging van die welsyn van die gemeente, die waak vir die suiwerheid van die leer, die medetoesig oor die lede van die gemeente (insonderheid deur huisbesoek, sowel afsonderlik as, indien daartoe gevra in samewerking met die leraar) en ywerige medewerking met die leraar in alles wat tot die geestelike ontwikkeling van die gemeente en die bearbeiding van die heidene kan dien.

Gedurende die Rynse Genootskap en tydens die begin van die N.G. Sendingkerk het slegs een koster diens gedoen waarvoor hy maandeliks £1.15.0 ontvang het. Hierby is die voorreg aan hom verleen om van die bome in die kerkhof vir brandhout te gebruik. Laasgenoemde is hom die middel van 1948 ontsê omdat van die voorreg heelwat misbruik gemaak is en die bome afgekap is.

Tydens/.....

---

1) Wette en Bepalinge vir die Bestuur van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika van 1942, p. 8 Art. 7 en 6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens die ondersoek was daar twee kosters in diens. Die een maak die kerk skoon en is verantwoordelik vir die lui van die klokke byvoorbeeld vir kerk, katkisasie en biduur. Die ander koster, bekend as die begrafniskoster, lui die begrafnisklok, loop voor die lykstoet en wys ook die gat aan, is verantwoordelik vir die versorging van die kerkhof en vir die lykhuis by die kerk.

Die gewone koster ontvang £2 per maand asook £1.5.10 van die Provinsiale Departement van Onderwys omdat hy die kerk, wat bedags vir klaskamers gebruik word, elke dag moet skoonmaak. Die begrafniskoster ontvang 5/- van die begrafnis vereniging[2] namens wie die lyk ter aarde bestel word en 2/6 vir elke lyk van kinders van lidmate asook vir elke volwasse lidmaat. Hierdie halfkroon word deur die naasbestaandes van die afgestorwene betaal.

Tot met die koms van eerwaarde Kruger het die prinsipaal as orrelis opgetree. Hiervoor het hy jaarliks £3 ontvang. Tydens die ondersoek het mevrou Kruger as orreliste opgetree sonder enige vergoeding.

DIENSTE WAT DIE KERK AAN SY LEDE EN DIE GEMEENSKAP BIED.

A. Van Suiwer Godsdienstige Aard:

Die/.....

2) 'n Uiteensetting van hierdie verenigings is in die hoofstuk Ekonomiese Omstandighede gegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kerk speel 'n baie belangrike rol in die gemeenskap en die dienste wat die kerk bied is baie waardevol. Die suiwer godsdienstige aangeleenthede van die kerk word vervolgens breedvoerig behandel:

Eredienste.

Volgens die leraar moet eenvoudige preke en preke meestal baseer op die natuur en alledaagse dinge vir die gemeente voorberei word. Hierdie vereenvoudiging kan egter baie deur die katkisasie en voorbereidingsklasse verhelp word, nogtans is die leraar van mening dat daar nie onnodige tyd aan diegene op die laagste peil van ontwikkeling verspil moet word nie maar dat die meer intelligente persone, wat tog later die leiding sal moet oorneem, aandag moet ontvang.

Die leraar vind ook dat preke wat in series gelewer word groot byval vind. Hierdie metode van opvolging dien as spoorslag tot beter bywoning van die eredienste, die lidmate wil nie graag gedeeltes daarvan mis nie, hul vind dit aantreklik en boeiend en verklaar ook so sonder meer.

Die leraar is ook bewus van die feit dat die Kleurlinge die blanke besonder fyn dophou, hul ken die blanke besonder goed en vergelyk baie gou wat die leraar in die kerk van die kansel verkondig met wat hy as voorbeeld in sy huislike lewe en alledaagse omgang stel.

Hulle/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hulle is baie gou bewus van die kleinste teenstrydighede. Die leraar waak dus hierteen sodat sy prestige as prediker steeds sal toeneem, en dat hy deur sy onbesproke lewenswyse en verkondiging van Gods Woord tot seën vir die gemeente kan wees.

Volgens die kerkraad en gemeentelede was die bywoning van die eredienste tydens die laaste jare van die Rynse leraar, eerwaarde Hendrich, asook tydens eerwaarde Fourie maar veral gedurende die tydperk van vakature swak. Nie alleen het die Rynse leraar se kragte afgeneem nie maar ook die gesondheidstoestand van sy opvolger, eerwaarde Fourie, het aanleiding daartoe gegee dat die gemeente nie baie belangstelling getoon het nie. Tydens die vakature het van die ouderlinge die dienste waargeneem en dit het nog verdere verslapping te weeg gebring. Hierbenewens was die gemeente, tydens die vakature, onderling verdeel omdat sommige 'n Kleurling en andere 'n blanke sendeling wou hê.

Tydens die ondersoek het die getalle van die kerkgangers steeds toegeneem. In September 1948 was die gemiddelde bywoning by die oggenddienste 400 en by die aanddienste 200. 'n Maand later was die bywoning by die oggenddienste 500 en by die aanddienste 350 en nog drie maande later was die opkoms 800 by die oggend- en 470 by die aanddienste. Die oggenddienste word baie beter

deur/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deur die mans en kinders bygewoon. Die rede hiervoor is dat die vrouens die voedsel voorberei en besig is om klaar te maak vir die mans wat gewoonlik die agtermiddag vertrek om op die plase te gaan werk. Om hierdie verskynsel uit die weg te ruim maak mevrou Kruger 'n punt daarvan dat sy en haar bediende by elke diens teenwoordig is. Origens skryf die ouderlinge en diakens die name op van die persone wat Sondae met die vragmotors van die boere vertrek en diegene word onder kerk sensuur geplaas. By die aanddienste is die opkoms van die vrouens die beste. Hul woon ook die bidure in groter getalle as die mans by.

Wat betref die sitplekke in die kerk is gevind dat die katkisante in die voorste banke plaas neem en die seuns en dogters sit apart van mekaar. Agter die katkisante volg die gemeentelede en die mans en vrouens sit ook in afsonderlike blokke. Die kinders, seuns en dogters geskei, sit weer apart van die volwassenes. In die ou vlerk onder die gallery is daar 'n paar stoele, wat die privaat besit is van persone wat al vir agtereenvolgende geslagte daar plek inneem. Die mans en seuns verlaat die kerk die eerste, gevolg deur die vrouens en dogters. Alles geskied baie ordelik, die een ry volg na die ander.

Daar is ongeveer 1,200 sitplekke in die kerk. Die vrysit stelsel is in swang, dit wil sê elke gemeentelid kan in die aparte blokke vir mans en vrouens gaan sit in watter bank hy of sy verkies, en ook word geen huur vir die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die sitplekke betaal nie.

Basuinkoor.

Reeds gedurende die tydperk van die Rynse leraars het die basuinkoor opgetree. Hulle het Sondagnamiddae geoefen en die lede wie se kerkregte nie in orde was nie mog nie Sondae in die kerk opgetree het nie. Nie-lidmate is toegelaat om tot op sewentinjarige leeftyd te speel maar dan moes hul eers aangeneem word voordat hul toegelaat is om verder te speel.

Eerwaarde Kruger het die huidige basuinkoorlede verbied om verder te speel, aangesien hul lewens alles behalwe voorbeeldig is en omdat hul van drank misbruik maak. Selfs aan die basuinkoorlede word eise gestel, hulle moet goeie lewens voer om hul amp waardig te wees. Die leraar gaan die getal tot 15 lede vermeerder. Veel meer aandag sal aan die oefeninge gewy word.

Kerkkoor.

Gedurende eerwaarde Hartwig se verblyf aan Saron het hy deur sy musikale begaafdheid die kerkkoor op 'n baie hoë standaard gehad. Hyself het baie koorstukke komponeer. Eerwaarde Biesenbach het self 'n kerkkoor van hoogstaande gehalte gehad, en het met sy koor uit die Saron gemeente tydens die eeufees van die Rynse Sendinggenootskap in 1928 die agting en bewondering van die ander Rynse sending gemeentes afgedwing.

Gedurende/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gedurende die tydperk van eerwaarde Hendrich as Rynse leraar van die gemeente was die prinsipaal van die skool verantwoordelik vir die afrigting van die koor. Sedert die koms van eerwaarde Kruger is mevrou Kruger verantwoordelik vir die afrigting, maar sal dit so gou moontlik aan die nuwe prinsipaal van die skool oorhandig.

Eerwaarde Kruger meen om spesiale aandag aan die koor wat op ongeveer 25 lede gestel sal word, te wy. Eise sal aan die koorlede gestel word. Hul sal van onberispelike gedrag moet wees, sodat dit as 'n eer gereken kan word wanneer 'n persoon as lid van die koor toegelaat word. Van kleinsaf reeds as 'n Kleurling in die koor belangstel moet hy besef dat sy strewe alleenlik verwesenlik kan word as hy sy lewe daarna inrig. Die leraar gaan van die standpunt uit dat die prestige, om as 'n koorlid te mag optree, 'n middel tot karakterbou is wat as doel en mikpunt in die lewe en opvoeding van die Kleurling gestel behoort te word.

Kinderkoor.

Gedurende die verblyf van eerwaarde Hendrich op Saron het óf die kinderkoor alleen óf die Sondagskool as geheel by die eredienste opgetree. Die prinsipaal van die skool het die kinders afgerig.

Tydens die ondersoek het die kinders van die Sondagskool by die eredienste opgetree.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die basuin-, kerk- en kinderkoor vorm 'n groot groep waardeur in die gemeente gewerk kan word. Die leraar gebruik al hierdie faktore om sy doel te bereik naamlik die ontwikkeling van die hele persoon, sy geestelike ontwikkeling ingesluit. Musiek het estetiese waarde, ontwikkel die smaak en alle vermoëns van die persoon en is 'n middel tot dissiplinering. Baie aandag en goeie organisasie in hierdie opsig loon dus alle moeite.

Liedere.

Die Rynse kerk het "Gezangen en Liederen van de Rynsch Zending - Genootschap" in gebruik gehad. Die Duitse leraars, veral eerwaarde Alheit, het die Saronners baie gesange laat leer. Dit is opmerklik hoe baie van die inwoners gesange uit die hoof ken, selfs 'n tagtigjarige kon talle van versies aanhaal wat sy Rynse leraars vir hom geleer het. Eerwaarde Hendrich het ook die kinders soggens by sy godsdiensonderrig op skool gesange van buite laat leer.

Gedurende die tyd van eerwaarde Fourie en tydens die ondersoek word die Halleluja, die N.G. Psalms en Gesange sowel as die Rynse Gesangbundel gebruik. Die N.G. Sendingkerk Gesangboek wat pas klaar gedruk is, sal voortaan saam met die Halleluja's in gebruik geneem word.

Katkisasie, Aanneming en Voorstelling.

Die Saterdagaand, soos afgekondig, vergader almal

wat/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat van voornemens is om te katkiseer in die kerk en die klas word deur die leraar waargeneem. Die katkisante word in drie klasse ingedeel naamlik (1) die wat aansoek doen om oor een jaar aangeneem te word, dit wil sê van Oktober tot Oktober (2) die wat klasse oor 'n tydperk van twee jaar bywoon (3) die wat somaar eendag wil aangeneem word maar intussen slegs die klasse bywoon.

Kenmerkend is die strengheid in verband met die bywoning en voorbereiding vir die klasse, selfs ook wat die aanneming assulks betref. In die helfte van die katkisasie jaar moet die katkisante 'n brief skrywe waarom hulle 'n lidmaat gaan word. Gewoonlik volg daar dan 'n lesing wat handel oor die skrywe van hierdie briewe. Die laaste veertien dae van die jaar word die eintlike katkisasie gehou en is daar klasse in die oggend, middag en aand.

Gedurende hierdie veertien dae word 'n eksamen afgelê. 'n Honderd vrae naamlik vyftig uit die Ou- en vyftig uit die Nuwe Testament word gestel en die vereiste is dat hul vyftig daarvan moet korrek beantwoord. Die vrae handel meestal oor getalle en name. Almal moet die vrae beantwoord, selfs die analfabete. Vir laasgenoemde word die vrae deur mevrou Kruger gestel en die antwoorde deur haar neergeskrywe.

By die aanneming word verwag dat elke Katkisant 'n persoonlike belydenis sal aflê. Hulle moet kan sê

deur/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deur watter beweegrede hulle nou besluit het om lidmaat van die kerk te word. Aanneming geskied slegs vir die bekeerdes. Die hele gemeente word hierheen uitgenooi.

Die Sondag met die voorstelling vergader almal by die skool en vanhier gaan die prosessie na die kerk. Almal, selfs ook die meisies, is kaalkop. Die Leraar, dan die kerkraad gevolg deur die katkisante tree die kerk deur die konsistorie binne. Hierdie optog van die katkisante word vooraf geoefen sodat hul netjies en stemmig die kerk moet ingaan. Die katkisante neem dan plaas op banke wat spesiaal vir hul reserveer word.

Die aanneming en voorstelling is, soos blyk uit onderhoude met die gemeentelede, baie indrukwekkend. Elke lidmaat is baie grootsop hul Gedenkspreuke wat dadelik na ontvangs geraam en op 'n ooglopende plek in die huis opgehang word.

Elke katkisant betaal 6/- aannemingsgelde en 1/- vir kerkhofgelde. In 1948 is daar 22 katkisante aangeneem waarvan 4 reeds getroud was.

Nagmaal.

Die aantal nagmaalgangers is ongeveer 450. Hulle kom meld hulle aan op Donderdag, Vrydag en Saterdag voor die Nagmaalsondag om drieuur namiddag by die kerk by die leraar in teenwoordigheid van lede van die kerkraad.

By die eredienste Sondagoggende en Sondagaande

deel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deel die diakens gedurende die drie maande tussen elke nagmaal, gereeld kaartjies aan die kerkgangers uit. Hierdie kaartjies, wat in reekse uitgegee word, is voorsien van 'n prentjie met 'n Bybelteks. Die leraar kondig gereeld af van die kansel dat hul die teks moet lees, daarop moet ag slaan en in hul Bybels moet bewaar. Op hierdie manier word die Woord van God op 'n besondere wyse by hul tuisgebring. Op die aanmeldingsdag moet hierdie kaartjies getoon word en indien die persoon net twee of driemaal die kerk bygewoon het, mag hy nie nagmaal gebruik nie. By elke nagmaal word hierdie kaartjies ingelewer en word 'n nuwe reeks weer uitgedeel. Deur middel van hierdie stelsel, aldus die leraar, leer die Kleurlinge om sistematies en getrou te wees.

Behalwe hierdie kaartjies moet elke lidmaat ook sy bydragkaart toon wat vergelyk word met die boek van die diaken wat die bydrag[3] van daardie lidmaat in sy bepaalde wyk moet invorder. Indien die bydrag van 'n persoon nie tot op datum betaal is nie word nagmaal aan hom geweier. Hy kan dadelik by aanmelding die agterstallige gelde aan sy diaken betaal, maar hierdie transaksie moet kant en klaar afgehandel word aleer die leraar nagmaal toestaan.

Vooraf word gereël en organiseer sodat die aanmelding van die nagmaalgangers alfabeties geskied. Dit

vergemaklik/.....

---

3) 'n Maandelikse betaling van ses pennies wat elke lidmaat verplig is om aan die kerk te betaal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vergemaklik die werk aansienlik. Die leraar gebruik ook 'n nagmaalsregister waarin noukeurig aangetekn word hoeveel maal per jaar 'n lidmaat nagmaal gebruik. Die noukeurigheid wat by aanmeldingsdag beoefen word, maak dit vir die kerk moontlik om besonder goeie kontrole oor haar lidmate te hou. Voorheen kon die lidmate na willekeur uit die gemeente vertrek of na die gemeente teruggekeer het. Indien iemand voortaan van voornemens is om die sendingstasie tydelik te verlaat, kom hy na eerwaarde Kruger en dien sy verskoning vir afwesigheid uit die gemeente van Saron in. Terselfdertyd ontvang hy 'n vorm waarin die leraar van die gemeente, waarheen hy van plan is om te gaan, versoek word om hom tydelik in sy gemeente op te neem. Hy moet ook die ouderling of diaken van sy wyk kennis gee hoelank hy van voornemens is om die gemeente te verlaat. By sy terugkeer in Saron moet hy 'n brief aan die kerkraad kan voorlê, geteken deur die leraar van daardie bepaalde gemeente, dat hy wel die eredienste aldaar bygewoon het.

Mevrou Kruger voorsien die brood, wat reeds die aand vantevore gesny word, vir die bediening by nagmaal. Die wyn, gestoor by die leraar word gratis van Gouda Hotel verkry. Gedurende die bediening van die Rynse leraarm was die bekerstelsel in werking en het 408 nagmaalgangers sestien bottel wyn gebruik. Hierdie wyn is vanaf Montagu per kwartaal bestel. Vandat die kelkiestelsel in

werking/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werking is word slegs 2¾ bottel wyn gebruik.

Tydens eerwaarde Fourie se bediening is 'n aantal vispasta glasies, ongeveer 400, teen £4.15.0 bestel en moes elke lidmaat driepennies daarvoor bydra. Aanvanklik het die gebruik van kelkies in plaas van die beker teenkanting by die gemeente uitgelok omdat die hele kerkraad nie van die instelling daarvan kennis gedra het nie, ook is aangevoer dat die beweegruimte beperk is en die glasies, sonder houers of staanders, baie moeilik rondgeneem kon word. Verder is beweer dat die bediening van wyn volgens Die Skrif uit die beker in plaas van uit glasies moet geskied. Sodanig was die teenkanting dat die bekerstelsel weer in gebruik geneem is.

Die begin van 1949 is elf stelle nagmaalkelkies aangekoop teen £110.0.0. Die gemeente, volgens onderhoude, is baie groots op hierdie nagmaalkelkies wat op staanders bedien word. Soos verder blyk uit 'n onderhoud met eerwaarde Kruger hang die skep van sulke goeie en aangename gesindhede hoofsaaklik af van die manier waarop sake aangepak word. By die Ringsitting, wat op Saron gehou is, is van die kans gebruik gemaak om nagmaal aan die blankes deur middel van 'n stel met vyf- en-twintig kelkies te bedien. Die leraar het die kerkraad ongemerk daarop gewys dat alle ordentlike gemeentes sulke stelle koop, en dat blanke gemeentes en vooraanstaande sendingkerke dit reeds in gebruik het. By die kerkraad en gemeente het

spontaan/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spontaan die begeerte ontstaan om ook onder die vooraanstaande gemeentes te sorteer. Die geld vir die kelkies is nie uit die kerkkas geneem nie maar is vrywillig byge dra. Die prinsipaal het een stel geskenk, Die Môrester en Die Sonstraal het twee stelle gegee en die Christelike Sustersbond het vyf stelle verskaf. Laasgenoemde vereniging het hierdie geld ingesamel deur 'n konsert op Riebeeck Wes te hou en deur vyf afgerigte kore teen mekaar te laat kompeteer waarvoor toegang by die deure betaal moes word. Mnr. Andrag eienaar van die winkel, eerwaarde Kruger, die ander blankes tesame met die res van die skoolpersoneel en die Broedersvereniging het elk een stel kelkies aan die gemeente geskenk. Elke donateur se naam is op die stelletjie aangebring.

Kerkfeeste.

Die N. G. Sendingkerk hou met Kersfees slegs 'n oggenddiens vir die gemeente en met oujaarsdag 'n middernagdiens. Met Paasfees word 'n oggend- en aanddiens gehou. Op Hemelvaart en Goeie Vrydag word slegs oggenddienste gehou. Sekere spesiale kerkfeeste word ook deur die leraar waargeneem na gelang dit mag voorkom, byvoorbeeld wanneer die nuwe N.G. Sendingkerk Gesangboeke ingewy word, sal dit as 'n besondere dag vir die gemeente gereël word. Origens hou die leraar jaarliks 'n spesiale dag wat die vorm mag aanneem van 'n Quers-, Moeders- of Vaders-

dag/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vadersdag of enige ander geleentheidsdag soos die leraar ook al mag verkies. Hierdie diens word min of meer in die helfte van die jaar gehou, meer bepaald omdat dit dien as 'n gemeentelike saamtrek waar hul as eenheid benader kan word en die groepsgevoel versterk word.

Bidure.

Gereeld elke Woensdagaand word 'n gemeentelike biduur gehou en die deelname aan die gebed is besonder goed. Onder leiding van die leraar word elke maand 'n kerkraadsbiduur deur die dienende en rustende kerkraad in die kerk gehou. Elke Sondagnamiddag word by 'n huis, soos die oggend van die kansel afgekondig, 'n biduur gehou. Hierdie diens word deur 'n dienende of rustende kerkraadslid waargeneem. Gedurende die Week des Gebeds word die bidure deur die leraar waargeneem.

Huisbesoek.

Die leraar, vergesel deur sy eggenote of 'n ouderling, doen gereeld huisbesoek by die lidmate van die kerk. Hy probeer om minstens drie keer per jaar besoeke aan elke huisgesin te bring.

Sondagskool.

Die Sondagskool bywoning is gewoonlik vanaf 500 en sluit in alle skoolkinders alhoewel enige nie-lidmate op aansluiting geregtig is en die katkisante ook hieronder sorteer.

Tydens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens die ondersoek, einde 1948, was daar veertien Sondagskoolklasse dit wil sê een vir elk van die personeel-lede. Die leraar en kerkraad is van voornemens om groot verbeterings in hierdie verband aan te bring, en meen dat baie kinders wat Sondae rondloop Sondagskool toe kan kom. Eerwaarde Kruger het die ouers ook baie beslis gewaarsku dat hy stappe sal doen as hy tydens huisbesoeke moet uit-vind dat daar van die kinders is wat versuim om die Sondag-skool by te woon.

Tans word die Sondagskoolklasse volgens skoolstandors ingedeel, maar met die oog op beter organisasie word klasse van ongeveer tien lede beoog. Nie net die kerkgebou nie maar ook die skool sal in gebruik geneem moet word en die Sondagskoolpersoneel sal tot vyftig uitgebrei word.

Sodra die Sondagskoolkinders by die kerkdeure in-kom om soggens die erediens by te woon, word aan elkeen 'n kaartjie deur 'n personeellid uitgedeel. Hierdie kaar-tjie word kosteloos verkry deurdat afvalpapier by 'n druk-kery verkry word wat in vierkant stukkies geknip en van die gemeente stempel voorsien word.

In die Sondagskoolklas word aan elkeen volgens 'n vasgestelde skaal, met 'n totaal van vyf, punte toegeken. Vir teenwoordigheid,toon van die kaartjie as bewys dat die erediens bygewoon is en lewering van een pennie vir kollekte word drie punte toegeken. Twee punte word vir die voordra van die teks en Gesangvers gegee. Tydens siekte word

hierdie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie punte nie verbeur nie mits die kranke sy of haar betrokke Sondagskool onderwyser daaromtrent in kennis stel. Van die kant van die personeel word verwag dat hulle diegene, wat weens siekte verhinder word, sal gaan besoek. Wanneer vol punte behaal is, word aan die Sondagskoolkinders sterre of diplomas uitgedeel op 'n spesiale dag gewoonlik die openingsdag vir die volgende jaar.

Elke Woensdagaand net na die gemeentelike biduur word die Normaalklas vir die Sondagskoolpersoneel deur die leraar in die kerk waargeneem. By hierdie byeenkoms word die klasse, wat die volgende Sondag vir die kinders gelewer moet word, in besonder behandel en deeglik voorberei.

Kersfeesboom of Piekniek.

Jaarliks word 'n kersfeesboom en piekniek om die beurt vir die Sondagskoolkinders organiseer. Die punte wat die kinders gedurende die jaar in die Sondagskool behaal het, word nagegaan en dié met die hoogste totaal het die eerste keuse van presente. Die geskenke, deur die personeellede self aangekoop, word vooraf uitgesit voordat dit aan die boom gehang word, en die kinders kry 'n kans om dit deur te gaan en elkeen is vry om sy besondere keuse te maak. Op hierdie wyse word almal tevrede gestel, elkeen het die geleentheid gehad om self sy present te kies.

Elke tweede jaar word 'n Sondagskool piekniek

gehou/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gehou. Wanneer die ouers 'n sekere som betaal mag hulle saamgaan. Gewoonlik wil byna die hele gemeente met graagte meedoen. Die ouers moet vir hul eie voedsel vir die dag sorg, vir die kinders organiseer die leraar. Hy koop die voedselsoorte, meestal groente, of ontvang dit as vrywillige bydrae van die gemeentelede. Die voedsel word in groot dromme gekook en baie goed voorberei. Die kinders moet elkeen vir sy eie eetgereedskap sorg. Behalwe hierdie voorbereide voedsel word koeldranke, lekkers, koekies en snoeperye onder die spelende skare uitgedeel. Die kinders word ook in spanne, onderskei deur gekleurde bande ingedeel wat met mekaar in allerlei spanspele kompeteer.

Kinderdienste.

Eenmaal jaarliks word 'n Kinderdag gehou. Die Sondagskoolkinders en personeel is verantwoordelik om die kerk te versier. Die kinderdiens word die oggend as hoofdiens gehou en baie goed afgerigte kinderkore neem deel aan die verrigtinge. In die reël word hierdie dienste deur baie min ouers bygewoon, bloot om rede daar vir hul byna geen leë plekke beskikbaar is nie.

Huwelik.

Alleenlik word sogenaamde "skoon" huwelike, dit wil sê van persone wat geen buite-egtelike kinders gehad het, wat lidmate is en nie onder sensuur geplaas is nie, in die kerk voltrek. Hierdie huwelike geskied baie selde en is

byna/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

byna iets onbekends. Die gewone N. G. kerk prosedure word gevolg en vir die voltrekking word 15/- betaal.

Huwelikspare, waar die bruid reeds aan buite-egtelike kinders geboorte geskenk het, word nie in die kerk voltrek nie maar in die studeerkamer van die leraar en staan onder die inwoners van Saron bekend as: "trou onder die akkerboom". Vir 'n "akkerboom troue" word die gebooie soos gewoonlik van die kansel gelees. Die bruid word deur 'n gevolg bygestaan terwyl 'n groot skaar buitekant wag om die gebruiklike konfetti te strooi. Vir voltrekking van hierdie troue word 13/6 as huweliksfooi betaal.

Doop.

Die doopouers betaal 3/- en kom die Saterdag, voor Doopsondag, om vyfuur namiddag die naam van die baba asook dié van die doopgetuies by die kerk by die leraar en van die kerkraadslede ingee. Deur middel van die teenwoordigheid van die kerkraadslede stel die leraar homself aan die veilige kant, sodat die kerkraad nie later kan beweer dat sekere kinders[4] nie gedoop moes geword het nie. Die ouers moet persoonlik die name ingee en elke ouer moet self sy kind laat doop, niemand anders mag dit doen nie, aangesien die ouers dan nie self die verantwoordelikheid aanvaar vir die opvoeding en versorging van hul kind nie.

Wanneer/.....

4) Byvoorbeeld kinders van ouers wat onder kerksensuur geplaas is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wanneer ongetroude moeders hul buite-egtelike babas wil laat doop, moet hulle eers wag tot die sensuur opgehef is. Die babas van hierdie moeders word in die konsistorie gedoop.

Begrafnis.

Die naasbestaandes moet die bydragkaart toon wanneer 'n graf in die kerkhof, aangedui op die sketskaart, verlang word. As alle bydraggelde tot op datum ingelewer is, word 'n vry graf aan goedstaande lidmate voorsien; indien enige geld agterstallig is moet dit eers inbetaal word alvorens sodanige persoon gehelp kan word. Behalwe die getrou betaling van die bydraggelde deur goedstaande lidmate bepaal die N.G. Sendingkerk dat katkisante 1/- vir kerkhofreg moet betaal, terwyl intrekkendes, wat nog nie by die N.G. Sendingkerk aangesluit het nie, 10/- vir die graf van 'n volwassene en 5/- vir die graf van 'n kind moet betaal. Almal wat by die Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging[5] aansluit wat onder andere as doelstelling het dat 'n Kleurling in plaas van 'n blanke leraar die gemeente moet bedien, verbeur sodoende onmiddellik hulle kerklike voorregte en moet £5.5.0., dit wil sê £4 vir die graf, £1 vir die baar en 5/- vir die koster betaal.

Indien alle betalings in orde is gee die diaken,

spesiaal/.....

5) Hierdie vereniging word bespreek in die hoofstuk oor Vermaaklikheid en Ontspanning.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spesiaal hiervoor verantwoordelik, 'n bewys aan die naasbestaandes dat 'n graf toegeken mag word. Hierdie bewys word aan die begrafniskoster oorhandig wat die plek van die graf in die kerkhof aanwys. Die graf word deur die naasbestaandes, vriende of een van die plaaslike doodgenootskappe gemaak.

By die huis van die ontslapene word 'n diens deur 'n kerkraadslid of die begrafniskoster waargeneem, en hierna word die lyk na die lykhuis, naby die kerk, verwyder. Eerwaarde Weber het self die lykhuis as bêreplek vir die sterfgevalle gebou, omdat die huise van die meeste van die inwoners nie so groot is om hiervoor voorsiening te bied nie.

Die tyd van die begrafnisdiens word by die skool aan die kinders meegedeel en hulle maak dit in die dorp bekend. Die kerkklok, gelui op 'n besondere wyse, kondig ook aan dat die begrafnis oor 'n halfuur gehou sal word. Kort voor die begrafnisdiens word die lyk voor die kerkdeur geplaas. Na afloop van die diens versoek die begrafniskoster, geklee in manel en lamfer, die familie en vriende om die baar na die kerkhof te volg. By die geopende graf word die gewone N.G. Kerk prosedure gevolg. Teen die end bedank die koster, namens die naasbestaandes, almal wat behulpsaam was. Dit is kenmerkend van die Kleurlinge om baie hulpvaardig tydens sterfgevalle te wees en hul staan die bedroefdes getrou by. Na die begrafnis word 'n

troosdiens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

troosdiens deur 'n ouderling by die huis van die ontslapene waargeneem.

'n Persoon wat nie sy bydraggelde betaal, nie meer die kerk ondersteun en aan kerklike funksies deelneem nie en ook nie nagmaal gebruik nie word as 'n "dooie" lid begrawe. Vir sodaniges moet 'n graf, op 'n spesiale plek in die kerkhof, by die kerkraad vir 7/6 gekoop word en geen kerklike seremonies word uitgevoer nie. Ook word geen kerklike seremonies gehou vir lidmate wat nie gedoop is nie en 5/- moet vir 'n graf betaal word.

B. Ander Dienste wat die Kerk lewer.

Behalwe die dienste van suiwer godsdienstige aard, is die kerk vir die gemeentelede ook op ander maniere tot diens deurdat voorsiening vir die behoeftiges, oues van dae en siekes gemaak word. Hierdie hulp word deur die kerkraad, deur wie hul bearbei word, ooreenkomstig die indiwiduele behoeftes toegeken. Geen spesiale kollekte word hiervoor opgeneem nie. 'n Blanke het £50 aan die kerkkas van Saron geskenk op voorwaarde dat dit hoofsaaklik as Armfonds gebruik word. Siekes word gehelp nadat die kerkraad besluit het aan wie en ook hoeveel aan elkeen geskenk mag word. Hierdie hulpverlenings word deur die diaken, wat verantwoordelik is om die bydraggelde van daardie persoon in te samel, uitgedeel. Die hulpverlening van die Christelike Sustersbond aan siekes en be-

hoeftiges/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

behoeftiges word later in die hoofstuk uiteengesit.

KERKLIKE VERENIGINGSLEWE.

In die gemeente is daar slegs twee kerklike vereniging naamlik die Christelike Sustersbond wat sedert September 1947 bestaan en die Jongedogtersbond. Tydens die ondersoek is vir laasgenoemde reëlings getref om tot stigting oor te gaan.

Christelike Sustersbond, Saron.

Die Christelike Sustersbond is op 30 September 194[illegible] deur mevrou Fourie, eggenote van die vorige leraar gestig. Hierdie vereniging het ontstaan uit die vroeëre Sustersvereniging wat ongeveer twee-en-veertig jaar lank bestaan het en 'n biduur vir middeljarige vroue was. Die Christelike Sustersbond resorteer onder die Ring van Wellington en dus ook onder die Sirkel van Wellington. Hierdie vereniging streef na die opbouing van 'n eie geestelike lewe en die beoefening van liefdadigheid soos sieke besoek, hulp aan armes, stywing van die siekefonds, ens.

Die bestuur van die Christelike Sustersbond bestaan uit die presidente wat die eggenote van die leraar is, vise presidente, sekretaresse, tesouriere en vier komiteelede. Daar is 'n bestuurslid vir elk van die sewe wyke waarin die dorp verdeel is. Kiesing van die bestuursledere met geslote briefies, geskied jaarliks.

Aan die begin van 1949 was die ledetal 80. Die presidente/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

presidente beoog 'n ledetal van tenminste 500 lede. Aan elke lid word 'n kopie van die huishoudelike reëls oorhandig wat sy in haar Bybel moet lê. Alleenlik goedstaande vroue-lidmate van die kerk mag by die vereniging aansluit. Wanneer 'n lid onder kerksensuur geplaas word, word sy outomaties van die ledelys geskraap, totdat sy weer opgeneem word. Die Sustersbond kenteken, wat by aansluiting aan elke lid oorhandig word, moet vir die tydperk van sensuur aan die presidente oorhandig word. Wanneer 'n lid sterf word die kenteken aan haar vasgespeld. Verder moet die lede aan sekere vereistes voldoen naamlik nederigheid, selfopoffering en hulpvaardigheid, reinheid en sindelikheid op persoon en huis en opregtheid met God en medemens. Die lede moet ook waak teen biddeloosheid, skynheiligheid, kwaai vriendskap, Sabbatsontheiliging, kerkloosheid en wêreldsgesindheid.

Wat betref die program van werksaamhede van die vereniging is gevind dat 'n weeklikse byeenkoms in die kerk gehou word. Die byeenkoms, die eerste Dinsdag van die maand, word deur die presidente waargeneem en met gebed geopen. Die teenwoordigheidsregister word nagegaan en die ontvangs van die maandelikse subskripsie van die lede, ten bedrae van ses pennies, word aangeteken. Wanneer lede drie agtereenvolgende kere nie betaal nie word hul name geskraap. Hierna volg Skriflesing en praatjies oor die sending in die algemeen. Die bestuurslede in die afsonderlike/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

afsonderlike wyke rapporteer aan die vergadering die aantal siekes en ontvang na algemene bespreking en goedkeuring 3/- vir elke sieke. By die sieke aan huis doen die betrokke bestuurslid Skriflesing en 'n gebed. Soms sorg van die lede dat die kranke gebad, die wasgoed gedoen en die huis aan die kant gemaak word indien hiervoor nie voorsiening deur familielede of vriende gemaak kan word nie. Oor die algemeen besoek die Kleurlinge graag hul siekes en is baie getrou om sulke gevalle te rapporteer.

Vergaderinge gehou op die tweede, derde en vierde Dinsdae van die maand word gewy aan bidure. Tekse of hoofstukke uit Die Bybel word behandel deur die presidente of lede. Die bespreking word vooraf gegaan deur die gewone openings prosedure en gevolg deur kort gebede wat afgewissel word met die sing van gesange en liedere. Ten slotte word die Tien Geboole deur almal opgesê.

Die tweede Dinsdag staan ook bekend as Pakkiesvergadering. Die lede bring kerse, seep, tee, suiker, ens. en hierdie pakkies word dieselfde middag aan behoeftiges uitgedeel soos deur die bestuurslede aangemeld word. Die derde Dinsdag word Blommedag genoem. Die lede bring blomme wat na afloop van die byeenkoms na siekes en oues van dae geneem word. Die orige blomme word in die kerkhof op die graftte geplaas. Indien daar soms 'n vyfde Dinsdag in die maand is, vind 'n gesamentlike byeenkoms

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die Christelike Sustersbond en Jongedogtersbond plaas.

Geldinsamelings van die vereniging geskied deur middel van maandelikse subskripsies, kollektes by vergaderings, konserte of sanguitvoerings, kollektelyste, basaars en gesellige byeenkomstes waar verversings verkoop word. Die kollekte word gebruik as Siekefonds waaruit 3/- per maand per kranke toegestaan word. Die ander gemelde ontvangste word gebruik vir die styw ing van die fondse met die oog op algemene uitbreiding, voorsiening in huishoudelike uitgawes en betaal van verpligte fondse asook vir donasies aan die Skool vir Dowes, Suster Nannie Huis, Bybelgenootskap, ens. Die tesouriere is in beheer van die kollektegelde en uitbetalings aan siekes. Die kollekte word in die vergadering getel en die bedrag deur die presidente aangeteken. Alle ander inkomstes word deur die presidente behartig wat by ontvangs van elke bedrag 'n kwitansie uitreik. Jaarliks word 'n finansiële verslag deur die presidente, sekretaresse en tesouriere opgestel en nadat dit aan die taklede voorgelê is word dit na die Sirkel Presidente opgestuur wat dit aan Hoofbestuur besorg.

Die Christelike Sustersbondlede is geheg aan die vereniging en beskou dit as 'n voorreg om die kenteken te mag dra. Wanneer 'n Sustersbondlid verjaar gaan die ander lede vroeg in die oggend vir haar sing. Na die sing van

gewyde/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewyde liedere, gaan die lede aan huis en word koek en koffie trakteer nadat 'n biduur gehou is. Elke lid dra 1/- by waarmee linne aangekoop word om naghemde van te maak, wat in gereedheid gehou word, in geval van sterfgevalle onder lede van die vereniging.

Hierdie vereniging dien as mondstuk vir die vroue in die gemeenskap en as middel waardeur hul groepsgevoel ontwikkel en hul goeie samewerking invloed uitoefen. Die lede is die staatmakers van die gemeenskap en werk onvermoeid saam met die ouderlinge en diakens in die verskillende wyke. Die kerk en die gemeenskap doen nooit te vergeefs 'n beroep op die Sustersbondlede nie, hul leen altyd 'n helpende hand, is simpatiek gesind en beywer hul vir die vooruitgang van die samelewing. Deur middel van 'n konsert gehou te Goedverwacht, Elsiesrivier en Athlone was die Sustersbondlede in staat om £50 vir die ligte van die kerk by te dra. Die onkoste in verband met die aankoop van die koppies vir die Ringsitting, die einde van 1948 op die stasie, is gedek deur middel van 'n opvoering wat op die stasie en Riebeeck Wes gehou is. Vir Kersfees het die Sustersbondlede gehelp met die opmaak en distribusie van kruidenierswaare pakkies aan oues van dae en siekes, ten bedrae van £20 wat van die £50 donasie gebruik is. Origens lewer die lede van die vereniging soms 'n kooruitvoering by die eredienste, en met die ontvangs van die nuwe leraar

was/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was hierdie vereniging verantwoordelik vir tee en verversings vir die oggend en middag.

Die Jongedogtersbond.

Tydens die ondersoek, begin 1949, is 'n begin gemaak met die organisasie van hierdie vereniging, wat onder leiding van mevrou Kruger, as presidente, sal staan. Die lede, almal 14 en 15 jarige dogters, word beskou as die toekomstige Sustersbondlede waaraan hierdie vereniging soortgelyk is. Die Jongedogtersbond beoog om die dogters, van genoemde ouderdom, wat die skool verlaat en elders werk aanvaar langer tuis te hou en om terselfdertyd as middel te dien waardeur hul vir die lewe voorberei kan word. Praktiese onderrig sal gegee word en reinheid sal beklemtoon word.

DIE BEHEER OOR GELDSAKE.

Die kerkraad met die leraar as kassier is verantwoordelik vir alle gemeentelike finansies. Die leraar as scriba van die gemeente reik kwitansies uit vir alle bedrae wat ontvang word. Alle gelde word maandeliks by die Standaard Bank op Porterville deur die leraar gedeponeer. Jaarliks word die boeke van die N. G. Sendingkerk ouditeur. 'n Staat van inkomste en uitgawes tesame met 'n banksertifikaat en ouditeursrapport word aan die Ring van Wellington voorgelê. Hierdie stukke word deur die finansiële komitee, bestaande uit drie lede van die Ring, nagegaan/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nagegaan.

Die uitreik van kwitansies, die open van 'n bankrekening en die feit dat die geld rente trek was iets vreemds vir die kerkraad en gemeente aangesien dit nooit vantevoro in werking was nie en eers deur eerwaarde Kruger ingestel is. Gevolglik het die gemeente 'n onwrikbare vertroue in die bekwaamheid van hul leraar om hul geldsake te behartig, gekry. Derhalwe die eenparige besluit in verband met die salarisverhoging van eerwaarde Kruger waarvan reeds voorheen in die hoofstuk melding gemaak is.

Die Verskillende Bronne van Inkomste.

Die insameling vir die kerkfonds geskied deur middel van kollektelyste, geselligheede, basaars, dankoffers en bydraggelde asook deur die kollekte, doop -, aanneem - en trougelde.

Die laaste drie maande voor die Dankfeesbasaar, gehou op die Saterdag van die Paasnaweek in April, word groot voorbereidings getref. Die hele gemeente word geografies in dertien wyke ingedeel en die lidmate van elke wyk word in 'n groep organiseer. 'n Dienende kerkraadslid is die konvenor van die groep en word deur ses komiteeledе bygestaan waarop vrouens ook kan dien. Hierdie komitee is verantwoordelik vir die organisasie en insamelings wat op drieërlei wyse geskied:

Buitelyste: Elke wyk maak gebruik van soveel buitelyste

as/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as moontlik deur middel waarvan by blankes op die sendingstasie, elders en selfs by ander kerkgenootskappe gekollekteer word.

Groeplyste: Die lidmate van 'n bepaalde wyk kom bymekaar en besluit dat elkeen byvoorbeeld £1.10.0 sal bydra, terwyl die pensioentrekkers minder gee. Kort voor die basaar word die bedrag deur 'n kerkraadslid ingevorder. Indien 'n lidmaat moontlik mag weier om die voorheen beloofde som te gee, plaas die kerkraad hom of haar onder sensuur. Dit gebeur egter uiters selde.

Gesellighede: Gewoonlik word op Vrydagaand deur 'n vroue lidmaat van 'n sekere wyk 'n gesellighеid georganiseer. Sy berei 'n maaltyd op haar eie onkoste voor. Soms word sy deur 'n paar vrouens gehelp. Vir 'n bord kos word 1/3 gevra en voorsorg word getref dat almal in die groep gehelp word. Lidmate uit ander wyke kom nie graag by hierdie bepaalde wyk koop nie, omdat dit as kompetisie vir die opbrengs van hul eie wyk gereken word.

Die komiteelede ontvang die geld, teken dit aan en die kerkraadslid hou dit in bewaring. Die wyk gee net soveel gesellighede binne die drie maande as waarvoor hulle kans sien maar twee weke voor die basaar word dit gestaak. Alle aandag word nou gewy aan voorbereidsels vir die basaar.

Die dag met die basaar is die leraar al persoon wat die geld hanteer. Van veelkleurige afvalpapier word kaartjies geknip waarop afdrukke, wat verskillende geld-
waardes/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geldwaardes voorstel, deur middel van 'n kurkprop gemaak, Met hierdie kaartjies wat by die leraar gekoop word, word goedere by die verskillende tafels gekoop. Geen geld word by die tafels ontvang nie. By die tafels word die kaartjies by ontvangs in 'n draadpen gesteek en na afloop van die basaar word dit getel en die bedrae vasgestel. Hierna word die geld deur die komitee, van elke afsonderlike wyk, by die leraar ingehandig.

Ander bronne van inkomste is die dankoffers en bydraggeld. Vir laasgenoemde het elke lidmaat 'n bydragkaart. Wanneer 'n lidmaat die ses pennies bydraggeld betaal, teken die diaken die bedrag op die bydragboek aan. Hierdie bydragboek tesame met die ingevorderde bydraggeld word maandeliks aan die leraar oorhandig, wat dit nagaan en kwitansies uitreik. Driemaandeliks by aanmeldingsdag word die bydragboek van die diaken en die bydragkaart van die lidmaat vergelyk.

Verdere bronne van inkomste is die gewone- en spesiale kollekte, doop-, aanneming- en trougelde. Wat betref die gewone kollekte is gevind dat na afloop van die diens die diakens die kollekte tel en die geldstukke sorteer. Gedurende die Rynse bediening was 'n kollekte van £1 tot £1.10.0 by die oggenddiens en 5/- tot 10/- by die aanddiens die gemiddelde, tydens die ondersoek was die gemiddelde £3 by die oggend- en £1 by die aanddiens. Saans is die kollekte/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kollekte minder aangesien sommige die bord laat verbygaan omdat hul reeds die oggend hul bydrae gelewer het. Die rede vir die beter bydrae is omdat die kerkbywoning steeds toeneem. Spesiale kollekte, wat op verskillende Sondae opgeneem word en tot £6.0.0 oplewer, word gestort in die Sinodale fonds, vir die opleiding van Kleurling leraars en onderwysers, vir die Sending Instituut, hulpbehoewende gemeentes, Bybelverspreiding, ens.

Vir 1948, alhoewel die gemeente vir ses maande vakant was, is die volgende bedrae ingesamel naamlik:

Kollekte	£102	5	0
Dankoffer	176	18	4
Doopgeld	10	13	0
Aanneming	6	0	0
Huwelik	3	10	6
Bydrag	154	6	1
Totaal	£453	12	11

Die balans in die kerkkas aan die begin van 1949 was £227 uitgesonderd die £150 vir reparasie en ligtefonds, die £110 vir die nagmaalkolkies en die £28 vir die lampe wat apart deur die gemeente bygedra is en dus nie deur die kerkboeke gegaan het nie. Die kerk beskik ook oor 'n boekefonds van £8. Die gewone lopende uitgawes word gedek. Die finansies van die N.G.Sendingkerk is gesond en die gemeente het geen skuld nie.

VERPLIGTINGE VAN DIE LEDE TEENOOR DIE KERK.

Die lidmate het 'n verpligting teenoor die kerk wat hul gedrag betref aangesien die kerk hul noodsaak om/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om eerbare en christelike lewens te lei. Hulle het daagliks te kampe met talle probleme byvoorbeeld onsedelikheid, drankmisbruik, ens waarvan hulle hul moet weerhou of andersins word die kerklike tugmaatreëls sonder meer toegepas. Die lidmate is ook verplig om die eredienste by te woon asook die kerkfeesdae en die Sabbat te heilig. Origens is die lede verplig om die maandelikse bydraggelde te betaal.

TUGMAATREELS VAN DIE N. G. SENDINGKERK, SARON.

Sodra genoemde verpligtinge ontduik word, word tug uitgeoefen en beroep die leraar en kerkraad hul op die prosedure en bepalinge soos uiteengesit in die Wette en Bepalinge vir die Bestuur van die N. G. Sendingkerk in Suid-Afrika,[6] wat meestal baseer is op die inkorting van kerkregte vir 'n korter of langer tydperk wat wissel ooreenkomstig die erns van die oortreding.

Afgesien van hierdie Wette en Bepalinge doen eerwaarde Kruger baie van sy berispinge vanaf die kansel waar hy die gemeente as geheel benader en hul reguit maar beslis op onbehoorlikhede wys. Hy vind dat hierdie gemeentelike tug baie goeie ingang vind. Hy glo ook in sekere omstandighede aan die toepas van lyfstraf en aan verskillende inwoners word soms lyfstraf in die studeerkamer toegedien.

DIE INVLOED VAN DIE KERK OP DIE LEWE VAN DIE GEMEENSKAP.

Soos reeds daarop gewys geniet die leraar, bygestaan/.....

6) Afdeling V, Kerklike Opsig en Tug, Art.104-182, p.51-66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bygestaan deur 'n baie voortreflike kerkraad, die agting van die gemeenskap en die inwoners van die stasie is onder die indruk van die belangrikheid van hul kerk. Gevolglik word 'n heilsame invloed op die gemeenskap uitgeoefen. Die houvas van die kerk speel ook 'n belangrike rol om die voorkoms van euwels byvoorbeeld onsedelikheid, drankmisbruik onenigheid, ens aan bande te lê. Hoe groot die invloed van die kerk in werklikheid is, is eers besef toe die gemeente vakant was en verslapping met betrekking tot kerklike invloed ingetree het. Met die koms van die nuwe leraar en namate die organisasie op kerklike gebied strenger toegepas is, het sake verbeter soos reeds voorheen in die hoofstuk bespreek is, wat bewys dat die invloed van die kerk losbandigheid beperk.

Aan die anderkant het die kerk nie onbeperkte invloed nie aangesien daar van die inwoners is, alhoewel in die verre minderheid, wat meer en meer teen die kerk gekant raak. Hierdie teenkanting is nie soseer teen die bestaan van die kerk assulks nie as wat dit teen die blanke sendeling gemik is, aangesien hul 'n Kleurling as leraar verkies. Nieteenstaande die pogings van die kerkraad om eendrag te verkry lei die neiging tot skeuring, wat sedert die tydperk van gemeentelike vakature ontstaan het, tog daartoe dat die vashoukrag van die kerk benadeel word aangesien daar 'n gevoel ontstaan het wat nie maklik uit die weg geruim kan word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI.

OPVOEDING EN ONDERWYS

GESKIEDENIS EN ONTSTAAN VAN DIE SKOOL.

Die Primêre sendingskool op Saron, 'n graad B skool, het tydens die ondersoek 467 leerlinge gehad asook 'n personeel van sewe mans en sewe vrouens.

Die eerste skool op Saron was 'n bouvallige gebou naby die pastorie geleë. Namate meer kinders die skool bygewoon het, was uitbreiding noodsaaklik en is die wynkelder van mnr. Truter in 1877 vir die doel ingerig. Dit is deur afskortings in klaskamers verdeel.

In 1914, in die tyd van eerwaarde Söhnge, is die gebou wat mettertyd al hoe meer ondoeltreffend geword het, afgebreek en is 'n nuwe gebou opgerig. 'n Deel van die eertydse kelder het bly staan en is nog deur al die jare in gebruik, dit is naamlik die Stad VI klaskamer waarin die prinsipaal sy klasse waarneem. Om fondse vir die bou van die skool te vind, aangesien dit ten dele deur die gemeente finansieer is, het die skoolkinders baie konserte gehou.

Reeds vanaf 1922 het die Rynse leraars gevoel dat daar vir die toekoms 'n groter skool gebou sal moet word en het gevolglik vir hierdie doel grond gereserveer.[1] Intussen, en wel vanaf 1922, het die leraars hul toevlug tot die/.....

1) Erf No. 412 op die sketskaart aangedui.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kerk geneem waar vandag drie klasse waargeneem word. In 1937 is 'n huis in Meulstraat en in 1943 is 'n huis in Langstraat in gebruik geneem om kinders te onderrig.

BEHEER VAN DIE SKOOL.

Die wetgewende outoriteit vir Kleurling onderwys is die Provinsiale Raad, en die skool op Saron staan dus onder beheer van die Provinsiale Departement van Onderwys. Die toesig oor die skool berus nie by 'n skoolkomitee nie, maar by die plaaslike leraar van die N.G. Sendingkerk wat as die bestuurder van hierdie skool optree. Die prinsipaal, as hoof assistent, en alle ander personeellede is ondergeskik aan die leraar wat dien as direkte skakel tussen die sondere skool en die Provinsiale Administrasie. Vakante betrekkings word in die Onderwys Gazette adverteer en applikante word deur die leraar en die prinsipaal aangestel, onderhewig aan die goedkeuring van die Provinsiale Departement van Onderwys. Wanneer 'n personeellid sy of haar plig versuim, is dit die bestuurder wat stappe doen.

FINANSIES VAN DIE SKOOL.

Die bestuurder van die skool, eerwaarde Kruger, behartig die finansies van die skool en is vir alle uitgawes en terugbetalings met betrekking tot skooluitrusting soos skryfbehoeftes, naaldwerk, ens wat aan die skool van tyd tot tyd deur die departement verskaf word. Die uitgawes in verband met die skoolvoeding word gedek deur middel

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die subsidie soos deur die skoolvoedingskema van die staat bepaal word.

Vir die skoonmaak en uitvee van die groot skool, kerk en die skoolgebouein die dorp ontvang die bestuurder 'n totale maandelikse bedrag van £4.17.6. Aangesien die groot skool op Saron voor 1918 opgerig is, word 'n jaarlikse toelaag van 2% bereken op die Provinsiale waardering van die geboue,wat 'n totaal van £35 bereik, aan die bestuurder uitbetaal wat gebruik word vir reparasies doeleindes en algemene instandhouding.

'n Totale bedrag van 13/11 word maandeliks as huur aan die Rynse Sendinggenootskap, eienaar van die skoolgoboue in die dorp betaal. Hierdie gelde word deur eerwaarde Hendrich, as administrateur van die sendingstasie, in ontvangs geneem. Ook die bedrag van £4, wat jaarliks vir reparasie van hierdie geboue betaal word, word aan eerwaarde Hendrich betaal.

Die bestuurder betaal alle salarisse van die personeellede soos wat van die Provinsiale Departement van Onderwys ontvang word. Aanvanklik het die Genootskap van Barmen alle salarisse betaal, die prinsipaal het £144 jaarliks en die personeellede £48 ontvang. Later het die Genootskap slegs die helfte betaal en die departement het die ander helfte voorsien. Die leerlinge moes toe ook hulle deel bydra naamlik die tot Std. IV 'n pennie per week, en die van Std V tot Std VI drie pennies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

DIE SKOOLGEBOUE.

Die groot skool, of hoofgebou, gewaardeer teen £1625 en eiendom van die N.G. Sendingkerk gemeente is op die "Reserved Area" geleë (sien die meegaande sketskaart) en die plan daarvan is as volg:

Plan van die Groot Skoolgebou.



Die agt klaskamers is van mekaar deur voubare houtafskortings geskei, terwyl die klaskamer (gemerk A op die sketsplan) deur middel van 'n klipmuur van die aangrensende klaskamer geskei is. Hierdie klaskamer, soos vroeër gemeld, is nog die enigste oorblyfsel van die ou wynkelder. Al die klaskamers is voorsien van plankvloer. Met die uitsondering van een klaskamer aan die agterkant van dié van die prinsipaal wat 'n plat sinkdak het, is al die

klaskamers/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

klaskamers bedek deur 'n staan sinkdak. Die gebou is stewig gebou en het 'n baie netjiese voorkoms. Aan die voorkant van die gebou is 'n lae plat sementstoep aan die onderkant waarvan mooi blomtuine aangelê is.

Behalwe die hoofgebou word daar tans in die kerkgebou drie klasse waargeneem. Hierbenewens word 'n huis in Meulstraat vir 'n klaskamer gebruik terwyl 'n huis in Langstraat vir twee klaskamers en 'n kookkunskamer diens doen. In Meulstraat word ook nog twee vertrekke as houtwerkkamers in gebruik geneem. Die skoolgeboue in die dorp is voorsien van kleivloere en het strooidakke. Hierdie geboue is almal baie netjies en goed versorgd.

Wat betref die hoofgebou en die skoolgeboue in die dorp is daar voorsiening gemaak sodat elke klas apart gehou kan word. In die kerk is die posisie egter dat die drie klasse naamlik Sub A (b), Sub B en Std 1 (a), alhoewel elkeen in 'n aparte vlerk gehou word, tog nie van mekaar geskei is nie. Hierdie reëling is uiters onbevredigend en strem doeltreffende onderrig. Terwyl die een klas sang het, moet die ander klasse hul tot skryfwerk bepaal. Die vloerruimte van al die klaskamers is beperk. Behalwe vir die kerk en skole in die dorp waar toestande bevredigend is, is die beligting en verligting van die klaskamers van die groot skool swak. Elke klaskamer is voorsien van een deur met twee of drie skuifraam vensters. Aangesien die deur meestal toe is, bied hierdie lugopeninge nie genoegsame

ventilasie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ventilasie vir klasse met 'n gemiddelde grootte van 35.9 leerlinge. Aangesien slegs die muur, aan die ooste, van vensters voorsien is, is die beligting onbevredigend en wanneer dit effens donker word moet die personeel van die lampe van die kerk gebruik maak.

Die apparaat vir onderwys bestaan alleenlik uit die noodsaaklike stukke. Elke klaskamer beskik oor 'n lessenaar en stoel vir die onderwyser asook 'n swartbord. Die skoolbanke in gebruik is meestal die ou tipe langbanke met leunings waarin 6 tot 8 leerlinge langs mekaar kan sit. 'n Paar van die gewone skoolbanke met twee sitplekke voorsien van leunings is in gebruik. Die skoolbanke in die kerkgebou bestaan uit lang bankies sonder rugleunings. In die houtwerkkamer is daar 8 dubbele houtwerkbanke, voorsien van skroewe om die hout vas te klem en een skoolbank. Die skoolinspekteur het in sy verslag van 1948 melding gemaak van die onvoldoende apparaat vir die houtwerkkamer en het aanbeveel dat die apparaat aangevul word. Dieselfde aanbevelings is ook met betrekking tot kartonwerk gedoen, terwyl die inspekteur ook op die groot tekort aan die nodige leesboeke en skryfbehoeftes gewys het. Wat betref die huishoudkunde het die inspektrise in haar verslag gemeld dat die algemene toestand van die kombuis en uitrusting hoogs bevredigend is.

Die latrines, 14 in getal, van die seuns en dogters

is/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is aanmekaar gebou. Slegs 'n muur dien as skeiding terwyl die aparte ingange, een vir seuns en een vir dogters, aan elke sykant geleë is. Die sitplekke, teen die muur, is in 'n aanmekaar ry bo-oor die watergrip gebou en die vuil word deur die water meegevoer. Die ry sitplekke word nie onderling deur afskortings geskei nie, en alhoewel omring deur 'n hoë steenmuur bied dit geen binnemuurse privaatheid nie. Een latrine vir die gebruik van die personeellede, is geskei van dié van die kinders. By elk van die skoolgebouë in die dorp is daar 'n latrine vir die gebruik van beide seuns en dogters sowel as die personeellede. Die latrines by die afsonderlike skoolgebouë, alhoewel redelik skoon aangesien die leerlinge onder toesig van die personeel vir die sindelikheid daarvan verantwoordelik is, is uiters ondoeltreffend. Die Gesondheidsinspekteur het aanbeveel dat die bestaande sanitêre geriewe deur behoorlike gemakke, naamlik 8 vir seuns en 9 vir dogters en 2 vir die personeel, volgens die emmerstelsel vervang moet word. Dié van die dogters moet van dié van die seuns verwyder word. Die skoolinspekteur het rapporteer dat die sanitêre geriewe, wat 'n ondoelmatige en onbevredigende tipe is, nie toereikend is nie.

Nadat die water toevoer oor die meul geloop het, word 'n hoeveelheid daarvan afgekeer in 'n kleiner grondsloot (gemerk C op die sketskaart), met walle van klip en

sement/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sement, wat na die groot skool gelei word. Hieruit skep die kinders hul drinkwater, terwyl die stroom na die latrine voortvloei. Die skoolgeboue in die dorp gebruik die water wat in die vore aan weerskante van die strate loop. Die watervoorsiening van die skool as geheel is dus baie onhigiënies en aan besoedeling blootgestel.

DIE NUWE SKOOLGEBOU.

Soos reeds gemeld het die Rynse leraars, sedert 1922, besef dat 'n groter skool gebou sal moet word, maar tot nog toe het hier niks van gekom nie. As gevolg van die dringende behoefte aan uitbreiding tref eerwaarde Kruger tans onderhandelings met die Provinsiale Departement van Onderwys insake die oprigting van 'n nuwe skoolgebou op die standplaas soos deur sy voorgangers, die Rynse sendelinge, gereserveer is. Die voornemens is om 'n skoolgebou met 17 klaskamers op te rig. Die hoofgebou sal sodra die nuwe skoolgebou klaar is as kerksaal gebruik word waar basaars, konserte, ens gehou sal kan word, terwyl dit ook as gimnastieksaal gebruik kan word.

DIE PERSONEEL.

Slegs Kleurlinge, naamlik sewe mans en sewe vrouens, dien op die personeel van die skool. Ses van die leerkragte is op Saron gebore terwyl die ander op Kaapstad (2), Worcester (2), Stellenbosch (1), Pniël (1) en Sutherland (1)

gebore/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gebore is. Al die leerkragte is op Saron woonagtig. Die prinsipaal, 'n bejaarde man, het in Junie 1949 afgetree na 'n dienstermyn van 36 jaar op die sendingstasie en in sy plek is die prinsipaal van die vorige gemeente, waar eerwaarde Kruger werksaam was, aangestel.

Van die leerkragte op Saron is twee in besit van die Hoër Primêre Kleurlingonderwyssertifikaat en twaalf van die Laer Primêre Kleurlingonderwyssertifikaat. Die 14 leerkragte van Saron het hul opleiding op vier verskillende opleidingskole ontvang naamlik: Die Söhnge Opleidingskollege (5), Die Zonnebloem (3), Die Athlone Instituut (3) en Die Wesley Opleidingkollege (3). Agt van die personeel het dus hul opleiding in stedelike opleidingkolleges ontvang en ses op die platteland.

Die personeellede is goeie leermeesters en toon bevredigende belangstelling in hul professie, alhoewel volgens eerwaarde Kruger groter geesdrif tog tot 'n mate aangetref behoort te word. Volgens die verslag van die skoolinspekteur is die werk in etlike gevalle nie goed beplan nie en aan deurdagtheid en behoorlike afbakening van die werk het dit soms ontbreek. Die rede vir verslapping is nie soseer aan die leerkragte self te wyte nie, maar kan moontlik toegeskryf word aan die onvermoë van die Rynse leraar, wat vir skool, kerk en administrasie verantwoordelik was, om alles na behore te behartig. Die

opvoeding/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opvoeding het dus nie die nodige aandag ontvang nie en by gebrek aan belangstelling en aanmoediging van buite het dié van die personeellede ook met verloop van tyd verminder.

Die personeellede behoort egter aan die "Saron Teachers' League of South Africa" (S.T.L.S.A.) wat vier byeenkomstes, wat later in die hoofstuk bespreek sal word, organiseer. Hierdie S.T.L.S.A. vorm 'n tak van die Teachers' League of South African (T.L.S.A) waarvan die hoofkantoor in Kaapstad gelegë is en sluit onder ander in die personeellede van die skole van Wolseley, La Plaissante, Artois, Gouda, Tulbagh, Tulbagh Weg, Steindal en van die plaasskole op Twee Jong Gesellen en Monte Rouge.

Hierdie organisasie van Kleurling onderwysers is een van twee beroepsverenigings van Kleurling onderwysers in Kaapland. Die ander liggaam heet die "Teachers' Educational and Professional Association". Die laasgenoemde organisasie geniet die erkenning van die Provinsiale Administrasie terwyl aan die T.L.S.A. nie erkenning verleen is nie.

Maandeliks word 'n vergadering by een van genoemde plekke belê, meestal by Tulbagh Weg aangesien dit baie sentraal gelegë is. Besprekings van allerlei aard word gevoer byvoorbeeld hoe om personeelvergaderings te hou, naslaan materiaal op te bou, ens. Gewoonlik word een of ander demonstrasie en/of lesings in verband met die beroep gelewer asook musiek en voordrag items. Jaarlikse subskripsies/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

subskripsies word van die lede ingevorder. Verdere geldinsamelings geskied deurdat die S.T.L.S.A. elke jaar vier byeenkomste reël. Die toegang sowel as die verversings wat verkoop word, word na aftrek van alle onkostes in die S.T.L.S.A. fonds gestort. Hierdie fonds word onder andere ook gebruik vir studielenings waardeur £4 per jaar vir vier jaar aan leerlinge toegestaan word.

Met uitsondering van die prinsipaal wat voor die koms van eerwaarde Kruger as orrelis opgetree het en met die afrig van kore en die tot stand bring van die eertydse kliniek behulpsaam was, neem die res van die personeellede geen leiding in die samelewing van die sendingstasie nie. Die gemeenskap beskou alle personeellede as 'n aparte groep en kies hul nooit as kerkraadslede nie. Vir die personeel dien die onderwys as broodwinning en is dit nie soseer die beroep as sulks nie, gevolglik bestaan daar ook nie by hulle die drang om die gemeenskap op te voed en van leiding te voorsien nie.

DIE LEERLINGE.

Die volgende tabel dien as aanduiding van die aantal leerlinge in die verskillende klasse, die einde van 1948.

TABEL/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. 11.

Die Aantal Leerlinge in die Verskillende klasse, einde 1948

Standerd.	Sub A(a)			Sub A(B)			Sub B.			I(a)			I(B)			II(a)			II(B)			III(a)			III(B)		
	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
Aantal Leerlinge.	35	27	62	26	17	43	25	27	52	22	23	45	22	17	39	17	17	34	18	12	30	19	11	30	26	9	35

IV(a)			IV(B)			V			VI			Alle Standerds		
M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T	M	V	T
15	13	28	16	12	28	15	9	24	9	8	17	265	202	467

Volgens bostaande tabel is daar 467 skoolkinders waarvan 265 seuns en 202 dogters is. Al die leerlinge van die skool is op Saron woonagtig uitgesonderd een wie se ouers in Porterville woon. Laasgenoemde loseer by familie. Die rede vir hierdie beperktheid is waarskynlik dat die Rynse Sendinggenootskap die sendingstasie wou vrywaar van invloede van buite wat moontlik tot nadeel van die inwoners kon strek. Volgens hierdie tabel is die gemiddelde aantal kinders in elke afsonderlike klas 35.9, ook word 'n daling in die totale aantal leerlinge van elke klas na Std 1 aangetoon.

Slegs by die opening en sluiting van die skool het alle klasse in die kerk vergader. Vanaf die begin van 1949 het eerwaarde Kruger bepaal dat alle klasse gereeld elke Woensdagoggend in die kerk vergader vir Godsdiensonderrig. Gebrek aan 'n groot skoolsaal belemmer sulke byeenkomste.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die dissipline van die skoolkinders, alhoewel die prinsipaal van mening is dat daar tog kanse vir verbetering is, is bevredigend veral as in aanmerking geneem word dat die klasse groot is en dat die klaskamers, behalwe by die groot skool, ver van mekaar geleë is. Die feit dat die kinders vir bepaalde lesure klaskamers by die groot skool moet ruil vir dié onder in die dorp geleë, veroorsaak dat dissipline moeilik gehandhaaf kan word. Die personeel deel mee dat die kinders oor die algemeen lewendig van geaardheid is en dat van tugmaatreëls, wanneer nodig, gebruik gemaak word. Die prinsipaal is van mening dat kinders vir ongehoorsaamheid en verwaarlosing van pligte deeglik gestraf moet word.

Die leerlinge is oor die algemeen netjies en goed gekleed, behalwe wintertye wanneer sommige nie warm genoeg aangetrek is nie. Die meerderheid van die leerlinge woon die skool kaalvoet by.

Onderstaande tabel toon die skoolbywoning van die leerlinge gedurende 1948.

TABEL NO. 111.

Skoolbywoning van die Leerlinge gedurende 1948.

Maande	Jan.	Feb.	Mrt.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
Totale By-woning	346	418	446	473	478	478	477	477	476	470	467	467

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens hierdie tabel word gevind dat die bywoning vir Januarie die laagste is. Vanaf Februarie tot Junie styg die getalle waarna geen noemenswaardige daling voorkom nie. Die swak bywoning met die opening van die skool en die verbetering daarna is toe te skryf aan die feit dat van die ouers, Desembermaand, hulle kinders met hul saamneem aangesien hul gedurende die vrugteseisoen, wat tot ongeveer die einde van Februarie- en begin van Maartmaand duur, elders werk aanvaar. Gedurende hierdie tydperk keer hulle slegs vir sommige naweke na die sendingstasie terug. Die geringe daling na die end van die jaar, is as gevolg van die feit dat van die skoolkinders die skool verlaat voordat hulle in hul standerd geslaag het. Vroeër jare was die bywoning gedurende Mei- en Juniemaand ook swakker omdat die graanboere gedurende hierdie maande ploeg en dus touleiers nodig het. Met meganisering het hierdie probleem feitlik iets van die verlede geword. Vrydae is die bywoning van die dogters gewoonlik swakker aangesien hulle tuisbly om te help huis skoonmaak, met die oog op die terugkeer van die gesinslede wat gedurende die week uit gewerk het. Volgens die prinsipaal hou sommige ouers die kinders teen die helfte van die week uit die skool om sodoende 'n kans te kry om die skoolklere uit te was. 'n Gedurige skommeling betreffende die bywoning van die verskillende klasse word dus aangetref. Om hierdie moeilikheid die hoof te bied oorweeg die nuwe

leraar/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leraar die moontlikheid om aansoek te doen vir 'n vakansie-tydperk wat min of meer die vernaamste seisoen werkstyd dek.

Stokkiesdraaiery kom dikwels voor en as verskoning word aangevoer dat hul siek was, of moes gaan donkies haal het, of die doltuine moes oppas, ens. Die prinsipaal sowel as die bestuurder is van mening dat die personeellede groter belangstelling in hierdie verband aan die dag kan lê. Geen besoeke word aan huise van die afwesige kinders afgelê nie. Indien die personeel ondersoek sal instel waarom die kinders soms na willekeur afwesig is, mag dit moontlik oorsake aan die lig bring wat die personeel sal kan verhelp.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die vermeerdering van die aantal leerlinge wat die skool op Saron oor 'n tydperk van 13 jaar bygewoon het, sowel as van die leerkragte vir dieselfde tydperk.

TABEL/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. 1V.

Die Vermeerdering van die Aantal Leerlinge en Personeel-lede te Saron 1936-1948.

Jaartal	Leerlinge	Personeel
1936	345	9
1937	385	10
1938	417	10
1939	420	10
1940	442	11
1941	425	11
1942	437	11
1943	464	12
1944	411	12
1945	433	13
1946	423	13
1947	428	13
1948	467	14

Volgens hierdie tabel het die aantal leerlinge vanaf 1936 tot 1948 met 122 vermeerder en die personeel-lede met 5.

SKOOLVERLATING/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SKOOLVERLATING.

Die volgende tabel toon die aantal kinders in die afsonderlike klasse wat oor 'n tydperk van 10 jaar die skool verlaat het.

TABEL NO. V.

Die Skoolverlating van Leerlinge vir elke Klas vanaf 1939 - 1948.

Jaartal.	1939	'40	'41	'42	'43	'44	'45	'46	'47	'48	Totaal
Std 1	4	5	-	24	2	19	4	1	-	4	63
Std 11	4	9	6	1	3	11	3	7	5	2	51
Std 111	4	-	5	4	3	4	5	6	-	-	31
Std 1V	6	-	3	-	4	6	2	6	2	-	29
Std V	1[illegible]	3	3	-	6	1	3	5	3	5	30
Totaal	19	17	17	29	18	41	17	25	10	11	204

Volgens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens hierdie tabel het 204 kinders, gedurende genoemde tydperk, die skool verlaat voordat hul na Std VI gegaan het. Die tabel dui ook aan dat gedurende hierdie tydperk 63 leerlinge, dit wil sê 30.88% van die totale aantal leerlinge wat die skool verlaat het, gedurende Std I hul studies gestaak het. Alhoewel die getalle van die leerlinge wat die skool na Std II verlaat verminder, gaan net 'n klein getal na Std VI oor.

Die prinsipaal beweer dat die skoolverlating toegeskryf kan word aan die feit dat die ouers, wanneer hulle gedurende die vrugteseisoen elders werk aanvaar, die kinders met hul saamneem, omdat laasgenoemde ook verhuur word en dus as bron van inkomste dien. Wanneer die kinders eers eenkeer tuis gebly het, is die kanse om weer na die skool terug te keer baie gering. Weens die gebrek by die ouers om baie hoë opvoedkundige ideale vir hul kinders voor te hou, is daar dus nie enige dryfkrag om hul aan te moedig om die skool by te woon nie. Sodra die kind kan lees en skryf moet hy veel eerder vir die ouer as broodwinner dien, as om enige verdere opleiding te ontvang. Hierdie houding word gesterk deurdat daar nie veel betrekkings vir opgeleide Kleurlinge bestaan nie, en opleiding word dus nie as van veel waarde beskou nie omdat vooruitsigte op beter verdienstes gering is.

Verpligte/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verpligte onderwys is nie van toepassing by Kleurlingskole nie maar volgens die "Plaatselijke Wetten van Saron" [1] word dit van die ouers verwag dat hulle hul kinders gereeld na die skool sal stuur. Stiptelike uitvoering van hierdie bepaling word nie op die stasie aangetref nie en die Rynse bestuurder het, waarskynlik as gevolg van gebrek aan die nodige tyd, nie in hierdie opsig enige stappe gedoen nie. Namate die N.G. Sendingkerk op Saron die skoolaangeleenthede onder beheer neem, toon die getalle van skoolverlating 'n afname soos wat aangedui word in tabel no. V vir die jare 1947 en 1948.

DIE LEERPLAN.

Gedurende die vroeëre Rynse tyd is die leerplan van die skool deur die sending skoolinspekteur, gewoonlik 'n Rynse leraar, opgestel wat besonder geïnteresseerd in sang en kuns was. Tans is die leerplan van die skool op Saron die leerplan vir Kleurlingskole soos in die Kaap Provinsie in gebruik sedert 1923. Die leerplan bied voorsiening vir die gewone primêre skoolvakke byvoorbeeld die twee landstale,

geskiedenis/.....

---

1) Artikel 3 lui soos volg: "Ieder huurder is verplicht: (d) Zich overal onaanstootelijk te godragen, de Godsdiensten vlijtig te bezoeken en Zijne kinderen geregeld naar school te sturen."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geskiedenis, rekenkunde en aardrykskunde. Onderrig in godsdiens en liggaamsoefeninge asook in fisiologie en gesondheidsleer en natuurstudie word gegee. Spesiale vakke soos houtwerk, en landbou vir die seuns, huishoudkunde en naaldwerk vir die dogters word by die leerplan ingesluit terwyl vakke soos sang en kuns aan almal onderrig word.

Godsdiensonderrig is gedurende die Rynse tyd deur elke klasonderwyser(es) tot by Std. 11 waargeneem. Die Rynse leraar het die leerlinge van Std 111 en 1V gesamentlik en dié van Std V en Std V1 elk op afsonderlike tye onderrig. 'n Godsdiens leerplan, soos opgestel deur die leraar, is gebruik. 'n Mondelinge eksamen is vir die leerlinge gegee.

Tans neem elke leerkrag die godsdiensonderrig van sy klas waar volgens die leerplan van die Provinsiale Departement van Onderwys. Woensdagoggende vergader alle klasse in die kerk vir Bybelles, waargeneem deur eerwaarde Kruger.

Liggaamsoefeninge word deur die hele skool doseer en dit geskied op die skoolgronde. Reëndae word met die gewone klasse aangegaan instede van liggaamsoefening. Soos reeds gemeld is die voornemens om die ou skool, sodra die nuwe gebou wat nog gebou moet word klaar is, as gimnastieksaal/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gimnastieksaal te gebruik.

Die liggaamsoefening onderwyser gee aan die verskillende klasse lesings in verband met gimnastiek en voorsien elke klasonderwyser(es) van die tipe oefeninge wat hul afsonderlike klasse moet doen. Volgens die verslag van die inspekteur van skole word aanbeveel dat die seuns en dogters van Std 1 tot Std Vl vir liggaamsoefeninge geskei moet word. Die skool het geen liggaamsoefening apparaat beskikbaar nie. Slegs springmatte gemaak van sak en stro is in gebruik.

Die Provinsiale Departement van Onderwys voorsien die benodigdhede vir rottang - en raffiawerk. Hierdie tipe handwerk wat vanaf Std lV tot Std Vl onderrig word, is nie van baie hoë gehalte nie. Eienaardige groot gevormde en lomp blommandjies word gemaak, wat van geen waarde is wanneer die leerlinge na skool rottangwerk wil beoefen.

Std ll en Std lll leerlinge doen kartonwerk wat as inleiding dien tot die handwerk wat deur die groter seuns gedoen word.

Houtwerkonderrig word aan seuns vanaf Std lV tot Std Vl gegee. Die Provinsiale Departement van Onderwys stuur ooreenkomstig die aantal leerlinge wat houtwerk neem die nodige materiaal, gewoonlik voldoende vir elke seun om iets klein van te maak. Volgens die prinsipaal leer

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die skool nie vir die leerlinge die ambag assulks nie, maar meestal die beginsels soos byvoorbeeld die hantering van die gereedskap en die materiaal waarmee gewerk word. Die leerlinge maak dus hoofsaaklik monsters waar sekere soorte lasse of invoegings illustreer word.

Die materiaal is nie voldoende om byvoorbeeld speelgoed van te maak nie. Soms bring van die leerlinge hul eie hout om speelgoed van te maak wat op die kunstentoonstelling in Oktobermaand verkoop word. Die opbrengs hiervan, gewoonlik van 12/- tot 15/-, word gebruik om houtsoorte aan te koop. Klaar artikels tydens die ondersoek was slegs 'n karretjie, molwaentjie en soutvaatjies.

Huishoudkunde is reeds vanaf 1940 in die leerplan ingesluit en word gegee vir die dogters vanaf Std IV tot VI. Volgens 'n vooraf opgestelde program word klasse in kookkuns, was - en - stryk en huishouding gegee. Teorie word behandel onderwyl die geregte kook. Oor hierdie teorie word kwartaalliks toetse geskrywe en praktiese toetse word voor die huishoudkunde inspektrise afgelê. Die gereedskap byvoorbeeld tafels, houtstoof, kastrolle, lepels, doeke, ens is deur die Provinsiale Departement van Onderwys voorsien. Die huishoudelike gereedskap word sover moontlik in kaste gebêre. Alle voedsel benodigdhede byvoorbeeld eiers, meel, suiker, groente, ens word deur die kinders voorsien. Soms word bestanddele van die winkel bestel,

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die onkoste, waarvan tussen die klasse deur die onderwyseres verdeel word. Die dogters gaan gekleed in wit voorskote en kappies alhoewel bont voorskote ook toegelaat word.

Die vak huishoudkunde vind nie soveel byval soos naaldwerk nie. Die onderwyseres meld dat die ouers baie makliker materiaal koop as om voedsel benodiganede te verskaf aangesien hul dit sommige dae kan gee en ander dae weer nie kan bekostig nie.

Naaldwerk word in elementêre vorm in Sub B en meer gevorderd vanaf Std 1 tot Std VI aan die dogters gegee. Kledingstukke gemaak van die materiaal van die Provinsiale Departement van Onderwys word verkoop om sodoende die jaarlikse naaldwerk rekening te kan vereffen. Soms voorsien van die onderwyseresse of van die leerlinge materiaal, en hier die artikels word die dag met die kunstentoonstelling van die hand gesit. Naaldwerk sluit in hand- en breiwerk maar nie hekelwerk nie. 'n Redelike goeie gehalte naaldwerk word gelewer.

Landbou onderwys is vanaf ongeveer 1947 by die skool ingestel. Die grond vir bewerking is dié van die erwe waarop die twee skoolgeboue in die dorp geleë is. Tussen die skool en kerk is daar 'n strook grond wat as blomtuin bewerk word. Twee onderwysers is verantwoordelik vir die landbou onderrig van die seuns van Std IV tot Std VI.

Volgens die betrokke onderwysers bring die kinders

hul/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hul eie tuin gereedskap en voorsien die saad of plantjies. Die tuingrond word deur die klasse gesamentlik bewerk en elke kind het nie sy eie stuk grond beskikbaar nie, gevolglik het geen leerling 'n afsonderlike opbrengs nie en heers daar geen onderlinge kompetisie in verband met produsering nie. Die produkte word aan die sopkombuis, huishoudkunde klasse en selfs die publiek verkoop. Hierdie inkomstes is baie skraal aangesien die groente gedurende die vakansietye óf deur rondloper diere byvoorbeeld donkies óf deur hoenders opgevreet word óf deur die publiek afgeoes word. Deur middel van hierdie skrale fondse word onkostes in verband met bemesting, omheining, ens gedek.

Volgens die onderwysers word slegs praktiese landbouklasse waargeneem. Hulle is van voornemens om voortaan die seuns te leer hoe om grawe, pikstele, ploëns, ens reg te maak, aangesien dit implemente is waarmee hulle aldag te doen sal kry en waarvan hulle kennis moet dra. Geen teorie oor metodes van grondbewerking, voorkoming van erosie en uitputting, bemarking, ens word gegee nie. Al wat wel in die teoretiese rigting gedoen word, is die aansluiting van landbou by die skoolvak natuurstudie. Die nuwe leraar, bewus van die feit dat landbou lewensbelangrik vir die Kleurlinge is aangesien hulle hoofsaaklik landbouers is, sal toesien dat goeie tuingrond aan die

leerlinge/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leerlinge beskikbaar gestel word waar doeltreffende landboumetodes by die seuns tuisgebring sal word.

Aan gesamentlike sang en koorsang word daar baie aandag gegee.

Die prinsipaal neem die kunsklasse waar en onderrig word in waterverf en tekenkryt gegee. Die tyd wat aan hierdie tipe onderrig bestee word, is buite verhouding met die waarde wat dit vir die kinders het. Baie weinig van die leerlinge het enigsins talent in hierdie rigting en alleen met behulp van veel intensiewe studie sal hierdie aanleg tot volle uiting kan kom. Die prinsipaal is besonder lief om te skilder en 'n verskeidenheid van sy skilderstukke, hoofsaaklik water- en olieverf met landskapsmotiewe, dien as versiering vir sy klaskamer.

Die leerplan van die Kleurlingskool op Saron word op blanke lees geskoei. Soos reeds getoon, veral by die verskillende vorms van handwerk, is die praktiese opleiding wat die leerlinge ontvang absoluut minimaal. Die skoolvakke soos huishoudkunde en landbou bied wel praktiese opleiding vir die leerlinge, alhoewel naaldwerk van nog veel meer waarde is aangesien die dogters die kans kry om te leer hoe om te lap en te stop. Vaardigheid wat hul hierin verkry kan hul vir hulself toepas aangesien hulle nie die geleentheid sal hê om dit aan blanke huise te leer

nie/.....

Stellenbosch University, https://scholar.sun.ac.za

nie, soos wat wel die geval mag wees met betrekking tot huishoudkunde.

Wat egter beoog moet word soos blyk uit onderhoude met die leraar en lede van die personeel is 'n definitiewe leerplan wat oor 'n sekere aantal jare strek, waar praktiese klasse byvoorbeeld huishoudkunde, landbou, houtwerk, ens altyd vorder met die oog op die spesiale omstandighede van die kleurlingbevolking. Baie min Kleurlinge gaan vir verdere studie, die oorgrote meerderheid verlaat die skool nog selfs voor hulle Std VI bereik het, en hierdie leerlinge wat 'n lewensbestaan moet vind beskik nie oor voldoende praktiese opleiding nie. Die Kleurlinge moet dus vir hul lewenstaak, as hande arbeiders voorberei word en die leerplan moet hierby aangepas word.

Nie alleen is die praktiese opleiding waardevol vanuit die oogpunt dat wanneer 'n werkgewer aansoek doen om persone, wat een of ander tipe van werk kan verrig, die leraar of prinsipaal dadelik die moontlikhede van sodaniges sal kan voorlê nie, dog die Kleurlinge kan dit op hul eie leefwyse toepas en in hul eie huise tuisbring. Deur middel van die leerplan moet die seuns geleer word om gebruik te maak van wat die omgewing bied, byvoorbeeld van die olienhout in die omgewing kan stoele, skinkborde, veldstoele, besem- en harkstele, botterbakke, ens gemaak

word./.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word. Van die bamboes op die stasie kan palmhouers gemaak word. Hul kan voorts geleer word hoe om mandjies geskik vir landbou doeleindes te maak. Genoemde artikels is almal baie prakties en lewensnoodsaaklik vir 'n Kleurling gemeenskap.

Die leerplan soos dit vandag toegepas word berei dus nie die Kleurling voor vir wat van hul verwag word sodra hy of sy tot die praktyk toe tree, en 'n lewensbestaan moet vind te midde van konkurensie met naturelle nie.

VERDERE PROFESSIONELE EN BEROEPSOPLEIDING.

Die afgelope vyf jaar het daar tien leerlinge, nadat hul Std VI by die plaaslike skool behaal het, vir verdere studie gegaan. Twee is na Opleidingskolleges in Kaapstad en agt is na die Söhnge Opleidingskollege te Worcester. Almal wil onderwysers word.

Die meeste leerlinge het geldelike ondersteuning vir verdere studie nodig. Van die hulp van die staat in die vorm van losies- en vervoerbeurse tot 'n bedrag van £15 per jaar per leerling word gebruik gemaak. Die kerk is egter nie geneë om enige hulp te gee nie omdat die leraar van die veronderstelling uitgaan dat die ouers of die leerling self wel 'n plan kan maak om die nodige fondse te vind.

ANDER/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ANDER FASILITEITE VAN DIE SKOOL.

SPORTAANGELEENTHEDE:

Daar is ruim gronde beskikbaar vir die verskillende ontspanningsbedrywighede van die skool, onder andere die volgende:-

Voetbal: Daar is twee skoolspanne en die voetbal geniet groot ondersteuning en byval by die seuns. Die seuns speel wedstryde op die publieke voetbalveld van die dorpspan maar hulle is ook verantwoordelik om te help met die regmaak van die veld. Twee onderwysers rig die spanne af. Gereelde oefeninge word tydens speeltyd en sommige agtermiddae na skool op die skoolgronde waargeneem. Ook op die publieke veld word soms geoefen.

Geen fondse as sulks word opgebou nie. Tydens wedstryde doen een van die seuns rondtes met 'n bussie waarin die toeskouers vrywillige bydraes stort. Hierdie geld word gebruik vir die instandhouding van die veld.

Ligblou en wit truie verteenwoordig die skoolkleure. Slegs een stel truie is beskikbaar en sodra een span 'n wedstryd klaar gespeel het, word die truie aan die volgende spelers oorhandig. Sommige van die skoolkinders spaar weekliks 'n klein bedrag om mettertyd die besitter van sy eie nuwe voetbal trui te word.

Netbal: Hierdie sportsoort is oop vir alle dogters wat wil deelneem. Daar is 'n eerste en tweede span, en een van die onderwyseresse tree op as hul afrigter. Afrigting geskied/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geskied gedurende speeltye en na skool. Die netbalbaan is by die skool. Die seuns help met die instandhouding van die baan.

Die skooldogters het bydraes gelewer vir die aankoop van 'n bal en die tekort is deur die personeel aangevul.

Tennikoit: Almal wat hieraan wil deelneem is welkom alhoewel daar 'n junior en senior span van onder en bo negejariges bestaan. Een van die onderwysers dien as afrigter en oefeninge geskied voor die kerk langs die netbalbaan.

Daar is sprake van tennis, sokker en krieket maar hiervan het nog niks gekom nie.

Die deelname van die leerlinge aan al hierdie georganiseerde sportaangeleenthede is oor die algemeen baie goed as in aanmerking geneem word dat die meeste ouers die kinders se dienste middae na skool nodig het.

SKOOLFUNKSIES.

Die vier byeenkomstes waarna vroeër in die hoofstuk verwys is, word nou in die besonder behandel. Hierdie byeenkomstes, waarvan aen elke kwartaal gehou word, word organiseer onder beskerming van die S.T.L.S.A.en die sportonderwysers(esse) van die skole wat deelneem, reël onder-

ling/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderling die bepaalde dag waarop elke byeenkoms gehou sal word. Hierdie byeenkomste is die volgende:-

Somersport: Hierdie funksie word gedurende die eerste kwartaal gehou en bestaan hoofsaaklik uit wedywering tussen die beskikbare tennikoit en krieketspanne van die verskillende skole. Seuns sowel as dogters speel tennikoit en enkele asook dubbele spelle word afgespeel.

Wintersport: Hierdie dag val gewoonlik in die tweede kwartaal wanneer die seuns voetbal en die dogters netbal speel. By hierdie geleentheid word eers die uitdunwedstryde afgehandel en soms word die semi-finaal en finale wedstryde die daaropvolgende Woensdag namiddag gespeel. Die verskillende skeidsregters word gekies uit die gimnastiek onderwysers van die skole wat deelneem.

Beide die seuns en dogters lewer bydraes vir die vervoeronkoste na die plek waar die sports gehou sal word. Gewoonlik gaan al die personeellede saam. 'n Ernstige ongeluk van 'n paar jaar gelede het hierdie byeenkoms tot 'n mate ongewild gemaak, deurdat die ouers voortaan skrikkerig was om hul kinders verlof te gee om te gaan.

Koorkompetisies: Een aand in die derde kwartaal word hiervoor afgesonder, gewoonlik is dit in September- of Oktobermaand. Die deelnemers van die laaste koorkompetisie wat op Saron in die kerk gehou is, was behalwe die

sendingstasie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sendingstasie, Tulbagh, Wolseley, Gouda, Steindal, La Plaissante en Citrusdal.

Twee groepe van elke skool, naamlik 'n junior en senior koor, neem gewoonlik aan die sangwedstryde deel. Die juniors word gekies uit die seuns en dogters vanaf Std 1 tot Std 111 en die seniors uit Std 1V tot Std V1, met 'n minimum van 18 en 'n maksimum van 30 stemme. Saron het vir beide, naamlik vir die junior en senior koor, die maksimum getal stemme ingeskryf.

Twee onderwysers is verantwoordelik vir die inskrywing en afrigting van Saron se twee kore, en elkeen is die dirigent van sy koor. Van die Rynse leraars, naamlik eerwaarde Hartwig en Biesenbach, het self ook van hierdie kore afgerig. Die tweede prys vir die junior kompetisie is deur Saron verower.

Die opbrengs by die deure en die verkoop van verversings het ongeveer £20 opgelewer wat getuig van besonder goeie ondersteuning van die kant van die publiek.

<u>Liggaamsoefening Vertoning</u>: Hierdie dag, gehou in die vierde kwartaal, word bestee aan:

(i) 'n Liggaamsoefening vertoning waarvoor elke skool vier seksies het naamlik junior dogters sowel as junior seuns onder negejaar en senior dogters sowel as senior seuns bo negejaar. Vir elke afsonderlike groep is die

maksimum/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maksimum 48 en die minimum 16 leerlinge. Vir die vertoning word voorgeskrewe oefeninge gelewer en die beoordelaars is Kleurlinge alhoewel blankes ook soms genader word om die wenners aan te dui. Oefeninge word met musiek begelei. Die leier gee aan die begin die bevele maar later word die oefeninge sonder instruksies uitgevoer. Die wenspan ontvang die skild.

(ii) Atletiek waaraan ook vier seksies deelneem volgens dieselfde indeling soos vir die liggaamsoefening vertoning. Items soos byvoorbeeld wedloop, afloswedrenne, sakloop, hoog- en ver spring, ens word aangebied. Komitees aangestel by die S.T.L.S.A. vergadering is met die verskillende items behulpsaam.

Eerste en tweede pryse word aan elke seksie toegeken volgens die totale aantal punte deur elkeen afsonderlik behaal. Altesaam agt bekers word dus uitgeloof en Baron het in 1947 sewe uit die agt gebuit. Goedgesinde blankes en ook die S.T.L.S.A.het hierdie bekers voorsien.

(iii) Koorkompetisies van die Substanderds. Indien moontlik word die leerlinge van Sub A en B tot 'n mate by die atletiek uitgespaar sodat hul aan die sangwedstryde kan deelneem.

Die beoordelaar is gewoonlik 'n Kleurling onderwyser. Soms tree een van die leerlinge van die hoër

klasse/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

klasse op as dirigent. Aan die wenners word 'n skild toegeken.

Die Kunstentoonstelling.

Elke twee jaar word 'n kunstentoonstelling gehou gewoonlik in Oktobermaand. Vir hierdie geleentheid word die hele skool in gebruik geneem. Die voubare houtafskortings word weggevou waarteen, asook teen die mure, teken- en skilderwerke opgehang word. Die grootste gedeelte van hierdie werke bestaan uit bydraes van die prinsipaal self. Naburige skole word ook uitgenooi om bydraes te lewer. Klaswerke van Tulbagh, Worcester en veral van Gouda word ontvang en ten toongestel. Naaldwerk insluitende borduur- en breiwerk, karton-, hout- en kleiwerk word uitgestal.

Die laaste kunstentoonstelling, gehou in Oktober 1948, is deur die prinsipaal geopen en as eregaste en sprekers het opgetree eerwaarde Jacobs van Riebeeck Wes, die skoolinspekteur en eerwaarde Kruger.

Tydens die tentoonstelling word 'n silwer kollekte opgeneem om moontlike onkoste te dek, maar geen toegang word gevra nie. Geen beoordeling vind plaas nie en geen pryse word toegeken nie. Volgens die prinsipaal gee pryuitdeling slegs aanleiding tot moeilikhede. Gevolglik word geen wedywering tussen die verskillende skole wat

bydraes/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bydraes lewer aangetref nie.

Volgens die prinsipaal is die inwoners van die sendingstasie nie baie geïnteresseerd in hierdie tipe van tentoonstelling nie. Belangstelling gaan grotendeels uit van die kant van die leerlinge van die skole wat deelneem. Blankes wat teenwoordig was, was slegs die sprekers en die vragmotorbestuurders van Worcester en Gouda. Dit wil voorkom asof hierdie tentoonstelling terselfdertyd as advertensie vir die skilderwerke van die prinsipaal dien, origens is die waarde van die hele onderneming beperk omdat dit met so min belangstelling van buite gepaard gaan. Volgens die leraar is hierdie tentoonstelling in beginsel baie waardevol maar moet meer prakties ingestel word. Uit hierdie oogpunt gesien wil die leraar met behulp van die leerkragte groot veranderings teweegbring wat van leersame en opvoedkundige waarde sal wees. Landbouprodukte, deur die kinders self verbou, handwerk artikels gemaak van metaal, leer, ens asook naaldwerk artikels byvoorbeeld rokke, voorskote, ens sal vertoon word. Ingelegde vrugte, konfyte, gebak, ens sal uitgestal word en selfs kunswerke, alleenlik van die beste, sal vertoon word.

Skoolkonserte.

Volgens die prinsipaal word geen opvoerings van buite op die sendingstasie gehou nie en die skool moet

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die voortou op kulturele gebied neem. Jaarliks word 'n skoolkonsert gehou en die personeel is verantwoordelik vir die organisasie. Die konserte is gewoonlik óf 'n gewyde óf 'n gewone skoolkonsert. Die gewyde skoolkonserte word in die kerk opgevoer en die program sluit in kore en die opvoer van een of ander boeiende Bybelgeskiedenis episode. Origens lewer elke klas 'n item waarvoor die betrokke onderwyser (es) verantwoordelik is.

Gewone konserte word in die skool gehou. Voorheen, voordat die lampe van die kerk in gebruik geneem kon word, moes die konsert reeds vroeg die middag gehou word. In die groot skool dien een klaskamer as kleedkamer, die volgende een as die verhoog en die res van die klaskamers waarvan die afskortings terug gevou is, word as die saal gebruik. Die verhoog is planke wat deur houtstaanders gestut word. Die program van hierdie konserte sluit in liggaamsoefeninge gelewer deur die senior seuns en dogters, danse met musiek begeleiding, voordragte, toneelstukke, ens. Elke leerling kry 'n kans om sy of haar deel by te dra. Die leerlinge moet ook self hul konsertkostuums voorsien, die onderwyseresse help egter met die maak daarvan.

By die gewyde konserte word ses pennies toegang gevra en gewoonlik word 'n bedrag van £6.0.0 ontvang. By die gewone skoolkonserte is die bespreekte plekke, naaste aan die verhoog, 1/6 en die ander plekke 1/-. Soms word tot £20.0.0 ingesamel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ingesamel en hierdie opbrengs word in die kerkkas gestort. Alle finansiële aangeleentheë is in die hande van die bestuurder, en wanneer die skool iets nodig het, wend die leerkragte hul tot die leraar. Deurgaans word gevind dat die ouers alle skoolfunksies ter stywing van die fondse baie goed ondersteun.

Skoolbasaars.

Soos voorheen reeds verwys is by die jaarlikse Paasfees kerkbasaar, het die skool ook 'n basaartafel gehad. In die vervolg gaan die leraar 'n aparte skoolbasaar op 'n latere datum organiseer.

Die Biblioteek.

'n Skoolbiblioteek in die ware sin van die woord bestaan daar nie. Wat wel aangetref word, behalwe die paar geskiedenis handboeke gelaat deur Mevr. Fourie, is 'n paar speurverhale en 'n paar Afrikaanse avontuur romans. Die Engelse boeke is "Arabian Nights" en "Thousand and One Nights", origens word slegs tydskrifte soos The Spotlight, The Sun, The Outspan, Die Jongspan, Die Huisgenoot, Die Naweek en Die Jong Springbok vir die leerlinge beskikbaar gestel. Hierdie tydskrifte word deur die personeel aangekoop en wanneer hulle daarmee klaar is word dit aan die skool oorhandig. Hierdie leesstof moet deur die kinders by die skool gelees word,

aangesien/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangesien hul dit nie na hul huise mag neem nie. Daar is ook geen naslaan materiaal vir die personeel beskikbaar nie.

Die gebrek aan 'n biblioteek is 'n groot leemte by die skool en die behoefte aan 'n gerieflike, goed beligte en rustige leeskamer met boeke om in elkeen se behoeftes te voorsien word sterk gevoel. Die inspekteur van skole het ook 'n verslag aanbeveel dat pogings aangewend behoort te word om 'n groter versameling van boeke vir die biblioteek te kry. Sodra die nuwe skool gebou word, sal daar in hierdie verband voorsiening gemaak kan word, deurdat 'n klaskamer van die groot skool as leeskamer ingerig kan word.

DIE SPAARKLUB.

Daar is 210 leerlinge wat aan die spaarklub behoort. Elke Maandag kan spaargeld aan elke klasonderwyser betaal word, wat weer die totale bedrag, waarvoor seëls uitgereik is, aan die spaarklubonderwyser oorhandig. Die leerlinge word gereeld aangemoedig om te spaar. Geen inligting met betrekking tot die reeds gespaarde bedrag was beskikbaar nie.

DIE VOEDINGSKEMA.

Vanaf ongeveer 1936 is melk by die skool voorsien en sedert 1945 is met die voedingskema begin. Aanvanklik is die voedsel buite in die opelug voorberei. Een van die

onderwysers/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderwysers van die skoolgeboue in die dorp het begin om voedsel in die agterplaas van die erf te kook en tydens eerwaarde Fourie se leraarskap is die sopkombuis aan die agterkant van die skool opgerig.

Daar word nie volgens 'n vasgestelde spyskaart voedsel voorberei nie, dit wissel ooreenkomstig die seisoene. Gedurende die winter word sop verskaf. Drie keer per week naamlik Maandae, Woensdae en Vrydae word sop voorsien. 'n Bietjie van die sop moet eers deur die leraar of die "Juffrou" gekeur word alvorens dit vir die kinders beskikbaar gestel mag word. Dinsdae en Donderdae word brood en konfyt gegee. Gedurende die somer word vrugte asook brood en konfyt verskaf. Selfs droë-, gesuikerde vrugte en grondboontjies word ook aan die leerlinge uitgedeel. Twee vrouens berei die voedsel voor.

Die skool maak gebruik van die subsidie van die skoolvoedingskema van die staat wat twee pennies per kind per dag bedra. Elke kwartaal ontvang die skool dus £176 waarmee die rekenings van die voedingskema vereffen kan word. Die twee kokke ontvang elkeen 1/- per dag. Voorheen het die prinsipaal van die skool die geld ontvang en administreer, tans word dit aan die leraar oorhandig wat die geld bank, die rekenings vereffen en 'n finansiële verslag opstel.

Volgens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens eerwaarde Kruger is voedsel voorrade in die verlede nie altyd oordeelkundig aangekoop nie en het heelwat, veral met betrekking tot vars vrugte, vermors geraak. Die leerkragte is dit egter eens dat die voeding-skema van onskatbare waarde vir die leerlinge is.

DIE OPVOEDINGSPEIL VAN DIE VOLWASSE INWONERS.

Die opvoeding van die 422 inwoners, wat reeds die skool verlaat het, word in die volgende tabel aangedui:

TABEL NO. VI.

Die Skoolstanderds van die Volwasse Inwoners.

	Analfabete	Kan lees en skryf	Kan lees.	Sub A	Sub B	Std I	Std II	Std III	Std IV	Std V	Std VI	Std VII	Std X	Totaal
Aantal	100	32	6	6	6	22	35	56	47	39	65	6	2	422
%	23.70	7.58	1.42	1.42	1.42	5.21	8.30	13.27	11.14	9.24	15.40	1.42	.48	100.00

Volgens die tabel is dit duidelik dat die meerderheid van die volwassenes naamlik 23.70% analfabete is terwyl altesaam 9% nie juis sekere skoolstanderds behaal het nie maar wel tot 'n mate kan lees en skryf. Daar is 15.40% /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

15.40% wat die hele primêre kursus voltooi en in Std VI geslaag het, terwyl 50% nie sover as Std VI gekom het nie. Slegs 1.9% het verder as Std VI geleer, waarvan 1.42% sekondêre en .48% hoër onderwys ontvang het.

Wat betref die twee persone, wat in matriek geslaag het, is gevind dat die een 'n getroude vrou op die sendingstasie is, terwyl die ander, 'n man, by 'n fabriek in Kaapstad werksaam is en af en toe na die stasie terugkeer. Die huisvrou was oorspronklik van voornemens om as 'n verpleegster opgelei te word maar moes hiervan afsien weens gesondheidsredes.

Behalwe die verskillende verenigings, soos reeds uiteengesit in die hoofstuk oor Vermaaklikheid en Ontspanning, wat van opvoedkundige waarde is, was daar tot die koms van eerwaarde Kruger geen fasiliteite vir die opvoeding van volwassenes nie. Eerwaarde Kruger is van voornemens om in die leeskamer, wat reeds voorheen in hierdie hoofstuk bespreek is, leesstof vir die inwoners beskikbaar te stel. Hierdeur kan die inwoners inligting omtrent sake waarin hulle belangstel byvoorbeeld landbou, moederkunde, ens verkry.

Mevr. Kruger het reeds begin met 'n skryf- en leesklas vir analfabete maar dit staan alle ander swak lesers en skrywers vry om ook by die klas aan te sluit. Hierdie

klas/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

klas duur een uur per week. Die klas dien as aanvulling by die Christelike Sustersbond met die oog daarop om lede te trek en terselfdertyd ook om die opvoedingspeil van die volwassenes te verhoog. Mevrou Kruger beweer dat sodra die analfabete van die bestaan van die klas meegedeel word asook dat alle vooraanstaandes hierby aansluit, is hulle dadelik gereed om na die klas te kom. Hierdie klas word dan ook baie getrou bygewoon en vordering geskied bo verwagting.

DIE INVLOED VAN DIE SKOOL OP DIE SAMELEWING.

Die samelewing beskou die skool as die plek waar hul kinders onderrig ontvang en vir die lewe voorberei word. Vir sommige ouers is skoolopleiding egter nie sodanig 'n ideaal waarna gestreef word as wat dit 'n saak van roetine is nie. Vir ander weer, soos reeds voorheen gemeld, maak die mate van opleiding nie sodanig saak nie aangesien dit by hul as hoofsaak dien dat die kinders so gou as moontlik moet gaan werk om die gesinsinkomste aan te vul. Die invloed van die personeel word aan bande gelê as gevolg van die feit dat hulle en die res van die samelewing op aparte terrein beweeg en nie veel gemeenskap met mekaar het nie.

Nieteenstaande hierdie faktore oefen die skool

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en skoolaangeleenthede tog 'n invloed op die samelewing uit. Die huishouding van die gesinne word gereël ooreenkomstig die skoolure, die kinders moet gereed gemaak word om na die skool te gaan, ens sodat daar tog in terme van die skool gedink word. As gevolg van die aanwesigheid van die skool het die gemeenskap die voorreg om onderrig te ontvang en kan 'n goeie gemiddelde opvoedingspeil bereik word. Die personeel het nou wel nie die gewensde persoonlike kontak met die ouers nie, maar bereik hul tog deurdat hul skoolfunksies byvoorbeeld sport, konserte, tentoonstellings, ens organiseer. Die leerkragte lewer hierdeur waardevolle dienste op kulturele gebied. Hierdie funksies word besonder goed deur die ouers ondersteun, gevolglik word die hele gemeenskap bereik en opgevoed.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V11

DIE EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE.

Die werk en werksomstandighede wat 'n gemeenskap bied, bepaal hoofsaaklik die ekonomiese omstandighede van die inwoners van daardie gemeenskap. Afgesien van die feit dat Saron uitgebreide landbougronde het en ten spyte van die algemene opvatting dat die meeste inwoners op sendingstasies 'n bestaan uit landbou sal maak, word gevind dat die meerderheid van die inwoners van Saron hul eintlike bron van inkomste vind deur op plase in die distrik en elders, asook op naburige dorpe, te gaan werk. Soos in alle gemeenskappe, is daar ook nog 'n aantal klerklike en professionele werkers asook persone wat werk van 'n halfgeskoolde aard verrig.

Voordat 'n uiteensetting van die inkomste en soorte beroepe van die inwoners op die sendingstasie volg, word die mate van grondbesit en die voorregte hieraan verbonde, wat terselfdertyd dien as aanduiding van die finansiële vermoë van die inwoners, uiteengesit waarna faktore soos die vrugbaarheid en klimaat wat 'n belangrike rol in verband met die boerderybedryf speel, behandel word.

GRONDBESIT MET TOEGEKENDE VOORREGTE.

Die 102 erfhouers in die ondersoek was nie almal besitters/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besitters van hul erwe nie. In die volgende tabel word nie alleen die aantal kopers, pagters en bywoners aangedui nie, maar ook die aantal erwe waaroor hulle beskik.

TABEL NO. V11,

Die Kopers, Pagters en Bywoners met die aantal Erwe uit 102 Erfhouers.

	Kopers	Pagters	Bywoners	Erwe	%
	57	-	-	1(57)	55.89
	9	-	-	2(18)	8.82
	3	-	-	3(9)	2.94
	-	28	-	1(28)	27.45
	-	-	5	1 (5)	4.90
Totaal	69	28	5	119	100.00

Bostaande tabel dui aan dat 69 (67.65%) van die 102 erfhouers, waarvan 57 (55.89%) met betrekking tot een, 9 (8.82%) in verband met twee en 3 (2.94%) in verband met drie erwe kooptransaksies met die Rynse Sendinggenootskap aangegaan het. Tydens die ondersoek was kaart en transport slegs vir 28 van hierdie erwe uitgereik, wat nou die eiendom van die erfhouers is, terwyl op die ander erwe nog afbetaal word. Sodra die afbetalings klaar is, word hierdie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie erwe ook die eiendom van die erfhouers. Volgens hierdie tabel is 28 (27.45%) van die erfhouers pagters en 5 (4.90%) is bywoners. Hierdie 33 erfhouers betaal dus huurgelde, eersgenoemde aan die Genootskap en laasgenoemde aan ander erfhouers, en het nog geen onderhandelinge met betrekking tot die koop van hulle erwe aangegaan nie. Die tabel dui ook aan dat 12 van die erfhouers oor meer as een erf beskik. Hierdie erwe is nie noodwendig langs mekaar geleë nie, en word meestal deur bywoners gehuur of deur getroude kinders bewoon.

Soos reeds voorheen in die hoofstuk oor die Bestuur van die Sendingstasie gemeld, is daar in 1931 besluit dat die erwe voortaan aan die inwoners verkoop sal word. Sedertdien word geen erwe aan nuwe aansoekers volgens die pagstelsel toegeken nie, en sal hierdie stelsel met verloop van jare verdwyn.

Die grootte van die erwe is baie verskillend en sluit in groot of „heel" erwe, klein of „halwe" en driekwart erwe. Die meerderheid van die 102 erfhouers naamlik 73 (71.57%) het „heel" erwe bewoon. Die grootte van hierdie erwe is ook verskillend maar word gemiddeld op ongeveer 15,000 tot 16,000 vkt voet gestel. Daar is gevind dat 19 of 18.63% „halwe" erwe bewoon het. Die grootte van hierdie erwe varieer ook, maar word min of meer teen die helfte van die oppervlakte van „heel" erf bereken.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie erwe het ontstaan omdat daar by die uitdeling van die erwe in 'n bepaalde blok 'n stuk grond oorgeskiet het. Origens is dit te wyte aan die feit dat 'n paar gesinne verkies het om kleiner erwe te ontvang, sodat hul naby mekaar kon woon. Slegs 10 (9,80%) van die erfhouers het erwe bewoon, wat ongeveer driekwart van die oppervlakte van 'n "heel" erf beslaan.

By benadering word die koopprys van die erwe teen 'n min of meer vasgestelde skaal takseer, naamlik 10,000 vkt voet word teen ongeveer £20 en 15,000 vkt voet teen £27.10.0 verkoop. Die prys van die erf varieer dus ooreenkomstig die grootte daarvan. Volgens genoemde skaal betaal die meeste van die kopers tussen £25 en £40 per erf plus hul transportonkoste wat ongeveer £10 bedra. Hierdie koopprys is uitsluitlik dié van die erfgrond aangesien die kopers van tans, wat eertyds almal pagters was en byna vanselfsprekend ook die besitters van hul huise is, net die grond van die Rynse Sendinggenootskap koop. Indien die huis nie die koper se eiendom is nie word dit by die koopprys gevoeg.

By die verkoop van' n erf word £5 wel af en toe deponeer, en gaan van die koopsom af, maar dit is nie 'n vereiste nie. Die betaal van die koopsom geskied kontant of in maandelikse paaiemente. By die aangaan van die kooptransaksie/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kooptransaksie teken die koper om 'n maandelikse paaiement met 5/- as minimum tot £1 te betaal. Nagenoeg een derde van die kopers steur hul gladnie aan hierdie ooreenkoms nie. Gestel 'n persoon, besig om te koop, het baie agterweë gebly met die betaal van sy koopskuld, bereken eerwaarde Hendrich en die Buiteraad die tydperk wat verloop het, en die bedrag van die koopsom wat sedertdien betaal is. As hierdie som gelykstaan aan die pagsom van een jaar, word die koper aangesê om indien verbetering van afbetaling nie intree nie, Saron te verlaat. Volgens eerwaarde Hendrich het 'n paar van die kopers selfs binne bestek van 'n jaar alle koopskuld vereffen, terwyl enkeles die koopsom kontant betaal het.

Aan die erwe is daar ook voorregte verbonde, soos reeds in die hoofstuk oor die Bestuur van die Sendingstasie uiteengesit is. Hiervolgens is die erfhouers geregtig om aansoek by die administrateur, eerwaarde Hendrich, om doltuine en/of saailande te doen. Volgens kontrak het bywoners en pagters van halwe erwe geen reg op saailande nie maar dit word hul nooit geweier nie. By vertoon van 'n verlofbrief, uitgereik deur eerwaarde Hendrich, steek die betrokke Buiteraadslid 'n doltuin vir die erfhouer af. Vir die uitmeet van die doltuine, so groot as wat die

aansoeker/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aansoeker verkies, moet 1/- aan die Buiteraadslid betaal word. Aan die administrasie word 'n jaarlikse huur van 6/- vir 'n doltuin met die basiese grootte van 30 tree by 50 tree betaal. Meer as een doltuin kan gehuur word. Indien 'n doltuin bewerker met sy jaarlikse huurgelde agter raak kan hy verlof kry om die skuld deur middel van die lewering van goedere te betaal. Hierdie vergunning word slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan.

In verband met die toekenning van 'n saailand word dieselfde prosedure gevolg. Geen beperking word gelê op die grootte van die saailande wat toegeken word nie. Sodra die erfhouer klaar gesaai het, moet hy die hoeveelheid wat hy uitgesaai het aan eerwaarde Hendrich rapporteer. Na die oes word die helfte van hierdie uitgesaaide saad aan die administrateur oorhandig. Vandat eerwaarde Hendrich op Worcester woonagtig is, word die waarde van die saad in kontant betaal, voorheen is die saad gelewer.

KLIMAATSTOESTANDE EN VRUGBAARHEID VAN DIE GROND.

Die klimaatstoestande van die sendingstasie is gematig en gunstig. Saron is geleë in die winterreënval streek en het oor die algemeen droë somers. Die bergwind gedurende die lente en somermaande verrig soms aansienlike skade aan die gesaaides en tuinery, terwyl die ryp in die winter ook skade veroorsaak.

Saron/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Saron beskik oor uitgebreide gronde, van gemiddelde opbrengs gehalte, wat bestaan uit die erfgronde in die dorpsgebied en die doltuingronde en die saailande wat op Saron meent geleë is. Hierdie onderskeie dele word op die sketskaart aangedui. Vanaf die "Reserved Area" aan die bopunt tot onderkant Langstraat in die omgewing van Weber- en Külpmannstraat het die dorpsgronde 'n geleidelike helling wat nie so erg is dat die grond spoel nie. Vanaf hierdie strate is die grondoppervlakte gelyk wat ook geld vir die doltuine aan die onderkant van die dorpsgronde. Die saailande aan die weste van die stasie is gelykliggend terwyl dié aan die suide, wat strek vanaf die voet van Saron berg aan die ooste tot teen aan die hoofweg tussen Gouda en Porterville, meestal uit bulte en koppe bestaan. Die deel, meeste aan die pad, is gelyk.

Die erfgronde is van 'n vlak en gruiserige gehalte wat nat en koud gedurende die winter word. Gedurende die somer is die grond warm en droog en moet van besproeiing gebruik gemaak word. Die landerye is van 'n leiklip tipe en die grond is vlak en skraal. Die sanderige gedeeltes van die saailande is swakker as die gruiserige gedeeltes. Die beste saailande is aan die suidekant van die stasie geleë. Die doltuingronde wat 'n oppervlakte gelyk aan ongeveer een derde van die dorpsgronde beslaan, geniet

voorkeur/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorkeur bo die erfgronde. Dit is omdat hierdie grond sanderig en van 'n losgrond tipe is. Dit is dus baie dieper, vrugbaarder en warmer in die winter. Dit is ook vogtiger gedurende die somer. Gedurende die wintermaande is die doltuine nat en word vore vir sugslote gegrawe om sodoende die oortollige waters te dreineer. Gedurende die somer het die doltuine geen waterleibeurte soos wat die erfgronde het nie. Alhoewel die grond klam is, is besproeiing tog nodig en gebeur dit heel dikwels dat snags op onwettige wyse water uit die hoof watervoor na die sendingstasie afgekeer word om die doltuine nat te lei, soos trouens ook met betrekking tot watervoorsiening in die hoofstuk oor die Gesondheidstoestande aangedui is.

DIE INKOMSTE EN VERDIENMOONTLIKHEDE OP DIE SENDINGSTASIE.

Deur middel van onderstaande tabel volg 'n uiteensetting van die soorte beroepe van die mans en sommige van die vrouens op die sendingstasie.

TABEL/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. VIII.

Beroepe van Inwoners van Saron.

Beroep	Tipe van Werk	Mans	Vrouens
Landbouers	Gemeng(Tuin en Saai)	63	-
Loonarbeid	Voltyds	116	55
	Deeltyds	143	205
Ambagswerk	Skoenmaker	5	
	Skilder	3	
	Messelaar	2	
	Skrynwerk	2	
	Dekker	2	
	Smidswerk	1	
	Blikslaer	1	
Klerklike en Professionele Werk.	Winkelwerk	7	4
	Onderwys	4	3
	Kafeewerk	-	4
Sakemanne	Winkel en Slaghuis eienaar	2	
	Kafee eienaar	2	

LANDBOUERS.

Op die sendingstasie word daar nie net een vertakking van die landboubedryf aangetref nie aangesien die landbouers, hoofsaaklik tuinboere, ook tot 'n geringe mate

saaiboerdery/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

saaiboerdery beoefen. In verband met laasgenoemde is gevind dat nie 'n enkele erfhouer 'n uitsluitlike bestaan van die gesaaides maak nie, die opbrengste dien hoofsaaklik as aanvulling van dié wat van tuinbou verkry word.

Daar is 28 getroudes onder die 63 landbouers aangetref en 37 was erfhouers. Dit is gevind dat 30 (81.08%) van hierdie 37 gesinne nie uitsluitlik 'n bestaan uit landbou gemaak het nie, maar die inkomste van hierdie gesinne is deur middel van die verdienste van seuns en/of dogters buite Saron werksaam aangevul. Slegs 7 (18.92%) van hierdie 37 gesinne het 'n uitsluitlike bestaan deur middel van landbou, dit wil sê tuinery en saaiery gemaak.

Die Tuinboere.

Tuinbou kan op die erf- sowel as doltuingronde beoefen word. Elke erf op die stasie word bewerk, sommige op kleiner skaal as ander, maar dit is gevind dat nie alle erfhouers doltuine huur nie. Die grootte van die erwe sowel as die doltuine, waarvan daar altesaam 250 op die sendingstasie is, is reeds vroeër in die hoofstuk uiteengesit.

Uitgesonderd dié deel van die erf wat deur die woonhuis in beslag geneem word, kan die hele oppervlakte daarvan bewerk word. Soos reeds in die hoofstuk oor die behuising vermeld,/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vermeld, word mooi en goedversorgde blomtuine meestal aan die voorkant van die erwe aangetref. Enige blomsoort word geplant maar voorkeur word verleen aan angeliere, rose, malvas, asters, vygies en varings. Die paar vrugtebome wat ook op die erfgronde aangetref word, is peer-, pruim-, koejawels-, appelkoos-, perske-, appel- en vyebome. Piesangbome is volop. Ander bome soos jakaranda-, bougainvilla-, katjiepiering-, populier-, sipres-, bamboes-, en eikebome groei welig alhoewel dit meestal nie op groot skaal aangetref word nie.

Die tuinmakery geskied hoofsaaklik gedurende die somer- en herfsmaande aangesien die grond gedurende die winter baie nat is. Die neiging by die tuinboere is om die saad wat onder die grond dra met die afgaan van die maan en die wat bo die grond dra met die groei van die maan te plant. Daar is byna elke oomblik van die dag een of ander op die tuingronde werksaam en dit is gevind dat die tuingronde so netjies as moontlik gehou word. Tog is dit duidelik dat in vergelyking met die doeltreffende moderne maniere van grondbewerking dié tuinboere nie aan die vereiste standaard voldoen nie. Die tuinboere is nie in staat om met hul ontoereikende plaasgereedskap, wat uit weggeslete grawe, vurke en skoffels bestaan, die grond na behore voor te berei en deeglik om te werk nie. Ook is

aangevoer/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangevoer dat die hoeveelheid stal- en kraalmis, aangevul deur kalkghwano, hoendermis, as van die vuurherde en huishoudelike afvalprodukte, wat in die tuingrond gewerk word, nie voldoende is nie, en geen reserwekrag kan opgebou word nie.

Die belangrikste tuingewasse is uie, patats, aardappels, kool, pampoen en boontjies. Hierbenewens word die fynere groentesoorte soos geelwortels, beet, raap, ens op veel kleiner skaal vir eie gebruik verbou. Volgens onderhoude blyk dit dat die inwoners van die stasie vroeër baie meer uie geplant het, aangesien hierdie produk baie goed beantwoord. Hulle het tot in die Swartland daarmee gesmous. Vandag is die posisie anders, deurdat die boere meestal self hierdie produkte produseer, en is hierdie afset gebied gevolglik nie meer beskikbaar nie. Hierby kom nog die feit dat die markpryse aan groot skommelinge blootgestel is.

Volgens die tuinboere is die algemene opbrengs van die groentesoorte wat verbou word bevredigend, alhoewel dit grotendeels afhang van die mate van grondbewerking en bemesting, ook of dit deur die wind verniel word en of die rondloper vee of hoenders dit nie oornag afvreet nie. Origens word veel skade ook deur die mierluise en winterryp aangerig. Die enkele koejawel-, peer-, appelkoos- en

pruimbome/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

pruimbome wat op die erfgronde aangetref is, aard baie goed terwyl die opbrengs van die perske- en vyebome heelwat swakker is. Die druiwe veral hanepoot en tafeldruiwe wat in klein hoeveelhede hoofsaaklik priële aangetref word, aard besonder goed.

Aangesien tuinmaak hoofsaaklik baseer word op voorsiening in huishoudelike behoeftes om sodoende die uitgawe aan voedsel te besnoei, is daar gevolglik nie veel tuinprodukte wat verkoop of bemark kan word nie. Die uie- patat- en aardappeloeste lewer die grootste bron van inkomste van al die tuingewasse. Hierdie produkte word met die vragmotor, wat die pos van Gouda na Saron bring, of met vragmotors wat aan inwoners van die sendingstasie behoort,[1] na Gouda stasie vervoer vanwaar dit met die trein na die mark in Kaapstad versend word. Die tuinboere tref self alle reëlings hieraan verbonde.

Volgens onderhoude wissel die hoeveelheid uie wat deur 'n produsent na die mark gestuur word van 8 tot 17 sak en patats en aardappels van 5 tot 12 sak respektieflik per oes dit wil sê ongeveer twee maal per jaar. Die pryse wat behaal word, is baie wisselvallig en is,

soos/.....

---

1) Sien hoofstuk oor Vermaaklikheid en Ontspanning.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos reeds gemeld afhanklik van die stand van die mark. Ander afsetgebiede behalwe die Kaapse mark word gevind deurdat die ui, patats of aardappels verkoop word aan die boere van die omliggende plase, aan die Naturelle wat by die aangrensende plaas, de Hoek, werk aan die blanke handelaar op die sendingstasie en aan die inwoners van Saron self. Die boere en handelaar betaal per sak volgens die heersende markpryse. Die inwoners van Saron en die Naturelle betaal 2/6 tot 3/6 per paraffien blik. Dit is egter die produseerders van klein hoeveelhede, te min vir bemarking, wat hulle produkte op hierdie wyse van die hand sit. Sommige tuinboere verkoop hul ander groentesoorte soos kool, bees, geelwortels, ens hoofsaaklik aan die blankes, kafee-eienaars en ander Kleurlinge op die sendingstasie. 'n Groot hoeveelheid groente word ook gratis aan vriende en verwante in Kaapstad gestuur.

Uitgesonderd een tuinboer is die tuinery hoofsaaklik op klein skaal. Dit is besonder moeilik om die gemiddelde inkomste van die tuinboere vas te stel. Nogtans kan verklaar word dat gesinne, wat hul uitsluitlik op tuinbou toelê 'n bestaan, alhoewel armoedig, kan maak. Aan die ander kant dien die tuinery vir dié gesinne, waar die kindere elders werksaam is, as 'n belangrike aanvulling tot die totale inkomste.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die volgende gevalle kan dien as voorbeelde van die finansiële omstandighede van 'n paar tuinboere. Soos sal blyk, word die inkomste meestal op verskillende maniere aangevul.

Geval A. Die gesin bestaan uit 'n weduwee, met haar seun en drie kleinkinders van skoolgaande ouderdom. Die seun, bewerk die erf en 'n doltuin. Die moeder pag hierdie driekwart erf. Van die tuinprodukte, behalwe vir eie gebruik, word ook plaaslik van die hand gesit en lewer gemiddeld ongeveer £1.10.0 tot £2 per maand aan kontant. Behalwe hierdie opbrengs en die ouderdomspensioen van £1.15.0 per maand het hierdie gesin geen verdere inkomstes nie en word 'n baie armoedige bestaan gevoer.

Geval B. Hierdie gesin bestaan uit 'n weduwee, twee seuns en vier kleinkinders. Laasgenoemdes is van skoolgaande ouderdom. Die oudste seun, as gesinshoof, word deur sy broer gehelp om die erfgrond, drie doltuine en 'n saailand te bewerk. In die tuine word groente vir eie gebruik gekweek asook aardappels en uiwe vir die mark. Die totale inkomste verkry van die laaste twee produkte is ongeveer £30 per jaar (dit wil sê as die markpryse taamlik gunstig is). Die saaiery is vir eie gebruik. Origens word die lewenskoste laag gehou deur varke te verkoop en eiers vir kruideniersware uit te ruil. Nogtans voer die gesin 'n sukkel bestaan.

Geval C. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en vyf kinders (vier seuns en 'n dogter). Die twee jongste kinders is nog nie in die skool nie. Die vader bewerk sy erfgrond, twee doltuine en 'n saailand. Die twee oudste seuns is albei buite die stasie werksaam, die een by die saagmeule op de Hoek, en hy kom elke aand huis-toe terwyl die ander 'n plaasarbeider in Tulbagh, elke naweek huis-toe kom. Gesamentlik verdien hierdie twee seuns ongeveer £20 per maand. Gedurende ertjie en

vrugtetye/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vrugtetye gaan die vader en moeder soms op die plase werk. Genoemde inkomste tesame met die opbrengs van die tuingronde, ongeveer £2 tot £3 per maand en die saailand, vir eie huishoudelike gebruik, is die gesin in staat om 'n goeie bestaan te voer.

Geval D. Die gesin bestaan uit die ouerpaar, sewe kinders, waarvan drie die skool bywoon en twee nog tuis is, en 'n inwonende grootmoeder. Die vader is tuis en bewerk die erfgrond en twee doltuine. Die inkomste van die gesin word grotendeels bepaal deur die verdienste van die kinders, terwyl die tuinopbrengs behalwe vir eie gebruik, meestal op £3.0.0 per maand bereken word. Die oudste seun is as plaasarbeider by 'n omliggende plaas werksaam en verdien ongeveer £8 per maand waarvan hy die volle som tot die gesinsinkomste bydra. Die oudste dogter is in die Paarl in huisdiens en verdien £5.10.0 per maand waarvan sy £2.0.0 aan die gesin stuur. Die grootmoeder van die gesin ontvang 'n ouderdomspensioen van £1.15.0 per maand. Hierdie gesin voer 'n redelike bestaan.

Geval E. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n vooruitstrewende tuinboer, die enigste op die sendingstasie wat tuinbou op grootskaal toepas. Die gesin bestaan uit die vader, 'n wewenaar, en vier kinders. Die drie seuns is op skool en die sestienjarige dogter is vir die huishouding verantwoordelik. Behalwe die erfgrond bewerk die vader sewe doltuine en twee saailande. Die tuine word besonder goed bewerk en bemes. Gedurende plant- en oestye huur hy 'n paar arbeiders teen 2/6 per dag plus voedsel. Wanneer die markpryse goed is, is die jaarlikse inkomste van £380 -£400. Hierdie gesin het 'n betreklike hoë lewenstandaard en voer 'n goeie bestaan.

Die Graanboere.

Soos reeds gemeld geskied die verbouing van graan

op/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op besonder klein skaal en die meeste erfhouers het geen saailande nie. Dit is gevind dat 22 van die 37 erfhouers onder die 63 landbouers, behalwe hul tuingronde 27 saailande bewerk het. Die grootte van 'n saailand is gelyk aan die oppervlakte waarop een mud saad gesaai word. Nie een van die erfhouers het uitsluitlik op saaiery gekonsentreer nie, en verbouing geskied met die oog op voorsiening in eie huishoudelike behoeftes sowel as vir saad en saairegte. Geen graanprodukte is dus vir bemarking beskikbaar nie.

Alhoewel daar volgens onderhoude beweer word dat daar vroeër jare op groot skaal op Saron gesaai is, word daar ook aangevoer dat nie alleen die hoeveelheid graan wat jaarliks verbou word verminder nie maar dat ook die aantal saaiers, wat jaarliks om saailande aansoek doen, in getalle afneem. Selfs die saaiers wat nog aansoek doen, is nie juis geneë om meer as een saailand te bewerk nie. Baie saailande wat vroeër bewerk was, vorm nou deel van die weiveld en is met bossies begroei. Die redes wat vir die agteruitgang aangevoer word is soos volg:

(1) Die ou gevestigde saaiers sterf uit, bejaardes word oud en is te swak om die saaiery na behore te behartig. Die jonger geslagte verkies liewers om as loonarbeiders

by/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

by die omliggende plase en dorpe en in stede te gaan werk, eerder as om op die stasie self uit die graanboerdery 'n karige bestaan te voer.

(2) Die hoeveelheid kunsmisstowwe word volgens 'n bepaalde kwota toegeken en die Kleurlinge kan dus baie min in die hande kry. Dit is ook baie duur, en feitlik onkoopbaar vir die Kleurlinge wat nie die nodige kapitaal beskikbaar het nie.

(3) Die sakke is skaars en duur.

(4) Die inwoners beweer dat die saaiery weens die swak graanpryse nie betalend is nie, en dit word gevind dat die landbouers geleidelik al hoe meer op tuinbou konsentreer, Die bewerking van die tuinery is makliker en die produseerders het groter sekerheid omtrent die oes opbrengs.

Die belangrikste graangewasse wat verbou word, is koring, hawer en rog. Gars word deur enkeles gesaai. Die hoeveelhede wat verbou word varieer van jaar tot jaar. By benadering het die 22 erfhouers, wat 27 saailande bewerk het, gemiddeld driekwart sak koring, 'n kwart sak hawer en 'n half sak rog gesaai. Die oorgrote meerderheid van die saaiers gebruik die saad wat hulle self gewen het. Enkeles verkry dit deur die plaaslike blanke winkelier van die Graanboere Koöperatiewe Vereniging op 'n naburige dorp, terwyl ander saad van die boere op die omliggende plase koop.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die rede waarom meer koring gesaai word, alhoewel hawer met minder bemesting kan klaarkom en meer bestand teen droogte of ryp is, is omdat brood die hoofbestanddeel van die maaltye van die Kleurlinge op die stasie uitmaak. Die plaaslike blanke handelaar besit 'n meul, wat op die sketskaart aangedui word, sodat die koring op die stasie gemaal kan word. Rog word die tweede meeste verbou omdat die strooi vir die dek van dakke gebruik word. Koringskiet gemiddeld van sewe tot nege sak per sak. Hawer is egter 'n bietjie hoër naamlik van tien tot twaalf sak terwyl rog van sewe tot agt sakke oplewer. Dit vergelyk swak met die gemiddelde opbrengs per sak van koring, hawer en rog in die omgewing van Porterville wat gewoonlik 25, 30 en 25 respektieflik is. Die Kleurlinge beweer dat aangesien hul nie so 'n hoë kwota kunsmisstowwe, soos wat die blanke boere ontvang, kan bekom en bekostig nie is hul nie in staat om sulke hoë opbrengste op hul landerye te produseer nie. Verder beweer hulle is hul saailande van 'n gemiddelde opbrengs gehalte en kan dus ook nie sulke goeie oeste oplewer nie.

Die oes opbrengs word origens ook bepaal deur die metode en tyd van grondbewerking, deur grondbemesting en die klimaatsomstandighede. Vir trekvee gebruik die

saaiers/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

saaiers donkies; gevolglik word meestal enkelvoor- in plaas van dubbelvoorploeë gebruik om die grond te braak en om te ploeg. Die lande kan as gevolg van die swak trekvee wat gebruik word nie baie deeglik en diep omgeploeg word nie en alhoewel sommige van die graanboere die waarde van deeglike en oordeelkundige grondbewerking besef, kan daar dus aan hierdie belangrike vereiste vir goeie oeste nie voldoen word nie. Sommige van die saaiers bewerk nie hul saailande volgens 'n bepaalde tyd nie maar wel wanneer hulle die tyd daarvoor vind of hulle wag totdat ander klaar geploeg het sodat hul die trekvee en ploeëns van hierdie saaiers kan huur. Gevolglik word in baie gevalle heeltemal te laat gesaai en kan die saad weens die winterkoue nie ontkiem nie.

Die bepaling van die administrasie dat die saailande aan die weste van die sendingstasie geleë vir drie en dié aan die suide vir twee jaar agtereenvolgens bewerk word, gee die saaigrond tot 'n mate kans om te rus. Die wisselboustelsel, naamlik een jaar koring, een jaar hawer en een jaar braak word deur die meeste van die saaiers beoefen. Hierdie stelsel voorkom dat die gronde aan grootskaalse uitputting blootgestel word. Nogtans is daar sommige boere wat roofbou toepas en die lande jaar na jaar saai. Saaityd geskied gewoonlik vanaf Mei

tot/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tot Juniemaand. Alvorens die grond met die hand gesaai word, word dit geploeg en geëg. Dit is wenslik dat saad van ander saaistreke meer dikwels gebruik word, aangesien produksie hierdeur verhoog sal word.

Kraalmis en ghwano is die vernaamste bemesting wat vir die landerye gebruik word. Volgens onderhoude kan redelike goeie oeste gelewer word as 180 tot 200 sak kraalmis en 5 sak ghwano vir een mud saailand gebruik word. Die feit dat daar inteendeel ongeveer 12 van eersgenoemde en twee en selfs minder van laasgenoemde per saailand gebruik word, dui daarop dat die bemesting onvoldoende is. Hierdie bemesting word ingewerk wanneer die lande omgeploeg word voordat die saad gesaai word. As die lande gebraak word, word geen bemesting gebruik nie.

Weersomstandighede soos reënval, temperatuur en droogte bepaal die mate van siektes, byvoorbeeld roes wat die graan mag kry, wat produksie aansienlik beïnvloed. Die sterk bergwind verrig soms groot skade. Ook groei sekere onkruid soos wildehawer, drabok, ens. onder spesifieke weersomstandighede baie makliker en verminder die opbrengs van die lande. Die skade hierdeur veroorsaak kan aanmerklik verminder word, deurdat die lande geploeg moet word voordat die onkruid reeds saad afgewerp het.

Oestyd strek vanaf Oktober tot ongeveer die begin

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van November. Die oorgrote meerderheid van die lande word met sekels afgesny. Sekels word bo sênse verkies aangesien daar te veel van die graan, wat yl staan, verlore raak. Slegs 'n paar saaiers maak van 'n snymasjien gebruik. Alle roglande word met sekels gesny omdat die strooi, wat vir die dek van dakke gebruik word, ewe lank moet wees.

Vroeër toe die saaiery op groter skaal beoefen is, het van die blanke boere op die omliggende plase snymasjiene aan die inwoners van die stasie verhuur. Vandag is dit iets van die verlede. Net een van die saaiers op die sendingstasie besit 'n snymasjien, wat hy soms aan 'n paar van die ander saaiers teen 'n vasgestelde tarief verhuur,naamlik vir 'n mud koringland moet die huurder van die masjien £2.5.0 betaal en dieselfde geld vir 'n twee mud hawerland. Die volgende redes word aangevoer waarom dat voorkeur aan sekels bo die snymasjien verleen word:

(1) Die snymasjien is al baie oud en dikwels breek dele daarvan, waardeur baie tyd verlore gaan.

(2) Die swak trekvee kan die masjien nie deur die sanderige lande trek nie.

(3) Die graan staan oor die algemeen baie yl en groei ook nie baie hoog nie, gevolglik gaan baie daarvan verlore omdat die gerwe nie behoorlik deur die masjien

gebind/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gebind kan word nie.

Die graan word op tweëerlei wyse gedors naamlik óf deur 'n dorsmasjien óf deur middel van dorsvloere. Die grootste aantal saaiers maak van die dors- of trapvloere gebruik omdat hul oes opbrengs min is, en dit is nie vir hul voordelig om die dorsmasjien te huur nie. Die paar saaiers wat wel van die dorsmasjien gebruik maak, ry hulle gerwe met donkiekarre en - waens van die land af. Gewoonlik word gesamentlike miedens in die omgewing van die voetbalveld gepak. Ongeveer vier saaiers huur 'n dorsmasjien van 'n blanke boer van 'n omliggende plaas teen £8 per dag. Hierdie groep word verantwoordelik gehou vir die masjien. Alle ander saaiers wat wil laat dors moet by gemelde groep aansoek doen en aan die kassier 2/6 per sak uitgedorste koring en 2/- vir 'n sak hawer betaal. Elke saaier kry sy kaf, wat in sakke gestop en op hul huis solders gebêre word. Die voordele verbonde aan die dorsmasjien is die volgende naamlik:

(1) Geen graankorrels gaan verlore.

(2) Die kaf is baie skoner, terwyl die trapvloere dit vol stof maak.

(3) Die dorsery word baie gouer afgehandel.

Die ligging van die dorsvloere word op die sketskaart aangedui. Daar is ongeveer 15 met 'n gemiddelde grootte

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van 10 jaarts by 10 jaarts. Gewoonlik is drie saaiers die gesamentlike besitters van 'n dorsvloer. Hul doen aansoek by die administrateur en 'n vloer word deur 'n Buiteraadslid vir hul afgesteek. Wanneer een van die besitters sterf word hy deur een van sy seuns opgevolg. Wanneer 'n ander saaier, wat nie 'n besitter van 'n dorsvloer is nie, dit wil gebruik moet hy vanaf 'n halwe tot 'n vol blik saad per trapsel aan die besitters daarvan afstaan. Die gesamentlike besitters is self verantwoordelik vir die omheining van die vloer en die gooi van 'n blad.

Die koring of hawer word in maklik hanteerbare hoeveelhede op die blad oopgegooi. Hierna word dit deur donkies getrap totdat die korrels uitspring en die strooi fyn is. Laasgenoemde word liggies bo-af verwyder en in sakke gegooi. Die saad word uitgewan. Die vloer word skoongemaak en die proses word herhaal. Rog word teen plank-tafels in die trapvloer uitgeslaan aangesien die strooi heel moet bly, omdat dit vir die dek van die dakke gebruik word.

Uitgawes wat betref arbeidskoste in die vorm van lone is niks of baie gering, aangesien die werk gewoonlik deur die vader en seuns verrig word. Die vernaamste uitgawe is die bemestingstowwe en sakke en in sekere

gevalle/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevalle saad. Met weinige uitsonderings speel die inkomste feitlik gelyk met die uitgawes, omdat so 'n klein hoeveelheid gesaai word en die opbrengs swak is.

Die volgende voorbeelde dien as illustrasie van die finansiële omstandighede van die saaiboere. Hieruit is dit ook duidelik dat hierdie boerdery alleenlik net voldoende is om die huishoudelike uitgawes tot 'n mate te verminder.

> Geval A. Die gesin bestaan uit die ouerpaar en drie kinders waarvan twee in die skool is. Die vader bewerk 'n mud saadland waarvan die een helfte met koring en die ander met hawer en rog, gemeng, gesaai word. Die koringopbrengs ongeveer drie sak word vir eie gebruik gehou en die hawer en rog word as vee- en varkvoer gebruik. Gemiddeld vyf varke word per jaar verkoop vir ongeveer £30 - £35, terwyl die opbrengs van die tuine en die weeklikse loon van die seun as die hoofbronne van inkomste dien.

> Geval B. Die gesin bestaan uit die ouerpaar en vyf kinders. Die vader, van die grootste saaiboere op die sendingstasie, saai jaarliks ongeveer 2 sak koring, 1 sak rog en 1 sak hawer vir huishoudelike gebruik en veevoer. Behalwe die saaiery bewerk die vader twee doltuine, die opbrengs waarvan tesame met die weeklikse lone van drie van die kinders as die vernaamste inkomstes gereken word.

DIE LOONARBEIDERS.

Daar is reeds melding gemaak dat loonarbeid die eintlike bron van inkomste vir die inwoners op die sendingstasie is. Die volgende tabel dui aan die aantal loon-

arbeiders,/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

loonarbeiders, voltyds sowel as deeltyds, wat plaaslik en elders werksaam is.

TABEL NO. IX.

Voltydse en Deeltydse Loonarbeiders op Saron en Elders soos aangetref in Julie 1948.

	Voltydse Loonarbeid			Deeltydse Loonarbeid		
Beroep	Tipe Werk[1]	M	V	Tipe Werk	M	V
Loon-arbeiders	Plaaswerk(e)	57		Ertjies pluk(e)	55	85
	Hout- en saag-werk(e)	19		Oes van vrug-te (e)	73	97
	Imperiale Koel kamer (e)	13		Tabak pluk(e)	15	23
	Handlangers (e)	10				
	Fabrieks-werk(e)	7	10			
	Huisdiens (ep)	-	45			
	Ander (ep)	10				
Totaal		116	55	Totaal[2]	143	205

1) e: elders. ep: elders en plaaslik

2) Aangesien sommige Kleurlinge meer as een tipe deeltydse werk doen, is bogenoemde totaal in werklikheid deur 75 mans en 115 vrouens verrig.

Voltydse Loonarbeid.

Plaaswerk: Volgens die tabel is gevind dat 57 van die

116/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

116 voltydse loontrekkers as plaasarbeiders by boere op plase in die omgewing of in ander distrikte werksaam is. Verreweg die meerderheid van die plaasarbeiders is in die distrikte werksaam waar vrugte gekweek word, byvoorbeeld Wellington, Paarl, Stellenbosch, Worcester, Ceres en ook in Tulbagh, Riebeeck Wes en Riebeeck Kasteel. Diegene wat arbeidsaam is op plase in die Porterville en Malmesbury distrikte en selfs tot 'n mate in Riebeeck Wes, Riebeeck Kasteel en Tulbagh is hoofsaaklik met die braak en ploeg van die landerye tydens die winter behulpsaam en gedurende Novembermaand as dit oestyd is. Die tipe plaasarbeid wat op die vrugteplase gedurende die winter verrig word, is die bemesting en bewerking van die grond, die snoei van die vrugtebome en wingerde en die ent van wingerdstokke. Gedurende die somermaande is dit parstyd en is die af oes van vrugte die vernaamste werksaamheid.

Die arbeiders op beide saai- en vrugteplase word per week betaal en die lone wissel van £1.10.0 tot £2.10.0 per week. Geen voedsel word by hierdie loon ingesluit nie. Slegs enkele van die mans op die saaiplase werksaam, word maandeliks betaal. Die maandelikse loon is £1.12.0 plus voedselrantsoene.[2] By die vrugteplase word die dop/.....

2) Dit word in die hoofstuk oor die voeding van die gesinne behandel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dop verskaf, terwyl dit tot 'n mindere mate ook by die saaiplase voorsien word.

Die arbeiders wat op die plase in die nabyheid van die sendingstasie werksaam is, gaan te voet na hul werksplekke, terwyl die mans wat fietse besit dit as vervoermiddel gebruik. Die arbeiders wat werksaam is in ander distrikte word per vragmotor op die sendingstasie deur hulle werkgewers gehaal en na hul werksplekke vervoer. Hierdie arbeiders word weekliks of elke veertien dae vir'n naweek na die sendingstasie teruggeneem. Gedurende die vrugteseisoene word hulle elke drie weke of na 'n maand na die stasie geneem.

Hout- en saagwerk: Daar is 19 mans wat saag- en houtwerk by die saagmeulens op die plaas de Hoek doen. Hierdie lone wissel van £1.7.0 tot £1.16.0 of meer per week na gelang die arbeiders oortyd of nagskofte werk. Die mans lê die ongeveer drie myl te voet af, of gebruik fietse as vervoermiddel. Behalwe as hulle op nagdiens is keer hul saans na die sendingstasie terug.

Imperiale Koelkamer: By die Imperiale Koelkamer, naby Gouda, is daar 13 mans as loonarbeiders werksaam. Die lone wat per week betaal word, wissel van £1.3.0 tot £1.6.0 en selfs tot £2 per week na gelang oortyd gewerk word.

Hierdie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie lone word aangevul deur voedselrantsoene naamlik 2 lbs vleis word Maandae en 5 lbs vleis op Vrydae aan die werknemers oorhandig. Die meeste van hierdie mans kom elke naweek huis toe hetsy per fiets of per vragmotor. Wanneer hulle deur die maatskappy se vragmotor vervoer word moet hulle 2/- vir 'n afstand van 9 myl betaal.

Handlangers: Daar is 10 van die loonarbeiders wat as handlangers werksaam is, te wete 8 in diens by boukontrakteurs op naburige dorpe en 2 by 'n leerlooiery in die omgewing van Halfmanshof. Hierdie mans is dagloners met 'n verdienste van 5/- tot 6/- en selfs 8/-.

Fabrieckswerk: Fabrieckswerk word deur 7 loonarbeiders gedoen naamlik: drie, waarvan twee getroud is, by 'n vrugtefabriek op Wolseley, drie waarvan een getroud is by die bakpoeierfabriek in die Paarl en 'n ongetroude by "n Netting Wire" fabriek in Woodstock. Die mans wat by Wolseley en die Paarl werksaam is kom weekliks of elke twee weke huis-toe, terwyl die een in die Kaap elke twee maande of soms na nog 'n langer tydperk vir 'n naweek na die sendingstasie terugkeer. Hulle lone wissel vanaf £2 tot £4 per week.

Volgens die tabel is 2 ongetroude meisies in Kaapstad asook 8 ongetroudes by naburige dorpe in fabrieksdiens. Hulle verdien van £1.10.0 tot £2.10.0 per week.

Huiswerk/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Huiswerk: Tydens die ondersoek het 45 vrouearbeiders huisdiens gedoen. Slegs 6 van hierdie 45 was moeders van gesinne waarvan een op Saron in die pastorie en een op Gouda werksaam was, terwyl 4 die skole aan die kant moes maak. Die 39 ongetroude meisies het hoofsaaklik in Kaapstad en voorstede asook op die naburige dorpe en plase huisdiens verrig. Die lone van die meisies wissel van £2 tot £5.10.0 per maand, kos en inwoning ingesluit. Die meisies, wat elders werksaam is, kry gewoonlik na verloop van elke drie of ses maande vir 'n paar dae vakansie en die werkgewers reël die vervoer. Die vrouens wat die skole uitwee, ontvang van die Provinsiale Departement van Onderwys vanaf £1.0.0 tot £1.5.10 per maand.

Ander Loonarbeid: Ander loontrekkers, 10 in getal, se werk was soos volg: drie, waarvan twee getroud is, by die Witzenberg Koöperatiewe Wynkelder op Tulbagh met 'n inkomste van £1.6.0 per week, een ongetroude by 'n melkery op Wellington met 'n weeklikse loon van £1.4.0 terwyl vier, waarvan twee getroud is, as huurlinge op die sendingstasie spitwerk doen en wie 5/- per dag met of 2/6 per dag sonder voedsel verdien. En is as meulenaar in diens van die blanke winkelier en word 6/- per dag betaal, terwyl die veewagter 4d. per stuk per maand ontvang of soms word van

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die ramlammers aan hom afgestaan.

Deeltydse Loonarbeid.

Volgens tabel no. 1X is daar meer vroulike as manlike deeltydse loonarbeiders. Dit is omdat van die vrouens en dogters gedurende die ertjie- en vrugteseisoen vir wisselende tydperke saam met die mans gaan wat alreeds as voltydse loonarbeiders op die verskillende plase werksaam is. Die mans, wat deeltydse loonarbeid verrig, is sommige van die landbouers wat as hulle tuinery dit toelaat soms vir 'n paar weke deeltyds werk aanvaar, asook van die bejaarde mans wat alhoewel te swak om die grond te bewerk, tog vir vrugtepak of -droë indiens geneem kan word.

Ertjies Pluk: Daar is jaarliks 140 mans en vroue-arbeiders wat vir drie weke, vanaf die helfte van September tot die begin van Oktober by die omliggende plase en selfs by Malmesbury, Paarl en Wellington met die oes van ertjies behulpsaam is. Die boere kom na Saron en werf soveel arbeiders as wat hulle nodig het of kan kry om te help met die pluk van die ertjies, en betaal 2/- per suikersak. Die verdienste hieraan verbonde hang af van die weer, hoe goed die oes is, hoe vinnig die arbeider(ster) kan pluk en hoeveel van die kleinere seuns en dogters vir hulle help, maar kom op ongeveer £3 per week te staan.

Hierdie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie loonarbeiders word meestal daagliks deur die werkgewers van en na die sendingstasie vervoer.

Oes van Vrugte: Volgens genoemde tabel no. 1X is 73 mans en 97 vrouens met die oes van vrugte gedurende die somermaande op die vrugteplase werksaam. Die mans word soos die voltydse loonarbeiders, per dag gehuur en moet help met die pluk van die vrugte terwyl die vrouens, ouer mans en kinders stukwerk doen en van 1/3 tot 1/9 per stellasie gedroogde en van 1/- tot 1/6 vir 'n kissie gepakte vrugte betaal word. Die arbeiders word gewoonlik weekliks of elke veertien dae deur die werkgewers vervoer.

Tabak Pluk: 'n Geringe aantal van die arbeiders, naamlik 15 mans en 23 vrouens, is met hierdie tipe werk behulpsaam, omdat die werk langsaam en nie vinnig genoeg vorder om so lonend soos die ander deeltydse werk te kan wees nie. Gemiddeld is die inkomste £1.13.6 per week. Hierdie werkers word daagliks heen en terug deur hulle werkgewers vervoer, veral vanaf Ribeeck Kasteel en Ricbeeck Wes.

Die volgende gevalle dien as voorbeelde van die finansiële omstandighede van die loonarbeiders.

> Geval A. Die gesin bestaan uit die ouerpaar en ses kinders (vier kinders van skoolgaande- en twee van voorskoolgaande ouderdom). Die vader is by die saagmeule werksaam en namate hy oortyd werk, verdien hy ongeveer £10 per maand. Behalwe die groente wat op die erfgronde gekweek word en skaars vir huishoudelike gebruik voldoende is, beskik die gesin oor geen/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geen ander inkomste nie. Hierdie gesin leef van die hand na die tand.

Geval B. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en drie kinders waarvan nog net een van skoolgaande ouderdom is. Die vader is behulpsaam in die slaghuis op die sendingstasie en verdien £8 per maand asook 'n weeklikse voedselrantsoen wat uit 7 lbs vleis bestaan. Gedurende die vrugteseisoen werk die moeder en oudste kinders vir een of twee maande op 'n plaas in Tulbagh, en verdien van ongeveer £8 - £16 vir genoemde tydperk terwyl hulle intussen elke naweek na die sendingstasie terugkeer. Hierdie gesin moet spaarsaam leef om 'n redelike bestaan te kan voer.

Geval C. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en vier seuns waarvan twee nog in die skool is. Die vader en tweede oudste seun werk as plaasarbeiders by Riebeeck Wes en verdien gesamentlik ongeveer £16 per maand. Die oudste seun werk by die Imperiale Koelkamer naby Gouda en dra ongeveer £12 per maand tot die inkomste by. Die gesamentlike maandelikse inkomste van £28 word aangevul deurdat die moeder en jonger seuns vir sekere tye van die jaar seisoenwerk doen, asook deur die opbrengs van die erf en doltuin. Jaarliks kry die vader ongeveer £12 van die bamboeslere wat hy in sy vrytyd maak, terwyl die wolopbrengs van ongeveer £12 per jaar ook as aanvulling van die inkomste dien. Die gesin voer 'n baie goeie bestaan.

Geval D. Hierdie gesin bestaan uit die ouerpaar en ses kinders, waarvan die twee jongstes die skool bywoon. Die vader is werksaam by die Witzenberg Koöperatiewe Wynkelder op Tulbagh en verdien ongeveer £5.4.0 per maand. Twee seuns werk by die Imperiale Koelkamer naby Gouda en verdien gesamentlik ongeveer £23 waarvan hulle £16 tot die gesinsinkomste bydra. Een seun by die leerlooiery in die omgewing van Halfmanshof verdien £8.8.0 per maand, en die dogter in die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vrugtefabriek op Wolseley £6 per maand. Eersgenoemde dra £7 en laasgenoemde £3 tot die huishouding by. Die totale inkomste van die vader en kinders beëra maandeliks ongeveer £31.4.0. Die tuinprodukte op die erf en die uitruil van eiers vir kruideniers-ware verlaag die lewenskoste tot 'n mate. Hierdie gesin voer 'n goeie bestaan.

AMBAGSWERK.

Desnieteenstaande die feit dat daar op Saron self nie veel werksgeleenthede vir ambagsmanne is nie, is daar 16 Kleurlingmans in die groep wat in die ondersoek ingesluit is, wat een of ander ambagswerk beoefen. Hierdie mans is egter byna almal afhanklik van werk buite Saron.

Tabel no. VIII dui aan dat daar 5 skoenmakers, 3 skilders, 2 messelaars, 2 skrynwerkers, 2 dekkers, 'n smid en 'n blikslaer aangetref is. Een van die skoenmakers so ook die smid en blikslaer, die enigste op die sendingstasie, is almal op Saron werksaam. Die smid word deur die boere in die omtrek en selfs van die distrik Malmesbury baie goed ondersteun. Die ander vier skoenmakers, is werksaam by 'n skoenmakery by Halfmanshof en verdien 6/- per dag. Die res van hierdie groep werk op die omliggende plase en die naburige dorpe en verdien 10/- tot £1 per dag met of sonder voedsel volgens ooreenkoms.

Die skoenmakers is byna almal van Wüpperthal afkomstig/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

afkomstig en het hul ambag by die skoenfabriek aldaar geleer. Eerwaarde Kruger is ook van voornemens om op Saron 'n uitgebreide skoenmakersbedryf tot stand te bring, en met die oog hierop het hy, tydens die ondersoek reeds, begin om die skoenmakers op die sendingstasie so ver moontlik te organiseer. Hierdie mans kom gedurende hul vrytyd, dit wil sê saans na werk en Saterdagagtermiddae, byeen om skoene te maak of te repareer.

KLERKLIKE EN PROFESSIONELE WERKERS.

Slegs 11 mans en 11 meisies doen werk van 'n klerklike of professionele aard. Die mans is almal op die sendingstasie werksaam waarvan 7 as winkelklerke en 4 as onderwyseresse diens doen. Die inkomste van eergenoemde wissel van £5 tot £12 per maand en dié van laasgenoemde van £20 tot £76.4.0. Vier van die meisies is ook as winkelklerke op die sendingstasie werksaam terwyl 4 as kafeebediendes en 3 as onderwyseresse diens doen. Die inkomste van hierdie winkelklerke en kafee bediendes wissel van £4 tot £9 per maand. Die salarisse van die onderwyseresse varieer vanaf £15.14.0 tot £20.9.2 per maand.

SAKEMANNE.

Soos tabel no. VIII aandui is daar twee winkel-

eienaars/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

winkel-eienaars in die groep, wat in die ondersoek ingesluit is, aangetref. Hierdie winkels is geleë op die erwe, gemerk W2 en W3 op die sketskaart, en is onderskeidelik in 1900 en 1948 opgerig. Albei is die besitters van hul erwe. Een van die winkeliers word gehelp deur sy twee broers, wat ook 'n aandeel in die besigheid het. Die winkel-eienaar op die erf, gemerk W3, het ook 'n slaghuis. Van die twee Kleurling winkels doen hierdie winkel, alhoewel nog maar onlangs opgerig, die beste besigheid.

Behalwe hierdie twee winkels is daar nog 'n winkel, gemerk W1, wat op die "Reserved Area" geleë is. Hierdie winkel wat aan 'n blanke winkelier behoort, bestaan vanaf die stigting van die sendingstasie en was vir die eerste 20 jaar bekend as die "Mission Store", wat deur blankes namens die Rynse Sendinggenootskap bestuur is. Ongeveer 70 jaar gelede het die vader van die blanke winkelier die gebou van die Rynse Sendinggenootskap gehuur, en het terselfdertyd die besigheid oorgeneem. In 1935 het sy seun die eienaar daarvan geword. Hierdie winkel, onder beheer van 'n blanke bestuurder dryf die grootste besigheid van al die winkels op die sendingstasie. Al drie hierdie winkels doen hul besigheid hoofsaaklik binne die grense

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die sendingstasie. Die blankes van die naburige plase kom dikwels vir inkopies na die stasie maar gaan meestal na die blanke winkelier. Onder die klandisie van hierdie winkels is ook Kleurlinge van die naburige plase.

Op die sendingstasie mag daar in geheel nie meer as drie algemene handelaars wees nie. Die Rynse Sendinggenootskap heg derhalwe slegs goedkeuring aan die bestaan van die blanke en die twee Kleurling besighede op die sendingstasie.

Afgesien van die winkels is daar ook nog drie Kleurling kafees op die sendingstasie waarvan twee onder die groep, wat in die ondersoek ingesluit is, ressorteer. Daar is geen beperkings met betrekking tot die aantal kafees wat op Saron mag opgerig word nie. Alvorens 'n kafee opgerig mag word moet eerwaarde Hendrich eers in kennis gestel word. Eerwaarde Hendrich, in oorleg met die Buiteraad, magtig die oprigting en keur ook die standplaas goed. Op derglike wyse word kontrole uitgeoefen sodat niemand somaar na willekeur 'n kafee kan oprig nie. Hierna moet die persoon aansoek om 'n lisensie by die Afdelingsraad van Tulbagh doen en die Gesondheidsinspekteur van genoemde raad moet eers sy goedkeuring aan die plan van die gebou heg.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kafees verkoop vrugte, groente, koeldranke, lekkergoed, brood, sigarette en tabak. Die brood word twee maal per week by die kafees per vragmotors, vanaf die bakkery op Gouda, afgelewer. Die kafees het ook 'n uitgebreide vishandel. Spesiale viskamers waar die vis gebêre word, is naby die kafees opgerig. Heel snoeke, snoekmootjies, misbankers, harders en bokkoms word verkoop. Die visvoorraad word verkry vanaf Sladanahbaai en van 'n vishandelaar in Tulbagh. Van die boere van die omliggende plase kry hul visvoorraad by hierdie kafees.

Die volgende is 'n voorbeeld van die finansiële omstandighede van 'n kafee-eienaar op die sendingstasie.

> Geval A. Die gesin bestaan uit die ouerpaar en ses kinders, waarvan die jongste twee nog die skool bywoon. Die drie dogters is hul vader in die kafee behulpsaam en die seun werk by 'n fabriek in Woodstock. Die kafee, 'n enkel vertrek, is langsaan die woonhuis waarmee dit deur middel van 'n luik verbind is, geleë. Die vertrek is voorsien van 'n hout toonbank en - rakke waarop die verkoopware netjies uitgestal word. Geen tafels is beskikbaar en die lekkergoed en koeldranke word by die toonbank gekoop en al staande of buitekant geniet. Langsaan die kafee is die viskamer waar die vis in sementkuipe gestoor word. Volgens die eienaar word hy baie goed ondersteun deur die inwoners van die sendingstasie, en die aanvraag na vis is veral besonder groot. Laasgenoemde word ook aan die blankes in die omgewing van die stasie verkoop, en baie van die boere plaas hulle/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle bestelling per telefoon.

Afgesien van die kafee en vishandel, dryf hierdie eienaar ook op verskeie ander maniere besigheid. Hy is onder ander ook 'n karweier wat passasiers en goedere met sy vragmotor vervoer. Die vervoer van goedere word bereken teen 9d. per 100 lbs en 7/6 per 1,000 lbs. Vir passasiers is die vervoergelde 2/6 na Gouda, 3/- na Tulbagh en 2/6 na Porterville. Behalwe die kerweiery is hierdie kafee-eienaar ook 'n houtverkoper wat 100 stukke gekloofde denne-en bloekomhout vir 4/- aan die inwoners en blankes op die sendingstasie van die hand sit.

Hierdie kafee-eienaar doen baie goeie besigheid en sy inkomste word tussen £400 en £500 per jaar takseer. Hy bewoon 'n netjiese en aantreklike woonhuis, goed gemeubileerd en voorsien van plankvloer en met 'n badskamer. Hierdie gesin word as welaf beskou.

ANDER BRONNE VAN INKOMSTE.

Behalwe die genoemde hoof bronne van inkomste kan die lewende hawe, naamlik klein-en grootvee, varke en hoenders gemeld word as 'n aanvullende bron van inkomste.

Volgens die "Plaatselijke Wetten" op Saron mag een erfhouer nie meer as agt groot-en dertig kleinvee aanhou nie. Wanneer hierdie getalle oorskry word moet 3d. per kop per maand vir groot- en 'n 1d. per kop per maand vir kleinvee, aan die Rynse Sendinggenootskap as huur vir die weiveld betaal word.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die weiveld op Saron is gesamentlik en bestaan uit drie dele naamlik 'n onbewerkte veld geleë aan die voet van Saron berg aan die ooste, die saailande aan die suide en dié wat aan die weste van die sendingstasie geleë is. Hierdie saaigebiede, soos reeds vroeër in die hoofstuk gemeld, word die een twee jaar en die ander drie jaar agtereenvolgens gesaai. Die gedeelte wat „rus" word saam met die weiveld aan die voet van die berg gebruik as weiveld vir die klein- en grootvee. Hierdie kampe, uitgesonderd die weiveld aan die voet van die berg, is omhein met hakkies - en gladde draad met yster- en houtpale. Hierdie onkoste is gedek uit die fondse van die gemeente en die Rynse Sendinggenootskap het die hekke voorsien.

Die groot- sowel as kleinvee is gereeld getel en elke vee-eienaar moes die getalle by die pastorie gaan aanmeld. Sedert 1945 is die vee nog nie weer getel nie, en volgens eerwaarde Hendrich skat hy die totale aantal grootvee (donkies en beeste) aan die einde van 1948 op 900 en die kleinvee (skape en bokke) op ongeveer 800. Die donkies is ongeveer 500 en volgens die inwoners is dit teveel vir die drakrag van die weiveld. Baie van die donkies is nie meer diensbaar nie en vreet die gras van die beeste en kleinvee op.

Ongeveer/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ongeveer 50% van die 102 erfhouers het 5 tot 8 skape, twee of drie bokke en een of twee koeie of jong osse. Die skape word gedurende Februarie en September geskeer en die eienaars lewer hul wolopbrengste, elkeen het gewoonlik tussen 40 en 80 lbs, by die plaaslike blanke winkelier wat dit laat sorteer. Hierna word die wol na die "Farmers Co-operative Union" of na die Boere-Saamwerk Beperk in Kaapstad versend. Die skape is egter nie van goeie stoeterye afkomstig nie, gevolglik is die gehalte van die wol nie van die beste nie. Die skaapvelle word ook aan die winkel gelewer terwyl die bokvelle meestal vir eie gebruik gehou word. Met laasgenoemde word tuie reggemaak, of dit word gebruik vir die maak van veldskoene of slegs vir gewone riempies.

Die volgende is 'n voorbeeld van die finansiële omstandighede van 'n erfhouer, die enigste inwoner op die sendingstasie wat hom tot 'n mate op skaapboerdery toelê en oor 'n trop van 60 beskik.

> Geval A. Die gesin bestaan uit die ouerpaar, vier dogters, drie seuns, een kleindogter en 'n broer van die vader. Die kleinkind, twee seuns en 'n dogter is in die skool. Die vader is tuis en bewerk drie doltuine en 'n saailand waarmee hy deur sy broer bygestaan word. Behalwe vir huishoudelike gebruik word uie en aardappels/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aardappels vir die mark geplant. Die twee oudste dogters is in huisdiens op naburige dorpe en stuur elkeen £1 per maand na die ouerhuis. Die seun werk op Tulbagh by die Witzenberg Koöperatiewe Wynkelder en verdien ongeveer £5.4.0 per maand waarvan hy £3 tot die gesinsinkomste bydra. Die een dogter is tuis en help haar moeder, tesame met die jongere broers en susters, om gedurende die seiscentye werk op naburige plase te aanvaar. Wanneer die tuinery dit toelaat help die vader en sy broer soms met die oes van vrugte. Die inkomste van die wolopbrengs, ongeveer £60 per jaar, dien as belangrike aanvulling van dié van die tuinery en van die loontrekkers. Die inkomste van laasgenoemdes oortref dié van die wol met ongeveer £35 of meer indien die mark gedurende die jaar goed is.

Volgens bogenoemde erfhouer besef die ander inwoners nie die winste van hierdie tipe boerdery nie. Hierdie boerdery hou groot moontlikhede in en bied goeie vooruitsigte met die oog op die belowende wolmark, dog sal meer aandag met betrekking tot die opbou van 'n goeie skaapras benodig, om die gehalte en opbrengs te verbeter, waardeur die inkomste aanmerklik sal styg.

Op 18 van die 102 erwe was stalle, meestal van dennehoutsparre gemaak, opgerig waar die melkkoeie en van die donkies, wanneer hul as trekvee gebruik word, snags vasgemaak word. Origens bly laasgenoemde in die veld. Die kleinvee word gewoonlik saans in die krale,

gemerk/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemerk op die sketskaart, gejaag. Bedags word die vee deur 'n paar wagters opgepas, soos trouens ook deur die "Plaatselijke Wetten van Saron" bepaal word. Sedert 1949 is die regeringskut van Gouda na Saron verplaas en het die sendingstasie 'n geproklameerde skut wat aan die onderent van die doltuine aan die weste geleë is.

Hoewel die Gesondheidsinspekteur van Tulbagh bepaal dat daar geen varke op die sendingstasie mag aangehou word nie, word dit gevind dat baie van die erfhouers tog 'n paar varke aanhou wat hul vet voer om aan die slagpale van die winkel of aan dié by Gouda te verkoop. Die prys van uitgegroeide varke wissel gewoonlik tussen £6 en £8. Die meeste van die erfhouers het ook hoenders, wat nie soseer vir slag- of verkoopdoeleindes aangehou word nie, as vir die eiers wat as 'n vername ruilmiddel by die plaaslike winkels dien.

Ander aanvullende bronne van inkomste wat op baie klein skaal by sommige van die inwoners aangetref is, is steenmakery. Die drie erfhouers in die ondersoek wat gedurende die somer roustene maak, verkoop dit aan die ander inwoners van die sendingstasie teen 10/- vir 'n 1,000. Vir twee gesinne dien die losiesgeld van vier onderwyseresse as ekstra inkomste. Een van die

onderwyseresse/...

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderwyseresse voorsien haar eie voedsel en betaal 12/6 per maand vir die gebruik van haar kamer terwyl die drie wat volle losies verkry £3.10.0 per maand betaal. Een van die erfhouers in die ondersoek maak ongeveer tien lere per jaar van die bamboes wat op die sendingstasie groei en verkoop 'n neëntien sportleer teen £1.5.0

PENSIOENTREKKERS

Deur die poskantoor op die sendingstasie word die volgende pensioene aan die inwoners van die sendingstasie uitbetaal naamlik:

Ouderdomspensioen	136
Onderhoudstoelae	6
Liggaamlike Ongeskiktheids-toelaag	8
Pensioen vir Blindes	5
Oorlogspensioen	4

'n Totale bedrag van £900 word maandeliks aan bogenoemde pensioene uitbetaal. Aansoek om pensioen word by die plaaslike leraar gedoen. Volgens onderhoude word ondersoek deur die Volkswelsynkantoor van Worcester ingestel, en een of twee maal jaarliks word toesig besoeke by die ontvangers van onderhoudstoelae afgelê.

SRAARMOONTLIKHEDE/...

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SPAARMOONTLIKHEDE.

Daar is gevind dat 4.23% van die 118 gesinshoofde in die ondersoek geld by banke deponeer het, terwyl 33% van die gesinne posspaarbankboekies besit. Dit was egter nie moontlik om die omvang van hierdie besparing na te gaan nie.

Spaarverenigings bestaan daar nie op Saron nie. Die enigste vorm van georganiseerde besparing wat op die sendingstasie aangetref word, is die drie begrafnisverenigings naamlik die Môrester, die Sonstraal en die Broedervereniging, ook bekend as die "Societies" of "Doodklopse". Die hoofdoel van hierdie verenigings is dat daar geld by 'n sterfgeval beskikbaar moet wees. Ook tref die lede van die verenigings reëlings vir die begrafnis, voorsien die draers, sorg dat die graf gemaak en gedurende die nag by die huis van die sterfgeval gesing word.

(i) Die Môrester.

Hierdie vereniging bestaan sedert 1935 en het 'n ledetal van 72. Reeds 58 sterfgevalle is deur die vereniging hanteer. Die organisasie word gereël deur 'n bestuur naamlik die voorsitter, sekretaris, kassier en ses komiteelede. Die vereniging beskik oor 'n balans van ongeveer £20.0.0. Vergaderings word gereeld belê

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en die lede moet sekere bepalings[4] nakom.

(ii) Die Sonstraal.

In 1941 het hierdie vereniging tot stand gekom en het sedert die stigting 34 begrafnisse gereël. Tydens die ondersoek het die Sonstraal 'n ledetal van 34 gehad, wat steeds toeneem aangesien die begrafnisse, gereël deur hierdie vereniging, baie indrukwekkend is deurdat rou baniere en rosette gebruik word. Die Kleurlinge word getrek deur hierdie vertoon wat hulle as 'n laaste plig en diens aan die oorledene beskou.

Die vereniging word goed organiseer deur die bestuur naamlik die voorsitter, sekretaris, assistent sekretaris en vier komiteelede. Die sekretaris lewer 'n jaarlikse verslag aan die lede. Die kassier is verantwoordelik vir die finansies en die boeke word gereeld deur die ander bestuurslede nagegaan. Die balans van £60 is gebank terwyl die vereniging ook beskik oor materiaal vir kiste ter waarde van £80.0.0. Behalwe die subskripsies word geld ingesamel deur soms doodkiste aan nie-lede te verkoop. Dit geskied op voorwaarde dat 'n vriend, wat wel lid van die/.....

---

4) Sien bylaag C.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vereniging is, as borg sal optree.

Die reëls vir lidmaatskap word in bylaag C uiteengesit.

(iii) Die Broedervereniging.

Hierdie vereniging, gestig in 1927, het 34 lede en staan onder beheer van die voorsitter, sekretaris, kassier en sewe komiteelede. Die reëls en regulasies van toepassing, word in bylaag C aangegee.

Bogenoemde drie begrafnisverenigings kweek 'n verantwoordelikheids- en samehorigheidsgevoel, dien terselfdertyd as 'n middel tot besparing, bring 'n gevoel van veiligheid by die lede tuis en lewer derhalwe waardevolle dienste aan die gemeenskap.

Afgesien van die plaaslike begrafnisverenigings is daar van die inwoners van die stasie wat aan die "African Home Trust and Insurance Co; Ltd" behoort. Die "African Home Trust" is nie alleen 'n lewensversekering maatskappy nie maar ook 'n begrafnisonderneming. Wat betref die lidmaatskap van die inwoners aan hierdie lewensversekering maatskappy, is gevind dat 'n "vyftien jaar vry opbetaalde polis" aan 195 en 'n uitkeringspolis aan 250 volwassenes uitgereik is, waarvoor premies van 2/- maandeliks deur

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die agent, wat van Porterville na die sendingstasie kom, ingesamel word. In verband met eersgenoemde polis is gevind dat elf- tot sestigjariges dit mag uitneem. As 'n persoon op elfjarige leeftyd so 'n polis uitneem en vir 15 jaar die premies betaal word £30.10.0 aan kontant uitgereik, sterf die persoon gedurende hierdie tydperk word gemelde bedrag aan die oorlewendes uitbetaal. Wat betref laasgenoemde polis, is gevind dat dit aan elf- tot vyf- en- vyftigjariges uitgereik word. As 'n persoon op 11 jarige leeftyd hierdie polis uitneem kan hy na 15 jaar £9 aan kontant ontvang, sterf hy binne genoemde tydperk ontvang sy naasbestaandes £34.

Hierbenewens is 'n "een tot tien jaar polis" vir 111 kinders en die "pasgebore tot tien jaar" polis vir 145 kinders uitgereik, waarvoor ook 'n maandelikse premie van 2/- betaal word. Eersgenoemde polis word aan een- tot 10 jarige kinders uitgereik en na 'n tydperk van 15 jaar word £11 uitbetaal. Die persoon kan dit egter na een van dié vir volwassenes oorplaas en as hy sterwe ontvang die familie £47.0.0. In verband met "die pasgebore tot tien jaar" polis is gevind dat £11 na 15 jaar uitbetaal word of dit kan ook na dié vir volwassenes oorgeplaas word.

Afgesien/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afgesien van genoemde lewensversekering polisse is 70 gesinne en 10 ongetroudes lede van die begrafnistak van die „African Home Trust" maatskappy. Die gelde vir eersgenoemde is 3/- en vir laasgenoemde van 1/6 tot 3/- per maand ooreenkomstig die ouderdom van die persoon. Vir sterfgevalle onder 'n jaar, doodgeborenes ingesluit, word van £4 tot £15 uitbetaal na gelang die ouderdom van die persoon.

Behalwe die „African Home Trust" is daar ook nog 'n ander begrafnisonderneming naamlik „Goodall and Williams" waaraan 16 gesinne sowel as 4 ongetroudes behoort.

OPSOMMING.

Nieteenstaande die goeie samewerking wat die Kleurlinge gebied het, was dit nogtans baie moeilik om bevredigende inligting van die inwoners in verband met hulle finansiële omstandighede te verkry, omdat hulle nie boekhou van hul jaarlikse inkomstes en uitgawes nie. Moontlike ander redes wat aangevoer kan word is dat persone nie graag hulle finansiële aangeleenthede aan vreemdes bloot lê nie, en verder dat sommige inwoners die toekomstige heffing van belastings gevrees het.

Oor/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Oor die algemeen kan verklaar word dat die gesinne van suiwer landbou afhanklik die laagste inkomste groep op die sendingstasie uitmaak, uitgesonderd die enkele tuinier wat landbou op groot skaal beoefen. Oor die algemeen kan die landbouers met kinders afhanklik van verdienste buite of op Saron, van 'n redelike tot 'n goeie bestaan voer. Dit hang egter af van die aantal kinders wat werk sowel as van die gedeelte van die lone wat aan die ouers oorhandig word. Die loontrekkers, sonder kinders wat verdien, leef ook oor die algemeen baie eenvoudig en van die hand na die tand, terwyl dié met kinders wat ook loonarbeid verrig 'n redelike bestaan kan voer. Die sakemanne en professionele groep is in vergelyking met die ander "welgesteld".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V111.

DIE VOEDING VAN DIE GESINNE.

Volgens onderhoude met die drie geneeshere en Gesondheidsinspekteur is gevind dat almal baie uitgesproke is omtrent die feit dat die inwoners van Saron oor die algemeen redelik goed gevoed is. Die vitamine en proteïen gehalte van die voedsel vind hul bevredigend.

Soos in hoofstuk V11, wat handel oor die ekonomiese omstandighede van die inwoners, aangedui word, het die Saronners op elke erf grond beskikbaar vir tuinmaak en behalwe hierdie erfgronde het hul ook doltuine wat hulle kan bewerk. Die verskillende voedselsoorte wat hulle self produseer is reeds in genoemde hoofstuk breedvoerig uiteengesit, en dui daarop dat die gesinne redelik van groentesoorte voorsien is, alhoewel hulle hul op veel groter skaal daarop behoort toe te lê. Elke gesin het benewens hierdie groente voorrade ook tot 'n mindere of meerdere mate lewende hawe beskikbaar wat hulle kan slag om in die vleis behoefte te voorsien.

Nie verboubare voedselsoorte byvoorbeeld mielierys, vet, botter, suiker, hawermeel, koffie, suurdeeg, gort, vla,

tee/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tee en konfyt word by die plaaslike winkels gekoop waar die pryse ooreenstem met dié van die omliggende dorpe.

In die geval van dagloners word die volgende voedsel deur die werkgewers as deel van die loon gegee naamlik:

Getroude mans, (Weeklikse).

6 lbs vleis
12 lbs meel
1 pampoen, 6 lbs patats en ½ lbs mielierys of ½ lbs boontjies

óf

3 lbs pampoen, 2 lbs aardappels en 1 lbs patats

Daagliks word 2 of 4 visse gegee volgens die grootte daarvan.

Ongetroude mans, (Daagliks):

1½ lbs meel (dan kry hul nie brood nie)
½ lbs gaarvleis en gekookte patats of boontjies
2 visse

DIE GEBRUIKLIKE WEEKLIKSE MAALTYE VAN DIE GESINNE.

Ontbyt: Hierdie maal bestaan uit brood, soutvis en koffie. Slegs 20 huisgesinne uit die 118 het mieliemeelpap bedien en dan ook nie eers gereeld nie. Etlike gesinne het selfs ongesmeerde brood en louwater in plaas van koffie bedien.

Middagete: Hoofsaaklik vleis, hoewel maar 'n klein hoeveelheid, ofkaiings, mielierys of aardappels en een of ander/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ander groente byvoorbeeld wortels, boontjies of kool. Af en toe, veral in die winter, word boontjie- of gortsoep voorberei. Byna geen nagereg word geëet nie. Sondae word egter jellie en vla gemaak of 'n sagopoeding, maar by voorkeur soet pampoen of soet gestoofde patats. Hoenders word selde of ooit geslag en dan word dit meestal vir Sondae voorberei.

Aandete: Vir hierdie maaltyd word meestal brood, vis, melk of koffie óf patats, vis en koffie genuttig. Soms word eiers gekook.

VOORBEREIDING VAN DIE VOEDSEL.

'n Algemene indruk wat gekry word, is dat die huisgesinne baie eenvoudige maaltye nuttig. Geen ekstra moeite word gedoen met betrekking tot die voorbereiding daarvan nie, dit word so goedkoop moontlik gaar gemaak en is geensins baie ryk of kragtig nie. Gesinne waar die vaders bedags buite die sendingstasie werksaam is, berei saans 'n gekookte maaltyd en eet middae "droog", waarmee deur hul bedoel word voedsel soos brood, vis, patat, melk of koffie. Waar die vaders en broers slegs naweke tuis kom, word algemeen gevind dat daar 'n neiging bestaan om nie veel gedurende die week aan voedsel te spandeer nie,

maar/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maar gedurende die naweek as die gesin voltallig is, word ekstra moeite met die voedsel voorbereiding gedoen.

Die voorbereiding van die voedsel is die verantwoordelikheid van die moeders en dogters. Die Kleurlinge het 'n groot voorliefde vir gesmoorde geregte en hou van bredies en kook meestal die vleis en groentes bymekaar. Die voorbereiding geskied sindelik maar op die heel eenvoudigste en maklikste wyse - geen ingewikkelde reseppe word gebruik en hoofsaak is dat die voedsel moet gaar kom.

Van die 102 huise wat besoek is, het 15 'n stoof gehad, 42 'n stoof met 'n vuurherd langsaan en 45 'n vuurherd met 'n bakoond wat langsaan aangebou is. Vir die vuurherd word driebeen ysterpotte gebruik of plat ysterpotte word op drievoete geplaas. Vir die stoof word platpotte gebruik. Vir die stoof word platpote gebruik. Baie min enemmel of alluminium kastrolle is in gebruik. Primusstofies word ook by sommige huise aangetref. Die Kleurlinge gee voorkeur aan die vuurherd omdat hul baie lief is om gedurende die wintermaande in die vuurherd saam te pak, en hul beweer dan ook dat die stoof baie minder hitte gee en dieselfde hoeveelheid hout word verbrand. Daarby is dit glad nie so aantreklik as die ope vuur in

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vuurherd nie.

EETGEWOONTES.

In die meeste gevalle word voedsel uit die langbeenpotte of kastrolle in die borde geskep en word die maal om die kombuistafel genuttig. Wintertye word die etes sonder uitsondering om die vuurherd bedien en om 'n blikplaat met kole in die middel van die vertrek. Of anders gaan die lede buite in die son teen die muur sit. Die tafel word nie gedek nie, behalwe met feesdae soos Kersfees of Nuwejaar, wanneer daar wel kleedjies oorgegooi word. Elkeen neem plaas langs die tafel of bankies of sit plat op die vloer. Met 'n vurk of lepel, selde word 'n mes gebruik, word die voedsel uit enemmel of blikborde geëet. Porselein borde is skaars en net vir gebruik van die volwassenes en dan slegs met feesgeleenthede.

Die Kleurlinge is tydsaam en rustig wanneer hulle eet. Met smaak word die skamelste maaltye genuttig, terwyl omslagtige gesprekke op boeiende wyse gevoer word, wat trouens ook gekenmerk word deur 'n besonder realistiese verteltrant.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IX.

BEHUISINGSTOESTANDE.

DIE UITLÊ VAN DIE DORP.

Die sendingstasie is volgens plan uitgelê en het definitief nie na willekeur uitgebrei nie. Reeds vanaf die begin bestaan die stasie uit drie baie duidelik afgebakende gebiede naamlik: (1) Die "Reserved Area" of "Werf" soos dit deur die Kleurlinge genoem word. (2) Dorpsgebied en (3) Saron Meent. Hierdie afsonderlike dele, waaruit die stasie as geheel bestaan, is reeds in hoofstuk II bespreek.

Wat die uitlê van die strate van die stasie betref, is gevind dat Kerkstraat die eerste aangelê is. Die Kleurlinge is toegelaat om aan weerskante van hierdie straat huise te bou. Namate uitbreiding dit noodsaaklik gemaak het, is die daaropvolgende strate in die lengte parallel met Kerkstraat aangelê. Dwarsstrate is vervolgens ook aangelê waardeur min of meer vierkantige straatblokke gevorm is. Hierdie blokke is in altesaam 411 erwe opgedeel.

DIE PERSELE WAAROP DIE HUISE STAAN.

Die grootte van die persele waarop die huise staan is reeds in hoofstuk VII behandel. Die huise, almal

vierkantig/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vierkantig, is min of meer in die middel en wel aan die voorkant van die erwe opgerig. Die voordeur van die woning front na die straat, gevolglik is die agterkant van al die wonings teenoor mekaar geleë. Die agterste gedeelte van elke perseel word gebruik vir tuingronde. Aan die voorkant van byna elke huis, met uitsondering van dié wat te vas teenaan die strate geleë is, word 'n blomtuin aangetref. Die huise te na aan die strate geleë, het blomtuine aan weerskante. Sommige van die blomtuine is op klein skaal terwyl met ander, ongeveer 30%, weer baie moeite gedoen word. Hierdie blomtuine is baie kleurvol en verleen 'n aantreklike voorkoms aan die wonings en die stasie in die algemeen.

Die voorkant van die erwe, met weinige uitsonderings, is toegespan met hakkies- en/of sifdraad. 'n Hekkie verleen toegang tot die wonings wat van die straat geskei is. Die agterkant van die erwe word met draad, alhoewel tot 'n groot mate ook deur kweperheinings afgekamp. Vroeër het kweperheinings en rietbosse alle erwe omhein. Aangesien hierdie tipe omheining te veel grond in beslag geneem het en die groeikrag van die grond uitgeput het, word voorkeur aan draad omheining verleen.

Die persele, wat laag lê, word baie nat gedurende

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die wintermaande en gevolglik word die huise klam, wat ongesond vir die bewoners daarvan is. Die wonings wat egter hoër geleë is, is baie droër.

BOUREGULASIES.

Sedert die stigting van die sendingstasie kon geen geboue opgerig word alvorens die leraar van Saron nie toestemming verleen nie. Aan die begin, dit wil sê met die stigting, het die Rynse administrasie op die sendingstasie self toegelaat dat pondokke op die erwe opgerig kan word, maar na verloop van 'n jaar moes behoorlike huise gebou word. Aanvanklik was dit al bepalinge, wat met betrekking tot die oprig van wonings, neergelê is. Die inwoners was dus geensins verplig om enige voorskrif in verband met die boumateriaal of die hoogte, wydte en grootte van die wonings na te kom nie.

Met die oorgang tot die verkoop van erwe aan die inwoners, vanaf 1933, is bepaal dat nie meer as een woning op 'n erf gebou sal word nie en nie meer as die helfte van die oppervlakte daarvan bebou sal word nie. Verder moet alle geboue ten minste 10' vanaf die aangrensende straat of laan staan; sodanige ruimte mag vir tuine gebruik word maar mag nie bebou word nie.

Vandat/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vandat die Gesondheidsinspekteur van Tulbagh vanaf 1935 die sendingstasie besoek, moet alle nuwe geboue wat opgerig word sowel as verbeterings aan reeds bestaande wonings volgens bouregulasies soos deur die Departement van Volksgesondheid uitgereik, gebou word. Nou is daar vir die eerste keer aan die bou van huise assulks aandag gegee en bepalings neergelê met betrekking tot die hoogte van dakke, die fondamente, die mure, die grootte van vertrekke, vensters, deure, ens.

Die opgestelde plan van die huise moet egter eers by die Afdelingsraad van Tulbagh vir goedkeuring ingehandig word. Die Gesondheidsinspekteur gaan dit na en maak aanbevelings waar nodig en die Raad handel meestal ooreenkomstig sy aanbevelings.

Terwyl die woning gebou word, hou die Gesondheidsinspekteur strenge toesig en sorg dat alles volgens die ingehandigde plan geskied. Die Gesondheidsinspekteur dra ook sorg dat nuwe huise nie nader as drie voet van die sykante van aangrensende erwe opgerig word nie. Platdakke word slegs toegelaat waar vertrekke aangebou word.

Eerwaarde Kruger lê hom daarop toe om voorligting te verstrek en is gewillig om die inwoners te help om planne op te trek van wonings wat varieer ten opsigte van die

aantal/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aantal vertrekke en algemene voorkoms.

DIE WOONHUISE.

Die 450 Kleurlinggesinne, wat op Saron woonagtig is, woon in 408 wonings. Op elke erf, behalwe dié wat deur die Rynse Administrasie gebruik word, staan daar 'n alleenstaande woonhuis. Hierdie woonhuise is die eiendom van die inwoners wat die onderskeie erwe reeds gekoop het of nog besig is om te koop of te pag. Geen ryhuise of dubbelverdieping woonhuise word op die stasie aangetref nie.

Die oprigting van 'n woonhuis is die verantwoordelikheid van elke afsonderlike erfbewoner. Die inwoners kan die huise teen baie geringe koste bou omdat die materiaal byvoorbeeld sand, klippe en strooi op die sendingstasie verkrygbaar is. Die stene kan gratis op die stasie gevorm word. Hout moet wel gekoop word, maar dit kan van 'n aangrensende plaas verkry word en is dus van spoorvrag vrygestel. As gevolg van hierdie boumoontlikhede asook omdat daar baie grond vir woondoeleindes beskikbaar is, is dit dus nie nodig om ryhuise met die oog op koste vermindering en grondbesparing op te rig nie.

Boumateriaal.

19.60% van die 102 huise, wat in die ondersoek

ingesluit/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ingesluit is, is gebou uit klip en rouklei. Hierdie huise het besonder dik mure en is baie sterk en stewig gebou. Die mure is oor die algemeen nie baie hoog gebou nie, en het 'n growwe klei gepleisterde oppervlakte wat veroorsaak word deurdat die klippe, wat van verskillende grootte is, nie op mekaar pas nie, maar soms langs mekaar verbysteek. Die huise wat van klip en rouklei gebou is, is die heel oudste huise op Saron.

Drie van die ou huise het ook opgekleide mure wat baie dik daar uitsien. Hierdie huise is besonder laag gebou. Een huis is egter aangetref waar die mure halfpad opgeklei en verder van roustene gebou is. Die bewoner van hierdie huis het dus probeer om die lae kleimure hoër te maak.

Verreweg die meeste van die huise is van rousteen gebou wat met klei afgepleister is. Die mure van hierdie wonings is nie so dik soos dié van bogenoemde wonings nie.

Wat die <u>pleistering</u> betref, is gevind dat die klei nie baie goeie weerstand teen wind en weer bied nie. As gevolg van hierdie verwering sien enkele van die huise daar baie verwaarloos uit veral aan die noordekant. Slegs drie huise is aangetref wat nie afgepleister is nie

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en die roustene dus aan wind en weer blootgestel is. Die inwoners maak egter meer en meer van sementpleistering gebruik.

Dakmateriaal.

Die dakmateriaal van die 102 wonings is soos volg:

TABEL NO. X.

Die Tipe Dakmateriaal van 102 Wonings.

Tipe	Aantal	Persentasie
Strooi	73	71.57
Riet	3	2.94
Plat sink	2	1.96
Staan sink	9	8.82
Strooi en platsink	15	14.71
Totaal	102	100.00

Die huise op Saron, soos bostaande gegewens trouens aandui, en veral die oudste wonings, het oorwegend almal strooidakke. Die huise wat in die latere jare gebou is, en alleen die van die meer gegoede erfhouers, is van sinkdakke voorsien. Sinkdakke kom min voor omdat dit baie duurder as die strooidakke is wat teen baie geringe koste opgerig kan word.

Wonings/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wonings met strooi en platsinkdakke word aangetref aangesien daar by hierdie wonings met verloop van tyd een of meer vertrekke aangebou is. Hierdie vertrekke word dan meestal van platsinkdakke voorsien.

Die enkele rietdakke wat op die stasie aangetref word, is gemaak van steenboksriet wat van Malmesbury en Mamre verkry word. Die strooidakke word van die strooi van rog gemaak wat op die stasie self verbou word. By die dek van strooidakke word palmiet deur middel van tou aan die houtwerk van die dak vasgemaak. Hierna word die strooi bo-op hierdie palmiet met masjientou, wat ses dae lank in Stockholm teer gelê het, vasgeheg.

Plafonne.

Die meeste van die 102 woonhuise, naamlik 43 of 42.16% het plafonne gehad. 34 (33.33%) was slegs gedeeltelik van plafonne voorsien, terwyl 25 (24.51%) geen plafonne gehad het nie. Die wonings, sonder plafonne, is dié wat nie oor baie hoë mure beskik nie en is meestal van die oudste huise op die stasie.

Daar is 3 (2.94%) solders wat van plank gemaak is en word by die wonings met sinkdakke aangetref. Die res van die solders was van spaansriet, terwyl sommige ook van dennehout sparre ("slabs") gemaak was.

Die/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die riet- en sparre solders word as volg gemaak: Wanneer die mure balkenshoogte is, word die balke meestal van dennehout of populier, wat van 'n aangrensende plaas verkry word, gelê en word die dak opgesit. Die sparre of spaansriet wat meestal in die tuine self gekweek word, word dan styf teenaan mekaar dwars oor die balke gelê. Hierna word die riete of sparre met toue aan die balke vasgemaak. Hieroor word leë papier sementsakkies, karton of goiingsakke geplaas en papnat klei word daarop gegooi. Sodra die klei droog is, word die barste met beesmis toegesmeer. Hierdie solders is baie sterk en dien as stoorplek vir patats, aardappels, ens. Die kleisolders is ook goeie brandsolders en voorkom algehele afbrand van die huise. Enkele van die riet en sparre plafonne was nie van 'n kleilaag voorsien nie en is dus minder doeltreffend as stoorplek.

Vloere.

Van die 102 wonings het 91 (89.21%) kleivloere, 6 gedeeltelik klei- en plankvloere, 2 gedeeltelik klei- en sementvloere en 3 geheel en al plankvloere. Die paar wonings, wat in die geheel of gedeeltelik van plankvloere voorsien was, het aan die meer gegoede inwoners van die

stasie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stasie behoort. Die kleivloere word weekliks, een of meermale, gesmeer en is oor die algemeen netjies. By sommige van die huisgesinne is matte of velle en by enkeles is selfs linoleum op die kleivloere aangetref. Dit was veral by huise met té lae fondamente waar die vloere gevolglik laer as die omliggende grondoppervlakte geleë is, en wat dus baie klam en koud gedurende die wintermaande word.

Vensters.

Die vensters is oorwegend van houtplanke, wat na buite soos hortjies oopklap, en wat met hakkies en werwels gesluit kan word. Hierdie tipe venster is baie ondoeltreffend tydens sterk wind of reën wanneer die plankdeurtjies geheel en al toegemaak moet word. Die vensters van ongeveer 40% van die wonings is van skuiframe met blindings voorsien. Dit geld veral vir die vensters wat na die straat front. Onder andere is een huis teëgekom waar sakke die stukkende ruite vervang, terwyl selfs blikplate of karton by etlike huise gebruik word.

ALGEMENE VOORKOMS VAN DIE HUISE VAN BUITE.

Oor die algemeen skep die uiterlike voorkoms van die huise op die stasie 'n eenvoudige, netjiese en aantreklike

indruk/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

indruk. Desnieteenstaande is sommige tog aangetref wat as gevolg van gebrek aan die nodige aandag van die inwoners opknapping met betrekking tot afpleister en afwit nodig het terwyl andere, hoewel by verre die minderheid, bouvallig en minder goed versorgd daar uitgesien het. Hierdie huise, die oudste op die stasie, se strooidakke trek krom en die houtwerk is nie geskilder nie, met die gevolg dat die houtvensters en deure verreneweerd daar uitsien.

Aan die ander kant is gevind dat die nuwere huise wat ongeveer die afgelope tien jaar opgerig is, beter beplan en groter as die gewone Kleurlinghuis op Saron is. Hierdie huise is meestal voorsien van 'n stoep met of sonder veranda, is stewig en netjies gebou, met goed versorgde houtwerk.

DIE BINNENSHUISE TOESTANDE:

Die Grootte van die Wonings.

Deur middel van die volgende tabel word die grootte van die wonings in terme van die aantal vertrekke wat elkeen bevat, aangegee.

TABEL/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. XI.

Die Hoeveelheid Vertrekke per Woning.

Aantal Vertrekke	Aantal Wonings	Persentasie
1	2	1.96
2	17	16.67
3	30	29.41
4	37	36.28
5	10	9.80
6	6	5.88
Totaal	102	100.00

Volgens bostaande tabel bestaan die meeste wonings naamlik 67 (65.69%) uit drie- en vier vertrekke. Daar is 16 (15.68%) wonings wat vyf- of ses vertrekke het, 17 (16.67%) met twee vertrekke terwyl daar 2 (1.96%) huise is wat slegs uit een vertrek bestaan. Al die een vertrek huisies en die meerderheid van dié wat uit twee vertrekke bestaan word in die ou tipe wonings aangetref.

Die wonings met meer as drie vertrekke bestaan uit 'n voorhuis, kombuis en een of meer slaapvertrekke. By die eenvertrek-huisies word hierdie vertrek as slaapkamer sowel as kombuis gebruik. By tweevertrek wonings is gevind dat een vertrek meestal as 'n slaapkamer gebruik word

terwyl/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terwyl die orige vertrek as 'n gesamentlike kombuis en voorhuis diens doen.

Die grootte van die vertrekke varieer baie. Die vertrekke van die ouer tipe wonings is kleiner as dié van die nuwe huise, eersgenoemde is ongeveer 8'x 10' terwyl laasgenoemde 'n oppervlakte van ongeveer 10' x 12' beslaan. Die enkele vertrek van die eenvertrek huise is oor die algemeen groter as dié wat uit meer as een vertrek bestaan en is gemiddeld ongeveer 12'x 15'.

Sitkamers.

Slegs 3 (2.94%) van die 102 wonings beskik oor 'n sitkamer. By twee van hierdie wonings is gevind dat die sitkamers oorspronklik as slaapkamers gebruik is. Nadat die meeste van die kinders getroud en sommige gaan werk het, is een van die orige vertrekke as sitkamer ingerig. In die geval van die ander woning is gevind dat die ouerpaar met hul seun in 'n reeds klaar geboude vyfvertrek woning intrek geneem het en die orige vertrek dus voorlopig as 'n sitkamer ingerig is. Dit is alleenlik by die grotere wonings naamlik dié met vyf- of ses vertrekke waar hierdie sitkamers aangetref is.

Badskamers.

Van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Van die 102 wonings beskik slegs twee (1.96%) oor 'n badskamer. Dit is gevind dat die slaapkamers dien as 'n wasplek vir die gesinslede en vir dié doel word komme of klein badjies gebruik. Badskamers word as 'n luukse beskou en etlike Kleurlinge het beweer dat hul nie so 'n luukse kan bekostig nie. As die water egter in pype na die wonings aangelê was en omstandighede dus geriefliker was, sou daar moontlik meer badskamers kon aangetref word.

Pakkamers.

By 10 (9.80%) van die wonings is pakkamers aangetref. Hierdie vertrekke is meestal aan die agterkant van die huise aangebou en word gebruik hetsy vir die berg van voedsel of as kaf- en rommelkamer.

Beligting.

Bedags trek die wonings met glasruite groter voordeel uit die sonlig as dié met die plankvenstertjies. Gevolglik is laasgenoemde genoodsaak om saans baie vroeër van kunsmatige lig gebruik te maak. Oor die algemeen is tuisgemaakte lampies, dit wil sê blikkies of glaspotjies, met lampolie gevul en van 'n pit voorsien, by die inwoners aangetref. Hierdie lampies word verkies bo kerse omdat laasgenoemde as gevolg van die trek in die huise te gou uitbrand en dus

onekonomies/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onekonomies is. Lanterns is ook baie algemeen.

By die meer gegoede inwoners is paraffien staanlampe gevind terwyl slegs een huis van elektriese belig-ting voorsien was. Saron beskik nie oor 'n elektriese krag toevoer nie en moet van windlaaiers en batterye gebruik maak.

Belugting.

Alhoewel daar 'n gedurige trek in die huise is omdat die bo- deur meestal oopstaan en die vuurherd ook 'n deurtrek veroorsaak, is die huise egter nie baie goed geventileer nie. Saans wanneer almal in die huis is, met die deur toegemaak en so ook die onverstelbare houtklappe voor die vensters, is die lug bedompig, veral as die vuur of plaat kole ook nog brandende gehou word. By die nuwere wonings is die posisie veel beter aangesien die mure hoër gebou is en die vensters sowel as die grondoppervlakte van die vertrekke ook groter is.

Ameublement.

Die meubilering van die huise word sonder uitsondering bepaal deur die inkomstes van elke gesin. Die vertrekke van die hoër inkomstegroepe soos byvoorbeeld die onderwysers en sakemanne is gerieflik en doeltreffend gemeubileer/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeubileer met alle nodige meubelstukke wat goed versorgd en van goeie gehalte is. In die voorhuise of ontvangkamers van hierdie gesinne word 'n tafel sowel as een of meer kleiner tafeltjies, stoele (selfs gemakstoele) 'n divan en buffet waarop ornamente en porseleinware uitgestal word, aangetref. By sommige van hierdie huise is selfs moderne sitkamerstelle opgemerk, terwyl klaviere (selfs 'n vleuel-klavier) orrels en radio's ook nie ontbreek het nie. Enkele wonings het beskik oor goeie tapyte. Die slaap-kamers het met weinige uitsonderings volledige slaapkamer-stelle bevat, terwyl die kombuismeubels uit 'n tafel, 'n paar stoele, staankassie of muurrakke bestaan het.

Hierdie ameublement, wat in sommige gevalle selfs swierig vertoon, behoort uitsluitlik tot diegene wat, volgens die ander inwoners, die „groot geld maak". Aange-sien die meerderheid van die Saronners tot die laer inkomstegroepe behoort en nie by magte is om in iets anders as die noodsaaklikste behoeftes te voorsien nie, is die gebruiklike meubels hoewel goed versorgd van baie een-voudige aard en by die armoedige gesinne, soms byna onvol-doende. By laasgenoemde bestaan die enkele meubels uit 'n tafel, 'n paar stoele en een of twee beddens terwyl

groot/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groot gesinne ook van grondbeddens gebruik maak. By gebrek aan klerekaste by hierdie gesinne word soms net 'n tou in die hoek van die kamer gespan waaroor die klere gehang word. By enkeles word die klere agter 'n gordyn teen die muur gehang. Oor die algemeen is die inwoners van die stasie baie geheg aan hulle meubels aangesien dit erfstukke is, of deur geliefde werkgewers aan hul as geskenke oorhandig is.

Ander Binnenshuise Versierings.

Oor die algemeen skenk die huisvrouens van Saron veel aandag aan binnenshuise verfraaiing. Daar is egter enkeles, by verre die minderheid, wat nie veel aandag hieraan skenk nie.

Die vernaamste versierings op die tafels is rangskikkings van tuin- of kunsblomme. Byna elke huis het portrette en kiekies aan die mure van familiebetrekkings of van die gesin self. Foto's van die Engelse Koningsgesin en van filmsterre, prente van Bybelfigure asook Bybeltekse en selfs almanakke word as belangrike muurversierings gebruik. Ander versierings bestaan uit muurrakke, oorgetrek met oliekleedjies of koerant- of tydskrifpapier wat in allerhande patroontjies uitgetand word.

Op/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op hierdie rakke word glas- en porseleinornamente, wat meestal aandenkings of Kersfeespresente van blanke huisvrouens is, uitgestal. Gordyne word hoofsaaklik by wonings met vensterruite aangetref.

As binnenshuise versiering dien ook die wyse waarop die mure afgepleister en afgewit is. Die mure van al die wonings, met uitsondering van elf huise, was almal aan die binnekant met klei en/of sand en sement afgepleister. Die mure van gemelde elf wonings was slegs gedeeltelik afgepleister. Die afgepleisterde mure word met verskillende kleure klei afgewit naamlik met rooi- en witklei wat op die stasie en in die omgewing gevind word. Soms word die witklei met blousel gemeng en word die mure 'n blou kleur gewit. Gepluisde toue word in verskillende kleure verf gedruk en teen die mure gekwas wat allerhande veelkleurige patroontjies op die mure nalaat. Slegs by twee huise is veelkleurige muurpapier aangetref.

ALGEMENE NETHEID EN SINDELIKHEID.

Verskillende grade van sindelikheid word in die huise op die sendingstasie aangetref, naamlik diegene wat besonder netjies en presies op hul huishouding is, andere wat weer minder presies en gesteld maar wel skoon is, terwyl uiters

slordige/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

slordige huishoudings ook nie ontbreek het nie. Laasgenoemde gevalle sorteer onder die mees behoeftige deel van die inwoners waar stofbedekte meubels, vuil mure, beddegoed en eetgerei aangetref is. Desnieteenstaande is selfs enkele huisies waar groot armoede heers tog betreklik skoon en netjies aangetref. Gemiddeld handhaaf die inwoners 'n redelike mate van sindelikheid en kom die huise by die oorgrote meerderheid van gesinne versorgd en aantreklik voor. Behalwe die roetine werke soos byvoorbeeld bed opmaak, afstof en uitvee wat daagliks verrig word, word Vrydae as die groot huis skoonmaak dag beskou. Die meeste huise word Vrydae baie deeglik skoongemaak om sodoende 'n aangename ontvangs aan te bied vir die gesinslede wat dan van hulle verskillende werksplekke, waar hulle gedurende die week gewerk het, terugkeer.

Eerwaarde Kruger sowel as die Gesondheidsinspekteur van Tulbagh beklemtoon gedurigdeur die waarde van sindelikheid, en moedig die Kleurlinge gereeld aan om skoon en netjies in hul woonhuise te lewe.

SANITASIE.

Geen publieke sanitêre verwyderingsdienste is op Saron beskikbaar nie en dit word gevolglik aan die inisiatief/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

inisiatief oorgelaat. Slegs 68,62% van die wonings wat in die ondersoek ingesluit is, is voorsien van gemakhuisies volgens die emmerstelsel.

By slegs 'n paar is die putstelsel aangetref terwyl sommige, veral op die buiterandte van die dorp, van die bosse in die omgewing gebruik maak.

Die gemakhuisies, verwyderd van die woonhuise, is aan die agterkant daarvan opgerig. Die versorging van die gemakhuise, uiterlik sowel as van binne, laat veel te wense oor aangesien die inwoners nie veel tyd hieraan bestee nie, omdat hul nie die belangrikheid van die netheid van die latrines besef nie.

OORBEVOLKING.

Weens die feit dat so baie gesinslede elders werksaam is en slegs naweke of selfs na verloop van veel langer tydperke na die stasie terugkeer, kan die mate van oorbevolking nie so maklik vasgestel word nie. Soos reeds vermeld het 2 van die 102 wonings, wat in die ondersoek ingesluit is, net uit een vertrek bestaan. Die aantal slaapkamers van die orige 100 wonings asook die aantal inwoners per woning word as volg aangegee.

TABEL/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. X11.

Die aantal Slaapkamers en Inwoners per Woning van 100 Wonings.

Slaap-kamer(s)	Persone per Woning																Wo-nings	%
	1	2	3	4	5	6	7	8	9,	10	11	12	13	14	15	20		
1	1	-	2	8	10	5	4	4	5	4	-	2	-	-	-	-	45	45
2	1	3	3	4	3	4	5	6	5	6	2	1	2	-	1	1	47	47
3	-	-	1	-	1	-	-	3	1	-	1	-	-	-	-	-	7	7
4	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1	1
																	100	100

Hierdie tabel toon dat nagenoeg die helfte van die wonings net een slaapkamer bevat. Daar is 34 van hierdie 45 wonings wat elkeen meer as 4 inwoners huisves, en dus tekens van oorbevolking toon omdat die ander vertrekke uiters selde as slaapvertrekke gebruik word.

Van die 47 wonings wat elkeen oor twee slaapvertrekke beskik is daar 36 wat elkeen aan 5 of meer inwoners herberg verskaf, terwyl van die 8 wonings wat oor drie of meer slaapvertrekke beskik, sewe aan vyf of meer inwoners huis-

vesting/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huisvesting verleen. Daar is dus 63 wonings of 61.76% van die totale aantal wonings, wat in die ondersoek ingesluit is, wat as oorbevolk verklaar kan word. Hierdie toestand word vererger deurdat 16 (15.68%) van die huise deur twee gesinne bewoon word. Die lede van hierdie gesinne is almal bloedverwante.

Die leraar en kerkraad en selfs die gemeenskap is bewus van hierdie probleem, maar as gevolg van die betreklike groot gesinne wat op die stasie aangetref word en solank as wat die tekort aan genoegsame vertrekke voortbestaan kan hierdie probleem nie die hoof gebied word nie.

Die volgendevoorbeelde van inwoning is tydens die ondersoek aangetref:

> Geval A. Hierdie gesin bestaan uit 'n vader, moeder en 6 kinders (vyf seuns en een dogter). Alhoewel 'n bywonerfamilie, bewoon hierdie gesin 'n huis wat tot die beter tipe wonings behoort. Hierdie woning sien daar baie netjies en goedversorgd uit, beskik oor 'n strooi- sinkdak met plafon en groot ruitvensters, en bestaan uit 'n voorhuis, kombuis en drie slaapvertrekke. In hierdie geval is die huisvesting gunstig omdat die huis voldoende ruimte bied. Hierdie posisie word verder begunstig deurdat die dogter in die Kaap werk en slegs vakansietye huistoe kom, en drie seuns is by Riebeeck Wes, Tulbagh en Goudini werksaam. Hulle kom weekliks of selfs na langer periodes vir 'n naweek huistoe.
>
> Geval B. In hierdie geval bestaan die huisgesin uit die vader, moeder en agt kinders/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kinders (sewe seuns en een dogter). Die oudste seun is werksaam by die koelkamer naby Gouda en kom elke naweek huistoe. Hierdie gesin waarvan die vyf jongstes twaalf-, ag-, ses-, vier- en tweejaar en die heel jongste nege maande oud is, bewoon een van die ouere tipe wonings. Die woning is voorsien van 'n lae strooidak sonder plafon en bestaan slegs uit twee vertrekke naamlik 'n kombuis en slaapvertrek. Hierdie gesin het te kampe met baie swak behuisingstoestande omdat die een slaapvertrek nie voldoende ruimte aan al die gesinslede kan bied nie.

Geval C. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en drie kinders (twee dogters en een seun). Die gesin bewoon 'n ouer tipe huis wat slegs uit een vertrek bestaan. Die woning kom verwaarloos voor as gevolg van die pleistering wat plek-plek afgeval het. Die woning beskik egter oor 'n strooidak en 'n gedeeltelike plafon en is voorsien van twee plankvenstertjies. In hierdie geval is die behuisingstoestande baie onbevredigend as gevolg van die feit dat die woning net uit een vertrek bestaan wat ook as kombuis gebruik moet word. Die ventilasie is ook ontoereikend.

Geval D. Hier is twee gesinne onder een dak aangetref met 'n totale aantal gesinslede van 'n vader, twee moeders (een is 'n weduwee) en sewe kinders (vier seuns en drie dogters). Hierdie gesinne bewoon ook een van die ouere tipe wonings wat uit 'n voorhuis, kombuis en een slaapvertrek bestaan. Die woning het 'n lae strooidak en is sonder plafon. Die venstertjies is klein en van plank. Hier is die behuisingstoestande uiters swak aangesien twee gesinne onder een dak gehuisves word met slegs een slaapvertrek tot hul beskikking.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

REPARASIES VAN WONINGS.

Die bewoners is self verantwoordelik vir enige reparasies wat aan die huise aangebring moet word of anders moet hul ander Kleurlinge naamlik dekkers en messelaars van die stasie huur. Daar is geen regulasies van die kant van die bestuur en die kerk wat hulle daartoe verplig nie.

Volgens waarneming en uit onderhoude blyk dit dat die inwoners, met weinige uitsonderings, maar traag is om enige reparasies aan te bring. Daar is 'n algemene neiging onder die Kleurlinge om so lank as moontlik uit te stel alvorens daadwerklik opgetree word. Die Gesondheidsinspekteur van Tulbagh lê egter daarop nadruk dat die huise afgepleister, afgewit en die deure en vensters geverf moet word. Volgens hom en eerwaarde Kruger hoop hulle om in die nabye toekoms sterker druk op die inwoners in verband met hierdie saak uit te oefen. Hulle stel hul ten doel om die inwoners te verplig om hulle huise gereeld af te wit en sorg te dra dat die huise goed versorgd daar uitsien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK X.

DIE GESINSLEWE.

Ernstige wanverhoudings met betrekking tot die gesinslewe van die inwoners van die sendingstasie word oor die algemeen nie aangetref nie.

Die saamleef van man en vrou op die sendingstasie sonder dat hul in die huwelik bevestig is, word nie deur die N. G. Sendingkerk geduld nie. Indien sulke gevalle voorkom, word hulle versoek om sonder uitstel in die huwelik te tree, of anders moet hulle die sendingstasie verlaat. Gevalle van verlating kom ook soms voor, maar dan is dit gewoonlik van 'n tydelike aard, soos wanneer 'n dranksugtige sy vrou mishandel en dan vir 'n tyd na haar ouerhuis gaan.

Omdat kinders van ouers, wat net voor die magistraat getrou het, nie in die N.G. Sendingkerk gedoop word nie, word die meeste huwelike in die kerk voltrek, alhoewel die huweliksgelde van die kerk, hoër is as dié by die magistraatskantoor. Hierdie houvas van die N. G. Sendingkerk mag moontlik ook 'n verdere invloed uitoefen op die huwelikslewe van die gesinne in Saron.

GESINSAMESTELLING/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GESINSAMESTELLING.

In verband met die 118 gesinne wat in die ondersoek ingesluit is, is die volgende gesinstipes aangetref.

TABEL NO. X111.

GESINSTIPES.

Tipe ≠	Aantal Gesinne	%
M	1	.85
M.V.	4	3.39
M.V.K.	51	43.22
M.K.	7	5.93
V.K.	6	5.08
V.F.	1	.85
M.V.F.	3	2.54
M.V.K.F.	32	27.12
V.K.F.	13	11.02
Totaal	118	100.00

≠ M: Alleenlopende man. M.V.: Man en vrou. M.V.K.: Man, vrou en kinders. M.K.: Man en kinders. V.K.: Vrou en kinders. V.F.: Vrou en verwante. M.V.F.:Man, vrou en verwante. M.V.K.F.: Man, vrou, kinders en verwante. V.K.F.: Vrou, kinders en verwante.

Volgens bostaande tabel is daar 43.22% van die /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die gesinne wat bestaan uit 'n vader, moeder en kinders terwyl daar net 4 gesinne is wat bestaan uit jong egpare wat nog kinderloos is. Gebroke gesinne, dit wil sê waar òf die vader òf die moeder alleen met die kinders aangetref is, maak nie 'n te groot persentasie uit van die totaal nie (11.01% vir die twee groepe saam). In die geval van 41.52% gesinne is daar ook nog verwante by die gesinne aan huis tuis. In 14.4% van hierdie gevalle bestaan die huisgesin buitendien uit 'n vader, moeder en kinders. Dit is juis by sommige van hierdie huisgesinne waar daar 'n mate van oorbevolking in die huise aangetref is, soos in die hoofstuk oor Behuising reeds melding van gemaak is. Onder hierdie verwante is ingesluit 'n ouer of ander familielid, meestal 'n broer of suster van die gesinshoof of sy vrou, asook verwante kinders.

FAMILIEGEBRUIKE:

Daar is min of meer 'n daaglikse program waarvolgens die inwoners van die sendingstasie optree. Die vaders moet vroeg genoeg begin om vir hul werk betyds te wees en moet dus teen ligdag opstaan. Die moeders moet ook vroeg opstaan om hul mans weg te help en die skoolkinders betyds by die skool te besorg.

Middae word die etenstye gereël min of meer volgens

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die middaguur van die skool. Saans geskied etenstyd sodra dit donker word of namate die vaders van hul werk terugkeer. Naweke word etenstye gereël volgens kerktye. Slaaptye vir oud en jonk is baie ongereeld. Die wonings is klein en almal slaap saam. Onderwyl die volwassenes musiek maak of terwyl die ouers hulle gaste ontvang raak die kinders aan die slaap.

Huisgodsdiens.

Die oorgrote meerderheid van die gesinne op die sendingstasie hou geen huisgodsdiens nie. Waar huisgodsdiens nog beoefen word, soos gevind by 'n paar bejaarde gesinne, geskied dit baie ongereeld.

Verjaarsdae, Kersfees en Nuwejaar.

Verjaarsdae word deur 'n paar meer gegoedes, veral die skoolpersoneel en prinsipaal, op groot skaal gevier. Wat die res van die gemeenskap betref word daar miskien 'n koek gebak, maar origens word daar geen ophef van verjaarsdae gemaak nie en gaan dit stil verby.

Met Kersfees en Nuwejaar probeer elke gesin, hoe behoeftig ook al om ekstra snoeperye aan die gesinslede te verskaf. Dan is die gesinslede ook sover moontlik almal byeen. Die huise word kleurvol versier en almal probeer om so mooi as moontlik aan te trek. Alles word aangewend

om/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om die dae reg feestelik te gedenk, en 'n feesvierende atmosfeer kenmerkend van 'n Kleurling gemeenskap word onder die inwoners aangetref.

OPVOEDING VAN DIE KINDERS.

Die mate van opvoeding wat die kinders van die ouers ontvang laat veel te wense oor. Die ouers tree nie konsekwent op nie maar is geneig om die kinders die vrye teuels te gee. Hierdie houding word aangetref omdat die ouers nie die gees[1] van die kind wil breek nie, gevolglik word die nodige dissipline nie verkry nie.

Die kinders koester ook nie altyd die nodige agting vir hulle ouers nie, omdat die ouers nie aldag 'n navolgingswaardige voorbeeld stel nie. Gebrek aan respek teenoor die ouers word tot 'n groter mate aangetref by die gesinne waar die kinders help om die brood te verdien, en die ouers dus tot 'n mate van hulle bydraes afhanklik is. As gevolg van die feit dat die ouers nie die nodige agting by hul kinders afdwing nie, kry hul nie die nodige houvas op die kinders nie en is hul invloed dus beperk.

---

1) Die gees van die kind sal, so glo die ouers, na die sterfdag by hul kom spook.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XI.

DIE GESONDHEIDSTOESTANDE EN DIE GENEESKUNDIGE DIENSTE.

Die gesondheidstoestande op die sendingstasie is oor die algemeen betreklik gunstig. Faktore wat hiervoor verantwoordelik gehou kan word is die feit dat die inwoners oor die algemeen goed gevoed is, en dat die geneeshere die vitamine en proteïene gehalte van die voedsel bevredigend vind.[1] Origens word drankmisbruik beperk en is die inwoners gehuisves in 'n landelike omgewing gevrywaar van baie van die agterbuurte toestande waarmee Kleurlinge in stede te kampe het. Ook het die gematigde klimaat nie 'n nadelige invloed op die gesondheid van die inwoners van die sendingstasie nie, hoewel sommige winters met swaar reënval asook met ryp gepaard gaan wat veral die gelykliggende deel van die stasie baie nat maak. Hierdeur kan die inwoners moontlik griep opdoen en borskwale ontwikkel. Die deel van die dorp wat skuins geleë is, droog baie gouer af en is ook gesonder.

In hierdie hoofstuk word nie alleen die geneeskundige dienste, gesondheidsdienste aan spesiale groepe en die voorkoming en bestryding van siektes uiteengesit nie, maar ten/.....

1) Reeds gemeld in die hoofstuk oor die Voeding van die Gesinne.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ten eerste ook die watervoorsiening, melk- en vleisverskaffing, ens. omdat besoedeling hiervan invloed op die gesondheid van die inwoners kan uitoefen.

OPENBARE GESONDHEIDSDIENTE.

Die Buiteraad beskik oor geen gekose komitees om enige beheer oor die openbare gesondheidsdienste uit te oefen nie. Die enigste mate van kontrole van die kant van die bestuur word gevind deur die bepaling van die "Plaatselijke Wetten van Saron" waarvan artikels 2 en 3 (g) soos volg lui: "Voor alle huurders en bewoners van Saron is verboden (a) Het bevuilen van alle watersloten," en "Aanstekelijke en besmettelijke Ziekten dadelik by den Administtateur aan te melden en zich naar Zijne voorschriften aangaande deze zaak te gedragen". Toesig berus dus hoofsaaklik by die Gesondheidsinpekteur van die Afdelingsraad van Tulbagh. Die Gesondheidsinspekteur is woonagtig op Tulbagh en kom, sedert 1935, elke week na die sendingstasie om sanitêre- en gesondheidstoestande na te gaan.

Watervoorsiening.

Saron se enigste watervoorraad word deur middel van 'n sluis vanuit 'n rivier in 'n kloof agter Saron berg, aan die ooste, uitgekeer. Hiervandaan word dit per oop voor om Saron berg en langs die voorkant daarvan na die stasie gelei. Hier-

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie watervoor is nagenoeg nege myl lank en is deur die eertydse slawe aangelê. Gedurende die winter word die water om die dam[2] gelei, andersins word dit daarin gekeer. Vanhier gaan die voor na die meul waaroor die volle stroom moet vloei alvorens enige hoeveelheid daaruit afgekeer kan word. Sodra die water oor die meul geloop het, verdeel dit in twee hoofspruite (gemerk A en B op die sketskaart) wat weer onderverdeel word, sodat alle vore langs die verskillende strate van water voorsien is. Vanuit die straatvore word water na die erwe vir besproeiing uitgekeer.

Elke erfhouer is geregtig op leibeurte en gedurende die somer, veral vanaf Desember tot die einde van Februarie, wanneer die water skaars is, word leibeurte vir 'n tydperk van een uur deur die watermandore gereël. Die watermandore, een verantwoordelik vir die onder- en twee vir die middel- en bodorp, word deur die Buiteraad aangestel. Die aanstelling geld vir een seisoen maar hul mag herkies word. Die persone moet regverdig en betroubaar wees, aangesien onreëlmatighede baie ongenaamhede kan veroorsaak. Hierdie watermandore het die alleen reg om water aan erfhouers vir besproeiing toe te ken. Die erfhouers wie hulle leibeurte neem en dus gebruik maak van die dienste van die watermandoor betaal twee pennies/.....

2) Gemerk DAM op die sketskaart.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

pennies per beurt, terwyl die halwe erfhouers slegs een pennie betaal.

Die watermandoor verantwoordelik vir die onderdorp, die droogste deel van die stasie, ondervind die meeste moeilikheid. Hier is die aanvraag na leibeurte baie hoog, terwyl die stroom water beskikbaar, die swakste is. Soms kan die watermandoor nie water aan hierdie erfhouers toeken nie. Dit gebeur wanneer water oornag vir die doltuine, wat geen waterreg het, gesteel word sodat die stoordam nie gevul word nie. Die waterstroom het gevolglik nie die nodige fors om teen die bult uit te loop tot by die bopunt by Buitekantstraat nie.

Soms word struwelinge en watergeskille ondervind wanneer erfhouers hul leibeurte laat verbygaan om kort daarna weer daarop aanspraak te maak. Die aanklaer en aangeklaagde moet voor die Buiteraad in teenwoordigheid van die Leraar verskyn, sodat die saak uitgewys kan word.

Behalwe vir die huise van die blankes waarheen water wel aangelê is, is daar geen water in pyplyne aangelê na enige van die huise van die erfhouers nie, en alle drinkwater word by 'n gemeenskaplike skepplek,[3] aan die bopunt van Kerkstraat skuins onderkant die winkel, gehaal. By hierdie skepplek word die water met emmers of blikke uit die voor geskep, waarvan

die/.....

3) Gemerk S op die sketskaart.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die walle vir 'n ent met klip en sement uitgebou is terwyl die loopvlak van grond is. Genoemde emmers of blikke word aan weerskante van 'n stuk hout vasgemaak, wat dwars agter oor die nek gedra word, en deur middel van hierdie draagstel word die drinkwater na die huise vervoer. Bedags wanneer die vrouens na die winkels of poskantoor toe gaan, neem hul 'n emmer of houer saam waarin hulle drinkwater huistoe dra. Middae na skool moet die kinders water aandra, terwyl van die vaders saans na werk aan die beurt kom. Hoe verder die huise van die gemeenskaplike skepplek geleë is, hoe meer algemeen word die water wat in die vore voor die huise langs die strate verbyloop, vir drinkwater gebruik.

Drinkwater vir die groot- en kleinvee word verkry uit die hoofvoor asook van die water agter die kerkhof en dié van Skilpadsvlei aan die weste van die stasie. Wanneer die watermandore die leibeurte reël mag hul nie die ander vore heeltemal droog afkeer om sodoende vir die pluimvee en huisdiere 'n klein hoeveelheid water te laat nie. By Buitekant- en Landestraat waar water skaars is, maak die erfhouers klein dammetjies, meestal holtetjies, op die erfgronde waarin water vir die pluimvee gehou word.

Volgens eerwaarde Kruger bied die teenswoordige voor voldoende drinkwater vir die dorp, hoewel die leiwater beperk is. Die doltuine het nie 'n voldoende water toevoer vir die

uitbreiding/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitbreiding en beplanting wat daar nog kan gedoen word nie, en gevolglik word vooruitgang baie gestrem. Die moontlikheid om Leeurivier, wat langs 'n kloof in Saron berg loop, in 'n reservoir op te dam geniet bespreking maar uitvoering hiervan is nog iets vir die toekoms. Ondergronds het Saron baie sterk water en bied moontlikhede vir boorgate en waterpompe. By die onderpunt van die dorp, by die doltuine aan die weste, is eerwaarde Kruger van voornemens om boorgate te laat sink vir besproeiing van die doltuine; ook by die bopunt van die dorp, aan die suide van die stasie, met die doel om hierdie water na die landerye te neem. Dit is moontlikhede wat werklikheid sal word sodra daar geld vir derglike ondernemings beskikbaar is.

Die <u>was van wasgoed</u> speel 'n belangrike rol by die besoedeling van water wat die gesondheid van die inwoners kan benadeel. Tydens die ondersoek is gevind dat alhoewel dit reeds vir jare verbied is dat die wasgoed by sekere kruispunte in die vore, wat voor die huise in die strate verbyloop, gewas word, hierdie vore nog steeds die vernaamste wasplekke van die inwoners uitmaak. Op groot klippe langs die voor of op kissies bo- oor die voor word die wasgoed gewas. Die gras langs die voor dien as bleikplek en die draad van die erwe as droogmaakplek. Gedurende die somermaande, sodra die water skaars is, gaan die huisvrouens van

veral/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

veral Buitekant- en Landestraat ook na die vlei agter die kerkhof om hul wasgoed te was of andersins word dit in baddens by die huise gewas. Hierdie toestande is uiters onwenslik en gevaarlik vir die gesondheid van die inwoners. 'n Aantal gesamentlike wasplekke, waarheen water in pype aangelê is, op doeltreffende en gerieflik geleë plekke in die dorp, word dus sterk deur die Gesondheidsinspekteur van Tulbagh aanbeveel.

Elke erfhouer op die sendingstasie is verantwoordelik vir die versorging van die watervore wat voor sy erf verbyloop. Hy moet die voor s wel as die aflei vore na die erf skoonhou en eenmaal per jaar moet die hoofwatervoor en sy vertakkinge skoongemaak word.[4] In verband met laasgenoemde is die bestuurder (eerwaarde Hendrich), die kerkraad en die hoofinspekteur, verantwoordelik om die Kleurlingmans, een verteenwoordiger van elke gesin, in spanne onder voormanne in te deel en die werk te organiseer.

Behalwe die periodieke besoeke van die Gesondheidsinspekteur asook die bepalinge met betrekking tot die versorging van die watervore en dat die inwoners nie die vore moet besoedel nie, word geen ander vorm van beheer in verband met die suiwer hou van die water op die sendingstasie aangetref nie/.....

4) Vergelyk, „Plaatselijke Wette van Saron" 3 (a) en (c) en die Koopkondisies 3 (j).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. Afgesien van genoemde bepalinge en die feit dat die Gesondheidsinspekteur jaarliks 'n monster van die drinkwater, wat by die algemene skepplek geneem word, laat toets sowel as sy gereelde besoeke, kan besmetting van die watervore uiters moeilik kontroleer word, en word hierdie kwessie as 'n onbegonne taak beskou.

Daar is 'n sterk begeerte by die inwoners van Saron dat die water met pyplyne na die sendingstasie aangebring moet word. Die Gesondheidsinspekteur beveel dan ook die oprig van 'n geskikte stoordam aan. Intussen meen hy behoort die watervoor deur die meent toegekamp te word, sodat die diere geen toegang daartoe het nie, en dit dus tot 'n mate van besoedeling gevrywaar is.

Daar word aangeneem dat die gevalle van maagkoors, wat van tyd tot tyd op die sendingstasie voorkom, deur hierdie besoedelde water veroorsaak is.

Melk Verskaffing.

Daar is geen melkery op Saron nie. Melk verskaffing geskied dus net op klein skaal aangesien die gesinne wat melkkoeie aanhou die orige melk, indien enige beskikbaar, per bottel van die hand sit. Die blanke winkelbestuurder verskaf die grootste hoeveelheid melk, ongeveer tien tot vyftien bottel per dag. Ongeveer vier van die gesinne wat besoek

is/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is maak ook van melkbokke gebruik. Geen inspeksie word deur die Gesondheidsinspekteur van die melkkoeie gehou of van die sindelikheid waarmee die melk hanteer word nie.

Verkoop van Vleis.

Op die sendingstasie is daar twee slaghuise, waarvan een eers onlangs geopen is. Een van die slaghuise behoort aan die blanke winkelier en die ander is die eiendom van 'n Kleurling winkelier. Die slaghuise is langsaan die winkels geleë, elk met 'n binnedeur as verbinding. Die vertrekke het beton vloere, sement afgepleisterde mure en stofdigte plafonne. Die vleis word in houtkaste aan hakke gehang, voorsien van sifdeure. Die slaghuis van die blanke eienaar het 'n buitedeur, voorsien van 'n sifdeur, en die boonste gedeelte van die mure is afgewit terwyl die onderste drie voet met groen olieverf geskilder is. 'n Hout toonbank met 'n gladde sinkplaat oppervlakte word gebruik. Die slaghuis van die Kleurling het geen buitedeur nie maar wel 'n groot sifdraad venster. Die mure is afgewit en die toonbank is van sement.

Die slaghuise sowel as die gereedskap en bediening is baie sindelik. 'n Groot leemte is dat watervoorsiening deur middel van krane en wasbakke ontbreek, gevolglik moet die water aangedra word.

Tydens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens die ondersoek was daar net een private slagpaal, eiendom van die blanke winkelier, op die sendingstasie aan die bopunt van Claremontstraat geleë. Hierdie slagpaal voorsien die slaghuis van die blanke winkelier van vleis. Die Kleurling slagter ontvang 'n vleiskwota van die slagpale by die koelkamer naby Gouda. Die mure van die plaaslike slagpaal, wat ongeveer 24' x 18' groot is, is van buite sowel as binne met sement afgepleister. Die sementvloer dreineer na 'n sementsloot wat die bloedwater na 'n sementkuip wegvoer. Laasgenoemde is drie voet diep en net buitekant die gebou geleë. Die bloedwater word uit die kuip geskep en saam met die afvalprodukte op die omliggende gronde begrawe.

Daar word gereelde weeklikse inspeksie van die vleis, slaghuise en slagpaal deur die Gesondheidsinspekteur van die Afdelingsraad van Tulbagh gedoen.

Ander Voedsel.

Die berg en hanteer van bederfbare voedselsoorte in die kafees sowel as in die winkels word higienies gedoen. Ander voedselsoorte word ook met sorg hanteer. Die Gesondheidsinpekteur doen gereelde inspeksie en aanbevelings word stiptelik nagekom.

Nagvuil- en Vuilgoedverwydering.

Die aanbou van gemakhuise is eers vanaf 1935 begin,

omdat/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omdat die Gesondheidsinspekteur van die Afdelingsraad van Tulbagh sedertdien met sy besoeke 'n aanvang gemaak het, en die inwoners op die noodsaaklikheid hiervan gewys het. Reeds is in die hoofstuk oor Behuising daarop gewys dat slegs 68.62% van die wonings, wat in die ondersoek ingesluit is, van gemakhuise volgens die emmerstelsel, voorsien is. Diesulkes wat nie oor hierdie fasiliteite beskik nie maak gebruik van dié van hulle bure of van die kweperheinings of die veld.

Die verwydering van die nagvuil is aan die inwoners self oorgelaat en die algemene gebruik is om dit op die erfgronde, gewoonlik aan die agterkant van die woonhuise, te begrawe. Sommige van die inwoners gooi selfs kamerslops in die watervore uit. Hierdie toestande is baie onbevredigend, dog sodanige oortredings word nie opsetlik gedoen nie, maar weens blote onverskilligheid en ook as gevolg van die onkundigheid van meeste van die inwoners, wat nie besef dat besmetting van water siektes kan veroorsaak nie. Eerwaarde Kruger is ten gunste van 'n emmerstelsel wat op gereelde tye op 'n bepaalde afsonderlike plek geledig en vir die maak van kompos gebruik kan word.

Elke erfhouer verwyder sy eie huishoudelike afval òf deur dit op die erwe te begrawe òf op 'n hoop agter die huis te gooi om verbrand te word òf in die stalle langs die huise.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die as word in die hoenderhokke gegooi of saam met die reste in die tuine vir bemesting ingewerk. Blikke en growwe afval word in die kerkhof gegooi. Voedsel afval word aan pluimvee en huisdiere gegee.

GENEESKUNDIGE DIENSTE.

Geen voltydse geneesheer is op die sendingstasie woonagtig nie, nogtans word die geneeskundige dienste so doeltreffend moontlik behartig deurdat die stasie weekliks, op drie afsonderlike dae, deur die distriksgeneesheer van Tulbagh, 'n geneesheer van Porterville en een van Wolseley besoek word.

Vanaf 1947 besoek die distriksgeneesheer die stasie en sy aankoms word deur die lui van die kerkklok aangekondig. Die distriksgeneesheer huur 'n vertrek wat as spreek- en ondersoekkamer gebruik word. Die ameubelment bestaan uit twee stoele, 'n bank, bed, wastafel en kom en beker en 'n tafel vir die apparaat en medisyne. Hierdie geneesheer word bygestaan deur 'n Kleurlingvrou, woonagtig op Saron, wat ook 'n vroedvrou is. Hy behandel gemiddeld twintig pasiënte per besoek.

Gewoonlik word vir 'n ondersoek en waar moontlik vir medisyne 5/- gevra by die spreekkamer en 7/6 wanneer die geneesheer die pasiënt aan huis besoek; hierdie bedrae

wissel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wissel na gelang van die ekonomiese posisie van die inwoners. Die distriksgeneesheer handel maar volgens sy eie diskressie by die vasstelling van hierdie gelde. Soms word selfs vry mediese behandeling aan baie behoeftiges verskaf. In baie gevalle geskied vereffening onmiddellik na behandeling, maar afbetaling geskied ook in paaiemente. Indien die distriksgeneesheer spesiaal ingeroep word, wat selde gebeur, bedra die doktersgelde £2. Deur middel van die magistraat van Tulbagh mag dit gratis geskied.

Op bevel van die magistraat van Tulbagh ontvang hierdie geneesheer 'n maandelikse toelaag van £1.3.6 vir die behandeling van alle behoeftiges op Saron. Volgens die geneesheer is hierdie toelae ontoereikend aangesien baie oues van dae nie kan betaal nie en die onkoste dus veel hoër beloop.

Met betrekking tot veneriese siekte ontvang die inwoners van die sendingstasie vry mediese dienste deurdat die distriksgeneesheer hiervoor inspuitings toedien. Die Gesondheidsinspekteur help met die verwysing van gevalle.

Sedert 1946 besoek die geneesheer van Porterville die sendingstasie. Hierdie geneesheer huur 'n vertrek waarin die gebruiklike ameubelment aangetref word. Hy word deur 'n blanke assistent bygestaan. Weekliks besoek gemiddeld ses pasiënte die spreekkamer. Besoeke aan privaat huise

word/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word bereken teen 6/- tot 'n maksimum van 10/-. Die tarief vir behandeling by die spreekkamer is 5/-. Wanneer enige medisyne verskaf word, moet die volle bedrag betaal word en geen gratis behandeling word toegedien nie.

Ook 'n geneesheer van Wolseley huur 'n vertrek wat ook van die nodige ameubelment voorsien is. Hierdie geneesheer word bygestaan deur 'n blanke verpleegster. Gemiddeld vyftien pasiënte word weekliks deur die geneesheer ondersoek teen dieselfde tariewe as dié van die geneesheer van Porterville.

Tandheelkundige Dienste.

Daar is geen tandheelkundiges wat Saron besoek nie en die geneeshere tree sover dit in hul vermoë is in die hoedanigheid op. Gewoonlik word net tande getrek.

Verplegingsdienste.

Die gemeenskap van Saron beskik nie oor die dienste van 'n algemene- en/of kraamverpleegster nie.

Op die sendingstasie is daar drie vroedvrouens wat alle bevallings behartig. Hierdie vroudvrouens is nie gekwalifiseerd nie, maar het met verloop van jare ondervinding opgedoen. Die Afdelingsraad van Tulbagh het elk van hierdie vrouens, wat in sodanige hoedanigheid slegs in Saron mag

optree,/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

optree, goedgekeur en geregistreer. Hierdie vrouens, sowel as hul kraamsakke, word jaarliks deur die distriksgeneesheer ondersoek. Hul werk,kraamsakke en registers word periodiek deur 'n inspektrise van die Departement van Volksgesondheid nagegaan. Die gelde wat hulle vra varieer vanaf £2 tot £2.10.0. Indien die vroedvrouens ook met die huishouding behulpsaam moet wees solank as wat die vrou die bed moet hou, is die gelde nog meer. Hierdie ekstra onkoste kan deur die lewering van goedere vereffen word.

Slegs een van die vroudvrouens, 'n weduwee, doen ook gewone verplegingsdienste mits haar bevallings toelaat dat sy hierdie hulpverlening kan inpas. Sy deel lewertraan en ontsmettingsmiddels uit aan tuberkulose-lyers wanneer dit deur die distriksgeneesheer voorsien word, sy verpleeg ook enige ander sieke wat op haar goedgunstigheid beroep doen. Hierdie dienste verrig sy gratis aangesien sy geen opleiding geniet het nie, en die werk slegs uit liefde vir die saak verrig. Nogtans betaal die siekes uit dankbaarheid na wat elkeen kan bekostig.

Kliniek.

Vanaf 1939 tot 1943 het daar 'n kliniek op die sendingstasie bestaan. Dit is op aanbeveling van eerwaarde Hendrich, bygestaan deur die prinsipaal van die skool, dat

hierdie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie kliniek geopen is. Die A.C.V.V.(Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging) het die uitrusting en medisyne verskaf.

Eerwaarde Hendrich beweer dat deur middel van die kliniek die algemene gesondheidstoestand van die inwoners beter behartig kon word, deurdat beter toesig gehou en die nodige middele meer doeltreffend uitgereik en bestee kon word.

Die kliniek, 'n vertrek in 'n woonhuis, was voorsien van muurrakke, bed, tafel, wastafel met 'n kom en beker, handdoeke, ketels en medisyne. 'n Gekwalifiseerde Kleurling verpleegster was volgens onderhoude die eerste kraamverpleegster. Alle siekes in die dorp is deur haar verpleeg. Sy het aansteeklike siektes onder die aandag van die geneeshere en magistraat gebring, medisyne uitgedeel en alle kraamgevalle in die dorp behartig nadat sy die vroedvroue, wat altyd opgetree het, afgedank het. Haar salaris van £12 per maand is om die helfte deur die A.C.V.V. van Tulbagh en plaaslike klinieklede voorsien. Daar was bepaalde spreekure by die kliniek.

Die kliniek was beheer deur die kliniekkomitee wat bestaan het uit die prinsipaal, as voorsitter, sowel as 'n paar vrouens wat die geldelike bydraes van die klinieklede moes invorder. Hierdie komitee was ondergeskik en verantwoordelik/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verantwoordelik aan die A.C.V.V. en moes die subskripsie en bevallingsgelde aan laasgenoemde oorhandig het. Elke persoon het by aansluiting 'n ledekaart met die huishoudelike reëls ontvang en moes 2/- as aansluitingsubskripsie en elke maand ses pennies betaal het. Die voorregte van klinieklede het behels dat hul vrye behandeling kon geniet en medisyne is kosteloos aan hul verskaf. Vir die waarneem van bevallings moes nie-lede 10/- betaal het, terwyl lede afslag gekry het.

Volgens eerwaarde Hendrich het die kliniek vir 'n tyd werklik aan sy doel beantwoord, alhoewel geen gegewens beskikbaar is om die presiese gebruik wat die gemeenskap daarvan gemaak het, aan te toon nie. Die kliniek moes sluit omdat die finansiële steun van die kant van die gemeenskap te swak was, baie het agterweë geraak met betaling en die ondersteuning het verflou. Onderhoude met die inwoners het verder aan die lig gebring dat die kliniek tot niet gegaan het as gevolg van die agterdog van die verwagtende moeders. Hulle vertrou slegs die vroedvrouens, wat hul ook tydens alle vorige geboortes bygestaan het en staan skepties teenoor die sogenaamde „geleerde" verpleegster.

Die behoefte aan 'n kliniek word sterk deur die inwoners beklemtoon en hul betreur die sluiting van die vorige kliniek. Hulle beweer dat die waarde van en voorregte

verbonde/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verbonde aan die kliniek heeltemal te laat tot hul deurgedring het. Die vroedvrouens kan weens betreklike hoë ouderdom nie die werk so doeltreffend soos dit behoort te wees, behartig nie en die dienste van 'n voltydse verpleegster sal in 'n besondere behoefte voorsien.

Eerwaarde Kruger het die einde van 1948 by die Departement Volksgesondheid aansoek gedoen om 'n Gesondheidssentrum, met 'n verpleegster wat inwoon. Die N. G. Sendingkerk sal die standplaas onderkant die kerk voorsien. Volgens onderhoude met die inwoners blyk dit dat hulle oor die algemeen 'n blanke verpleegster bo 'n Kleurling verpleegster verkies, aangesien beter dissipline verkry sal word. Eerwaarde Kruger is ook ten gunste hiervan en meen dat mettertyd, namate die Kleurlinge ontwikkel, na 'n Kleurling verpleegster oorgeskakel kan word.

Hospitaalfasiliteite.

Die hospitaalfasiliteite tot beskikking van die inwoners van die sendingstasie, kan as gunstig beskou word. Alhoewel maar uiters selde, word die algemene hospitaal op Melmesbury en op Worcester gebruik. Indien van die inwoners daarheen gaan, word hul per trein of met 'n motor van een of ander plaaslike inwoner vervoer.

Die naaste aansteeklike siekte hospitaal vir tuber-

kulose-lyers/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tuberkulose-lyers is die Sonnestraal Afsonderingshospitaal in die Paarl en die Aansteeklike Siekte Hospitaal op Stellenbosch. Gedurende die afgelope vyf jaar is een tuberkulose-lyer by laasgenoemde hospitaal opgeneem. In hierdie gevalle word die pasiënte in samewerking met die geneeshere deur die Rooikruis ambulans vervoer.

Gesondheidsdienste aan Spesiale Groepe.

In verband met die gesondheidsdienste vir moeders en suigelinge en ook vir die skoolkinders is die volgende op die sendingstasie aangetref:

(i) Moeders en Suigelinge.

Die vooraf bespreekte vroedvrou is verantwoordelik om hulp voor, tydens na na die geboorte aan die moeder te verleen. Elk van die vroedvrouens het een van die geneeshere na wie sy die verwagtende moeder, vir een of meer voorgeboortelike ondersoeke neem. Die moeder word deur die geneesheer ingelig omtrent die voeding sowel as die algemene reëls wat nagekom moet word.

Die vroedvrou is gewoonlik al persoon wat die moeder bystaan, mits dit vooraf vasgestel kan word dat die hulp van 'n geneesheer nodig sal wees. 'n Geneesheer word egter uiters selde ingeroep. Die vroedvrou versorg die moeder in die

kraambed/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kraambed aan huise van laasgenoemde en hou toesig oor die suigeling. Indien kunsmatige voedsel vir die baba nodig is, verskaf die vroedvrou die inligting, en soms word die advies van 'n geneesheer gevra.

Slegs die afgelope aantal jare het hierdie verskynsel, dat die vroedvrouens van mediese dienste gebruik maak, meer algemeen geword. Blykbaar is hierdie idee deur die eertydse kliniekverpleegster, wat wel van mediese dienste gebruik gemaak het, tuisgebring.

(ii) Skoolkinders.

Die klasse in Fisiologie en Gesondheidsleer, wat deel uitmaak van die leerplan, is die enigste gesondheidsvoorligting wat aan die skoolkinders verskaf word. Dit mag bydra om die kennis van higiene by hul tuis te bring, maar die praktiese waarde is moeilik te bepaal.

Aangesien die skool op Saron 'n sendingskool is, word die gebruiklike inspeksies van 'n skoolgeneesheer nie by die skool afgelê nie. Indien enige gesondheidsdefekte deur die prinsipaal opgemerk word, verwys hy hul na die geneeshere. 'n Eerstehulpklassie is beskikbaar wanneer beserings moontlik tydens voetbalwedstryde of liggaamsoefening opgedoen mag word.

Die skoolvoedingskema dien egter as belangrike teenmiddel teen ondervoeding. Die distriksgeneesheer dien inenting teen witseerkeel toe, en is ook van voornemens om 'n

veldtog/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

veldtog te loods waar voorskoolse kinders ook ingeënt moet word, aangesien dit uiters noodsaaklik is dat kinders reeds voor ses jaar ingeënt moet word.

DIE AANTAL GEBOORTES EN STERFTES OP SARON:

Die gevalle van geboortes en sterftes word by die plaaslike poskantoor opgegee en hierna by die magistraatskantoor te Tulbagh geregistreer.

TABEL NO. XIV.

Geboortes te Saron vir die Jare 1944 - 1948.[5)]

Jaargetal	Manlik	Vroulik	Totaal
1944	41	36	77
1945	30	31	61
1946	36	36	72
1947	38	34	72
1948	32	38	70
1944-1948	177	175	352

Volgens /.....

5) Inligting verkry by die magistraatskantoor, Tulbagh.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens bostaande tabel is gedurende bogenoemde tydperk gemiddeld 70.4 Kleurling kinders op Saron gebore. Uit die totale Kleurling bevolking van die sendingstasie, naamlik 1,580 is daar dus gedurende bogenoemde vyf jaar gemiddeld 44.56 Kleurling kinders per 1,000 van die bevolking gebore. In die distrik Tulbagh, volgens die sensussyfers van 1946, was die geboortesyfer van Kleurlinge 50.64 per 1,000 van die bevolking. Die laer geboortesyfer vir die sendingstasie in vergelyking met dié van die distrik kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die inwoners van Saron uit ongeveer 22% ouer persone bestaan wat waarskynlik die voorkoms van vrugbaarheid mag beïnvloed.

TABEL NO. XV.

Sterfgevalle te Saron vir die Jare 1944 - 1948.[6)]

Jaargetal	Manlik	Vroulik	Totaal
1944	27	26	53
1945	39	25	64
1946	23	30	53
1947	30	19	49
1948	19	20	39
1944-1948	138	120	258

Die/....

6) Inligting verkry by die magistraatskantoor, Tulbagh.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die voorkoms van sterfgevalle gee 'n goeie aanduiding van die welsyn van die gemeenskap, en volgens bostaande tabel het daar oor 'n tydperk van vyf jaar gemiddeld 51.6 sterfgevalle op die sendingstasie voorgekom. Uit 'n totale Kleurling bevolking, van 1,580, is daar dus gemiddels 32.66 Kleurlinge per 1,000 van die bevolking gedurende bogenoemde tydperk op Saron oorlede, in vergelyking met 28.33 per 1,000 van die totale Kleurling bevolking vir die distrik Tulbagh volgens die 1946 sensus. Waarskynlik is die hoër sterftesyfer op die stasie in vergelyking met die van distrik, ook toe te skryf aan die betreklike hoë ouderdom van die inwoners van die stasie.

Die verspreiding van die sterftesyfers tussen die verskillende ouderdomsgroepe is soos volg:

Tabel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. XVI.

Aantal Sterfgevalle in die Verskillende Ouderdomsgroepe 1944 - 1948.

Ouderdomsgroep	Aantal Sterftes
0 - 1 jaar	73
1 - 5 jaar	35
5 -10 jaar	15
10 -20 jaar	10
20 -30 jaar	13
30 -40 jaar	10
40 -50 jaar	17
50 -60 jaar	25
60 -70 jaar	33
70 -80 jaar	17
80 plus	10
Totaal	258

Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat die meeste sterfgevalle voorgekom het by kinders onder 'n jaar, wat 28.21% van die totale aantal sterfgevalle vir die tydperk van vyf

jaar/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jaar was. Die kindersterftesyfer is ook hoër as enige van die ander sterfgevalle vir die verskillende ouderdomsgroepe. 41.86% van die kinders wat oor 'n tydperk van 5 jaar gebore is, het gesterf voordat hul die ouderdom van 5 jaar bereik het. Dit is dus opvallend dat die kindersterftesyfer op die sendingstasie baie hoog is.

Van die 108 sterftes van kinders tot die ouderdom van vyf jaar is gevind dat die oorsake van die dood soos volg aangegee is: stuipe 29 (26.85%), maagkwale 17 (15.74%), bronchites 12 (11.11%), longontsteking 9 (8.34%), tuberkulose 8 (7.41%), geslagsiektes 2 (1.85%), maagkoors 2 (1.85%) en die res naamlik 26.85% as gevolg van tande, kinkhoes, masels, te vroeg gebore, ruggraatkoors, harsingkoors, en nierkwale.

In verband met die oorsake van die sterftes bo vyf jaar is gevind dat 45 (30.0%) aan tuberkulose, 'n siekte redelik versprei oor die verskillende ouderdomsgroepe bo vyf jaar, gesterf het 25 (16.67%) het aan hartkwale, meestal hartverlamming, gesterf en dit was hoofsaaklik diegene van 60 jaar en ouer. Ander sterftes was as gevolg van beroerte 11 (7.34%), longontsteking 9 (6.0%), bronchitis 8 (5.34%), maagkwale 6 (4%), kanker 6 (4%), hoë ouderdom 6 (4%), geslagsiekte 5 (3.34%) maagkoors 4 (2.67%). niere 4 (2.67%), lewer 3 (2.0%), en 2 (6.67%) sterfgevalle aan elk van die volgende naamlik hoë bloeddruk, ruggraatkoors, geelsug,

kraamkoors/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kraamkoors en bloedarmoede. Een (5.34%) sterfgevalle was as gevolg van elk van die volgende oorsake naamlik ascaris, water, keel verswering, suikersiekte, skok, vergiftiging, voedselvergiftiging en breinvliesontsteking.

Dit blyk dus dat stuipe, moontlik as gevolg van wanvoeding, die vernaamste oorsaak van die kindersterftes is, terwyl tuberkulose deurgaans die grootste aantal slagoffers (20.54%) van die bevolking eis.

AANSTEEKLIKE EN OORDRAAGBARE SIEKTES.

Volgens die geneeshere en die Gesondheidsinspekteur is die mees algemene aansteeklike siekte op Saron tuberkulose, soos ook volgens die oorsake van die sterftes afgelei kan word. Hulle meen dat hierdie siekte toeneem omdat persone, by wie die vermoede bestaan dat hulle tuberkulose onder lede het, nie graag vir hulle wil laat ondersoek nie en gevolglik onder die aandag kom wanneer die siekte reeds te ver gevorder het. Intussen het hulle reeds sommige van diegene met wie hulle in aanraking gekom het aangesteek. Veneriese siekte is, volgens hulle, die aansteeklike siekte wat die tweede meeste voorkom. Baie gevalle van veneriese siekte is gladnie bekend nie, terwyl selfs die wat bekend is nie altyd gereeld ingespuit word nie.

Ander aansteeklike siektes wat gedurende die afgelope

vyf/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vyf jaar voorgekom het, was 14 gevalle van maagkoors wat, soos reeds gemeld, toegeskryf kan word aan die onsuiwere drinkwater voorsiening op die sendingstasie. Sewe gevalle van ruggraatkoors, twee sinkingkoors en twee harsingkoors het ook voorgekom.

Nieteenstaande die "Plaatselijke Wetten van Saron" wat vereis dat elke inwoner verplig is om "Aanstekelijke en besmettelijke Ziekten dadelijk by den Administrateur aan te melden en zich naar zijne voorschriften aangaande deze zaak te gedragen" doen die gemeenskap en veral die verskillende liggame en verenigings niks in verband met die voorkoming en bestryding van siektes nie. Hierdie toestand word aangetref omdat die inwoners nie die waarde van voorbehoedende dienste op die gebied van gesondheid besef nie. Inteendeel word 'n mate van gelatenheid by hulle aangetref wat verspreiding bevorder eerder as om dit te voorkom.

Alle verantwoordelikheid in verband met die voorkoming en bestryding van siektes berus dus by die Gesondheidsinspekteur en distriksgeneesheer. Eersgenoemde ontsmet die huise, waarin aansteeklike siektes voorgekom het, met formaliengas terwyl laasgenoemde, soos reeds gemeld, lewertraan en ontsmettingsmiddels aan tuberkulose-lyers voorsien en inspuitings teen veneriese siekte en witseerkeel toedien. Die

leraar,/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leraar, namens die kerk, het soos reeds vantevore in hierdie hoofstuk gemeld, aansoek gedoen om 'n gesondheidssentrum wat gewis 'n belangrike rol in hierdie opsig sal speel.

Die feit dat die inwoners vandag nog so 'n sterk vertroue aan huisrate heg, kan toegeskryf word aan die deeglike studie wat eerwaarde Kling, voormalige Rynse sendeling ook bekend as Saron se kruiedokter, hieromtrent gemaak het. Hy het die boek "Sieke Vertrooster" op Saron geskrywe en het aan blank en gekleurd sy dienste gratis gelewer. Die inwoners maak oor die algemeen baie gebruik van kruie soos Hotnoskooigoed, Boegoe, Bergsaldary, Agdae Geneesbossie, Kruistemint, ens. Als en granaatskil word vir medisyne gebruik, terwyl trekpleisters van miervet, bloekomolie en soetolie asook van beesmis en asyn geliefkoosde rate is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XII.

SPESIALE MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE.

Gedurende die verblyf van eerwaarde Kling is daar in Augustus 1904 'n polisiestasie op Saron geopen. Daar was 'n tronk (gemerk T op die sketskaart) en 'n polisiekantoor,hof en polisiewoning. Laasgenoemde drie was onder een dak (gemerk H2). Die polisieamptenaar het gereeld die omtrek tot by Halfmanshof te perd gepatroleer en by die boere aangedoen om na klagtes te verneem. Voor die oprig van hierdie polisiestasie met 'n blanke amptenaar was daar 'n Kleurlingbeampte wat op die sendingstasie woonagtig was. Die Rondgaande Hof van Tulbagh het al om die ander maand en wel elke eerste Dinsdag sitting op Saron gehad. Die eerste sitting is gehou op 7 September 1904. Op 10 Mei 1932 is die polisiekantoor op Saron gesluit en het ook geen hofsittings meer daar plaasgevind nie. Eerwaarde Hendrich het verklaar dat die polisie die sendingstasie beskerm het, deeglik toesig gehou en orde gehandhaaf het en die Rynse Sendinggenootskap het die feit betreur dat die polisiekantoor gesluit moes word. Die sluiting het egter plaasgevind om besuinigings redes en as gevolg van die feit dat daar nie genoeg sake voor die hof gedien het om die instandhouding daarvan te regverdig nie.

Sedert/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sedert die afskaffing van die polisiestasie op Saron kom die polisieamptenare van Tulbagh elke Vrydag en dié van Porterville elke Saterdag na Saron om te verneem na klagtes. Hulle maak dan ook 'n paar rondtes deur die dorp.

Die inwoners is daarmee eens dat 'n polisiestasie weer op die sendingstasie opgerig word aangesien almal dan doelbewus en uit vrees om op heterdaad betrap te word, die reëls en regulasies sal gehoorsaam. Hierdie behoefte is moontlik 'n reaksie op die losbandigheid wat posgevat het gedurende die laaste jare van die Rynse Bestuur en hoogty gevier het gedurende die tydperk toe die gemeente vakant was.

Soos reëlings tans bestaan, weet die inwoners presies wanneer die polisie patroleer, want van ver sien hulle reeds wanneer die bekende polisiewa aankom en die aankoms word blitsvinnig deur die dorp versprei. Verder weet hulle ook min of meer die tyd wanneer die stasie besoek word. By die tyd dat die polisie in die dorp kom, is alle moontlike lawaai, bakleiery, ens beëindig en verloop alles oënskynlik rustig en kalm. Erf No. 413, soos op die sketskaart aangetoon is reserveer vir die polisiestasie wat in die toekoms daar opgerig sal kan word.

WETSOORTREDINGS.

By die magistraatskantore van Porterville sowel as dié

van/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van Tulbagh is die aantal Saronners nagegaan wat voor die hof verskyn het, skuldig bevind en beboet is.

Dit was as volg:

TABEL NO. XVII.

Wetsoortredings van Saronners 1944 - 1948.

Oortreding	Manlik	Vroulik	Totaal
Bedrog en Vervalsing	11	-	11
Dronkenskap	9	-	9
Munisipale Regulasies.[1]	6	-	6
Aanranding	3	-	3
Smokkel en Drank.	3	-	3
Diensverlating.	3	-	3
Meineed	2	-	2
Dwarsboom van die Gereg	1	-	1
Mishandel van Diere	1	-	1
Vuil Taal	-	1	1
Verwaarlosing van kinders	1	-	1
Totaal	40	1	41

1) Onverskillige bestuur van voertuie, kan nie bestuurderslisensie toon nie, donkiekarre sonder ligte en donkiekarre wat in strate sonder oppasters gelaat word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens bostaande tabel resorteer die wetsoortredings onder die inwoners van Saron meestal onder kleiner oortredings waarvoor in alle gevalle die keuse van 'n boete toegestaan is. Die hoë voorkoms van bedrog en vervalsing asook meineed, almal oortredings van vry ernstige aard, staan in verband met die lede van die Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging[2] wat verkeerde inligting aan die magistraat van Porterville verskaf het.

Volgens die polisieamptenare van Tulbagh en Porterville wat die stasie gereeld besoek en soos trouens ook deur die statistiek van die magistraatskantore afdoende bewys word, is die voorkoms van die oortredings van die Saronners baie gering wanneer dit met dié van genoemde dorpe vergelyk word. In werklikheid egter is die aantal aanklagte tog nie 'n baie juiste aanduiding van die ware toedrag van sake nie. Tereg is die inwoners vredeliewend en wetsgehoorsaam, maar die feit dat daar nie soos op Tulbagh en Porterville 'n polisiestasie op die sendingstasie aanwesig is nie, bring mee dat die oortredings op die stasie nie so baie onder die aandag kom as wat op elk van genoemde dorpe die geval is nie. Hierby kom ook nog die feit dat indien onreëlmatighede plaasvind, die polisie per telefoon van een van die dorpe, by voorkeur Porterville, ontbied word. As die geregsdienaars eindelik/.....

---

2) Sien die hoofstuk oor Vermaaklikheid en Ontspanning.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eindelik by die sendingstasie arriveer, het alle hewige rusies of bakleiery ten einde geloop en word aanklagte nie ingedien nie. Die meeste oortredings, volgens inligting verskaf deur die magistraatskantoor, is dan ook nie op Saron self gepleeg nie, maar het op Gouda, Tulbagh en Porterville onder die aandag van die polisie gekom. Wanneer die inwoners hierdie onderskeie plekke besoek, word drank by die kroë gekoop onder invloed waarvan hul dan moleste maak en gevolglik aangekla word.

DRANKMISBRUIK.

Nieteenstaande die uitdruklike bepalings eerstens van die "Plaatselijke Wetten" van Saron dat dronkenskap en oproerige gedrag nie in die huise mag toegelaat word en dat bedwelmende drank nie sonder verlof van die Administrateur van Saron na die stasie gebring mag word nie, en tweedens van die koopkondisies, naamlik dat die transportontvanger en sy opvolger nie geregtig is om op gemelde erf 'n plek te hou vir die koop van bedwelmende drank of toe tè laat dat so 'n plek daarop mag gehou word nie, word drankmisbruik en drank-smokkelary tog aangetref.

Wat die omvang van drankmisbruik betref toon tabel no. XVll aan, dat gedurende 'n tydperk van vyf jaar 9 manlikes vir drankmisbruik skuldig bevind is en 3 vir smokkel-

handel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

smokkelhandel. Behalwe hierdie oortredings toon bogenoemde tabel sulke oortredings soos byvoorbeeld aanranding (3) en dwarsboom van die gereg (1) wat bes moontlik ook as gevolg van die feit dat die persoon onder invloed van drank was, gepleeg is.

Drankmisbruik vind op die sendingstasie veral naweke, by uitstek Vrydagaande en tot 'n minder mate Saterdagmiddae, plaas. Hierdie tye word dan ook gekenmerk deur opvallende lawaaierigheid wat meestal aan huise geskied. Dit is egter betreklik selde dat van die Saronners in besope toestand langs die strate aangetref word. Veral gedurende parstyd kom gevalle van drankmisbruik baie voor. Volgens onderhoude met die bejaarde inwoners is ook gevind dat nie meer net die mans slagoffers van drankmisbruik is nie, maar dat ook die vrouens, alhoewel nog maar in 'n baie geringe mate, hul aan drankmisbruik skuldig maak.

Die drank wat die sendingstasie binnekom, word op verskillende wyse verkry waarvan die dop op plase, drankhandel en smokkelhandel die vernaamste bronne uitmaak. Feitlik alle plaasarbeiders wat op die omliggende plase werk word deur middel van die dopstelsel gereeld van drank voorsien, en ontvang daagliks 7 tot 10 dop en selfs meer, ongefortifiseerde wyn.

Vrydagaande kom die werkers per vragmotor na die

sendingstasie/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sendingstasie en die meeste verkeer tot 'n minder of meerdere mate onder die invloed van drank, aangesien die werkgewers met die afsluit van die week se werksaamhede ook ekstra sopies verskaf. Afgesien van hierdie voorraad koop die Kleurlinge drank hetsy op die plase of omliggende dorpe naamlik Porterville, Tulbagh, Riebeeck-Wes en Riebeeck-Kasteel. Die kroë op Gouda stasie sowel as Tulbagh stasie is die vernaamste bronne van drank voorsiening. Vrydagaande moet die werkgewers op pad na die sendingstasie by hierdie kroë aandoen, of andersins word die donkiekarretjies op Saterdagoggende as vervoermiddel gebruik, terwyl sommige selfs die elf myl te voet aflê. Deur smokkelhandel meestal met die naturelle op die aangrensende plaas, de Hoek, word tuisgemaakte brousels in die hande gekry. Hierdie brousels word gemaak van heuning, blikkiesmelk, rosyne, afgeroomde melk, waatlemoen, kafferbier, ens. en word aangevul deur brandspiritus en patente medisyne uit die winkels.

Wat betref die algemene opvatting en houding van die gemeenskap teenoor dronkenskap is gevind dat van die ouer Kleurlinge teen oormatige gebruik van drank gekant is. Die jonger geslagte aan die ander kant beskou dit nie juis as iets verkeerds nie. Vir hulle is dit iets waarmee hulle daagliks in aanraking kom. Dit is geen skande nie en hul beskou dit gladnie so erg en in dieselfde lig as wat by blankes die geval is nie.

Namate/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Namate die Rynse kerk en administrasie invloed begin verloor het en gedurende die tydperk toe die gemeente vakant was, het drankmisbruik toegeneem. Soos reeds voorheen gemeld. het 'n algemene gees van losbandigheid begin posvat. Selfs die Onafhanklike Orde van Ware Templiere, 'n vereniging wat teen drank te velde getrek het, is ontbind omdat die lede self van drank misbruik gemaak het en derhalwe geen invloed kon uitoefen nie. Om gevolglik die toenemende mate van drankmisbruik die hoof te bied, en drankgewoontes aan bande te lê, tree eerwaarde Kruger besonder streng op en word die regulasies en kerklike tug streng toegepas. Deur middel van laasgenoemde word alle kerklike regte verbeur en na 'n derde oortreding kan die kerklike ban toegepas word. Gee hulle egter nie gehoor nie, moet hulle die stasie verlaat. Die samewerking tussen die polisieamptenare en die leraar is besonder goed, 'n feit waarvan die Kleurlinge bewus is. Die N. G. Sendingkerk probeer dus ingryp en sal weliswaar deur middel van ferme optrede sy invloed kan laat geld.

DAGGAROKERS.

Volgens onderhoude met inwoners blyk dit dat hierdie euwel wel deeglik op die stasie aangetref word. Die omvang van dagga gebruik is uiters moeilik te bepaal aangesien dit met strenge geheimhouding gepaard gaan. Die dol- en

erftuine/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

erftuine word as kweekplek gebruik waar veral die pampoenblare goeie skuiling bied, alhoewel Saron berg meer geskik is as gevolg van die baie gunstige versteekplekke.

Smokkelhandel is die vernaamste bron waardeur dagga verkry word. Hierdie handel word gedryf met die naturelle in die omgewing sowel as met besoekers van elders wat van tyd tot tyd by die stasie aandoen.

BUITE- EGTELIKHEID.

Geen statistiek met betrekking tot die getal buite-egtelike kinders wat oor 'n aantal jare gebore is, is beskikbaar nie. Van die 112 voorskoolse kinders wat tydens die ondersoek in die 102 huise aangetref is, is gevind dat 53 dit wil sê 47.32% buite die eg gebore is. Hoe juis hierdie gegewens is, is egter moeilik om te bepaal omdat die inwoners die voorkoms hiervan probeer verbloem en 'n ontwykende houding daarteenoor inneem.

Die buite- egtelike kinders, meestal die eersgeborenes, was met weinige uitsonderings die kleinkinders van die ouerpaar, met ander woorde hul dogters se kinders wat by hul tuisgaan en vir wie hul sorg.

Alhoewel sommige van die vaders van die buite- egtelike kinders op Saron self woonagtig is, blyk dit dat die meerderheid van Kaapstad en omliggende plekke soos Paarl, Wellington,

Stellenbosch/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch, Malmesbury, Tulbagh, Porterville, Piketberg, Moorreesburg, Wolseley, Ceres en Die Strand afkomstig is. Hierdie area dek hoofsaaklik die gebied waar die ongetroude moeders een of ander tyd werksaam was. Die dogters raak by die werksplekke swanger en kom vir die bevalling na Saron. Dit gebeur ook dat mans van die omliggende plekke die stasie besoek en ongeoorlooide verhoudings met die meisies aangaan.

Die daad om 'n buite- egtelike kind in die lewe te bring word oor die algemeen nie afgekeur nie en nooit kon enige afleiding gemaak word dat 'n sogenaamde "spoiled Case"[3] onwelkom was nie. In gesinne waar selfs drie tot vier buite- egtelike kinders aangetref is, is gevind dat hul dieselfde sorg en liefde geniet soos die res van die huisgenote. Hulle word trouens deur die hele gemeenskap aanvaar. Dit is duidelik dat die Kleurling bevolking geestelik nog nie so ver ontwikkel het dat 'n duidelike Christelike begrip van sedelikheid gevorm kon word nie.

Die kerk oefen wel tug uit met betrekking tot buite-egtelikheid. 'n Ongetroude moeder word van haar kerklike regte weerhou en onder sensuur geplaas. Wanneer sy later in die huwelik wil tree word dit nie in die kerk maar onder die "akkerboom" dit wil sê in die studeerkamer in die pastorie voltrek/.....

3) Kleurling benaming vir buite- egtelikes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voltrek. Swangerskap by voltrekking van huwelike kom dikwels voor. Niks kan sodanige huwelike verhinder nie, maar sodra die kinders gebore word, word kerklike tug onmiddellik toegepas. Met betrekking tot die dogters wat elders werksaam is en daar swanger raak, kan die kerk nie veel invloed uitoefen nie. Hierdie dogters is dikwels nog nie lidmate van die kerk nie, en die kerk kan hul ook nie verbied om na die sendingstasie vir die bevalling terug te keer nie. Die N.G. Sendingkerk op Saron gaan van die standpunt uit en is van voornemens om voortaan te bepaal dat alle dogters eers lidmate moet word alvorens hul elders werk kan aanvaar. Dit sal terselfdertyd daartoe lei dat die dogters tenminste eers die ouderdom van 17 jaar sal bereik voordat hul die ouerhuis verlaat. Hierdeur beoog die kerk om ouer en beter toegeruste dogters die lewe in te stuur, en meen dat geestelike hervorming die enigste middel sal wees om onsedelikheid aan bande te lê. Of dit die Sendingkerk sal geluk om op hierdie manier die meisies op die stasie te hou, is te betwyfel.

RASSEVERMENGING.

Volgens die koopkondisies was en is dit ook vandag onmoontlik vir blankes, Asiate en naturelle om grond op Saron te koop. Dit het in die verlede baie bygedra dat Naturelle en Asiate en ook in 'n mate die swakker klas

blankes/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

blankes hul op die sendingstasie gevestig het en rassevermenging tussen die verskillende groepe plaasgevind het. Ooglopende gevalle van rassevermenging sonder egverbintenis tussen blankes en kleurlinge is wel onder die inwoners - volwassenes sowel as kinders - aangetref. Tydens die ondersoek het 'n blanke vrou saam met 'n Kleurling geleef maar sy het later die stasie verlaat. Portrette van sommige voorouers is ook aan ondersoekster as bewys getoon dat hulle blanke immigrante was. Behalwe vir hierdie gevalle van moontlike blanke voorouers wat immigrante was, wil dit voorkom asof rassevermenging tussen blank en nie-blank meestal geskied wanneer die dogters elders werksaam is en daar buiteegtelike verbintnis met blanke persone aanknoop. Hierdie kinders kom dan, soos reeds in die hoofstuk gemeld, na Saron om deur hul grootouers opgepas te word. Dit kan verwag word dat die jongste wetgewing wat huwelike sowel as buiteegtelike verbintenisse tussen Kleurling en blankes verbied verbastering van hierdie aard sal teengaan.

As gevolg van die feit dat met die stigting van die sendingstasie naturelle ook toegelaat is as pagters, is daar vandag nog duidelik tekens van rassevermenging sigbaar tussen Kleurlinge en naturelle. Daar bestaan egter 'n algemene gevoel onder die inwoners dat hul nie die "swartes" onder hulle geledere wil hê nie. Die gevolg is dat

rassevermenging/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rassevermenging met naturelle selde voorkom.

LEËR.

Alhoewel ongeveer 18% van die 216 mans, wat in die ondersoek ingesluit is, in die leër was, is geen moeilikhede met betrekking tot hul aanpassing tuis ondervind nie. Vir sommige was die ondervinding en die nuwe kennis wat hul opgedoen het bepaald tot voordeel. So het een van hulle sedert sy terugkeer begin met groentekwekery op groot skaal omdat, soos hy verklaar het, die doeltreffendheid van hierdie tipe boerdery tydens sy dienstyd onder sy aandag gekom het.

Die swak houvas wat die Rynse Sendingkerk gedurende die laaste jare van sy bestaan op die gemeente gehad het, sowel as die lang tydperk waarin die gemeente vakant was, het as gevolg gehad dat maatskaplike vraagstukke, veral dronkenskap en die daarmee gepaard gaande euwels, op die sendingstasie toegeneem het. Gedurende hierdie tyd was daar 'n algehele verslapping ten opsigte van die toepassing van kerklike tug en administratiewe regulasies, en is 'n duidelike bewys dat beheermiddels van hierdie aard nog by die sendingstasie nodig is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XIII.

VERMAAKLIKHEID EN ONTSPANNING.

Die vermaaklikheids- en ontspanningsfasiliteite op die sendingstasie sal in die hoofstuk onder die volgende hoofde behandel word:

1. Ongeorganiseerde Vermaaklikheid en Ontspanning.
2. Georganiseerde Vermaaklikheid en Ontspanning.
3. Kommersiële Ontspanning.

1. ONGEORGANISEERDE VERMAAKLIKHEID EN ONTSPANNING.

Op informele wyse neem die indiwidu of gesin aan hierdie tipe van ontspanning deel, wat as gevolg van die gebrek aan voldoende vervoerfasiliteite meestal tot die gemeenskap van Saron beperk is. Die onderskeie vorms wat hierdie tipe van ontspanning aanneem is die volgende:

Plesierritte.

Die inwoners van Saron beskik nie oor veel vervoerfasiliteite nie. Tydens die ondersoek was daar slegs vier motors en twee vragmotors wat behoort het aan diegene van die hoër inkomstegroepe soos die onderwysers en sakemanne. Die vernaamste vervoermiddele is donkiekarre wat deesdae geleidelik deur gehuurde vragmotor vervoer vervang word wanneer plesiertogte onderneem word. Die vragmotors op die stasie

word/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word gehuur om lede van die sportklubs na naburige dorpe te vervoer, om passasiers na Gouda stasie te neem en om af en toe van die inwoners vir naweke of vakansiedae na Kaapstad of naburige dorpe te neem om verwante en vriende te besoek. Laasgenoemde "buite luggies" soos dit deur die inwoners genoem word, hoewel dit nie so dikwels onderneem word nie, dien as aangename ontspanning en van die inwoners wat dit kan bekostig maak gretig hiervan gebruik.

Uitstappies.

Behalwe die ritte na Kaapstad en omliggende dorpe is uitstappies op vakansiedae, maar veral tweede Nuwejaar, baie gewild. Sulke tye is die sendingstasie byna ontvolk soos die inwoners na Saron berg of na die bos by Vier- en - Twintig Riviere te voet of per donkiekar gaan. Hierdie pieknieks speel 'n vername rol om die groepsgees van die inwoners te ontwikkel.

Ander ontspannings uitstappies vind plaas wanneer vroue, van alle ouderdomme, en kinders gewoonlik teen die hang van Saron berg gaan hout haal, of wanneer die vrouens in die vlei gaan was. Hierdie take, alhoewel deel van die huishoudelike pligte, verskaf veel plesier.

Musiek en Sang.

Die Saronners toon 'n besondere liefde vir musiek

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en sang. Tydens die ondersoek is by die 102 huise 4 radios, 3 harmoniums, 2 klaviere, 4 viole en 2 trekklaviere aangetref, terwyl grammafone en ander musiekinstrumente soos mondfluitjies, konsertinas, banjo's, mandolines maar veral ghitare besonder gewild is. Saans na werk en op reëndae vergader die mans om die vuurherd en word musiek van ligte en vrolike aard gemaak om hulself en ander te vermaak. Hierdie tipe musiek bied dus besonder aangename afleiding.

Die Kleurlinge is lede van verskeie kore.[1] Wanneer 'n sterfgeval voorgekom het, of by lede van een of ander vereniging wat verjaar, sowel as op Goeie Vrydag kan vroeg in die oggend die sing van gewyde liedere gehoor word. Wanneer die vragmotors die werkers vir die naweek huistoe bring, kan hul sang van ver reeds verneem word.

Partytjies.

Huispartye vir verjaarsdae word gehou, maar daar mag nie gedans en gedrink word nie. Wanneer dit wel plaasvind word die gasheer en gasvrou onder kerk sensuur geplaas. Nogtans word op hierdie gebied oortree en word danspartye in die geheim gehou.

Dagblaaie en Tydskrifte.

Tydens die ondersoek het slegs drie intekenaars

„Die Suiderstem" /....

---

1) Is reeds in die hoofstuk oor Die Rol van die Kerk uiteengesit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

„Die Suiderstem" ontvang terwyl „Die Burger" en „The Cape Times" elk een intekenaar gehad het. Twee het „The Sun", 'n tweetalige Kleurling koerant wat weekliks verskyn en in Kaapstad gedruk word, gekry. „The Farmers Weekly", Die Huisgenoot, Die Jongspan, Die Naweek, „The Outspan", „The Spotlight" en Die Jong Springbok het elk twee intekenaars gehad. Slegs 30 eksemplare van Die Ligdraer, 'n maandblad van die N.G. Sendingkerk, is ontvang terwyl 24 Kerkjaarboeke verkoop is.

Uit voorafgaande blyk dit dus dat daar vir so 'n groot Kleurling gemeenskap besonder min gelees word en dat, waar nog gelees word, tydskrifte, dag- en godsdienstige blaaie die vernaamste bron van leesstof is. Daar is behoefte aan 'n biblioteek op die sendingstasie want die lees van boeke dien nie net as ontspanning nie maar is ook van opvoedkundige waarde. In hierdie opsig beoog die leraar aanmerklike verbetering met die daarstelling van 'n leeskamer soos in die hoofstuk oor Opvoeding en Onderwys uiteengesit is, waardeur die skoolgaande kinders sowel as die volwassenes bedien sal kan word.

Kuier en Gesels.

Kenmerkend van die Kleurlinge is hul onderlinge gasvryheid, 'n verskynsel wat dan ook nie op Saron 'n uitsonde-

ring/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitsondering op die reël is nie. Heel dag deur word besoeke oor en weer afgelê. Dit is ook baie algemeen om groepies persone langs die sonkant van die wonings te sien gesels. Straatgesprekke is baie algemeen deurdat gesprekke op weg na die winkel, poskantoor en waterskepplek gevoer word met persone wie hulle ontmoet, of 'n geselsie word aangeknoop met diegene wat voor die huise sit. By genoemde bymekaar kom plekke kan die inwoners ook ure aan een staan gesels; hulle geniet gesellige onderlinge verkeer daar almal mekaar ken.

Naaldwerk.

Sodra die huislike pligte afgehandel is, is die vrouens meestal besig met naaldwerk soos lap en stop en maak van klere wat nie alleen as deel van die huislike pligte beskou kan word nie, maar ook soms gesonde afleiding bied. Sewe huisvrouens het naaimasjiene tot hul beskikking. Daar is ook sommige van hulle wat graag breiwerk doen maar kunsnaaldwerk is nie aangetref nie.

Persoonlike Stokperdjies.

Daar is nie inwoners van Saron gevind wat persoonlike stokperdjies daarop nahou nie, behalwe die prinsipaal wat besonder veel belang in teken- en skilderwerk stel.

Dobbel/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dobbel.

Alhoewel dit uit verskillende onderhoude met inwoners geblyk het dat daar 'n mate van dobbelary op die sendingstasie plaasvind, is dit uit die aard van die saak vanselfsprekend dat die omvang daarvan baie moeilik te bepaal is. Daar is gevind dat gedobbel word met kaarte en domino's vir vuurhoutjies sigarette en kontantgeld. Dit gebeur meestal op reëndae wanneer die loonarbeiders soms genoodsaak is om tuis te bly en dus na vermaaklikheid en tydverdryf soek, omdat ander tuisspel- apparaat nie beskikbaar is nie. In huise waar "slange en lere", dambord, ens aangetref word is dit meestal die jonger lede van die gesin wat hul vermaak daarmee vind.

Speletjies by die Kinders.

Saron beskik oor 'n spelende jeug. Gedurende die dag speel die skoolkinders op die skoolterrein maar na skool is die strate, die grasveld langs die pastorietuin, die pad by die ingang van die stasie en bykans orals waar daar ruimte beskikbaar is, die gekose speelplekke van alle kinders. Spele waaraan deelgeneem word, seuns en dogters meestal apart, is wegkruipertjie, kat en muis, bal-bal, aanslaan, albasters, ens terwyl selfgemaakte waentjies, karretjies en wiele as besonder gewilde speelgoed gereken word, aangesien winkelspeelgoed nie bekostig kan word nie. Dit was opmerklik dat selfs

die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die jong mans en meisies gewoonlik op Saterdagagtermiddae aan allerlei speletjies deelneem, terwyl sommige middeljariges ook saamspeel want die Kleurlinge bly lank jonk van gees en kinderspele behou altyd 'n mate van bekoring.

2. FASILITEITE VERSKAF DEUR PRIVATE OF ANDER ORGANISASIES.

Vervolgens word die georganiseerde ontspanningsaktiwiteite van die Kleurlinge op Saron behandel. Hierdie aktiwiteite, gehou op gesette tye, het by die Kleurlinge self ontwikkel en onderlinge kompetisie is baie sterk.

Sportklubs.

Daar bestaan twee sportklubs naamlik voetbal en tennis.

(i) Die Voetbalklub.

Voetbal is ongetwyfeld die belangrikste sportsoort op die sendingstasie. Die enigste klub naamlik "Lion Heart Club" is sedert 1943 gestig, en skakel in by die Boland Kleurling Rugby Unie. Die klub bestaan uit ongeveer 45 lede en het drie spanne, almal Saronners, wat in rooi en swart gestreepte truie speel. Uitgesonderd die subskripsie van drie pennies per lid wat weekliks ingevorder word, betaal die lede jaarliks 'n aansluitingsubskripsie van 6/-. Deur middel van hierdie fonds word die vervoeronkoste, onderhoud van die voetbalveld (gemerk op die sketskaart) en die betaling van doktersgelde indien iemand seerkry, gedek.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die klub beskik ook oor 'n Eerstehulpkassie wat in gevalle van noodhulp en beserings-gebruik kan word.

Die "Lion Heart Club" is goed georganiseer en die ampsdraers is die voorsitter, sekretaris en kassier. Elke span het ook 'n kaptein, onder kaptein, breier en/of skeidsregter. Vergaderings word gereeld gehou waar vriendskaplike sowel as liga wedstryde op die tuisveld sowel as by naburige dorpe gereël en bespreek word, en ook word 'n paar man aangestel om die veld in orde te bring. Daar is geen pawiljoen of ander sitplekke beskikbaar nie, die toeskouers sit of staan langs die veld wat nie omhein is nie, maar in 'n goeie toestand is. Skoolkinders is verantwoordelik om deur middel van 'n bussie by die toeskouers om bydraes te kollekteer.

Die lede sowel as die publiek is baie entoesiasties oor voetbal en oud en jonk kan baie opgewonde raak wanneer wedstryde afgespeel word.

(ii) Die Tennisklub.

Daar is slegs een goed omheinde tennisbaan op die sendingstasie naby die pastorie geleë. Die ampsdraers van die tennisklub is die voorsitter, sekretaris en kassier. Die subskripsie is 2/6 per seisoen en die lede moet die baan in orde hou. Vriendskaplike wedstryde word teen Ceres, Steindal en Tulbagh gespeel. Al die spelers is lede van die skool-

personeel./.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skoolpersoneel. Nie een van die ander inwoners is lid van die klub nie.

Die bydrae van hierdie klub tot die ontspanning van die gemeenskap is beperk. Volgens onderhoude beskou die inwoners tennis as 'n sportsoort wat slegs die skoolpersoneel, naamlik diegene wat baie geld verdien, kan bekostig en met hierdie sienswyse toegedaan is hul tevrede en doen hul nie juis moeite om aan te sluit nie.

Orkes.

Die orkes naamlik die "White Star Treaubadours", gestig in 1939, bestaan uit ses lede. Die ampsdraers is die voorsitter, sekretaris en kassier. Vergaderings word maandeliks belê. Twee keer per maand word orkesoefeninge gehou. Die subskripsie is 3/6 per jaar terwyl gereelde maandelikse bydraes van ses pennies ingevorder word. Fondse word ook ingesamel deur dat die orkes by danse optree wat gehou word by Gouda Hotel en op plase in die omgewing. Vir eersgenoemde word £6 en vir laasgenoemde £2.10 per maand, vervoer uitgesluit, gevra. Soms word by huispartytjies op die stasie opgetree waarvoor 5/- betaal word. Hierdie fondse word gebruik om instrumente aan te koop sowel as vir snare of enige reparasies.

Die/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die orkes is in besit van 'n banjo, basviool en tamboer, terwyl die spelers ook van hul private musiekinstrumente, byvoorbeeld ghitaars en viole, gebruik. Die klavier word verskaf deur die persone by wie hulle optree, alhoewel een van die orkeslede self 'n klavier besit.

Behalwe om by danspartye op te tree speel die orkes ook by die verjaarsdagfunksies van die orkeslede self, sowel as by feestelike geleenthede van die verenigings. Sommige Sondagagtermiddae vergader die orkes aan huis van een van die orkeslede en word gewyde musiek gespeel. Met Kersfees en Nuwejaar word optogte deur die strate gehou, wanneer die orkeslede en ander belangstellendes geklee in eenvormige drag, in gelid opgestel word met die kenteken, 'n groot wit ster, aan die voorpunt.

Volgens onderhoude met die orkeslede is hierdie orkes die enigste wat nog oorgebly het van die drie orkeste op Saron, Selfs hierdie orkes het aanvanklik oor veel meer lede beskik en het afleiding, aan 'n wye kring verskaf. Die rede waarom die ledetal so gering is, is te wyte aan die feit dat sodra die lede trou hulle nie meer oefen nie en slegs met Kersfees en Nuwejaar deelneem. Hierbenewens werk baie jongmans op ander plekke gedurende die week sodat aansluiting feitlik buite die kwessie is.

Verenigingslewe/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verenigingslewe.

Nie een van die verenigings wat op Saron in die lewe geroep is, bied uitsluitlik vermaaklikheid en ontspanning aan die inwoners van die stasie nie, maar gaan gepaard met die ekonomiese omstandighede en kerklike organisasie van die gemeenskap. Nogtans is hierdie verenigings tog gemoeid met die vryetydsbesteding van die Kleurlinge aangesien deelname hieraan in hul vryetyd geskied, deurdat die pligte hieraan verbonde na afhandeling van die dagtaak of weeklikse werksaamhede geskied. Vroeër is die Jongelingsvereniging met ontspanning en vermaaklikheid as uitsluitlike doel gestig, maar het ontbind omdat die inwoners in toenemende mate elders werk aanvaar het, en ook omdat die lede destyds aan een of meer van die verenigings, sommige waarvan tydens die ondersoek reeds ontbind was, behoort het, wat 'n groot deel van hul beperkte vryetyd in beslag geneem het. Voorheen het daar ook heelwat meer verenigings, wat nou verbonde aan die kerklike organisasie was, op die sendingstasie bestaan, byvoorbeeld die Liefdadige-, die Biduur- en die Sustersvereniging. Hierdie drie verenigings is nou deur die Christelike Sustersbond vervang. Ander organisasies, byvoorbeeld die Waaksaamheidsvereniging en die Onafhanklike Orde van Ware Templiere, het as gevolg van gebrek aan belangstelling tot niet gegaan.

Tydens/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens die ondersoek is die volgende bestaande verenigings op die sendingstasie aangetref:

1. Drie organisasies as begrafnisondernemings, naamlik Die Môrester, Die Sonstraal en Die Broedersvereniging.
2. Twee kerklike organisasies naamlik die Christelike Sustersbond en die Jongedogtersbond.
3. Die Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging.

Die drie organisasies as begrafnisondernemings verskaf dienste van 'n ekonomiese aard aan sy lede, terwyl die kerklike organisasies in nou verband met die N.G.Sendingkerk op die stasie staan. Laasgenoemde vereniging raak die samelewing op ekonomiese, kerklike en administratiewe gebied.

1. Die Organisasies as Begrafnisondernemings.

Hierdie drie verenigings is reeds in die hoofstuk oor die Ekonomiese Omstandighede breedvoerig behandel.

2. Kerklike Organisasies.

Die Christelike Sustersbond en die Jongedogtersbond, enig van hul soort op die sendingstasie, is reeds in die hoofstuk oor die Rol van die Kerk uiteengesit. Reeds vroeër is in hierdie hoofstuk gemeld dat die eertydse Liefdadige- en Biduurverenging by die Christelike Sustersbond

aangesluit /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangesluit het. Laasgenoemde het ontstaan uit die Susters-vereniging wat op inisiatief van die Kleurlinge self gestig is. Die rede waarom die leraar en kerkraad slegs genoemde twee vereniging erken, is omdat die gemeente se kragte te verdeeld is tussen die verskillende verenigings, wat byna soortgelyk is. Met alle aandag en tyd gekonsentreer op die Christelike Sustersbond en Jongedogtersbond word beter organisasie in vooruitsig gestel.

3. Die Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging.

Hierdie vereniging het aan die begin van 1947 as die Inkomste Vereniging ontstaan en is sedert die begin van 1949 as Die Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging bekend.

Die Inkomste Vereniging het oor 'n ledetal van 50 mans en 32 vrouens beskik. Die bestuurslede, almal woonagtig in Saron, het volgens huishoudelike reëls die organisasie behartig. Volgens die voorsitter het 'n Kleurling, vanaf Kaapstad, die vereniging tydens die gemeentelike vakature gestig. Hy het die vereniging dikwels toegespreek en alle inisiatief het van hom uitgegaan.

Dit was besonder moeilik om inligting omtrent hierdie vereniging in te win, die lede was baie vaag en verward

omtrent/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omtrent die doelstellings. Moontlik omdat hul self nie duidelikheid gehad het nie, en ook as gevolg van die houding van die gemeenskap waarop later in hierdie hoofstuk gewys sal word. Nogtans is die volgende daaromtrent verneem:

(1) Op kerklike gebied het hierdie organisasie geweier om die verhoogde bydraggeld naamlik ses pennies in plaas van drie pennies te betaal. Ook het hierdie vereniging gedurende die tydperk van vakature lyste gesirkuleer waarvolgens die gemeentelede moes stem of hul ten gunste van 'n blanke of gekleurde leraar is.

(2) Op ekonomiese gebied is verklaar dat hul as lede van die vereniging hul eie trekkers vir die bewerking van die landerye wil aankoop; dat aangesien die staat hul as vereniging goedgekeur het, hul van staatsweë saadkoring en klerasie sou ontvang waarvoor afbetaling oor 'n tydperk van drie jaar kon geskied; dat hulle hul eie winkel, kliniek en hospitaal wil oprig en dat alle behoeftiges, sonder kinders om hul te ondersteun, finansiële hulp kon verkry deur by hierdie vereniging aan te sluit.

Nie alleen het nie- lede vir alle propaganda makers hul huise belet nie maar selfs die kerkraad het op grond van die feit dat lyste vir of teen 'n blanke leraar gesirkuleer is, stappe gedoen teen hierdie vereniging wat in oproer teen die kerk en leraar gelewe het. Alle lede is dus onder sen-

suur/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sensuur geplaas, moes £5.5.0 vir 'n graf betaal en sou as "dooie" lid begrawe word. Hul kon slegs deur hul bedanking by die vereniging in te dien weer hul kerkregte geniet. Die kerkraad het ook van eerwaarde Hendrich 'n brief verkry waardeur leiers en ander sprekers van buite verbied is om 'n vergadering te hou, wat belê was om reklame vir die vereniging te maak. Die vergadering is gehou en die kerkraad het die saak by die polisie gerapporteer. Beslag is gelê op alle boeke van die vereniging en die leiers is gedagvaar op grond van bedrog, volgens hul bewering dat hul deur die staat goedgekeur is en omdat geen verslag omtrent die ledegeld gelewer kon word nie. Die hofsaak het plaasgevind nadat sewentien dae in die gevangenis deurgebring is, en alle aanklagte is ontken. Die magistraat het 'n ernstige waarskuwing tot die leiers gerig en hul beveel om af te sien van hul strewe om in vyandskap met die kerkraad en gemeenskap te leef en om hul voortaan by hul kerk en samelewing te bepaal en nie deur invloede van buite tot oproer en wederstrewigheid aangevuur te word nie.

Ten spyte van bogenoemde gebeure is in 1949 op Saron die <u>Namakwa en Suid-Afrikaanse Gekleurde Bevolking Nasionale Vereniging</u> gestig wat as 'n voortsetting van die <u>Inkomste Vereniging</u> beskou kan word. Hierdie vereniging vorm 'n tak van 'n vereniging met 'n soortgelyke naam wat in Januarie 1945 in Kaapstad gestig is. Die besture van die manne en

vroue/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vroue takke te Saron is ook ondergeskik aan die hoofbestuur in Kaapstad.

Aan die einde van 1949 het die vereniging beskik oor 'n ledetal van 60 mans met hul vrouens en 30 ongetroude mans. Dit is gevind dat 28 van hierdie 60 gesinne huurpagters is, 20 het onderhandelings met betrekking tot die koop van erwe aangegaan en 12 was bywoners. Die organisasie geskied volgens opgestelde konstitusie en maandelikse byeenkomste word gehou. Van die lede verklaar dat die opkoms baie swak is aangesien sommige lede elders werksaam is. 'n Aansluiting-subskripsie van 2/6 word van elke lid gevra en daarna moet die mans maandeliks 1/- en die vrouens ses pennies bydra. Die kapitaal op hande was £29, wat in die plaaslike poskantoor en in die Barclays Bank belê is.

Volgens inligting van die inwoners rig hierdie vereniging soortgelyke agitasies soos die eertydse Inkomste Vereniging in verband met verbeterde landboumetodes en oprigting van 'n hospitaal, maar gaan selfs verder en wil hul eie kerk naamlik die "South African Coloured Communual Mission Christian Church" stig, om sodoende vrygestel te word van hul bydraggelde. Namens die vereniging is 'n skrywe, waarna later in die hoofstuk verwys sal word, aan die Eerste Minister gerig waarin hul versoek om hul eie Kleurling leraar te mag hê, dat alle blankes die sendingstasie moet verlaat

en/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en dat selfbestuur toegestaan word. Terselfdertyd is ook 'n versoek aan eerwaarde Hendrich gerig waarin hul verklaar dat hul bereid is om die bestuur van die sendingstasie oor te neem, nie langer pag- en koopskulde gaan betaal nie aangesien die stasie die eiendom van die slawe was, en 'n aparte kerkhof wil hê aangesien hul ten duurste vir 'n graf moet betaal. Die vereniging doen ook aansoek by die Registrateur van Welsyns-organisasies om in gevolge die Wet op Welsynsorganisasies registreer te word, dog sonder welslae. Vanaf die vereniging se hoofkantoor in Kaapstad is die lede daarop gewys dat hulle op die sendingstasie daarna moet streef dat daar 'n gelyke verdeling van goedere moet wees en dat die lewe vir diegene wat nie by die organisasie aangesluit het nie ondraaglik gemaak sal word.

Die skrywe aan die Eerste Minister is deur sy kantoor na eerwaarde Kruger verwys, wat verslag uitgebring het dat hierdie optrede vanaf 'n klein gedeelte van die gemeenskap uitgaan en nie as mondstuk vir die sendingstasie kan dien nie. Die bestuurslede moes voor eerwaarde Hendrich verskyn en hulle is ingelig dat die sendingstasie die eiendom van die Rynse Sendinggenootskap is, dat die plaaslike bestuur ingestel sal word sodra die tyd daarvoor geskik is en dat indien hul met hul kerk en leraar reg hou grafte wel toegestaan sal word. Voorts is die bestuur daarop gewys dat indien hul verkies om

voort/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voort te gaan met hul optrede teen die kerk en Rynse Genootskap hul die sendingstasie sal moet verlaat.

Tydens die verblyf op die sendingstasie was dit vir die ondersoekster baie duidelik dat die meerderheid van die inwoners op die sendingstasie teen hierdie vereniging gekant is. Daar is beweer dat die lede beïnvloed word deur persone buite Saron, wat nie kennis van die omstandighede van die stasie dra nie, en wat nie kan begryp dat die gemeenskap nog van blanke leiding afhanklik is nie. Hul beweer dat die sendingstasie nog nie deur 'n gekleurde leraar beheer kan word nie, en met hierdie feit voor oë, is 'n blanke leraar beroep toe hul tussen 'n blanke of Kleurling leraar moes kies. Hul het derhalwe vertoë tot eerwaarde Hendrich gerig dat die leiers van buite verbied moes word om verdere opsweping aan te voer, en dat hul gladnie toegelaat moes word om die stasie binne te kom nie. Eerwaarde Hendrich wou die opstokers laat arresteer maar dit kon nie geskied nie omdat die "Plaatselijke Wetten van Saron" nie geregistreer is nie. Die aanhitsers moes dus eers skriftelik in kennis gestel word alvorens geregtelike optrede kon geskied. Hulle het beloof om gehoor te gee.

Hierdie vereniging is nie sterk nie en die bywoning van die vergadering en betaling van maandelikse bydrae is swak. Die lede is volgens eerwaarde Hendrich, diegene wat

tien/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tien tot vyftien jaar met die betaling van hul paggelde agterstallig is, en selfs die kopers onder hul geledere is nog byna die hele koopsom skuldig. Alhoewel hierdie vereniging eerder kwyn as uit brei, het dit aanleiding gegee tot tweedrag onder die gemeenskap wat die invloed van die kerk en die administrasie benadeel. Aan die ander kant dui hierdie beweging daarop dat die Kleurlinge, alhoewel deur invloede van buite geïnspireer, tog begin neig tot selfstandigwording en een of ander tyd sal streef na onafhanklikheid van blanke beheer.

Jeugorganisasies.

Die georganiseerde vermaaklikheid en ontspanning vir die skoolgaande jeug byvoorbeeld die voetbal, netbal, tennikoit, kore en sportbyeenkomste is reeds in die hoofstuk oor Opvoeding en Onderwys uiteengesit. In die hoofstuk oor die Rol van die Kerk word die Sondagskool uitstappies bespreek wat ontspanning en vermaaklikheid aan die kinders verskaf.

Vir die naskoolse jeug is daar die Jongedogtersbond, nou verbonde aan die kerklike organisasie, wat in die hoofstuk oor die Rol van die Kerk behandel is. Origens word geen ander jeugorganisasie op die sendingstasie aangetref nie.

Politieke Organisasie.

Geen politieke organisasies word op die sendingstasie aangetref nie. Met verlof van die bestuurder word opelug

politieke/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

politieke vergaderings deur die verskillende partye gedurende verkiesings gehou. Hierdie vergaderings vorm 'n gewilde bron van afleiding en word besonder goed bygewoon.

3. KOMMERSIËLE ONTSPANNING.

Geen bioskoopsaal of ander vorms van kommersiële ontspanning word op Saron aangetref nie. Eerwaarde Hendrich het in 1948 aan 'n blanke van buite Saron verlof toegestaan om 'n kalklig vertoning in 'n groot tent te hou. Die opkoms was besonder goed maar sedertdien is nog nie weer vertonings gehou nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

B Y L A E.

A. KOOPKONDISIES:

"En die Komparant het verklaar dat die gesegde Genootskap werkelik en wettiglik verkoop het op ..... en dat hy in sy hoedanigheid as voorsegde Prokureur deur hierdie Akte, gesedeer en getransporteer het in volle en vrye eiendom aan en ten behoewe van ..... gebore ....., sy Erfgename, Eksekuteure, Administrateure of Gemagtigdes seker stuk erfpag betaling waarvan afgeskaf is kragtens wet 54/1939 grond synde Lot ..... geleë in die "Saron Township" in die afdeling Tulbagh gehou deur die voorsegde "Rhenish Mission Society of Barmen Germany; (hierna genoem die Genootskap) onder Sertifikaat van Geregistreerde Titel gedateer 15 Desember 1933 No. 8458.

Groot .....

Soos duidelik aangedui word op die kaart No 1954/47 hieraan geheg deur die Landmeter opgetrek.

Die grond is onderhewig aan 1. sodanige kondisies en na verwys word in gemelde Sertifikaat van Geregistreerde Titel No 8458 gedateer die 15 Desember 1933. 2. Die kondisie herhaal in gemelde Sertifikaat van Geregistreerde Titel No 8458 gedateer die 15 Desember 1933 en die na verwys word in die endossement gedateer 24 April 1877 op transportakte gedateer 18 Augustus 1852 No 199 en die daarin as volg lui:

"By /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"By a deed of the 14th ultimo passed before the Notary Johannes Hermanus Redelinghuys and witnesses certain conditions have been agreed to between the proprietors of the farm Leeuwenklip, as will more fully appear on reference to a copy of said deed here-unto annexed"

3 die kondisies deur die Administrateur opgelê:-

(a) die kondisies vasgestel onder art. 13 van die Ordonnansie op Dorpe 1927 (Kaapland)

(b) die kondisie vasgestel onder Art. 14 van die Ordonnansie op Dorpe 1927 (Kaapland)

(c) Dat gesegde erf alleenlik vir woondoeleindes sal gebruik word.

(d) Dat gesegde erf nie sonder die toestemming van die Administrateur mag verdeel word nie.

(e) Dat nie meer dan een woning op gesegde erf sal gebou word en nie meer dan die helfte van oppervelkte daarvan beboud sal word nie.

(f) Dat alle geboue die na die 17de Desember 193[illegible] mag opgerig word sal ten minste 10 voet vanaf die aangrensende straat of laan staan; sodanige ruimte mag vir tuine gebruik word, maar sal nie beboud word nie;

(g) Dat die volle stroom water die na verwys word in die endossement gedateer 24 April 1877 op Transportakte No 199 gedateer 18 Augustus 1852 en vermeld in die Notariële

Akte/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Akte gedateer 14 Maart 1877 daaraan geheg, van Sondagmôre om 8 uur tot Satermiddag om 12 uur vry en ongestoord moet loop in die bestaande watersloot die op die Dorpsplan van Saron aangewys word tot oor die bestaande meul.

(h) Dat die eienaars van die "Reserved Area" geregtig sal wees op 'n gedurige loop van 'n volle 3 duim water pyp van gemelde stroom uit gemelde watersloot vir huislike gebruik sowel as vir besproeiing op gemelde "Reserved Area".

(i) Dat die Genootskap die reg het om die water in paragraaf (h) vermeld in pype uit die grondsloot op 'n geskikte plek deur die Genootskap aangeduie tussen die dam aangewys op die Dorpsplan en die bestaande meul uit te lei en hulle sal die reg van toegang daartoe hê om die waterpype op pyplyne te lê, te versorg en te repareer.

(j) Dat alle bestaande verpligtinge in verband met die skoonmaak, versorg en reparasie van die watervoor voortduur tot die gestig van 'n Plaaslike Bestuur as wanneer sodanige Plaaslike Bestuur verantwoordelik sal wees vir die behoorlike versorg en reparasie daarvan tot by die meul.

(k) Dat die Genootskap geregtig is om op die dorpsgronde 100 kleinvee sonder betaling te laat loop en wei en om hierdie reg aan enig ander persoon of persone oor te maak.

(l) Dat ingeval die Dorpsgronde of enige gedeelte daarvan later in erwe onderverdeel word, sodanige erwe getrans-

porteer/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

getransporteer sal word onderhewig aan die Kondisies soos op die erwe geleë in die "Saron Township" opgelê is.

4. Die volgende kondisies opgelê deur die Genootskap ten voordele van hulself as eienaars van die gedeelte van Saron gemerk "Reserved Area" op die plan van die Saron Township gehou onder Sertifikaat van Geregistreerde Titel No 8458 gedateer 15 Desember 1933 en hulle opvolgers en die as volg lui:-

(a) Dat transportontvanger en sy opvolgers nie geregtig is om gemelde erf aan enig persoon of persone van Europese afkoms, 'n inboorling van Asië of van Asiatiese afkoms, enig Maatskappy of Liggaam deur sodanige verbode persone beheers of aan Naturelle te verkoop, verhuur of andersins van die hand te sit nie.

(b) Dat transportontvanger en sy opvolgers nie geregtig is om op gemelde erf 'n plek te hou vir die verkoop van bedwelmende drank of toe te laat dat so 'n plek daarop mag gehou word nie.

(c) Dat transportontvager en sy opvolgers nie geregtig is om op gemelde erf enige besigheid ingesluit onder 'n Algemene Handelaars Lisensie sonder die toestemming van die huidige en namalige eienaar van die "Reserved Area" voormeld, te drywe nie.

(d) /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(d) Dat geen kerk of enig sekte op gemelde erf sal opgerig word nie, en geen Godsdiens verskillend van dié deur die Rynse Sending Genootskap verkondigd op gemelde erf sonder die skriftelike toestemming van die huidige en namalige eienaar van die gemelde "Reserved Area" gehou sal word nie.

(e) Geregtig op en onderhewig aan die volgende kondisies:-

(a) Dat transportontvanger en sy opvolgers geregtig is op soveel wei- en saairegte op die dorpsgronde as van tyd tot tyd deur die Plaaslike Bestuur, of hangende die aanstelling van 'n Plaaslike Bestuur deur die eienaars van gemelde "Reserved Area" sal aangewys word onderhewig aan sodanige huurgelde as van tyd tot tyd vasgestel mag word.

(b) Transportontvanger en sy opvolgers van gemelde erf sal geregtig wees om water te lei uit die watersloot gemerk "Water Furrow" op die kaart daarvan gedurende sodanige beurt of beurte as van tyd tot tyd mag toegeken word deur 'n Plaaslike Bestuur of hangende die Plaaslike Bestuur deur die eienaars van gemelde "Reserved Area".

In geval dit wenslik is om die watervoor te versit, sal die gesegde Plaaslike Bestuur of gesegde eienaars die reg hê om dit oor gemelde erf te maak of om dit op 'n ander beskikbare rigting te laat loop. Transportontvager en sy opvolgers sal buite hul beurte die water in die voor ongehinderd laat loop en sal die watervoor skoon hou

sover/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gover dit oor gemelde erf loop.

Weshalwe die Komparant, *afstand doende van al die* Reg en Eiendomsreg wat die gesegde Genootskap voorheen gehad het in gesegde eiendom ten behoewe as voorsê, het hy ook ten gevolge daarvan, voorsegde Genootskap erken as volkome onteien van, en nie geregtig op dieselfde te wees nie; en dat, kragtens hierdie akte, die gesegde transportontvanger sy Erfgename, Eksekuteur, Administrateur of Gemagtigdes, nou is, en voortaan daarop geregtig sal wees, ooreenkomstig plaaslike gewoonte; maar dat die Regering egter sy Reg behou; En eindelik erken sy Prinsipaal die gehele koopsom op bevredigende wyse ontvang te hê, ten bedrae van die som van ..... terwyl hereregte betaal is op ..... synde waardasie aangeneem deur Ontvanger van Inkomste."

B. KOOPBRIEF:

"Koopbrief aangegaan tussen ..... in sy kapasiteit as Kurator vir die Rynse Sending Genootskap, hierna genoem die VERKOPER, en

hierna genoem die KOPER:-

1. Die koper koop erf No. ..... in die dorp Saron.

2. Die koopskat is £..... Stg.

3. Die koper betaal die onkoste van transport, verband, kaart en plan.

4. Die verkoper neem 'n verband vir die koopskat, transport en verband onkoste, plus sodanige bedrag agterstallige huurgelde/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huurgelde as die verkoper, na goedvinde, mag bepaal, met rente teen ses per sent per jaar, kapitaal betaalbaar in maandelikse paaiemente van £..... per maand op die eerste dag van ieder maand die eerste paaiement betaalbaar op die eerste van die maand na die transport en verband geregistreer is, en die rente half-jaarliks.

Die koper sal verplig wees om al die nodige papiere te teken wanneer deur die verkoper daartoe vereis.

5. Die grond is verkoop onderhewig aan die kondisies deur die administrateur opgelê volgens Brief No. L 107/3/15 en ook aan die volgende kondisies:- (Sien Bylaag A vanaf 4 (a) tot (e) (a).

Gedateer te SARON op hierdie ..... dag van .....19 ....

.....
VERKOPER.

As Getuie:

1.....

2. .....

.....
KOPER.

C. DIE REELS EN REGULASIES VAN DIE BEGRAFNISVERENIGINGS.

Die reëls en regulasies van die begrafnisverenigings naamlik die Môrester, die Sonstraal en die Broedervereniging

soos/.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos dit deur die Kleurlinge self opgestel en aangeteken staan, lui as volg:

(i) Die Morester.

" (1) Enige persoon is geregtig om by ons vereniging aan te sluit met £1 intreegeld.

(2) Nadat hy of sy aangesluit het, is hy verplig om maandeliks 1/6 by te dra.

(3) As enige lid drie maande agter is met sy maandelikse subskripsie sal hy nie meer erken word as lid van ons vereniging nie.

(4) Vergadering sal gehou word op die laaste Saterdag van elke maand om 7.30 nm. En indien 'n dienende komiteelid afwesig is sal hy beboet word met 'n 6d. 'n Gewone lid sal met 'n 3d. beboet word.

(5) Elkeen is verplig wanneer hy in die vergadering is, behoort hy hom geskik te dra onder orde van die voorsitter; onder die invloed van drank is ten strengste verbode. Indien hy hom skuldig maak aan dronkenskap sal hy beboet word met 2/6.

(6) Elke jaar is kiesing van nuwe komiteelede; dienende lede kan ook herkies word.

(7) Geen onegte kind sal as 'n kind beskou word nie. In so 'n geval wanneer sodanige kind kom te sterf kan die vader 5) as lid van die vereniging gehelp word, volgens ooreenkoms van die komitee waarvoor hy al die onkoste van so 'n kis sal moet betaal.

(8) Enigeen wat aan hierdie vereniging behoort, en hy gaan uit sonder grondige rede of aanstootlikheid kan hy nie aanspraak maak op gelde wat hy in betaal het nie.

(9) /.....

5) Dit wil sê die vader van die moeder van die buite-egtelike kind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(9) Elke halwe jaar sal verslag gegee word deur die kassier en sekretaris. Die boeke sal deur die gekose ouditeurs ondersoek word.

(10) As enige lid Saron verlaat en vergoed wegtrek sal hy sy maandelikse subskripsie terugbetaal word en indien hy in dié tyd sterfgevalle gehad het, sal alles in aanmerking geneem word, en deur die komitee behandel word.

(11) As 'n lid buite Saron te sterf kom sal ons vereniging hom tegemoet kom volgens ons onkoste wat ons hier ter plase het en nie die onkoste buitekant dra nie. Alles sal deur die komitee besluit word.

(12) Elke lid is verplig om elke jaar 'n spesiale 1/- by te dra vir ons verjaarsdag.

(13) Elke lid is verantwoordelik wanneer hy deur die komitee daartoe aangesê word, om 'n gat te maak, as hy nie opdaag nie sal hy beboet word met 1/6."

(ii) Die Sonstraal:

" (1) Almal wat wil lede wees moet onder verpligting van stigtelikheid staan en die bydrae betaal volgens die klub se besluit.

(2) Die klub sal dan aan die lid gee 'n doodkis.

(3) Wanneer 'n lid die klops verlaat sonder rede kry hy nie 'n pennie uit die klops.

(4) Enige jongman of meisie wat uit die huisgesin aan die klops behoort ten huwelik gaan moet aansluit as 'n selfstandige lid en betaal.

(5) /.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(5) Enige lid wat by Sonstraal aansluit moet ses maande wag voor hy 'n volle lid kan wees.

(6) Die intree van 'n Sonstraal lid is 20/- en 1/- maandeliks

(7) Sonstraal kan 'n ongeëgte kind vader en moeder [1]tegemoet kom met kontant of 'n waarborg wat die waarde het van die kis, drie lede moet die waarde takseer en die klops sal self die uitstel gee.

(8) Onverskillige persone teenoor Sonstraal sal gestraf word na die verkiesing van die klops.

(9) As 'n lid drie maande agter is word hy of sy bestraf met 6d. rente elke maand, na vier maande word die lid beskou as 'n "dooie" lid.

(10) 'n Onegte kind wat beskou word as 'n eie kind moet 'n letterlike bewys deur die magistraat toon.

(11) Sonstraal lede word belas met 'n 1/- op elke lyk maar 'n kind onder ag jaar met 'n 6d.

(12) Sonstraal help nie 'n persoon as sy boekie agter is nie.

(13) Enige lid moet sy boekie deurgaan in die vergadering of dit reggemaak is, na die tyd geld dit nie.

(14) Die vasgestelde prys van ons kismaker is 6/- vir 'n groot kis.

(15) As daar 'n sterfgeval in Sonstraal kom moet al die lede behulpsaam wees tot dit klaar is behalwe die

wat/.....

---

1) 'n Vader as lid van die vereniging, kan vir sy eie buiteegtelike kind of vir die van sy seun of dogter 'n doodkis van die vereniging koop, maar gratis kiste word nie aan buite- egtelike kinders verskaf nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat in sy baas se diens is. Nalatigheid en traagheid word beboet.

(16) Wanneer daar 'n lid van Saron oor die grens van Saron te sterwe kom, kry hy nie 'n kis maar word uit betaal wat die kiste hier op Saron kos.

(17) Sonstraal kind se ouers wat nie in die klops behoort nie en hy of sy wil gehelp wees met 'n kis en die lid word belas met 7/-[2].

(18) 'n Onegte kind word op 'n aparte boekie ingeskryf, moet £1 intreegeld betaal en vanaf een maand tot twaalf jaar moet 9d. in die maand betaal word."

Verdere ongeskrewe reëls waaraan uitvoering verleen moet word, is dat lede nie die maandelikse vergaderings, gehou in 'n spesiale klopskamer, onder invloed van drank mag bywoon nie. Indien lede sonder grondige redes wegbly, word hul beboet met 3d tot 5/-. As 'n lid Saron vergoed verlaat word die volle som, wat hy inbetaal het, uitbetaal. Indien daar sedert aansluiting, sterfgevalle in sy gesin voorgekom het word van die totale bedrag afgetrek. Lede moet jaarliks 1/- bydra vir verversings wanneer die Sonstraal haar stigtingsdatum vier. Vir persone bokant 60 jaar is die aansluitingsfooie £1.10.0. Aan die gesinne waar daar 'n sterfgeval voorgekom het, word 10/- aan kontant uitbetaal om die onkostes, byvoorbeeld die koffie wat bedien is, te dek.

(iii) /.....

2) Wanneer 'n getroude seun of dogter, wat lid van die Sonstraal is, hul vader of moeder wat nie lid van die klops is nie, wil laat begrawe moet hy of sy 7/- betaal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iii) Die Broedervereniging.

(1) Dese vereniging is gestig op geestelike wyse. Wy beginne met Gezang en Gebed en sluiten ook daarmee, indien daar eene Broeder is die onze Vereniging willen aansluiten zo sal die voorzitter hem die Wetten voorlesen der Vereniging.

(2) Ook moet ieder Broeder 13/- in de jaar vir sy huisgesin betaal en 'n Zingle lid moet 7/- betaal.

(3) Indien er kleine zaakjes is tussen onze Broeders, laat het niet weggedragen word maar hier tussen die vier mure blyft en uitgemaakt word in vrede.

(4) Elke maand die eerste Saterdag hebben wy ene byeenkomst. Dan zal eenig Broeder die een tydelike behoefte op het hart heeft het aan die vergadering voor dra.

(5) Elke Sondag in die maand om drie uur hebben wy een Bedestond waar alleenlik geestelike dienste gedaan wordt door die voorsitter. Tydelike sprake zal nie gepraat wordt en zal daar ook susters toegelaat wordt tot help en ondersteuning met het gebede.

(6) Eidere Broeder of suster wordt vriendelik versoek om by het sterven van een Broeder of suster behulpzaam te wees want dis tog die laaste Liefde die wy kunnen doen.

(7) Elke Broeder die in die Broedersvereniging behoort die zy regte achter is zou een verlof kry van drie maande, indien die Broeder niet zy regte reg maak binne in drie maande tyd nie dan is zo 'n Broeder met zy huisgesin af van die list.

(8) Geld sal niet uitgelegen word of het moet geschiede door dood of/....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

of nood. Die Broeder moet ook gelyk wees wat sy regte daar moet niks schuldig wees nie en ook goedgekeur wees door een vasste grond. Ook is een Broeder nie geregtig om onse Saterdagaand vergadering by te woon wanneer hy gedrink is nie.

(9) Ook is elke lid verplig ingeval hy willen wegtrek dat hy betyds aan die klops kennis gee, en het zal in die hand van die komitee gegee word en door overeenstemming zal die komitee sien wat aan zo 'n Broeder gedaan word na verloop van tyd.

(10) Elke lid is verplig om by een sterfgeval 'n 6d te betaal.

(11) Wanneer 'n Broeder op bene is in ze rede sal enig ander lid hom nie in zy rede val nie of van zy sitplek af hom nader tree nie dan zal die vergadering zo 'n Broeder beboet voor wat hy gedaan het.

(12) Nieuwe Huisgezinne die in onse Vereniging willen intree zal verplig wees om £1.10.0 te betaal. 'n Zingle persoon moet 15/- betaal om als 'n vol lid te volg.

(13) Het vergadering het enige tyd het reg om wette te verbeter."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

B I B L I O G R A F I E

BLUMENTHAL, A. : Small Town Stuff. Chicago, The University of Chicago Press, 1932.

COLCORD, J. C. : Your Community. New York, Russell Sage Foundation, 1941.

CRUSE, H.F. : Die Opheffing van die Kleurlingbevolking. Kaapstad, Die Citadel-Pers, 1947.

DE VILLIERS, JAN.J : Elim. Ongepubliseerde M.A. -tesis, Universiteit van Stellenbosch.

LOUW, P.J. : Pniël. Ongepubliseerde M.A. -tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1950.

LYND, R.S. en H.M. : Middletown. London, Constable and Co. Ltd., 1929.

THERON, E. : Fabrieksswerksters in Kaapstad. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1944.

WARNICH, P. : Genadendal. Ongepubliseerde M.A. - tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1950.

YOUNG, PAULINE V. : Scientific Social Surveys and Research. Prentice Hall, Inc., New York, 1939.

OFFISIËLE PUBLIKASIES.

1. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 22/1941.

2. Bevolking. U.G. 21/1938.

3. Spesiale Artikel. Bevolkingsensus, 7 Mei 1946. (Herdruk van artikels wat verskyn het in die Maand Bulletin van Statistiek vir Julie, September en November 1947).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4. Verslag van Interdepartementele komitee betreffende Kleurlingaangeleenthede op Kleurlingsendingstasies, - reserwes en - nedersettings. U.G. No. 33/1947

5. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie. U.G. 45/1937.

6. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Drankmisbruik deur die Kaapse Kleurlinge. U.G. 33/1945.